



# Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875

<https://hdl.handle.net/1874/344716>

*A. qu. 192, 1939.*

# DIE AFRIKANER EN SY TAAL

1806 — 1875

J. DU P. SCHOLTZ

BIBLIOTHEEK DER  
RIJKSUNIVERSITEIT  
UTRECHT





UNIVERSITEITSBIBLIOTHEEK UTRECHT



3484 4534

DIE AFRIKANER EN SY TAAL  
1806 — 1875



*gec*  
Diss. Utrecht, 1939

DIE  
AFRIKANER EN SY TAAL  
1806—1875

ACADEMISCH PROEFSCHRIFT TER VER-  
KRIJGING VAN DE GRAAD VAN DOCTOR  
IN DE LETTEREN EN WIJSBEGEERTE AAN  
DE RIJKS-UNIVERSITEIT TE UTRECHT, OP  
GEZAG VAN DE RECTOR MAGNIFICUS  
DR. TH. M. VAN LEEUWEN, HOOGLEERAAR  
IN DE FACULTEIT DER GENEESKUNDE,  
VOLGENS BESLUIT VAN DE SENAAT DER  
UNIVERSITEIT TEGEN DE BEDENKINGEN  
VAN DE FACULTEIT VAN LETTEREN EN  
WIJSBEGEERTE TE VERDEDIGEN OP  
VRIJDAG, 27 JANUARIE 1939, DES NAMID-  
DAGS TE 4 UUR

DOOR

JOHANNES DU PLESSIS SCHOLTZ

GEBOREN TE SOMERSET WEST

UNIE VAN ZUID-AFRIKA



NASIONALE PERS, BEPERK.—Kaapstad.

BIBLIOTHEEK DER  
RIJKSUNIVERSITEIT  
UTRECHT



*Opgedra aan my Vader,  
en aan die Nagedagtenis  
van my Moeder*



*Il n'y a guère de nation qui ne vise à posséder une langue en propre, et une langue ne subsiste que difficilement et misérablement là où elle n'est pas soutenue par un sentiment national.*

ANTOINE MEILLET.



Dis my 'n aangename plig om hier my dank uit te spreek aan U, Hooggeleerde De Voofs, dat ek die eer mag hê om onder U te promoveer. Al het ek nooit die voorreg gehad om my onder u studente te reken nie, het U goedgunstig ingewillig om as my promotor op te tree toe ek my werk aan U voorgelê het. Ek stel daar besondere prys op om U hier in die openbaar my dank te betuig vir alles wat ek uit u geskrifte kon leer.

As oudstudent van die Universiteit van Amsterdam is d.t my 'n behoefte om hier hulde te bring aan die nagedagtenis van Professore Stoett, Prinsen en Boer, wie se kolleges ek drie jaar lank, van begin 1924 tot einde 1926, mog bywoon. In die besonder dink ek vandag terug aan wyle Professor Stoett, met wie ek in nouer aanraking mog kom toe ek in die jare 1929 tot 1931 weer vir spesiale studie in Nederland was.

In verband met my studie in Amsterdam moet ek my erkentlikheid betuig teenoor die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging vir die steun aan my, soos aan so baie ander Afrikaanse studente, verleen.

'n Woord van besondere dank is ek verskuldig aan Prof. Dr. D. B. Bosman, van die Universiteit van Kaapstad. Hy het my boek in manuskrip krities deurgelees en my menige verbetering aan die hand gedoen. Dis ook op sy aanbeveling dat ek my werk as dissertasie aan Prof. Dr. C. G. N. de Voofs gestuur het. Sy onselfsugtige vriendskap stel ek hoog op prys.

Ten slotte wil ek nog my dank uitspreek aan verskeie persone wat my by die insameling van materiaal behulpsaam was. Ek dink hier veral aan die personeel van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad. Die vriendelike tegemoetkoming wat ek van hul ondervind het, het my werk baie vergemaklik. Die personeel van die Kaapstadse Argief en wyle Dr. A. Dreyer, in lewe Argivaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het my eweneens bereidwillig gehelp.

Die meeste dank is ek verskuldig aan jou, Ena, vir jou aanmoediging en hulp. Sonder jou het hierdie werk miskien nooit klaargekom nie.

## INHOUD

### HOOFSTUK I

(1806—1828)

Bls.

A. INLEIDING: ENGELSE BESETTING VAN DIE KAAP. EERSTE VERENGELSINGSPOGINGE	3
Eerste Engelse besetting. Van min belang vir algemene taaltoestande 3.—Tweede Engelse besetting. Regte van Hollandse koloniste nog gewaarborg 5.—Cradock bepleit stelselmatige verengeling van die Kaap 6.—Verengelingsbeleid van Cradock 7.	
B. BEGIN VAN STELSELMATIGE VERENGELSINGSBÉLEID	9
Die Kaap word in 1814 'n permanente Engelse besetting 9.—Kerklike toestande in die Kolonie. Tekort aan predikante 9.—Somerset benoem eerste Skotse predikante in Hollandse kerke 10.—Toestande op onderwysgebied onder Caledon en Cradock 11.—Somerset se planne vir Kerk en Skool. Invoer van Skotse predikante en onderwysers 13.—Memorandum van Henry Ellis 14.—Taalproklamasie van Somerset, 1822 16.	
C. GESINDHEID VAN HOLLANDSE KOLONISTE	18
Koloniste oor die algemeen tevrede met Britse Bestuur 18.—Koloniste heg hul nie aan nuwe heersers nie 20.—Die Anglomanne. Hul verkeerde voorstelling van sake 21.	
D. DIE OU KOLONISTE EN DIE INVOERING VAN ENGELS IN BESTUUR EN REGSPLEGING	23
Uitvoering van bepaling van die taalproklamasie. Reaksie van koloniste 23.—Kennis van Engels nog weinig verbreed 25.—Politiek van versoening tussen twee seksies van bevolking 27.—Regering dryf sy taalbeleid deur 29.—Redes waarom koloniste by invoering van Engels in bestuur en regspleging berus 30.—Hollandse koloniste erken waarde van kennis van Engels 32.	

E. VERSET TEEN VERDRINGING VAN HOLLANDS AS  
KULTUURTAAL - - - - -

34

Weerstand teen regering se planne om Hollands uit-eindelik heeltemal te verdryf 34.—Ontevredenheid oor aanstelling van groot getal Skotse predikante 35.—Teenstand teen voorgenome invoering van Engels as taal van die godsdienst 36.—Sinode van 1824. Verslag van J. A. Truter 38.—Taal en nasionaliteit 42.

## HOOFSTUK II

(1828—1854)

A. INLEIDING: GESINDHEID VAN OU KOLONISTE  
TEENOOR BRITSE BESTUUR - - - - -

47

Filantropiese liberalisme in die Kolonie 47.—Ou Hollandse instellinge verdwyn 47.—Oprigting van *De Zuid-Afrikaan* 48.—Die *Commercial Advertiser* en die *Zuid-Afrikaan* 49.—„Tros, Tyriusque mihi nullo discriminis agetur” 51.—*De Zuid-Afrikaan* en die Groot Trek 52.—Hollandse koloniste beskuldig van anti-Engelse gesindheid 54.—Gehegtheid aan die Britse kroon 56.

B. DIE TAAL IN DIE BESTUUR EN DIE OPENBARE LEWE

57

Die regspleging. Moet jurielede Engels ken? Houding van *De Zuid-Afrikaan* 57.—Hollands en Engels op vergaderings en in die Munisipaliteit van Kaapstad 61.—Die taal van die toekomstige parlement 63.

C. DIE TAAL IN DIE ONDERWYS - - - - -

67

Verwaarlozing van Hollands rede vir agteruitgang van regeringskole 67.—Skole in Kaapstad 69.—Getuienis uit *De Zuid-Afrikaan* 70.—„Het Zuid-Afrikaansche Atheneum” 72.—Noodsaaklikheid van onderwys in Hollands deur regering erken, 1834 74.—Pleidooie vir die moedertaal 75.—Plek van Hollands in onderwysstelsel van 1839 76.—Benoeming van James Rose Innes as Superintendent-General van Onderwys 77.—Innes se taalbeleid. Oprigting van „Ondersteunde Skole” 79.

D. TOENEMENDE VERENGELsing VAN KAAPSTAD - - -

81

Verloop van verengelingsproses 81.—Vinnige verengeling na 1840. Geskiedenis van „Tot Nut”-skool 85.—Instituut van Changuiou 86.

E. DIE TAAL IN DIE KERK - - - - -	88
Sinodes van 1826 en 1829 88.—Voorstel oor Engelse dienste in Sinode van 1834 89.—Pleidooye vir Engelse dienste in Groot Kerk 91.—Beskrywingspunte van ds. Robertson vir Sinode van 1837 92.—Beware teen onnodiige benoeming van Skotse predikante. Antwoord van lord Glenelg 93.—Ontvredeheid oor 'n plan van ds. Robertson 95.—Engelse pers vra weer om Engelse dienste in Hollandse kerk 97.—Twigseskryf oor Hollands en Engels 98.—Vertaling van Simboliese en Liturgiese geskrifte 99.	
F. BESLUIT - - - - -	100

### HOOFSTUK III

(1854—1865)

A. INLEIDING: NASIONALE GESINDHEID - - - - -	105
Gesindheid teenoor Engelse owerheid 105.—Verset teen bevoerregting van Engelse element 107.—Engelse koerante teen alles wat Hollands is 109.— <i>De Zuid-Afrikaanse verweer</i> 111.—Standpunt van <i>Het Volksblad</i> 112.—Gebrekkige nasionaliteitsbesef van <i>De Zuid-Afrikaan</i> 113.—Versterking van posisie van Hollands 114.	
B. DIE TAAL IN DIE BESTUUR EN DIE OPENBARE LEWE 116	
Hollands in die Kaapse parlement. Voorstelle en petisies 116.—Houding van die pers. Menings van korrespondente 118.—Briefe van Hollanders 120.—„Offisiële” mening onder Afrikaners 122.—Hollandsentaligheid van platteland; verengelsing van Kaapstad 122.	
C. DIE TAAL IN DIE ONDERWYS - - - - -	124
Voortsetting van verengelsingbeleid 124.—Gekose komitee gee geen aandag aan taalvraagstuk nie. <i>De Zuid-Afrikaan</i> ontevrede 125.—Verset teen verengelende onderwys 126.— <i>De Zuid-Afrikaan</i> sit stryd vir Hollands voort 128.—Die „Board of Examiners” en die „Public Service Certificate” 130.—Langham Dale se houding teenoor Hollands 132.—Onderwys in Engels op ondersteunde skole 132.—Getuienis voor Onderwyskommissie van 1861 134.—Kommissie het min simpatie vir Hollands. Taalbepalings van Wet op Onderwys, 1865 135.	

## D. DIE TAAL IN DIE KERK - - - - -

Verengeling onder Afrikaners. Die Kerk 'n nasionale band 136.—Pleidooi vir Engelse dienste in Groot Kerk 138.—Verset 139.—Eerste voorstel voor Kaapstadse kerkraad, 1857 141.—Tweede voorstel voor Kaapstadse kerkraad, 1859 144.—Gemeente protesteer teen kerkradsbesluit 145.—Behoefte aan Engelse dienste? 146.—Toenemende verbreiding van Engels onder lede van Hollandse Kerk 147.—Die „Anglo-Afrikane” kry hul sin 149.—Engelse dienste op die platteland 152.—Verengeling nog beperk 153.—Invloed van Kerkstryd. Stigting van Teologiese Kweekskool 153.—Werwing van predikante in Skotland. Besluit 155.

## HOOFSTUK IV

(1865—1875)

## A. INLEIDING: NASIONALE ONTWAKING - - - - - 161

Afrikaners en die politiek 161.—Koloniale Afrikaners se belangstelling in lotgevalle van Vrystaat en Transvaal 162.—Die Vrystaat se Basoeto-orloë. Tekens van nasionale oplewing in die Kolonie 162.—Koloniale Afrikaners se trou aan Britse kroon 164.—Stryd oor diamantgebied. Nasionale ontwaking 166.—Jan Hendrik Hofmeyr („Onse Jan”) 168.—Nasionalistiese beweging van die Paarl 170.

## B. VERENGELING OP DIE PLATTELAND EN IN KAAPSTAD - - - - - 171

Kennis van Engels op die platteland 171.—Gebruik van Hollands en Engels op benoemingsvergaderings 172.—Engels by sosiale geleenthede op plattelandsdorpe 173.—Verdringing van Hollands in Kaapstad 174.

## C. DIE TAAL IN DIE ONDERWYS - - - - - 176

Engels op plaasskole 176.—Verset teen veronagsaming van Hollands 177.—Aanvalle op Hollandse taal 178.—Afrikaners sou met min tevreden gewees het 179.—Ds. G. W. A. van der Lingen en die Paarlse Gimnasium 179.—Die Sinode en die onderwys in Hollands 180.—Kerkskool op Uitenhage en private skool, op Ratelpoort 182.—Die Ring van Kaapstad 183.—Stigting van „The Good Hope Seminary” 184.—Langham Dale doen niks vir Hollands nie 186.—Kennis van Hollands vir staatsamptenare nie nodig geag nie 186.—Skole verbrei kennis van Engels op platteland 187.—Heftige aanvalle op verengelste onderwys 189.

D. DIE TAAL IN DIE KERK - - - - -	190
-----------------------------------	-----

Engelse dienste in die Groot Kerk 190.—Ds. G. W. A. Stegmann Jr. wil lidmate in Engels voorstel 191.—Plek van Engelse dienste in Moedergemeente 192.—Nuwe moeilikhede in verband met Engelse dienste 193. Sinode bepaal dat predikante bekwaam moet wees om Engels te preek 195.—Engels in Hollandse kerke op die platteland 196.—Ring van Beaufort besluit ten gunste van Hollands 197.

E. BESLUIT - - - - -	198
----------------------	-----

### BYVOEGSEL BY HOOFSTUKKE III EN IV

DIE TAALONDERWYS OP SKOOL - - - - -	199
-------------------------------------	-----

## HOOFSTUK V

### DIE BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

A. VOORGESKIEDENIS - - - - -	207
------------------------------	-----

Houding teenoor Afrikaans 207.—Vroegste geskrifte in Afrikaans 208.—Louis Henri Meurant 209.—„Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar” 210.—*Het Cradocksche Nieuwsblad* 211.—Die „Zamenspraak” in boekvorm 213.—Laaste Afrikaanse geskrifte van Meurant 214.—Meurant se houding teenoor Afrikaans 214.—Onverstaanbare Hollands 215.—Meurant se stukke oorgeneem in Kaapstadse koerante 216.—Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* en *Het Volksblad* 217.—Navolging van Meurant buite die Kolonie 218.—Verskynning van 'n bundel godsdienstige versies in Afrikaans 220.—Samuel Zwaartman. Sy invloed 221.—Versies van F. W. Reitz 222.—Betekenis van eerste geskrifte in Afrikaans 223.

B. DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING - - - - -	225
--	-----

Arnoldus Pannevis 225.—Behoefte aan 'n Bybel in Afrikaans 226.—Pannevis se brieue geen pleidooi vir Afrikaans nie 226.—Casper Peter Hoogenhout 227.—Hoogenhout se geloof in toekoms van Afrikaans 228.—Afrikaans in die onderwys 230.—„Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat” 232.—*Die Geskiedenis van Josef* 235.—Verset teen eensydig Engels georiënteerde onderwys 236.—Aanvalle op „The

Good Hope Seminary" en „The Huguenot Seminary" 237.—„Een Ware Afrikaander" — Stephanus Jacobus du Toit 239.—Du Toit en Hoogenhout 240.—Eerste voorstel vir stigting van 'n genootskap vir die bevordering van Afrikaans 241.—*Die Geschiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* 242.—Uitnodiging tot samewerking 243.—Briefwisseling voortgesit 244.—Behoefte aan 'n vereniging of genootskap 246.—Pannevis se brief aan Britse en Buitelandse Bybelgenootskap 247.—Stigting van die „Genootskap van Regte Afrikaners" 247.—Slot 249.

LITERATUUR EN BRONNE	251
PERSONEREGISTER	259

HOOFSTUK I

( 1806—1828 )

A



## HOOFSTUK I

( 1806—1828 )

### A. INLEIDING: ENGELSE BESETTING VAN DIE KAAP. EERSTE VERENGELSPOGINGE.

*Eerste Engelse besetting. Van min belang vir algemene taaltoestande.*

Deur jare lange wanbestuur van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie was die Kolonie in 'n uiters treurige toestand toe dit in September 1795 vir die eerste keer in Engelse hande oorgaan; tog het die koloniste oor die algemeen nie die vreemde heersers verwelkom nie. Sommige van hulle, merendeels regeringsamptenare, was wel aanhangars van die na Engeland uitgeweke Prins van Oranje en het die Engelse daarom ook as bondgenote ontvang; maar die oorgroot meerderheid van die koloniste was Patriotgesind, op hul manier voorstanders van die Franse revolusionêre denkbeelde en as gevolg daarvan anti-Engels. Die eed van trou is wel kort ná die Kapitulasie van Rustenburg deur byna al die inwoners van die Kaap, Stellenbosch en Swellendam afgelê; nietemin, skryf Craig aan Henry Dundas, Britse Minister van Oorlog, „*nearly every man in the colony is our enemy.*“<sup>1)</sup>) Die Graaff-Reinetters het hul, soos bekend is, selfs 'n jaar lank teen die Engelse gesag verset.

Die maatreëls wat getref is om die koloniste met die nuwe bewind te versoen, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Craig sou op die duur miskien nog iets kon bereik het, maar sy opvolgers, Macartney en Yonge, was daar nie die manne na om vyandiggesinde onderdane vriendelik te stem nie. Ook die geestige en bekoorlike lady Anne Barnard, intieme vriendin van Henry Dundas, het maar min bereik met haar listige planne om die Hollandse koloniste en die Britse regering nader aan mekaar te bring. Op haar veelvuldige bals het sy daarin geslaag om sommige op dans

<sup>1)</sup> *Cambridge History of the British Empire*, dl. VIII (*South Africa*), bls. 176. Sien ook Benjamin Stout: *Cape of Good Hope and its Dependencies*, bls. 137.

en flirtasies versotte Kaapse jongmeisies met Britse offisiere en amptenare in aanraking te bring, maar die burgers het hul deurgaans stuurs en afsydig gehou. Die minagtende houding wat dikwels deur die Engelse teenoor die Hollandse koloniste ingeneem is, het bowendien haar taak erg bemoeilik. Hoofsaak was egter dat die koloniste byna sonder uitsondering vas geglo het dat die Kaap aan die moederland teruggegee sou word, sodat selfs die persone wat deur hul anti-revolutionêre gevoelens simpatiek teenoor die Engelse gestaan het, nie alte openlik gemene saak met die nuwe regering wou maak nie.<sup>2)</sup> Toe die Kaap dan ook inderdaad in 1803 aan die Bataafse Republiek teruggegee word, was daar met die uitsondering van enkele onversoenlike Anglo-manne niemand in die stad wat die terugkeer van die Hollandse vlag nie verwelkom het nie; en „het genoegen op het platte land van aan het Moederland terug gegeven te zijn,” skryf Janssens op 9 April 1803 uit Swellendam aan De Mist, „schijnt zeer algemeen.”<sup>3)</sup>

Die Kolonie was die eerste keer slegs sewe jaar en vyf maande onder Engelse bewind. In Engeland het daar toe nog nie veel belangstelling vir die Kaap as volksplanting bestaan nie, en die Kolonie is as 'n tydelike besitting geregeer. Deur die voorwaardes van die kapitulasie is die koloniste die behoud van al hul regte gewaarborg, en ook daarom kon geen ingrypende veranderinge in die bestuur gemaak word nie. Regspleging en plaaslike bestuur het in hoofsaak gebly soos hul was; selfs in die personeel wat daarmee te doen gehad het, het nie veel verandering gekom nie, want die meeste van die amptenare van die vorige Hollandse regering is in hul betrekings gelaat omdat hul tog Prinsgesind en dus ook gunstig gestemd teenoor die Britse bewind was. Sonder die hulp van dié amptenare sou die Engelse owerheid trouens moeilik die bestuur van die land kon behartig het. Buite Kaapstad was daar uit die aard van die saak heel weinig aanraking tussen die

<sup>2)</sup> Lady Anne Barnard: *South Africa a Century Ago*, blz. 48, 57, 60, 65, 82, 83, 94, 105, 128, 140, 190. Sien ook John Barrow: *An Account of Travels into the Interior of Southern Africa*, ens., blz. 51.

<sup>3)</sup> Theal: *History of South Africa from 1795 to 1872*, dl. I, blz. 114 vlgg.; *Belangrike Historische Dokumenten over Zuid-Afrika*, dl. III, blz. 206.

Engelse en die ou koloniste; ook in die stad was die omgang maar beperk tot enkele families, soos ons reeds gesien het. Van belang vir die algemene taaltoestande was die eerste Engelse besetting van die Kaap dus feitlik nie. Alleen kon dit die kennis van Engels in sekere kringe bevorder en sodoende die uiteindelike verengeling van sommige Kaapse families bespoedig het.<sup>3a)</sup>

*Tweede Engelse besetting. Regte van Hollandse koloniste nog gewaarborg.*

Toe die Kaap in Januarie 1806 vir die tweede keer in Engelse hande oorgaan, is die koloniste — eweas by die eerste inbesitname van 1795 — deur die voorwaardes van oorgawe die behoud van hul regte en voorregte gewaarborg. Engeland was dus gebonde om, voorlopig altans, geen veranderinge van belang in die bestuursvorm van die Kolonie te maak nie en die instellinge en gebruikte van die ou inwoners onaangetas te laat. Eers ná die Kaap in Augustus 1814 deur die Verdrag van Londen formeel deur Nederland aan haar afgestaan is, was sy vry om die hervorminge wat sy nodig mog ag, in haar nuwe besitting aan te bring. Reeds in 1806 was die Britse staatsliede egter vas beslote om nie weer afstand van die Kaap te doen nie, en feitlik van die begin van die tweede besetting het die bedreiging van 'n beleid van verengeling die Hollandse koloniste bo die hoof gehang.

Toe graaf Caledon begin 1807 tot goewerneur van die Kaap benoem word, was dit die bedoeling van lord Grenville, Eerste Minister van Engeland, om 'n bestuur aan die Kaap in die lewe te roep wat die ou inwoners sou leer om na Engeland op te sien as die blywende besitter van die Kolonie en wat terselfdertyd die vestiging van Britse volksplanters en Britse kapitaal daar sou aanmoedig. „Connected with this he intended to have introduced British Laws and a British administration of them still respecting the rules and

---

<sup>3a)</sup> Kaapse jongmeisies was blybaar onder die eerstes om Engels te leer. Barrow: *An Account of Travels*, ens., bls. 50, sê van hulle: „Many understand the French language, and some have made great proficiency in the English.” Sien ook *Gleanings in Africa*, bls. 259: „A knowledge of the English language is not among the least acquirements of the fair-sex at the Cape. Several of them speak it with fluency and correctness of pronunciation.”

regulations and all the prejudices of the present Inhabitants, but with a capability of extending themselves to all necessary changes as the British from a gradual influx might become the most numerous of the Population."<sup>4</sup>) Caledon self was dit met die voornemens van Grenville volkome eens; maar nog voor hy in Kaapstad voet aan wal sit, het 'n konserwatiewe ministerie in Engeland aan die bewind gekom wat nie bereid was om aan die planne van Grenville uitvoering te gee nie. Caledon was dus gedwonge om sake in die Kolonie maar te laat soos hulle was.<sup>4a)</sup>

*Cradock bepleit stelselmatige verengeling van die Kaap.*

In September 1811 het sir John Cradock die roer van sake aan die Kaap oorgeneem. Dit het nie lank geduur nie voordat hy die Minister van Kolonies in Londen, graaf Liverpool, die wenslikheid onder die oë gebring het om die oormag van Engeland in die Kolonie deur regeringsmaatreëls te verseker. Die aanleiding daartoe was 'n versoekskrif van 'n groep Anglomanne in Kaapstad waarin verlof van die Goewermannet gevra word tot stigting van 'n fonds om die immigrasie van Prinsgesinde Nederlanders uit hul geteisterde vaderland na die Kaap moontlik te maak. Hoewel die adres die name van die fiskaal, W. S. van Ryneveld, en die president van die Hof van Justisie, J. A. Truter, — „two gentlemen eminent beyond a doubt for loyalty, talents, and devoted attachment to the principles of the British Constitution” — as eerste ondertekenaars gedra het, was Cradock tog nie in gemoede oortuig van die raadsaamheid van die onderneming nie. „Your Lordship will observe throughout the whole of this address,” skrywe hy aan Liverpool op 31 Desember 1811, „that in the picture of things here the greatest stress is laid that everything remains Dutch, and that their brethren flying from their persecutors at home will find upon their arrival at the Cape the same religion, the same language, the same laws, the same customs, &c., &c.” So 'n uiting komende van Hollandse koloniste vind hy nie onnatuurlik nie; en die openhartigheid waarmee hul met hul gevoelens voor die dag kom, lewer selfs bewys van hul eerlike bedoeling, „yet . . . it cannot fail to

---

<sup>4)</sup> *Records of the Cape Colony*, dl. VI, blss. 165—6.

<sup>4a)</sup> *Camb. Hist. of the Brit. Emp.*, dl. VIII, bls. 200.

excite a very serious and extended reflection, where the first question is the permanent security and future prosperity of a great British Colony, subject to all the chances of war." Onder die heersende oorlogsomstandighede is die „controlling Dutch Inhabitancy" in die Kolonie 'n bron van ongerustheid, wat deur die onderhawige plan alleen maar kan versterk word — „if no countervailing measures are adopted to prevent an ascendancy that will naturally attach to the prevailing system, and which is the right alone of the British nation." Die ondermyning van so 'n „ascendancy" kan nie bloot deur die „power of Government" teweeggebring word nie: „it is more produced by the cautious and progressive introduction of the same laws, the same principles, and the same institutions of the parent state." Cradock is daar oortuig van dat die Kaapse koloniste „will be found in general to have the most favourable dispositions to loyalty and fidelity;" net een ding is daar wat nog aanleiding tot onrus gee, naamlik die gedagte dat hul miskien weer onder Nederlandse heerskappy mag kom. Daarom, besluit hy: „Whatever may be the measures adopted to banish this notion and identify with England this part of the British Empire, the greater will be the security, the happiness and the unanimity of this Settlement."<sup>5)</sup>)

#### *Verengelsingsbeleid van Cradock.*

Voor die einde van die stryd op lewe en dood waarin Engeland teen Napoleon gewikkel was, wou Britse staatsliede in die reël hul nie veel met hervorminge op politieke en maatskaplike gebied in die Kolonie bemoei nie. Dit het Cradock egter nie verhinder nie om op eie houtjie reeds 'n aanvang te maak met die „cautious and progressive introduction" van ten minste een maatreël wat daarop bereken was om die Kaap nouer met Engeland te verbind. In 'n brief gedateer 8 Desember 1812 gee hy „a particular point of instruction" aan F. E. Turr, die pasbenoemde rektor van die Latynse skool in Kaapstad, naamlik „to promote and establish the cultivation of the English language to the greatest extent among your pupils of the highest rank, as the foundation upon which they will in their future life best make their way," en hy deel hom mee dat van die

---

<sup>5)</sup>) *Records*, dl. VIII, blss. 219—21.

opkomende geslag „a perfect knowledge of the English language, as indispensable in the admission to offices,” sal geëis word.<sup>6)</sup> Dat dit Cradock erns was met die saak, blyk uit die goewermentskennisgewing wat kort daarna, op 20 Februarie 1813, in die *Cape Town Gazette, and African Advertiser* verskyn het. Daarin word ouers en onderwysers die noodsaaklikheid van ‘n algemeen verbreide kennis van Engels op die hart gedruk, „that the earliest attention may be paid to this essential study,” en dan volg ‘n uiteensetting van die moeilikhede en nadele verbonde aan vertaalwerk op die regeringskantore. „His Excellency therefore, however he may still yield to the force of superior merit and qualifications in some respected cases of the present day, will consider himself obliged in all future appointments, among the rising generation who have had the opportunity of attainment, to make the possession of the English Language an indispensable condition.” Hierdie voorwaarde is inderdaad by alle nuwe aanstellings streng nagekom, sodat daar ná tien jaar feitlik niemand in die regeringskantore was wat nie behoorlik Engels geken het nie en die algehele verengeling van die staatsdiens ‘n betreklik gemaklike taak was.

Dit was Cradock nie alleen daarom te doen om die administrasie van die Kolonie deur die invoering van Engels gemakliker en doeltreffender te maak nie. Hy het sonder twyfel duidelik besef dat die verspreiding van ‘n deeglike kennis van die Engelse taal onder die koloniste ‘n onontbeerlike vereiste was vir die deur hom so begeerde vereenselwiging van die Kaap met die res van die Britse ryk; en dit is ook om dié rede dat hy die aanleer van Engels so sterk onder die opkomende geslag aangemoedig het. „When I indulge in the warmest expectation that this Colony will ever remain inseparable from the British Crown, and that one common lot will attach to the subject in Africa or England,” skrywe hy aan Turr in bogemelde brief, „I cannot conceal the ardent wish that every young Gentleman of family or promise should understand that language which prevails in the parent country, and will best open the road to his future advancement and distinction;” en in die kennisgewing in die *Gazette* druk hy sy oortuiging uit dat die jong manne van die Kaap

---

<sup>6)</sup> *Records*, dl. IX, blss. 38—9.

hom spoedig dankbaar sal wees vir die eis van die kennis van Engels wat hy aan hul stel, nie alleen om die voordele wat dit in verband met regeringswerk sal meebring nie, „but in not leaving them confined to the Boundaries of the Cape of Good Hope, as it will enable them to enlarge the Sphere of their talents and activity, and pursue one common course with all his Majesty's Subjects throughout his Dominions.” Cradock was 'n eerlike en opregte man wat dit ongetwyfeld goed met die koloniste bedoel het, maar dit was seker nie alleen om hulle belange te behartig dat hy die waarde van die kennis van Engels so op die voorgrond gestoot het nie.

#### B. BEGIN VAN STELSELMATIGE VERENGELSINGSBELEID.

*Die Kaap word in 1814 'n permanente Engelse besitting.*

In April 1814 is Cradock deur lord Charles Somerset as goewerneur van die Kaap opgevolg, en vier maande later net die Kolonie vergoed 'n Britse besitting geword. Die mag van Napoleon was reeds in 1813 in die groot Volkeslag by Leipzig gebreek, en oënskynlik het niemand nou die deurvoering van 'n stelselmatige beleid van verengeling aan die Kaap in die weg gestaan nie. Engeland het egter tyd nodig gehad om te herstel van die skok van die langdurige oorloë wat sy om haar bestaan moes voer, en gedurende die eerste tydperk van Somerset se bewind, d.w.s. tot 1820, is geen maatreëls van ingrypende aard getref om die Kolonie sy Hollandse karakter te ontnem nie. Die goewerneur het intussen egter nie heeltemal stil gesit nie en sy planne vir die toekoms voorberei. Soos sal blyk, het die omstandighede waarin die volksplanting in sekere opsigte verkeer het, sy taak besonder vergemaklik.

*Kerklike toestande in die Kolonie. Tekort aan predikante.*

Toé Somerset sy betrekking aan die Kaap aanvaar, was daar in die hele uitgestrekte Kolonie nog maar vele Hollandse kerke. Ses van dié kerke was binne tachtig myl van Kaapstad geleë, sodat dit dringend noodsaaklik was om nuwe gemeentes in die buitedistrikte te stig. Die nypende gebrek aan predikante het dit reeds vir De Mist, toe daar nog maar sewe kerke in die volksplanting was, onmoontlik gemaak om voorkomende vakatures te vul, laat staan nog om nuwe gemeentes te stig; en Cradock het in sy tyd die-

selfde moeilikheid ondervind.<sup>7)</sup> In die begin van 1814 het graaf Bathurst nog probeer om predikante vir die Kaapse Kerk uit Nederland te kry, maar sonder veel sukses;<sup>8)</sup> en toe die Kolonie in Augustus van dieselfde jaar definitief aan Engeland afgestaan word, was daar om voor-die-hand-liggende redes ook nie veel kans meer dat nog baie moeite in dié rigting sou gedoen word nie. Die behoefté aan meer gemeentes het intussen hoe langer hoe dringender geword, en onder hierdie omstandighede het 'n oplossing van die moeilikheid hom aan lord Charles Somerset voorgedoen wat tegelykertyd groot waarde kon hê vir die stelselmatige beleid van verengeling wat nou sy aanvang in die Kolonie sou neem.

*Somerset benoem eerste Skotse predikante in Hollandse kerke.*

In 1817 het daar onenigheid onder die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap aan die Kaap ontstaan as gevolg waarvan verskeie van hulle uit die diens van die Genootskap getree en werkeloos geword het. Somerset het hierdie gunstige geleentheid nie ongebruik laat verbygaan nie. Nadat hy hom verseker het dat die leer van die Presbiteriaanse Kerk van Skotland dieselfde is as dié van die Gereformeerde Kerk en dat die persone wat hy op die oog gehad het, behoorlik geordende predikante was, het hy drie van die gewese Skotse sendelinge van die Londense Genootskap in gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangestel. Die eerste Skotte wat benoem is, was ds. John Evans in 1818 tot die pas gestigte gemeente Cradock; ds. George Thom teen die einde van dieselfde jaar tot die gemeente Caledon, wat vakant geword het deur die emeritaat van ds. M. C. Vos; en ds. John Taylor eers as predikant van die distrik en in Mei 1820 van die gemeente Beaufort(-Wes).

In sy brief aan Bathurst, d.d. 18 Oktober 1820, na aanleiding van die benoeming van die Skotse predikante, herinner Somerset die Minister van Kolonies daaraan dat hy (Bathurst) daar nie in geslaag het om 'n voldoende aantal predikante uit Holland te kry wat vakatures in bestaande

<sup>7)</sup> Dr. A. Dreyer: *Boustawwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, dl. III, bls. 361.

<sup>8)</sup> Boustawwe, dl. III, bls. 363.

gemeentes in die Kolonie sou kon vul nie. „Even with the aid of half educated Colonists who have returned here with letters of ordination,” is daar nog nie in die geestelike behoeftes van die koloniste voorsien nie. Hy wys daar verder op dat dit reeds vroeër aan die hand gegee is „that it would be desirable that the clerical vacancies in this Settlement should be filled by Ministers from Scotland, who however should be masters of the vernacular language of this place previous to their appointment,” en dat sowel ds. Thom as ds. Taylor die Hollandse taal „with great fluency” praat.<sup>9)</sup> Dit is duidelik dat lord Charles Somerset nie uit sy pad uit gegaan het om Skotse predikante in die Hollandse Kerk in te voer nie, maar aan die ander kant blyk dit uit sy brief aan Bathurst dat hy die moontlikheid verwelkom het toe dit hom voordoen. So is dan die eerste drie Skotse predikante in gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kolonie aangestel. Hulle sou die voorlopers van baie ander wees.

#### *Toestande op onderwysgebied onder Caledon en Cradock.*

Die toestand van die onderwys in die Kolonie was nie minder treurig as dié waarin die Kerk verkeer het nie. Die hervormer De Mist het in sy tyd ook hierin verbetering probeer bring, maar hy kon nie veel uitrig nie, onder andere as gevolg van die groot skaarste aan gesikte onderwysers.

Die Britse bewindhebbers was in die begin blykbaar veral daarop gesteld om voorsiening te maak vir die onderwys in Engels in Kaapstad,<sup>10)</sup> maar Caledon het tog ook reeds

<sup>9)</sup> *Records*, dl. XII, blss. 116—7.—Die gedagte dat jong Skotse predikante in Ned. Geref. gemeentes aan die Kaap kon aangestel word, was afkomstig van luit.-kol. John Graham. Sien sy brief aan Henry Goulburn, d.d. 18 November 1813, *Records*, dl. IX, bls. 264.

<sup>10)</sup> Op 5 Mei 1807 skryf die Skoolkommissie aan luit.-goew. Grey onder andere: „In compliance . . . with your Excellency's express desire, the members of the Commission will do their utmost in procuring as soon as possible a proper person for teaching the English language, both at the Latin and at the young ladies' school;” en in sy rapport van 1809 verseker die Skoolkommissie die goewerneur dat elke individueel lid van die Kommissie bereid en geneë is om die onderwys van die Engelse taal te bevorder, maar geld ontbreek.—Sien *Report upon the Government Educational System of the Colony* (Watermeyer-Rapport), 1863, App. V, blss. 25, 26.

planne vir die uitbreiding van die onderwys op die platteland gehad. „Amongst other improvements,” skrywe hy op 12 Oktober 1809 aan Castlereagh, „the establishment of a public school at each drostdy appears to me as particularly desirable, marking as it would do the interest of Government in the permanent welfare of the inhabitants and tending to facilitate future views for the benefit of an augmenting population.”<sup>11)</sup> Aan Caledon se aanbeveling is egter geen uitvoering gegee nie.

Onder die indruk van die verslag van die „Commission of Circuit” van 28 Februarie 1812, waarin die dringende nood van die buitedistrikte aan beter onderwysgeleenthede uiteengesit is, het Cradock op sy beurt aandag aan die saak geskenk en ’n stelsel van sogenaamde Kosterskole in die lewe geroep. Hy het gehoop dat hierdie skole tegelykertyd sou kon gebruik word om die kennis van Engels ook binne bereik van die plattelandse jeug te bring. „His Excellency,” skrywe die Koloniale Ondersekretaris op 24 Oktober onder andere aan die president van die Skoolkommissie in verband met die instelling van die Kosterskole, „has further directed you to be informed that, feeling, as he does, how much the knowledge of the English language will in future promote the permanent advantage of this colony, and forward all the various interest of individuals, it is his wish that *you should bear this in mind in your future selection of teachers;* and the object presses so forcibly upon his Excellency, that he will authorize an annual addition of 100 rds. to the salary of any schoolmaster who possesses capability and will undertake to instruct his pupils in the English tongue.”<sup>12)</sup> Daar is toe dertien Kosterskole gestig, maar net in een daarvan was die onderwyser bevoeg om onderwys in Engels te gee.<sup>12a)</sup> Die stelsel het buitendien nie in die behoeftes van die bevolking voorsien nie en was van die begin af aan ’n mislukking; die koloniste het aan hul eie private skooltjies die voorkeur bly gee.<sup>13)</sup>

<sup>11)</sup> *Records*, dl. VII, bls. 166.

<sup>12)</sup> *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. V, bls. 38.

<sup>12a)</sup> *Memorandum on the Subject of Elementary Education at the Cape of Good Hope* (June 22, 1844), bls. 6.

<sup>13)</sup> Sien die hierbo aangehaalde *Report*, bls. xxiii.

*Somerset se planne vir Kerk en Skool. Invoer van Skotse predikante en onderwysers.*

Die beurt was nou aan Somerset om 'n oplossing van die vraagstuk te soek; en toe hy ook hier 'n kans sien om die koloniste voor te berei op die groot veranderinge wat in die bestuur van die Kolonie op kom was, het hy op sy gewone voortvarende manier die knoop deurgehak en 'n stelsel van vry Engelse skole ontwerp waarin ingevoerde Engelse en Skotse skoolmeesters die eerste onderwys aan Afrikaanssprekende kinders sou gee.<sup>14)</sup>

Van begin 1820 tot teen die einde van 1821 was lord Somerset met verlof in Engeland, en van dié geleentheid het hy gebruik gemaak om sy planne in verband met kerk en skool in die Kolonie aan die Britse Minister van Kolonies, graaf Bathurst, voor te lê. „It being extremely desirable that the children of the Colonists residing in the Country Districts at the Cape of Good Hope should have the Means of obtaining the English Language,” skrywe hy op 14 Februarie 1821 aan Goulburn, Ondersekretaris van Koloniale Sake, „I take the liberty of submitting to Earl Bathurst the Expediency of having all the Schools in the Colony conducted by English Masters.”<sup>15)</sup> Bathurst het hom in alles geesdriftig gesteun („Lord Bathurst has given me directions to acquaint your Lordship,” beantwoord Goulburn op 10 April Somerset se brief, „that he entirely concurs with you in opinion as to the expediency and propriety of gradually superseding the Dutch Schoolmasters by Englishmen of a superior class, as affording both the best means of making the English Language more general in the Colony and improving the manners and morals of the People”);<sup>16)</sup> en die dienste van ds. George Thom, wat juis ook met vakansie in Engeland

<sup>14)</sup> Reeds in 1815, by die benoeming van 'n nuwe rektor van die Latynse Skool in Kaapstad, het Somerset laat sien dat die belang van Engels in die onderwys by hom swaar weeg. Hy het geweiер om die nominasie van ds. J. C. Berrangé deur die Skoolkommissie goed te keur, en het 'n Engelse predikant, eerw. Hough, in die pos aangestel. Die rektor van die Latynse Skool moes die Engelse taal volkomme magtig wees.—Sien *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, bls. xxiv en App. III, bls. 10.

<sup>15)</sup> *Records*, dl. XIII, bls. 402.

<sup>16)</sup> *Records*, dl. XIII, bls. 457

was, is ingeroep om geskikte onderwysers en predikante, „of known loyal principles”, vir die Kaap te soek.<sup>17)</sup> Die Skotse predikante sou vir enkele maande na Nederland gaan om 'n bietjie kennis van die taal op te doen voor hul vertrek na die Kaap, maar dit is vir die onderwysers nie nodig geag nie. Op 2 Oktober 1821 skrywe Thom aan Goulburn dat twee predikante en ses onderwysers waarskynlik teen Desember klaar sal wees om te vertrek, „and if I were allowed to accompany them in the same ship,” voeg hy daaraan toe, „I would superintend the Instruction of the latter in the Dutch language of which they are now ignorant.”<sup>18)</sup> In die gedrukte brief wat hy aan kandidate vir die betrekking van onderwyser gestuur het, is onder die vernaamste moeilikhede waarmee hulle te kampe sou hê, ook wel genoem die Hollandse taal — „which, however, will be easily attained so as to have a sufficient knowledge of it, in order to communicate English, in six or eight months,” sodat klaarblyklik nie veel swarigheid in die belangrike taalverskil tussen onderwyser en leerling gesien is nie.<sup>19)</sup> In Februarie 1822 was Thom kant en klaar met sy opdrag, nie alleen om die predikante en onderwysers te werf wat onmiddellik nodig was nie, maar ook „to open a regular channel for the supply of future vacancies.”<sup>20)</sup> Enkele maande later het die eerste groep Skotte en Engelse dan ook in Kaapstad aangekom.

#### *Memorandum van Henry Ellis.*

Van Somerset se aanwesigheid in Engeland het Bathurst van sy kant gebruik gemaak om die Kaapse goewerneur die wenslikheid van die spoedige invoering van Engels as enigste amptelike taal van die Kolonie voor te lê. Dié gedagte het vir Somerset niets nuuts bevat nie, en hy was dit met die Minister van Kolonies uit die aard van die saak dadelik volkome eens. Kort ná sy terugkeer aan die Kaap is dan ook deur Henry Ellis, die Koloniale Ondersekretaris, 'n memorandum oor hierdie kwessie aan Goulburn in Londen gestuur. Dié memorandum is van besondere belang, omdat

<sup>17)</sup> *Records*, dl. XIII, blss. 360—1, 386—9.

<sup>18)</sup> *Records*, dl. XIV, bls. 131.

<sup>19)</sup> *Records*, dl. XIV, blss. 97—8.

<sup>20)</sup> *Records*, dl. XIV, bls. 292.

dit onomwonde 'n stelselmatige beleid van verengeling van die Kolonie bepleit en om die vervanging van die Hollandse deur die Engelse taal in alle offisiële verrigtinge as noodsaaklike eerste maatreël vra.

„The Cape of Good Hope,” lui dit in die memorandum, „is now an integral part of the Colonial Dominion of Great Britain, and it would therefore seem a necessary consequence that the connection with the former paramount state should be as rapidly destroyed, as a due regard to the fair claims of the Inhabitants of the Colony will permit.” Tot hiertoe, word beweer, is egter nog maar weinig in dié rigting gedoen. „The Church and the Bar receive their education and matriculation in Holland, and as among the Dutch Colonists these are the only educated classes, it may well be imagined that the connection with, and moral deference to Holland continue undiminished.” Buitendien het huwelike tussen Engelse amptenare en Afrikaanse vroue heelwat daar toe bygedra om die plaaslike bestuurstelsel te verhollands, met die gevolg dat „it will require the expression of a very decided opinion by the Government at home, to produce an alteration so natural and so necessary.”

„Community of language,” vervolg die memorandum, „is the simplest and best security for intimate connection with distant possessions, and by the substitution of the English for the Dutch language in all official proceedings at the Cape, much of what is desired will be obtained.” Hierdie maatreël behoort volgens Ellis aan alle andere vooraf te gaan, ook omdat dit sonder veel moeite sal kan ingevoer word: „English having been with little interval the language of the Conquerors and Rulers of the Cape of Good Hope for the last twenty-five years, the knowledge of it has been so generally diffused that there are few Dutch Colonists in Cape Town itself, or in the home Districts to whom its use even in judicial proceedings would be just matter of complaint.” Met die Engelse inwoners is dit anders gesteld: „to them Dutch retains every attribute of a foreign language;” en die feit dat die verrigtinge van die gereghof in Kaapstad uitsluitend in Hollands plaasvind, is vir hulle in meer as een oopsig uiters ongerieflik en onvoordelig.

Wat die plaaslike bestuur betref, „the municipal administration of the Country Districts is entirely conducted in

Dutch, and with the exception of trifling police cases the same practice obtains in Cape Town." Die gevolg is dat alle briefwisseling met die distrikte dubbel gevoer word, in Engels en Hollands, — wat volkome onnodig is, aangesien die landdroste feitlik almal voldoende Engels ken. „Under such circumstances the only reason for continuing the Dutch as a language of correspondence would seem a wish to perpetuate the connection with Holland, and to keep alive the recollection of the recency of British dominion."

Hierna gaan Ellis daartoe oor om te oorweeg wanneer die invoering van die Engelse taal in die verskillende regerings-departemente, aangenome dat die maatreël as raadsaam beskou word, met veiligheid en billikheid sal kan geskied; en ten slotte word nog aan die hand gedoen hoe 'n sekere Kaapse onderwysfonds wat tot hiertoe byna geheel onder beheer van die Hollandse Kerk gestaan het, aan die beoogde doel diensbaar sou kan gemaak word. „Were this [fund] applied to the purpose of a School on the principle of our public Schools in England," sê Ellis, „and if an examination in the English language were made a qualification for holding Civil Offices, an additional security for the proposed object would be obtained," terwyl 'n ander groot voordeel ook nog uit so 'n inrigting sou voortvloeи, naamlik „the more rapid assimilation to the institutions and manners of Great Britain."<sup>21)</sup>

#### *Taalproklamasie van Somerset, 1822.*

Die beroep van die Koloniale Ondersekretaris het, soos te verwagte was, in Engeland nie op dowe ore gevallen nie; en 'n paar maande later, op 23 Februarie 1822, gee Bathurst opdrag aan Somerset om 'n proklamasie uit te vaardig waardeur in die loop van die eersvolgende jare Engels die enigste offisiële taal van die Kolonie sou word.<sup>22)</sup> Lord Somerset het nog 'n tydjie gewag, blykbaar op die komst van die onderwysers uit Engeland, en toe op 5 Julie 1822 sy bekende taalproklamasie uitgevaardig. Uit die aanhef daarvan blyk nogeens duidelik dat Somerset met die benoeming van Skotse predikante en die invoer van Skotse en Engelse onderwysers meer in die sin gehad het as net die voorsiening in die

<sup>21)</sup> *Records*, dl. XIV, blss. 183—5.

<sup>22)</sup> *Records*, dl. XIV, blss. 297—8.

dringende behoeftes van die koloniste, en dat sy eintlike opset was die voorbereiding van die opkomende geslag vir die op hande synde verengelsingsbeleid. Omdat die proklamasie van Somerset so 'n belangrike dokument is in die taalgeskiedenis van die Kolonie, word dit hier in sy geheel afgedruk.

,,Whereas it has been deemed expedient, with a view to the prosperity of this Settlement, that the Language of the Parent Country should be more universally diffused, and that a period should now be fixed, at which the English Language shall be exclusively used in all judicial and official Acts, Proceedings and Business, within the same. The long and familiar intercourse which has happily taken place between the good Inhabitants of this Colony, and the very numerous British-born Subjects, who have established themselves, or have been settled here, has already greatly facilitated a measure, which is likely still more closely to unite the loyal Subjects of their Common Sovereign. The system which I have previously adopted, with a view to this exigence, of employing British-born Subjects, conversant in both languages, in the parochial duties of the Reformed Religion, as established in this Colony, has likewise paved the way to the amelioration now contemplated.

,,It has pleased His Majesty most graciously to approve that measure, and to enable me to act more extensively upon it, not only by having commanded Clergymen of the Established Church of Scotland, (whose religious tenets are precisely similar to those of the Reformed Church of this Country,) who have received instruction in the Dutch Language, in Holland, to be sent hither, to be placed in the vacant Churches, but by having authorised competent and respectable Instructors being employed at public expense, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English Language in all classes of Society.

,,These teachers having now arrived, the moment appears favourable for giving full effect to His Majesty's Commands; and I therefore, hereby order and direct, by Virtue of the Power and Authority in me vested, that the English Language be exclusively used in all Judicial Acts and Proceedings, either in the supreme or inferior Courts of this Colony, from the 1st Day of January, of the Year of our Lord, One

Thousand Eight Hundred and Twenty-seven; and that all official Acts and Documents, of the several public Offices of this Government, (the Documents and Records of the Courts of Justice, excepted,) be drawn up and promulgated in the English Language, from and after the 1st Day of January, One Thousand Eight Hundred and Twenty-five; and that all Documents, prepared and issued from the Office of the Chief Secretary to this Government, be prepared in the English Language, from and after the 1st Day of January next, in the Year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-three; from and after which periods, respectively, the English Language shall, in such judicial Acts and Proceedings, be exclusively adopted.”<sup>23)</sup>

### C. GESINDHEID VAN HOLLANDSE KOLONISTE

#### *Koloniste oor die algemeen tevrede met Britse Bestuur.*

Dit is van groot belang om te weet hoe die Hollandse koloniste in hierdie tyd teenoor die Britse bewind in die algemeen gesind was, en hoe hulle in die besonder teenoor die verengelsingsbeleid van graaf Bathurst en lord Charles Somerset gestaan het. So maklik sal dit ongelukkig nie wees om ook maar enigsins volledig die gedagtes en gevoelens van die ou inwoners van die Kolonie te leer ken nie. Dit sou nog verskeie jare duur voordat die Kaapse koloniste oor ‘n vry pers beskik — die beste bron waaruit ons die gesindheid van ‘n volk kan leer ken —, terwyl ander bronne, soos offisiële stukke en reisbeskrywinge, nie besonder baie en ook nie altyd ewe vertroubare inligtinge oor die kwessie gee nie. Intussen is ons tog in staat om uit die beskikbare gegewens enige gevolgtrekkinge van algemene aard te maak.

Wat die Engelse bestuur oor die algemeen betref, kan gesê word dat die koloniste genoegsame rede gehad het om tevrede te wees, en dit inderdaad ook was. Materieel was hulle daar betreklik goed aan toe; en op die uiters gevoelige punt van die verhouding tussen blank en gekleurde het Somerset eweas sy voorgangers hul streng konserwatiewe opvattinge gedeel. Voor 1826 is geen ordonnansies met betrekking tot slawe uitgevaardig wat eienaars aanleiding tot ernstige ontevredenheid gegee het nie; en hoewel die beskul-

---

<sup>23)</sup> *Records*, dl. XIV, blss. 452—3.

dinge van Van der Kemp en Read oor mishandeling van Hottentotte, en veral die Swarte Ommegang van 1812 heel-wat verbittering gewek het, het die negrofilistiese filantropie nog geen groot rol in die Koloniale politiek gespeel nie en was die Londense Sendinggenootskap en sy superintendent dr. John Philip gou in onguns by lord Somerset. Die ongelukkige geskiedenis van Slachtersnek was wel nog vars in die geheue van die koloniste; maar die bitter gevoel wat dit nagelaat het, was destyds nog in hoofsaak tot die oostelike dele van die Kolonie beperk; en die kragtige politiek wat Somerset op die grens teenoor die Kaffers gevolg het, het ongetwyfeld baie daartoe bygedra om ook die grensboere met die Britse bewind te versoen. Verder moet in herinnering gehou word dat die bestuursinstellings van die Kolonie nog altyd byna presies was soos in die tyd van die Hollandse heerskappy en dat die plaaslike bestuursfunksies nog veelal deur Hollandssprekende amptenare uitgeoefen is, soos ook hierbo uit die memorandum van Ellis geblyk het. Daarby het gekom dat die belangrike vermeerdering van administratiewe centra in die binneland sedert 1811 tot groot voordeel en gerief van die koloniste was, terwyl die stigting van nuwe Hollandse gemeentes van dieselfde jaar af die ou inwoners ook nie anders as dankbaar teenoor die Engelse regering kon stem nie. Op verskeie ander maniere nog het die koloniste voordeel getrek uit 'n deurgaans sterk en simpatieke bestuur, maar hier kan uit die aard van die saak nie verder daarop ingegaan word nie. Alleen moet nog in die besonder omtrent die bewind van lord Somerset verklaar word dat, die verengelingsbeleid daargelate, die gevoelighede van die Hollandse koloniste in sy tyd oor die algemeen veel minder gekwes is as onder baie van sy opvolgers en dat hy meer met sy eie volksgenote as met die ou ingesetenes van die Kolonie oorhoop gelê het. Dit moet erken word dat Somerset binne die omlysting van die Engels-gerigte politiek van sy tyd die belang van die Hollandssprekende koloniste na die beste van sy vermoë behartig het, en na alle waarskynlikheid het hulle dit ook so gevoel.<sup>24)</sup>

<sup>24)</sup> Ses jaar ná die vertrek van Somerset, op 20 Januarie 1832, skrywe *De Zuid-Afrikaan* na aanleiding van die kwaadstokery van *The South African Commercial Advertiser*: „Wat van de regering van de Lord ook moge gezegd worden, dit is zeker... dat de

*Koloniste heg hul nie aan nuwe heersers nie.*

Al mag dit aangeneem word dat die Hollandse koloniste oor die algemeen die Engelse regering agting toegedra en vertroue in sy beleid gehad het, wil dit nog nie sê dat hul daar enige besondere liefde voor opgevat het nie. Dit is seker dat die ordeliewendheid en die gehoorsaamheid aan gesag wat die koloniste van die oorgroot gedeelte van die Kolonie gekenmerk het, meer as eens die Engelse bewindhebbers 'n alte gunstige opvatting van hul gehegtheid aan hul nuwe meesters laat kry het. „It is the opinion of Lieutenant Governor Grey as well as of those Gentlemen with whom I have conversed and who from their relative situations are likely to be well informed,” skrywe Caledon reeds op 30 Mei 1807 aan William Windham, „that the strongest attachment and respect towards the British nation is the prevailing sentiment of the Dutch inhabitants.”<sup>25)</sup> Nader aan die waarheid sal egter wees wat die jingoïstiese bedriëer-predikant „dr.” Halloran op 25 September 1810 aan graaf Liverpool laat weet: „The Dutch, or rather Afroco-Batavian Inhabitants; (for there are but few native Hollanders in the Colony) are very generally, and strongly attached to the French, & equally averse from the English.”<sup>26)</sup> Die voorstelling van Halloran sal wel enigsins

Zuid-Afrikanen met hunne Engelsche mede Onderdanen by het vertrek van Lord Charles reeds veel verder met de amalgamatie gevorderd waren, dan zy nu helaas! zyn;” en op 24 Oktober 1834 vra 'n korrespondent in dieselfde blad: „Hoe komt het, dat thans, nadat de Kolonie 28 jaren aan Engeland behoort, dat thans, zeg ik, meer afscheiding bestaat, dan voor 10 of 12 jaren, toen Lord Somerset, hoe zeer de Afrikanen in zyn spilzucht geen behagenschepten, al de ingezeten van de nuttigheid en het wederkerige voorrecht, voor beide stammen om eens te worden, overtuigde, en het best van alle Gouverneurs, de Afrikanen veelal heeft geëngliseerd?”

<sup>25)</sup> *Records*, dl. VI, bls. 124.

<sup>26)</sup> *Records*, dl. VII, bls. 380. As bewys vir sy bewering voer Halloran in 'n noot o.a. aan dat „when at a French Comedy, the Commanders of the British Forces entered the Theatre, and the band, belonging to the English Regiment struck up the Tune of 'God Save the King', the Music was interrupted and stopp'd by a Dutchman, who informed the Leader of the Band, ,that the tune was displeasing to the Audience!' ”

oordrewe gewees het, maar nog in 1825 merk Teenstra op: „De bevolking dezer kolonie is anti-Engelsch. Zij is eene Nederlandsche bevolking, wier hart vreemd is aan deszelfs tegenwoordige meesters.”<sup>26a)</sup>

*Die Anglomanne. Hul verkeerde voorstelling van sake.*

Ongetwyfeld het die klein maar invloedryke groepie Hollandse koloniste, grotendeels amptenare, wat deur hul heftige anti-revolutionêre gevoelens van die begin af vriendskaplik teenoor die Engelse gesind was, heelwat daartoe bygedra om die Britse gesaghebbers in hul verkeerde opvattings te sterk. Maar selfs van dié koloniste, die sogenaamde Anglomanne, was daar waarskynlik betreklik min wat in 1806 die koms van die Engelse met onvermengde gevoelens verwelkom het. Die gebeurtenisse in Nederland ná 1806 was egter nie van 'n aard om die Anglomanne veel hoop te gee dat sake in hul vaderland ooit weer na hul sin sou wees nie. In Julie 1810 het dit dan ook so ver gekom dat die Nederlande opgehou het om as aparte staat te bestaan en deur Napoleon as 'n „aanslibsel van Franse riviere” by Frankryk ingelyf is. Hierdie lot van hul moederland het 'n diep indruk gemaak ook op persone wat nog in 1806 hardneklig teenstand gebied het teen die oorgawe van die Kaap aan die Britse troepe. Dit was by voorbeeld die geval met manne soos E. Bergh, president van die Insolvente Boedelkamer, en G. Beelaerts van Blokland, sekretaris van die Hof van Justisie, wat in 1811 dit openlik aan Cradock beken, soos die goewerneur in sy reeds vermelde brief aan graaf Liverpool medeel, „that as long as Holland remained a nation they could not feel contentment under any other Government, but situated as that country now is, being a part of France, the question at present solely was English or French, and that they had determined to abide for ever with the fate of England. They concluded,” laat Cradock nog volg, „that this was the universal sentiment of the Dutch Inhabitants of this Colony, and I have every reason to suppose that this is a correct statement of the general

<sup>26a)</sup> M. D. Teenstra: *De Vruchten Mijner Werkzaamheden, gedurende Mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop*, ens., dl. I, blz. 212.

feeling since the annexation of the United Provinces to the French Dominion.”<sup>27)</sup>

Die voorstelling wat die here Bergh en Beelaerts van Blokland van die gevoelens van die koloniste ná 1810 gegee het, was seker nie juis wat die Hollandse bevolking as geheel betref nie. Tot 1814 het hul, met uitsondering dan van die klein aantal Anglomannen en enkele ander wat geldelik deur die Britse besetting bevoordeel was, nog altyd gehoop om weer onder die Hollandse vlag te kom;<sup>28)</sup> en toe hulle in daardie jaar vergoed onder die heerskappy van Brittanie gestel word, het hul hul daarby neergelê eenvoudig omdat dit nie anders kon nie. Hulle moes nou besef het, soos Cradock dit reeds vroeër so graag wou, dat daar geen sprake meer kon wees van ooit weer aan Nederland verbonden te word nie, en dat daar geen ander uitweg oorgebly het as om hul so goed moontlik te skik in hul nuwe omstandighede as blywende onderdane van die magtige Britse ryk.

Om die posisie waarin die koloniste hul plotseling bevind het, goed te kan begryp, moet in herinnering gehou word dat hul van altyd af daaraan gewend was om onderdanig te wees aan 'n ongeveer absolute gesag. Onder die Hollandse bewind het hulle nooit veel geleentheid gehad om hul met „politieke” sake in te laat nie, en tekens van 'n ontwikkelde politieke bewussyn was daar aan die begin van die 19de eeu weinig onder hulle te bespeur. Hulle was in 1814 in totaal 'n geringe 35.000 siele, vir die merendeel dun verspreid oor 'n reusagtige gebied, met weinig opvoeding en weinig kennis van sake buite die enge kring van eie waarneming. Uit hul strenge godsdienssin het voortgevloeい 'n natuurlike ontsag vir die magte wat oor hulle gestel is; en hoewel hul hart aan Holland bly hang het, was hul per slot van rekening

<sup>27)</sup> *Records*, dl. VIII, blss. 219—20.

<sup>28)</sup> In 1824 skrywe die Engelsgesinde kommissaris-politicus J. A. Truter in sy offisiële verslag van die eerste Sinode van die Hollandse Kerk as volg aan lord Charles Somerset: „It should be considered that it is scarcely Ten Years since the Colony has been ceded. Till that time most of the Colonists believed, and this belief was strengthened by the ignorant and disaffected, that the Cape would not be given up: And it was only after the Cession that the Colonists considered the separation from their Mother Country as a serious fact.” (*Boustowwe*, dl. III, bls. 266.)

tog bereid om troue onderdane van hul nuwe heersers te word.<sup>29)</sup>

#### D. DIE OU KOLONISTE EN DIE INVOERING VAN ENGELS IN BESTUUR EN REGSPLEGING

*Uitvoering van bepalings van die taalproklamasie. Reaksie van koloniste.*

Dit is onwaarskynlik dat die koloniste hul enige illusies gemaak het dat die bestuurs- en regstaal van die Kolonie lank Hollands sou bly. Die Kaap was nou 'n Britse besitting; en volgens die begrippe van die tyd, toe nog nie so veel eerbied vir die regte van nasionale minderhede betoon is nie, was dit vrywel normaal dat Engels die offisiële taal van die land sou word. Daar is dan ook, sover my bekend, geen positiewe bewys dat die koloniste hul in beginsel teen die proklamasie van lord Charles Somerset verset het nie.<sup>30)</sup> Die vraag was alleen of daar genoeg tyd en geleentheid aan die Hollandssprekende amptenare en publiek gegee was om die Engelse taal aan te leer, sodat die verandering sonder al te groot ongerief vir hulle kon deurgevoer word.

Die bepalinge van die proklamasie van lord Somerset wat op 1 Januarie 1823 en 1 Januarie 1825 in werking getree het, het nie veel moeilikhede veroorsaak nie deurdat as gevolg van die maatreëls deur Cradock geneem die amptenare in die regeringskantore nou feitlik almal 'n behoorlike kennis van Engels gehad het en die offisiële korrespondensie reeds byna geheel en al in Engels gevoer is.<sup>31)</sup> Buitendien is

<sup>29)</sup> „No people not of British descent ever offered such favourable material for conversion into loyal subjects,” skrywe Theal na aanleiding van die bitter anti-Engelse gevoel onder die uitgewe Boere in die jare veertig, „as did these South Africans when forty years earlier they came by conquest under British rule.” (*History of South Africa from 1795 to 1873*, dl. II, bls. 265.)

<sup>30)</sup> 'n Mens sou kan inbring dat die koloniste oor baie min middele beskik het om uitdrukking aan hulle ontevredenheid te gee, en ook dat hul die nutteloosheid van verset besef het; maar daarteenoor staan dat toe hulle enkele jare later in *De Zuid-Afrikaan* oor 'n koerant beskik waarin hul vryuit lug kon gee aan al hul grieve, en dit inderdaad ook gedoen het, die vervanging van Hollands deur Engels in die staatsdiens nooit genoem is as een van die onregte hul aangedaan nie. Opsomminge van allerlei grieve vind ons o.a. in *De Zuid-Afrikaan* van 5 Nov. 1830, 13 Mei, 20 Mei en 2 Sept. 1831.

<sup>31)</sup> *Records*, dl. XIII, bls. 386; dl. XIV, blss. 184—5.

die ongerief wat die koloniste deur dié twee bepalinge kon veroorsaak word, in sekere mate verminder deur ook ná 1825 alle belangrike kennisgewings in Hollands sowel as Engels in die goewermentskoerant te publiseer. Die uitvoering van die eerste bepaling van die proklamasie, omtrent die uitsluitlike gebruik van Engels in die regspleging en alle stukke in verband daarmee, het op veel groter besware gestuit. Dat die vernaaamste moeilikhede hiermee sou ondervind word, het reeds Bathurst besef toe hy in sy opdrag aan Somerset om die proklamasie uit te vaardig as volg skrywe: „I am aware that from some quarters remonstrances may be expected against the limitation of time with respect to judicial proceedings; but if a more remote period were assigned there would not be so active a disposition to prepare for the change under the impression that the necessity did not demand an immediate effort and that the period might be hereafter postponed.” Teen die einde van 1826 het dit ewenwel duidelik geword dat dit prakties onmoontlik was om reeds aan die begin van die volgende jaar die voorgestelde verandering van taal deur te voer en is die bepaling van die proklamasie van 1822 aangaande die geregshowe op 13 Desember 1826 voorlopig teruggetrek.<sup>32)</sup> Eers op 1 Januarie 1828, tegelyk met die inwerkingtreding van die nuwe „Charter of Justice”, het Engels die enigste taal in die regspleging van die land geword.

Soms word die beswaarskrifte van die Heemrade van Graaff-Reinet en Stellenbosch en die versoek van die Gereghof in Kaapstad om uitstel van die invoering van Engels as regstaal opgevat as bewys van die koloniste se „bitter ontevredenheid en verontwaardiging” oor die proklamasie van lord Charles Somerset. Die stukke op sigself gee egter nie voldoende aanleiding tot sulke gevolgtrekkings nie, en ander getuienis uit hierdie tyd wys ook nie in dié rigting nie.<sup>32a)</sup>

<sup>32)</sup> *Records*, dl. XXVIII, bls. 427. Verskeie stukke wat betrekking het op die uitstel van die uitsluitlike gebruik van Engels in die howe, is te vind in *Records*, dl. XXVIII, blss. 445—52.

<sup>32a)</sup> Ds. D. P. Faure skrywe in *My Life and Times*, bls. 2 vlg., na aanleiding van Somerset se proklamasie: „This exclusion of their language from the Law Courts of the country was regarded

*Kennis van Engels nog weinig verbreed.*

Al het die Hollandse koloniste hul nie in beginsel teen die invoering van Engels as enigste offisiële taal verset nie, spreek dit vanself dat die verbanning van hul moedertaal uit die openbare kantore van die land swaar op hulle moes gedruk het. Die voorstelling van Somerset dat hul „long and familiar intercourse” met die „very numerous British-born subjects” in die Kolonie hulle moeilikhede aansienlik sou verlig, het op baie swak gronde berus. Tot 1820 was die bevolking van die Kaap nog byna uitsluitend Hollands-sprekend; en die Britse emigrante wat in daardie jaar hierheen gekom het, is byna almal op 'n betreklik klein gebied in die oostelike deel van die Kolonie gevestig. In Kaapstad was wel reeds vroeg deur die aanwesigheid van 'n Engelse garnisoen, Engelse amptenare en 'n klompie Engelse han-

as an insufferable grievance by the Dutch-speaking Colonists, who were then in an immense majority, and it was one of the most efficient causes of that discontent with British Rule, which, a few years later, led to the Great Trek, in order to escape it. This Proclamation was strongly resented by my father and some of his contemporaries, Advocates Jan de Wet, Joubert and Hofmeyr. Attempts to obtain cancellation of this innovation, to them so distasteful and obnoxious, were vain; there was nothing for it but to submit or to go, and accordingly my father and his above-mentioned colleagues went, and ceased to practise." Ds. Faure is egter pas in 1842 gebore, en sy herinneringe het in 1907 verskyn, sodat sy getuenis reeds om dié rede nie kritiekloos mag aanvaar word nie. Buitendien is dit opmerklik dat sy vader op 1 Jan. 1828 — die datum waarop alle Howe Engels geword het — 'n benoeming as Magistraat van die distrik Stellenbosch aanvaar het, soos Faure self onmiddellik daarop medegeel. Faure se oordrewe voorstelling van sake blyk ook uit sy opmerking omtrent die oorsake van die Groot Trek. Dis my nie bekend dat die Trekkers die verdringing van hul taal as rede tot ontevredenheid met die regering aangegee het nie. Alleen Van Gass praat in sy herinneringe, vermoedelik kort ná 1880 opgeteken, van „de blijde vooruitzichten 'n land gevonden te hebben, waar wij op onze eigene rekening, vrij van vreemde verdrukkers, in onze eige taal konden regeren." (*Voor-trekker-mense*, dl. I, 2de dr., bls. 53.) Preller skryf hierby 'n lang aantekening, klaarblyklik gebaseer op Theal, *Hist. of S.A. since Sept., 1795*, dl. I, blss. 376—7 en 495. Hy verwys ook na 'n (taamlik verwarde) verklaring van Karel Trichardt, opgeteken omstreeks 1894, waaruit egter nie mag afgelei word dat op die verandering van taal in die regstegting gesinspeel word nie (*Voor-trekker-mense*, dl. II, blss. 4—5.).

delare,<sup>33)</sup> en ook deur die stigting van Engelse skole, aansienlike geleentheid vir die burgery om die Engelse taal aan te leer; maar op die platteland was dit seker nie die geval nie. „Out of Cape Town,” skrywe ds. George Thom dan ook in Januarie 1821 aan lord Somerset, „I will venture to say that there are not more than 400 who can converse in English, and not 200 if 150 who write it, or can read it.”<sup>34)</sup> Selfs in Kaapstad sal die kennis van Engels nog glad nie algemeen gewees het nie, want behalwe in die kringe van amptenare en van andere wat deur die aard van hul werk dikwels met amptenare in aanraking gekom het, was die kontak tussen die ou Hollandse koloniste en die nuwe Engelse inkomelinge nog maar gering en oppervlakkig van aard. Veelvuldige bals en dinees, die teater, die renbaan en ander plekke van vermaak het aan die uitgaande deel van die Hollandse samelewing geleentheid verskaf om omgang met Engelse te maak, maar oor die algemeen het dié dinge nie tot intieme onderlinge verkeer tussen die twee seksies van die bevolking aanleiding gegee nie.<sup>35)</sup> Die ou ingesetenes het uit die aard van die saak nog seer gevoel oor hul onderwerping aan 'n vreemde gesag, en dit kon nouliks van hul verwag word dat hulle hul reeds veel moeite sou gee om aansluiting met die Engelse op maatskaplike terrein te soek. Buitendien het die vreemdelinge deur 'n sekere selfingenomenheid en oordrewe volkstrots en deur 'n hinderlike aanmatiging voortylociende uit die besef van hul heersende posisie in die land, die toenadering nie huis vergemaklik

<sup>33)</sup> Sien o.a. (W. W. Bird:) *State of the Cape of Good Hope, in 1822*, bls. 149, waarvan die Heerengracht (nou Adderleystraat) gepraat word as „once the residence of the best Cape families, but now of English shopkeepers”.

<sup>34)</sup> *Records*, dl. XIII, bls. 388.

<sup>35)</sup> (W. W. Bird:) *State of the Cape of Good Hope, in 1822*, bls. 164: „Company, dancing, and the theatre, are to the taste of all; but the habits of the Dutch and English are not as yet sufficiently amalgamated to allow them to associate and mix in the same free manner as is usual between individuals of a common stock.” Luit. J. W. D. Moodie, wat teen die einde van 1819 in Kaapstad aangekom het, sê ook van die Hollandse inwoners: „These colonists . . . are strongly attached to their own customs, and unwilling to adopt the language and habits of the English further than their interest requires” (*Ten Years in South Africa*, dl. I, bls. 33). Sien verder dr. F. C. L. Bosman: *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, dl. I, Bylae VI, bls. 525.

nie.<sup>36)</sup> Die lasteringe van Barrow het die ou Koloniste nog nie vergeet nie, en ná hom was daar Engelse in hul midde wat nie minder beledigend oor hul gesprek en geskrywe het nie.<sup>37)</sup> Veel openlike wrywing het daar egter nog nie tussen die Hollandse en Engelse deel van die bevolking ontstaan nie, en aan albei kante was daar sterk magte aan die werk om die twee bevolkingsgroepe so spoedig moontlik bymekaar te bring.

#### *Politiek van versoening tussen twee seksies van bevolking.*

Dit is bekend dat die regering baie graag die vertroue van die Hollandssprekende bevolking wou wen, en van 1824 af het die eerste Suid-Afrikaanse koerant, *The South African Commercial Advertiser*, wat op 7 Januarie begin verskyn het en sedert 7 April 'n tweetalige blad was, gedoen wat hy kon om by die ou koloniste eerbied en agting in te boesem vir die Britse regering en die Engelse volk. John Fairbairn, die redakteur van die *Advertiser*, het ingesien dat die lasteringe van Barrow en ander Engelse skrywers ná hom die begeerde toenadering in die weg staan en het die verskynning van sulke geskrifte betreur. „All this,” skryf hy op 5 Mei 1824, „is very unfortunate; because it tends to keep alive national distinctions and jealousies, and retards that cordial and complete amalgamation of the Dutch and English Colonists, which is so accordant to the wishes of our paternal Government, and so essential to the future interests and well-being of both.” Dit is daarom die bedoeling van die blad so ver moontlik „to check . . . every attempt to excite or keep alive

<sup>36)</sup> Tipies is die volgende opmerking uit die bogenoemde werk van Bird, bls. 176 vlg.: „Phlegmatic as the people are, they cannot bear raillery. If you tell a Cape Dutchman, that, by the treaty of Paris, he and all his family were sold for thirty-three pounds sterling per head, that being the amount at which, as one of 90,000, he was valued, when three millions were paid to the King of the Netherlands, he becomes most indignant. It is a mixed feeling, arising in part from pride, hurt at having been the object of a sale, and partly from vexation, at being separated from the land of his fathers, and compelled to submit to the fate of a conquered country.”

<sup>37)</sup> Sien b.v. die brief wat die koopman Richard Fischer in 1816 aan Wilberforce geskrywe het. (*Records*, dl. XI, blss. 176—83.) Lord Somerset het met verontwaardiging op die valsheid van die beskuldigings van Fischer gewys. (Somerset aan Bathurst, *Records*, dl. XI, blss. 344—5.)

unkindly national or party distinctions in South Africa." Fairbairn wou veral nie hê dat die Kaapse koloniste moes glo dat die Britse regering en die Britse volk oor hul dink soos sommige onverantwoordelike reisigers en joernaliste nie. Hy lê daar nadruk op hoe liberaal die Britse regering is en hoe besorg oor die welsyn van sy Kaapse onderdane. „Let, therefore," eindig hy, „no temporary vexations, nor any possible accumulation of private annoyance, ever for a moment, disturb the perfect reliance, . . . or weaken the firm loyalty of our fellow-subjects (whether Dutch or English) towards the wise, just and beneficent Government of England."

In die jare rondom 1820 was daar reeds 'n aansienlike groepie invloedryke Hollandse koloniste wat alles in hul vermoë sou doen om 'n gees van verbroedering tussen die ou en die nuwe ingesetenes aan te moedig. Sommige van hulle het so seer gemene saak met die Engelse gemaak dat hul ook geen waarde meer aan die behoud van hul kulturele selfstandigheid geheg het nie en die beleid van algehele verengeling van hul medekoloniste eerder toegejuig as betreur het. So iemand was by voorbeeld J. A. Truter, president van die Hof van Justisie, met wie ons nog nader kennis sal maak. Sedert 1822 het die poginge om toenadering tussen Hollandse en Engelse inwoners te bewerkstellig, in Kaapstad verder baie sterk steun gehad in ds. Abraham Faure, wat onder andere deur sy gedeeltelik Engelse opleiding en sy huwelik met die dogter van 'n Britse offisier self sterk na die Engelse kant toe oorgehel het.

Wat die gevoelens van ds. Faure oor die kwessie van die verhouding tussen Hollandse en Engelse koloniste was, blyk uit 'n opmerking wat hy na aanleiding van 'n voorval in die begin van 1825 gemaak het. In die laaste nommer van die eerste jaargang van die deur hom geredigeerde *Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* moes ds. Faure die voorlopige staking van die blad aankondig; en in Februarie 1825 het daar in *The South African Chronicle and Mercantile Advertiser* 'n spottende „doodsberig" verskyn waarin beleidigend oor die *Tijdschrift* en die Hollandse koloniste gepraat word. 'n Aantal vaderlandsgesinde manne in die stad, geprikkel deur die beleidiging hul aangedaan, het ds. Faure deur hul geldelike steun in staat gestel om

met die uitgawe van die blad voort te gaan. In 'n voorberig tot die tweede jaargang van die *Tijdschrift* word al dié dinge deur die redakteur meegedeel, wat dan met die volgende woorde eindig: „De Redakteur, verzekerd hoe ook de recensie de afkeuring van Zijne Excellentie en van alle Hoogstdeszelfs weldenkende Landgenooten heeft ontmoet, koestert de aangename hoop, dat de ingezetenen, welke de Hollandsche taal alleen lezen en spreken, niet op onze Engelsche mede Kolonisten de blaam zullen leggen, als voedden zij eenige minachting omtrent ons, maar dat allen naar hun vermogen zullen trachten mede te werken ter bevordering van dien geest der verbroedering, welke zoo zeer door het geëerd Gouvernement wordt gezocht.”<sup>38)</sup> Intussen sou dit verkeerd wees om te meen dat selfs die sterk vaderlandsgesinde manne wat die *Tijdschrift* weer op die been gehelp het, aanstoot sou geneem het aan so 'n uitlating van die redakteur. Die Hollandse koloniste was deurgaans van 'n baie verdraagsame en toegewende geaardheid en het niets beter verlang nie as om in vrede en eensgesindheid met hul Engelse medeburgers te lewe. Dit neem egter nie weg nie dat baie van die ou ingesetenes hul lank van die nuwe inkomelinge afsydig gehou en nooit die Engelse taal leer praat of selfs leer verstaan het nie.<sup>39)</sup> Buitendien kan dit as seker aangeneem word dat in die tyd toe die proklamasie van lord Somerset uitgevaardig is, die bedrewenheid in Engels ook onder die jonger geslag in die stad, behalwe dan in die kringe van die Anglomanne, nog maar baie gering was en geensins so dat hul dié taal met gemak kon praat of skrywe nie.

#### *Regering dryf sy taalbeleid deur.*

Die goeie verwagtinge wat Somerset gehad het omtrent die rol wat die ingevoerde Skotse predikante en Skotse en Engelse onderwysers in die verbreiding van Engels op die

<sup>38)</sup> Sien dr. Anna J. D. de Villiers: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika*, blss. 45—6. Hoe sterk die versoeningspolitiek van die regering op die voorgrond gestoot is, blyk uit die herhaalde verwysinge na „that complete union and amalgamation of the old and new fixed inhabitants, which every enlightened Colonist must consider a most desirable and important object” (*Advertiser*, 28 Apr. 1826) wat in die pers en offisiële stukke van die tyd voorkom.

<sup>39)</sup> Sien o.a. die hoofartikel van die eerste nommer van *D' Zuid-Afrikaan*, 9 Apr. 1830.

platteland sou speel, het ook op baie weinig uitgeloop, met die gevolg dat toe dié taal op 1 Januarie 1828 ook in die regspleging die alleenheerskappy verkry, waarskynlik nie een uit die tien van die oorspronklike koloniste die offisiële taal van hul land kon verstaan nie, laat staan nog praat en skrywe. Ten spyte van hierdie toestand van sake is nog op 25 Januarie 1828 'n kennisgewing in *The Cape of Good Hope Government Gazette* gepubliseer dat alle versoekskrifte en ander stukke aan die regering in Engels opgestel of van 'n Engelse vertaling vergesel moet wees, anders sou hul aan die afsenders teruggestuur word. Dit is duidelik dat daar ná ses jaar van die vrome woorde van Ellis omtrent die „due regard to the fair claims of the Inhabitants of the Colony“ nie veel meer oorgebly het nie.<sup>40)</sup>

*Redes waarom koloniste by invoering van Engels in bestuur en regspleging berus.*

Van hedendaagse standpunt besien lyk dit byna onverstaanbaar dat die Hollandse koloniste nie openlik in verset teen die taaldrywery van die regering gekom het nie. Selfs as ons aanneem dat hul in prinsipe nie teen die uiteindelike verengelsing van die staatsbestuur gekant was nie, dat hul die verengelsing opgevat het as die onvermydelike gevolg daarvan dat die Kolonie 'n Britse besitting geword het, dan lyk dit op die eerste gesig nog baie vreemd dat hul nie meer geprotesteer het teen die haas waarmee die Engelse taal op hul afgedwing is nie. As ons egter 'n bietjie dieper op die saak probeer ingaan, dan kry ons gou 'n verklaring vir die skynbare onverskilligheid en gevoelloosheid van die koloniste op hierdie punt.

Ons moet onthou dat oor die algemeen die gewone burger in sy daaglikse lewe maar min met die staat en sy instellings in aanraking kom, en dat dit aan die begin van die vorige eeu nog veel minder gebeur het as teenswoordig. Die Kolonie was nog betreklik jong en onontwikkeld — spoorweë was

<sup>40)</sup> Die kennisgewing in die *Government Gazette* lui as volg: „Notice is Hereby Given, that all Memorials, Applications, and Papers of any kind whatever, addressed to Government, must in future be written in, or accompanied by a Translation into, the English Language; — as all others will be returned to the Parties by whom they have been submitted.“

by voorbeeld nog onbekend en die posdiens heeltemal in sy beginstadium —, en die staatsbestuur was sterk gesentraliseer. Die boere, wat ruim tagtig persent van die bevolking uitgemaak het, het merendeels afgesonderd op hul plase gewoon en het in so 'n mate in hul eie behoeftes voorsien dat hul hul maar min om die buitewêreld bekommer het. Sodoende het hul van die regering se verengelingsbeleid, in die begin altans, nie besonder veel gemerk nie en daar waarskynlik ook minder nadeel en ongerief van ondervind as wat ons vandag op die eerste gesig dikwels aanneem. Die onbetwyfelbare voordele wat die veel doeltreffender Britse administrasie vir hulle opgelewer het, het buitendien in 'n hoeë mate opgeweeg teen die nadele wat die verandering van regeringstaal tog vir hulle meegebring het.

Uit die aard van die saak het die koloniste in Kaapstad, die setel van die sentrale bestuur van die land, veel onmiddelliker die invloed van die verengeling van die regering ondervind. Hul moes daar daagliks die getuie van wees, en baie van hulle het bowendien, direk of indirek, in een of ander betrekking tot die staatsbestuur gestaan. Ons kan onder andere daaraan herinner dat toe op 1 Januarie 1828 die gebruik van Engels in die geregshewe verplig gemaak is, daar in Kaapstad minstens ag Hollandssprekende advokate was wat hul opleiding in Nederland gehad het en nou gedwonge was om die regspraktyk voortaan geheel en al in Engels uit te oefen.<sup>41)</sup> Ook het die bepaling dat vir regeringsamptenare 'n deeglike kennis van Engels 'n vereiste is, die stedelinge op 'n wyse getref waarop dit die boerebevolking nie kon raak nie. Die plaasseuns het immers byna sonder uitsondering in die boerebedryf gebly, terwyl dit vir jong mans van die stad vry gewoon was om 'n betrekking in die staatsdiens te soek. Dit is te begrys dat die seuns van Hollandssprekende koloniste, met hul gebrekkige kennis van Engels, deur die taalverordening in 'n agterstand geplaas is wat nie maklik in te haal was nie. Die moeilikheid was egter nie onoorkoomlik nie; en vir dié wat in die staatsdiens wou gaan en die Engelse taal moes leer, was daar in Kaapstad per slot van rekening geleentheid genoeg om hul doel te bereik. So het dit gebeur dat ook in die stad die invoering

---

<sup>41)</sup> *The South African Almanack and Directory for 1828*, bls. 10.

van Engels as enigste offisiële taal sonder veel teenkanting van die Hollandse bevolking plaasgevind het.<sup>42)</sup>

*Hollandse koloniste erken waarde van kennis van Engels.*

Alle beskikbare getuienis duï daarop dat die Hollandse koloniste van die begin af nie alleen bereid nie maar selfs gretig was om hulle kinders die Engelse taal te laat leer waar die geleentheid daartoe bestaan het. Dit is trouens ook heeltemal in ooreenstemming met wat ons onder die omstandighede kan verwag. Die Kaap het 'n Britse besitting geword; Engels sou binnekort die enigste offisiële taal wees; en die belang van die kinders het vertrouerdheid geëis met die regeringstaal, wat tot op sekere hoogte ook reeds die handelstaal van hul land was. „The interest which the Parents take to have their Children instructed in that Language which, in a short time, will be the prevailing one throughout the whole Colony, and in which every branch of official business will be transacted,” skryf P. J. Truter in sy bekende rapport van 1824, „is such as to have excited them without any compulsion to place their Children in

<sup>42)</sup> Die Britse Kommissie van Ondersoek uit in hul rapport aan Bathurst oor die bestuur van die Kaap, d.d. 6 Sept. 1826, die volgende klag oor die Hollandse koloniste: „It was not to be expected that the Dutch part of the community should so far divest themselves of their feelings of habitual submission and acquiescence in the measures of the colonial government, which they had been taught especially to regard, or their dependence upon its future favour, as to come forward with any proposition which might imply a reflection upon its wisdom or its justice, and we consequently found that no general measures for the advantage of future improvements of the colony, or even for the correction of past grievances or admitted defects, were ever suggested to us, although we were aware that a very distinct appeal was made to the most respectable inhabitants of each district to avail themselves of the opportunity which the terms of our commission held out to them, of making communications to us which they might have felt reluctant to make to the colonial government.” (Records, dl. XXVII, bls. 345.) 'n Mens sou hierdie sogenaamde „feelings of habitual submission”, ens., ook kon aanvoer as verklaaring dat die koloniste so weinig blyk van ontevredenheid oor die taalverordening van Somerset gegee het, was dit nie dat die stilstwyndheid van die koloniste teenoor die Kommissie van Ondersoek eerder moet toegeskrywe word aan die feit dat hul omstreeks 1825 inderdaad oor die algemeen weinig grieue teen die Britse bestuur gehad het. Enkele jare later sou dit anders wees, en toe het hulle ook duidelik genoeg lug aan hulle ontevredenheid gegee.

the English Schools, where an opportunity is offered them to get their Children instructed without incurring any expense." Op Tulbagh het die onderwyser van die Hollandse skool aan Truter vertel dat sinds die stigting van die Engelse skool daar, byna al sy leerlinge hom verlaat het. Dieselfde het gebeur met die Hollandse onderwysers op Caledon, George en Uitenhage. „We have observed," besluit Truter, „that in the country districts where English schools are established, the Dutch schools had fallen into decay and entirely ceased to exist." Hy skryf die verskynsel toe aan die feit dat die Engelse meesters beter is as die Hollandse, en dat die kinders self graag Engels leer.<sup>43)</sup> P. J. Truter was self baie Engelsgesind, maar dit is nie voldoende rede om die juistheid van hierdie voorstelling van sake in twyfel te trek nie, sodat ons mag aanneem dat Somerset daar gelyk in had toe hy in Maart 1823 aan Bathurst geskrywe het dat die koloniste dankbaar was vir die stigting van vry Engelse skole op verskillende punte in die Kolonie.<sup>44)</sup>

Die belang van die verspreiding van 'n kennis van Engels onder die koloniste het ook die Hollandse Kerk ingesien en sy medewerking in dié verband aan lord Somerset toegesê. „On the occasion of the debates in the Synod, on the utility of promoting of general knowledge of the English language," berig die kommissaris-politiek aan die goewerneur in sy offisiële verslag van die Sinode van 1824, „I must do the Members justice to say, that they unanimously signified their inclination thereto, and . . . evinced every possible disposition to assist in promoting Your wise and beneficial object in all other respects in this line."<sup>45)</sup> Dit is wel waar dat onder die twaalf predikante wat die eerste Sinode bygewoon het, daar reeds vier Skotte was, waaronder ds. George Thom, en minstens twee ander bekend om hul Engelse gesindheid, terwyl ook die kommissaris-politiek sir John Truter alles graag soveel moontlik deur 'n Engelse bril wou sien; tog kan dit nie betwyfel word nie dat ook die beslis Hollands-

<sup>43)</sup> *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. V, blss. 45—50.

<sup>44)</sup> *Records*, dl. XV, bls. 354. Vir die ywer wat koloniste aan die dag gelê het om hul kinders die Engelse taal te laat leer, sien ook 'n brief van ds. George Thom aan lord Somerset, d.d. 26 Jan. 1821, in *Records*, dl. XIII, bls. 386—9.

<sup>45)</sup> *Boustowwe*, dl. III, bls. 265.

gesinde predikante die belang van die studie van Engels ingesien het en bereid was om dit onder hul gemeentelede aan te moedig. Maar die beste bewys nog dat die koloniste oor die algemeen self baie prys gestel het op die aanleer van die Engelse taal, is te vind in die jaargange van *De Zuid-Afrikaan*, wat vanaf sy verskynning in 1830 telkens nadruk lê op die noodsaaklikheid van goeie onderwys in Engels en uiting aan sy blydskap gee as skoliere daar goeie vordering in maak.<sup>46)</sup>

#### E. VERSET TEEN VERDRINGING VAN HOLLANDS AS KULTUURTAAL

*Weerstand teen regering se planne om Hollands uiteindelik heeltemal te verdring.*

Uit die voorafgaande bladsye moet dit duidelik geword het dat as die verengelingsbeleid van die Britse regering aan die Kaap niks meer as die verengeling van die staatsdiens van die Kolonie beoog het nie, daar op die punt van taal weinig aanleiding tot stryd tussen die Hollandse koloniste en hulle vreemde heersers sou bestaan het. Ongelukkig het dit ook reeds baie duidelik geblyk, onder andere uit die belangrike memorandum van Henry Ellis, dat die invoering van Engels as enigste offisiële taal van die Kolonie glad nie al was wat die Britse gesaghebbers hul ten doel gestel het nie. Die verdringing van Hollands uit die staatsdiens was maar die begin van 'n doelbewuste beweging om die hele Kolonie so gou doenlik sy Nederlandse verlede te laat vergeet en uiteindelik in alle vertakkinge van die lewe volkome te verengels. Die spil waar alles per slot van rekening om gedraai het, was die taal. Somerset en sy geesverwante het goed begryp dat die verengeling nie na wens kon deurgevoer word solank die koloniste Hollandssprekend bly nie, en het met ywer aan die werk gegaan om die Hollandse taal geheel en al uit die Kolonie uit te werk. Soos verwag kan word, was die goewerneur diplomatiek genoeg om nie openlik teen die moedertaal van die koloniste te velde te trek nie. Hy het besef dat deur so veel moontlik die Engelse taal op die voorgrond te stoot en die studie daarvan onder die koloniste aan te moedig, Hollands vanself op die agtergrond sou

---

<sup>46)</sup> Sien o.a. die nommers van 26 Aug. 1831 en 12 Okt. 1832.

geraak, om uiteindelik heeltemal van die toneel te verdwyn. Dit het egter nie baie lank geduur nie of die koloniste het agterdog begin kry dat Somerset meer in die skild voer as wat hy graag wou laat blyk. Hul bemerk tot hul skrik dat hy, by al die ywer wat hy aan die dag lê om hul belangte op kerklike en opvoedkundige gebied te behartig, deur die invoer van predikante en onderwysers uit Skotland en Engeland, intussen geen vinger verroer om voorsiening te maak vir onderwys in Hollands nie. Nou was hul wel bereid om hul by die verengeling van die staatsdiens neer te lê, en ook gewillig om die Engelse taal aan te leer, maar aan die ander kant nie in die minste geneë om hul eie taal prys te gee nie. 'n Gevoel van onrus omtrek die bedoelinge van die regering moes reeds betreklik vroeg taamlik algemeen onder die koloniste gewees het, want in 1824 vind J. A. Truter, 'n vertroude raadgewer van lord Somerset, dit raadsaam om die goewerneur te waarsku „that an apprehension is fast spreading among the public, that their children will not be allowed to receive any further instruction in Dutch, and that the language is to be totally proscribed.”<sup>47)</sup>

#### *Ontevredenheid oor aanstelling van groot getal Skotse predikante.*

Die saak wat die meeste onrus by die koloniste gewek het, was die klaarblyklike voorneme van die goewerneur om die Hollandse taal ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur Engels te laat verdring. Die aanstelling van Skotse predikante met weinig kennis van Hollands het hul reeds nie baie aangestaan nie. Dit blyk onder andere uit 'n brief van Somerset aan Bathurst, d.d. 26 Maart 1825, na aanleiding van 'n versoek van H. E. Faure. Die jong Afrikaner wil na Holland gaan vir sy opleiding as predikant en vra nou dat dieselfde geldelike steun aan hom gegee word as aan lede van die Skotse Kerk wat na Nederland gaan om die Hollandse taal aan te leer. Somerset skryf aan Bathurst dat hy „very strong reasons” het om daarop aan te dring dat die versoek van Faure toegestaan word. „The fact is that members of the Scottish clergy have of late years poured into the Colony so abundantly that a feeling has been excited amongst the colonists which I lament to see arise, and which

---

<sup>47)</sup> *Boustowwe*, dl. III, bls. 267.

Your Lordship's acquiescence in Mr. H. E. Faure's request will tend greatly to allay.<sup>48)</sup>

'n Tweede bewys van die ontevredenheid in die Kolonie oor die veelvuldige aanstellings van Skotse predikante kry ons in 'n brief van die Britse Kommissie van Ondersoek aan graaf Bathurst, gedateer 5 September 1826, in verband met 'n versoekskrif van James Rose Innes, een van die eerste groep Skotse onderwysers deur Somerset ingevoer, wat die plan opgevat het om in Skotland vir predikant te studeer en vra dat 'n benoeming in een van die Nederduitse Gereformeerde gemeentes van die Kolonie hom in die vooruitsig mag gestel word. Die kommissarisse wys Bathurst op die voordeel wat Innes by die uitoefening van 'n herderlike beroep sal kan trek uit sy kennis van „the dialect in which the Dutch Language is spoken in this Colony, and which, though not considered to be a pure one, is much more familiar to the Inhabitants than that which is acquired in the Literary Communities of Holland," en gaan dan betekenisvol voort: „We are aware that there exists among the Native Dutch Inhabitants a certain degree of jealousy of the preference that has been shewn to the Scotch Clergy by the late selection which has been made of them for the service of the Reformed Church, but as the circumstance of Mr. Innes' employment in the education of the children of many respectable Dutch families in the District of Uitenhage previous to his admission may possibly have its effect in mitigating that feeling, we therefore beg leave to submit his memorial to the favourable consideration of your Lordship."<sup>49)</sup>

*Teenstand teen voorgenome invoering van Engels as taal van die godsdienst.*

Waar die aanstelling van Skotse predikante die koloniste reeds senuweeagtig gemaak het, het die verdere planne van Somerset in verband met hul Kerk wat nou aan die lig getree het, nie daartoe gestrek om hul argwaan tot bedaring te bring nie. Van nature baie konserwatief, was die koloniste dit by uitstek in alle sake wat in verband met hul godsdienst gestaan het; en die gedagte dat die táál van hul godsdienst sou kon gewysig word sonder dat die godsdienst sélf daaronder

---

<sup>48)</sup> *Records*, dl. XX, blss. 391—2.

<sup>49)</sup> *Records*, dl. XXVII, bls. 329.

skade ly, was vir hulle volkome uit den bose. Alleen al ter wille van die godsdiens moes hul kinders daarom op skool in die geleentheid gestel wees om die Hollandse taal te leer; en dat alle godsdiensonderwys, wat die jeug moes voorberei tot lidmaatskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in die taal van daardie Kerk sou gegee word, het hulle as vanselfsprekend voorgekom. Nog wat betref die een, nog wat betref die ander, was lord Somerset geneë om aan die wense van die koloniste te voldoen. 'n Toegewing sou help om die Hollandse taal in stand te hou, wat huis teenoor gesteld aan die hele rigting van sy beleid was.

Ons het reeds gesien dat die Britse regering dit nie nodig geag het om die Skotse en Engelse onderwysers, soos sommige van die Skotse predikante, na Nederland te stuur om 'n kennis van Hollands op te doen voordat hul na die Kaap gaan nie.<sup>50)</sup> Hollands was dan ook offisieel nooit 'n vak of medium van onderwys in die vry Engelse skole nie; en die bietjie kennis daarvan wat die ingevoerde onderwysers nodig had om die Hollandssprekende kinders Engels te leer, moes hul maar self algaande opdoen. Dit is die onderwysers intussen opgedra om die skooljeug minstens elke Saterdag te onderrig in die grondbeginsels van die godsdiens soos uiteengesit in „the Catechism of the Dutch, or Scotch Established Church”, sodat dit duidelik die bedoeling was om ook godsdiensonderwys in die vry skole deur medium van Engels te laat geskied.<sup>51)</sup> Dit was Somerset egter nie genoeg dat godsdiestige onderrig aan Hollandssprekende kinders slegs in die vry skole deur Engelse medium sou gegée word nie; daarom wou hy die Sinode van die Hollandse Kerk inspan om Engels ook elders by die godsdiensonderrig ingevoer te kry. Sodoende sou hy die Hollandse taal in sy sterkste vesting ondervind en uiteindelik geheel en al deur Engels kan vervang. Somerset het nie besef dat al sou hy miskien nog die Sinode vir sy doel kon gebruik, die volk nooit met sy planne genoeë sou neem nie.

<sup>50)</sup> In verband met die benodigde taalkennis van die onderwysers was ds. Thom se advies aan lord Somerset in Jan. 1821 „that a knowledge of so much Dutch which will be sufficient for the Teachers to communicate a knowledge of the English will be necessary;” en oortuig van die naïweteit van die koloniste voeg hy daaraan toe: „and this will wonderfully interest the Colonists.” (*Records*, dl. XIII, bls. 387.)

<sup>51)</sup> *Records*, dl. XIV, blss. 97—8.

*Sinode van 1824. Verslag van J. A. Truter.*

Dit is nie baie duidelik in hoever die Sinode van 1824 eintlik bereid was om op die punt van godsdiensonderwys deur Engelse medium met lord Somerset saam te gaan nie. Die kommissaris-politiek J. A. Truter wou klaarblyklik graag 'n gunstige indruk by die goewerneur wek omtrent die bereidwilligheid van die lede van die Sinode om die verbreiding van die kennis van Engels deur die land te help bevorder, en in sy offisiële verslag van die verrigtinge gee hy miskien 'n enigsins oordrewe voorstelling van sake. „In deliberating on the Subject of Religious Instruction,” lui die verslag, „the Synod considered it as especially necessary that the Catechists and Schoolmasters should be brought up to teach both the English and Dutch languages and at the same time, in order on their part to promote the extension of the English also as far practicable, they resolved to cause the English translation of the Heidelberg Catechism, which contains the groundwork of our Reformed Religion, to be printed, in order to be made use of in all the Schools throughout the Colony, so that the children of parents, belonging to the Reformed Church, can learn the first principles of Religion in the English language likewise.”<sup>52)</sup> As hierdie opsomming 'n juiste weergawe van die bespreking in die Sinode was, en ook al wat Truter omtrent die saak aan Somerset mee te deel had, sou daar weinig twyfel kon bestaan dat die Sinode 'n baie willige werktuig in die hande van die goewerneur was. Ongelukkig gee die offisiële stukke van die Sinode self nie baie inligting omtrent die punt nie. In die „Algemeen Reglement” vir die bestuur van die Kaapse Kerk wat op die eerste kerkvergadering ontwerp is, word onder die hoof „Godsdienstig Onderwijs” alleen gesê dat godsdiensonderrig sal gegee word „zoo in de Engelsche als Nederduitsche taal,”<sup>53)</sup> terwyl die Acta Synodi slegs die besluit vermeld: „Zijne Excellentie den Gouverneur per request te verzoeken, om een zeker aantal van exemplaren van den Katechismus onzer Kerk, op de Gouvernement drukpers te mogen laten drukken, zoowel in het Hollandsch als ook vertaald in het Engelsch.” Van belang is dit egter dat die brief van die

<sup>52)</sup> Boustowwe, dl. III, bls. 265.

<sup>53)</sup> Boustowwe, dl. III, bls. 219.

Sinode aan Somerset wat op die soëwe genoemde besluit gevolg het, duidelik verklaar dat die vertaling van die Heidelbergse Kategismus uitgegee word „in order to be used in the English Schools for the Children belonging to the Reformed Church,”<sup>54)</sup> sodat dit klaarblyklik nie die bedoeling van die Sinode was dat die Engelse kategismus „in all the Schools throughout the Colony” sou gebruik word, soos die kommissaris-politiek voorgee nie. Dit is nogal ’n verskil van betekenis en dien as waarskuwing dat ons die bowe aangehaalde woorde van Truter nie al te letterlik mag opvat nie.

Dat alles in die Sinode nie so onverdeeld gunstig vir die planne van Somerset verloop het nie, is buitendien op te maak uit wat die kommissaris-politiek self verder in sy verslag opmerk. Ná ’n paragraaf waarin hy die goewerneur nogmaals verseker dat die lede van die Sinode hul sonder uitsondering bereid getoon het om insake die algemener verbreiding van die Engelse taal hul hartlike samewerking te verleen, laat hy versigtig volg: „One circumstance however during the deliberations of the Synod respecting the English Language could not fail to attract my attention, namely: it has appeared to me to be difficult to draw the line and fix the limits, within which the Civil obligations to know the English language, is confined.” In verband hiermee moet in herinnering gehou word dat die predikante van die Hollandse Kerk toe nog almal aangestel en besoldig is deur die regering en feitlik in die posisie van staatsdienare verkeer het. Die vrees het nou klaarblyklik ontstaan dat Somerset sy taalordonnansie ook op die Kerk van toepassing sou wil maak, sodat die predikante kon gedwing word om alle godsdiensonderwys deur medium van Engels te gee en uiteindelik ook in Engels te preek.<sup>55)</sup> Dit is duidelik dat die kommissaris-politiek gevoel het dat dié vrees glad nie

<sup>54)</sup> *Records*, dl. XIX, bls. 187.

<sup>55)</sup> Dit is van belang om daaraan te dink dat met ’n enkele uitsondering die Hollandse predikante in 1824 nie sonder groot moeite in staat sou gewees het om ’n Engelse diens te lei nie. Op 29 Nov. 1826 rig ds. Borcherts — wat bekend was om sy goeie gesindheid teenoor die Engelse regering — ’n versoek aan die Kommissarisse Politiek om die moderatuursverslag van die jongste Sinode in Engels te laat vertaal, omdat nogtans hy nogtans ds. Herold, die scriba, in staat is om dit te doen. (*Records*, dl. XXVIII, bls. 358.)

ongegrond was nie, en ook dat hy besef het dat Somerset hom hier op uiters gevaaarlike terrein begewe. Hy het dit daarom sy plig geag om die goewerneur te waarsku en het dit op besonder taktvolle wyse gedoen.

Hy begin met 'n opmerking wat Somerset buitengewoon aangenaam in die ore sal geklink het, as volg: „For the sake of public order and regularity every one should be made sensible, that the Colony being now under the Government of the British Crown, the English Language is to be considered as the language of the state, which therefore all public Functionaries are *obliged*, and all the other Inhabitants have *an interest* to know, in order to its being made use of in all public Transactions.” Die regverdiging vir hierdie stelling sien hy daarin dat alle koloniste wat ná die oordrag van die Kolonie hier bly woon het, hulle vrywillig onderwerp het aan die natuurlike gevolge van dié oordrag en daarom verplig is om die moontlike ongeriewe daarvan te dra. Op die gebied van die godsdiens kan so 'n eis egter na sy mening nie gestel word nie, aangesien 'n persoon in sake wat sy sieleheil raak, hom nie by omstandighede kan aanpas nie en hom ewemin kan onderwerp aan ongeriewe wat uit sy onbekendheid met 'n vreemde taal voortvloeи. „In the Church therefore,” is sy gevolgtrekking, „the English language can only be introduced in time, by degrees, and as it were of itself.” Hy herinner die goewerneur daaraan dat dit nog maar tien jaar gelede is sinds die Kolonie formeel aan Engeland afgestaan is en dat die meeste koloniste tot daardie datum vas geglo het dat die Kaap aan die moederland sou teruggegee word. Tot op die huidige dag, sê hy, is Hollands die huistaal van alle gesinne, byna sonder uitsondering. Die toename in die aantal Engelse inwoners sedert die afstand het dan ook minder invloed gehad as wat 'n mens sou kon verwag. „Under these circumstances,” gaan hy voort, „religious instruction cannot be given otherwise than in the Dutch Language, except at the expense of Religion itself; and this will continue to be the case, until an encouraged general instruction in the English language, added to an increased English population, shall have enabled the succeeding generation to use the English language with equal facility and advantage as that of their Fathers.”

Die kommissaris-politiek, self Hollandse kolonis en lid van die Hollandse Kerk, maar sedert enkele jare al om sy

troue dienste aan die Engelse regering tot die ridderskap verhef, wou lord Somerset klaarblyklik in geen twyfel omtrent sy eie goeie bedoelinge laat nie en voeg aan sy laaste opmerking die nogal verbasingwekkende woorde toe: „And when the present manner of extending the knowledge of the English continues uninterruptedly, without imposing on any person any other obligation, than what the public order and regularity of Government absolutely require, every one's own interest will prompt him, voluntarily and without any humiliating feeling to give up by degrees the domestic use of the language of his ancestors for that of a New and liberal Mother Country.” Truter sluit sy breedvoerige beskouing met op te merk dat hy nie die vryheid sou geneem het om so sy persoonlike menings aan die goewerneur te gee nie „had I not perceived out of the Synod, that an apprehension is fast spreading among the public, that their children will not be allowed to receive any further instruction in Dutch, and that the language is to be totally proscribed.” Deur dié omstandigheid is hy dikwels genoodsaak om die publiek tot beter gedagtes van die regering van Sy Majesteit te bring, „in order to remove impressions, which can only tend to render Your Excellency's administration troublesome, and to impede that desirable amalgamation of public feeling, which it ought to be the study of every good man to promote.”

Uit die inhoud en gees van die hele pleidooi van die kommissaris-politiek blyk myns insiens duidelik dat hy op taktvolle wyse die voortvarende lord Somerset wou terughou van die gevaaarlike voorname om die Engelse taal van bo af op die Hollandse Kerk af te dwing. Die goewerneur het hom ten slotte in hierdie netelige saak deur die kommissaris-politiek laat lei; maar sy opvatting dat die verengeling van die kerktaal soveel moontlik deur Engelse godsdiensonderwys moes bespoedig word, het hy tog nie laat vaar nie. In die antwoord wat die goewermentsekretaris namens Somerset op die verslag van die Sinode aan Truter gestuur het, word weer besonder nadruk gelê op die noedsaaklikheid dat die Sinode besef hoe uiters belangrik dit is dat die opkomende geslag Engels geleer word — „as the only means of their attaining employment under the Government” — en word uitdrukking gegee aan die tevredenheid van die goewerneur oor die vertaling van die Kategismus vir gebruik op skool.

,At the same time however that he feels Himself bound to impress in the strongest manner the necessity of the general Introduction of the English Language, as the only Language to be made use of in future, in all public and legal transactions of every kind," lui die brief van die sekretaris verder, „He feels the force of the observations made by you, in regard to such obligation not being binding with reference to Religious Worship — and His Excellency will feel inclined to give the most liberal Interpretation to this important point — and He therefore cannot object to the Religious Instructions being for some time to come given in the Dutch Language provided always that the English Language be taught in all the Schools.”<sup>56)</sup>

Hoe algemeen dit in hierdie tyd gevoel is dat Somerset die Hollandse taal in die Kerk deur Engels wou laat vervang, en hoe sterk die verset sowel van die predikante as van die volk daarteen was, tree mooi aan die lig in die volgende waarneming van die Nederlandse reisiger M. D. Teenstra, wat in 1825 enkele maande aan die Kaap vertoef het: „Overal wordt de godsdienst in de Hollandsche taal gehouden. Het Engelsch gouvernemant heeft, wel is waar, reeds eenige voorloopige voorstellen gedaan, om dit in het Engelsch te doen, maar het vond zeer veel tegenkantingen, zoo wel van de leeraars, als van de overige ingezetenen zelve, zoodat het dit niet durfde doorzetten; ook zoude het, volgens sommige doordryvers, meer dan 40,000 menschen tegen hetzelvige in het harnas gejaagd hebben.”<sup>57)</sup>

#### *Taal en nasionaliteit.*

Dit is nie alleen op godsdienstige gronde dat die Hollandse koloniste hul teen die verdringing van hul taal uit skool en Kerk verset het nie. Geen volk of volksgroep laat sonder teenstand toe dat sy taal, die belangrikste kenmerk van sy nasionaliteit, hom deur 'n vreemde heerser ontneem word nie; en hoewel dit geblyk het dat die koloniste op politieke gebied nog nie so ver ontwikkel was dat hul hul ernstig teen die verengeling van die bestuurs- en regstaal van hul

<sup>56)</sup> *Boustowwe*, dl. III, bls. 270. Dit is van belang om in die bestaande sitaat in die besonder te let op die woorde „for some time to come.”

<sup>57)</sup> *De Vruchten mijner Werkzaamheden, gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop*, ens., dl. I, bls. 290.

land verset het nie, het hul op kulturele gebied 'n hardnekkige stryd om die behoud van hul eie taal gevoer. Eweas lord Charles Somerset en sy opvolgers besef het dat hul die Hollandse taal sal moet ban nie alleen uit die Skool nie maar ook uit die Kerk voordat hul die ou inwoners van die Kolonie kan verengels, het die Hollandse koloniste self onbewus gevoel dat die Kerk die sterkste vesting van hulle taal en nasionaliteit uitgemaak het, terwyl die Skool die belangrikste voorverdedigingswerk daarvan was. Die worsteling om die behoud van hul kulturele selfstandigheid teenoor die Britse beskawing, waaraan die regering hul deur alle denkbare maatreëls so spoedig moontlik wou assimileer, word daarom die beste weerspieël in die kerktaal- en skooltaalstryd tot diep in die tweede helfte van die 19de eeu. Vyftig jaar lank vanaf die begin van die verengelingsbeleid het die koloniste in hoofsaak 'n verdedigende houding ingeneem teenoor 'n agressiewe Engelse kulturele en politieke nasionalisme. In al dié tyd het hul gestry byna sonder hoop op sukses. Die Engelse taal het hoe langer hoe meer ingedring in hul huislike en maatskaplike lewe en eindelik ook in die Hollandse Kerk 'n belangrike plek verower. Baie voorstaande manne, wat die leiers van die volk moes wees, het ontrou aan hul eie nasionaliteit geword en geheel en al verengels. Op politieke gebied het die ou koloniste, in sover hul dan aan die politiek deelgeneem het, as troue Britse onderdane met hul Engelse medeburgers saamgewerk en nooit die noodsaaklikheid ingesien van 'n politieke strewe as aparte volksgroep as hul op kulturele gebied wou staande bly nie. Eers in die jare sewentig, ná die begin van 'n kragtige nasionale bewuswording op politieke gebied, het die taalstryd daar hoopvoller begin uitsien. Dit sal ons taak wees om in die volgende hoofstukke al hierdie dinge so noukeurig moontlik uiteen te sit.



HOOFSTUK II

(1828—1854)



## HOOFSTUK II

(1828—1854)

### A. INLEIDING: GESINDHEID VAN OU KOLONISTE TEENOOR BRITSE BESTUUR

#### *Filantropiese liberalisme in die Kolonie.*

Ons het gesien dat tot aan die einde van die bewind van lord Charles Somerset in Maart 1826 die Hollandse koloniste, afgesien van die eerste poginge om hul taal uit die land te ban, weinig rede tot ontevredenheid met die Britse bestuur gehad het. Daar was egter verskeie jare al kragte aan die werk wat hul spoedig uit hul rus sou opskrik en tot veel stryd en bitterheid aanleiding sou gee. Sedert 1822 was dr. John Philip, superintendent van die Londense Sendinggenootskap aan die Kaap, met onvermoeide ywer besig om die belang van slawe en vry nie-blankes te bepleit, terwyl in Engeland die mag van die filantropie ná 'n tydelike verswakking weer vinnig aan die toeneem was. Onder generaal Bourke, die filantropies-gesinde opvolger van lord Somerset, het die negrofilisme die eerste keer op kragtige wyse sy invloed in die Koloniale politiek laat voel en van toe af soos 'n warrelwind oor die hoofde van die verbysterde koloniste gegaan. Binne die kort tydperk van tien jaar is alle beperkinge op die vryheid en regte van Hottentotte en ander vry nie-blankes afgeskaf, waardeur hul op gelyke voet met die blanke bevolking gestel is, en is die slawe vrygemaak op 'n wyse wat die diepste verontwaardiging van die koloniste gewek en talle van hulle geldelik te gronde gerig het.

#### *Ou Hollandse instellinge verdwyn.*

Die filantropiese liberalisme van die Britse regering was nie die enigste oorsaak van ontevredenheid onder die koloniste rondom 1830 nie. In dieselfde periode waarin die negrofilisme op sy sterkste was, is die verengeling van die bestuurlike en geregtelike stelsel van die Kolonie waarmee in 1822 deur die taalverordening van Somerset definitief 'n aanvang

gemaak is, verder deurgevoer. Deur die „Charter of Justice” van 1827, wat op 1 Januarie 1828 in werking getree het, is die ou Hollandse stelsel van regspleging en plaaslike bestuur in die grond verander en so veel moontlik op Engelse voet ingerig. Die Romeins-Hollandse burgerlike reg het wel die reg van die Kolonie gebly, en die veranderinge wat in die regspleging ingevoer is, was merendeels verbeteringe op die ou stelsel, sodat hul ook deur die Hollandse koloniste verwelkom is; maar die afskaffing van die Hof van Landdros en Heemrade op die platteland en van die Burgersenaat in Kaapstad, waardeur die koloniste alle aandeel in plaaslike bestuur verloor het, is as 'n ernstige grief gevoel. Met die hersiening van die „Charter of Justice” in 1832 moes ook die ou gevinstigde en vertroude Weeskamer verdwyn, tot groot leedwese van die ou ingesetenes. Hoe geheg die Kappenare aan hul ou instellinge was, blyk onder andere uit 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 4 Januarie 1833. Nadat die redakteur op enkele verbeteringe in die hersiene Charter gewys het, vervolg hy: „Maar! wat wordt daarin aan ons ontnomen? *De Weeskamer wordt vernietigd!* — Zoo verdwynt dus de laaste, ja de laatste belangryke instelling, die gedurende eenen reeks van jaren, zoo nuttig voor die Kolonie is geweest!”<sup>1)</sup>)

#### *Oprigting van „De Zuid-Afrikaan”.*

In hierdie tyd van druk was daar vir die Hollandse koloniste een liggpunt, naamlik dat hul sedert 9 April 1830 beskik het oor 'n koerant wat hul belang kon bepleit. In April 1828 is persvryheid aan die Kolonie verleen, en in Oktober van dieselfde jaar het *The South African Commercial Advertiser*, wat sedert Januarie 1824 bestaan het maar intussen tweemaal onderdruk is, weer sy verskyning gemaak. Die *Advertiser* was 'n tweetalige blad, hoewel in hoofsaak Engels, en in die eerste twee tydperke van sy bestaan nie onsimpatiek gesind teenoor die Hollandse bevolking nie. Kort ná sy weeroprigting het dit egter as kampvechter van die filantropiese beweging begin optree en kon dit die

---

<sup>1)</sup> Klagtes oor die afskaffing van die Hof van Landdros en Heemrade en die Burgersenaat word aangetref o.a. in die *Zuid-Afrikaan* van 5 Nov. 1830 en 20 Mei 1831.—Die hersiene „Charter of Justice” het eers in 1834 in werking getree.

konserwatiewe koloniste nie langer bevredig nie. Enkele patriotiesgesinde manne het toe 'n opposisieblad, *De Zuid-Afrikaan*, gestig, waarvan die eerste nommer op 9 April 1830 die lig gesien het. Baie jare sou dié twee koerante, die *Advertiser* en die *Zuid-Afrikaan*, as die hoofverteenvoordigers van twee verskillende rigtings teenoor mekaar staan.

Die eerste jaar het *De Zuid-Afrikaan* maar 'n moeilike bestaan gevoer. Nòg die eerste redakteur, C. E. Boniface, nòg die tweede, R. J. Stapleton, het vir die betrekking gedeug; en die blad het groot gevaar geloop om 'n spoedige dood te sterf. Juis in hierdie tyd, egter, het die gevoelens oor die slawekwessie buitengewoon hoog begin loop, en die behoefté aan 'n sterk Hollandse blad is meer as ooit gevoel. Eind April 1831 het 'n tagtig invloedryke ingesetenes van Kaapstad toe na vore getree en deur die stigting van 'n maatskappy die voortbestaan van *De Zuid-Afrikaan* verseker.

#### *Die „Commercial Advertiser“ en die „Zuid-Afrikaan“.*

In die begin het die *Advertiser* blykbaar probeer om *De Zuid-Afrikaan* dood te swyg, maar die nuwe blad het groot invloed onder die Hollandse koloniste begin kry en kon nie baie lang genegeer word nie. John Fairbairn, die redakteur van die *Advertiser*, wat veral ná sy huwelik met die dogter van dr. Philip in 1831, al hoe feller aanhanger van die negroflisme geword het, is meer as eens kwaai deur *De Zuid-Afrikaan* aangeval. Fairbairn het geantwoord met beskuldigings dat *De Zuid-Afrikaan* verdeeldheid probeer saai en die Hollandse koloniste opstook om hul teen die Britse gesag te verset. Hy het hoe langer hoe onverdraagsamer geword en het hom veral geërger as die ou ingesetenes blyk gee van hul bewustheid van hul Hollandse herkoms en hul blywendige gehegtheid aan die ou moederland.<sup>1a)</sup>

Tot 'n buitengewoon heftige uitbarsting het Fairbairn gekom na aanleiding van 'n brief onderteken deur ruim 'n honderd boere uit Koeberg wat in *De Zuid-Afrikaan* van 11 Mei 1832 verskyn het. Die Koebergse boere het naamlik geprotesteerd teen 'n aangekondigde nuwe slawe-ordonnansie en het aan die slot van hul brief die vraag gestel of die

<sup>1a)</sup> Sien *S.A. Comm. Adv.*, 16 Okt., 7 en 24 Des. 1831, 4, 21 en 25 Jan. 1832.

Koloniale Regering deur die uitvaardiging van die ordonnansie „de rust en veiligheid der Kolonie op spel [zal] stellen, en de Ingezetenen overal tot dien graad van vertwyfeling brengen, dat sy selfs naar middelen ter hunner bescherming zullen moeten omzien, doch waarvan helaas de schrikkelykste gevolgen alsdan ook onberekenbaar zullen zyn.” Fairbairn het *De Zuid-Afrikaan* daarvan beskuldig dat hy die vredsame en onwetende boere mislei het en het 'n beroep op die Koebergers gedoen om die blad te repudieer. Toe die ondertekenaars van die brief voet by stuk hou, het Fairbairn 'n reeks opgewonde artikels in die *Advertiser* geskrywe waarin allerlei beskuldigings teen *De Zuid-Afrikaan* geslinger word. „It must not be forgotten,” voeg hy die ontevrede koloniste toe, „that the Cape is a British Colony — captured by British bayonets in 1806, and purchased with British gold in 1814.”<sup>1b)</sup> *De Zuid-Afrikaan* het ontken dat daar enige waarheid in die aantygings van die *Advertiser* was, maar Fairbairn het met beskuldigings van nasionale vooroordeel teen die Engelse voortgegaan en telkens self sy eie bitter gevoelens teen die Hollandse koloniste wat nie die knie wou buig nie, laat uitkom.<sup>1c)</sup> In sy eie blad is hy dan ook verwyt dat hy teenoor die Hollandse koloniste opgetree het met „a degree of rancour, illiberality and indelicacy” wat in hoë mate te betrue is.<sup>1d)</sup>

Van filantropiese sy is die stryd met veel heftigheid en bitterheid gevoer. *De Zuid-Afrikaan* moes dus vanaf sy oprigting nie alleen stry teen die radikalisme van die negrofilistiese filantropie nie, maar ook telkens die goeie naam van die Hollandse ingesetenes — „ons nationaal karakter als Afrikaanders” — verdedig teen velerlei lasteringe van 'n vyandige Engelse party aan die Kaap en in Engeland.<sup>2)</sup> Vir ons doel is die verskynning van *De Zuid-Afrikaan* van

<sup>1b)</sup> *Advertiser*, 27 Jun. 1832.

<sup>1c)</sup> Sien o.a. die *S.A. Comm. Adv.* van 11, 15, 18 Okt. 1834, en 27 Apr. 1836.

<sup>1d)</sup> *S.A. Comm. Adv.*, 24 Des. 1834.

<sup>2)</sup> In 1828 het die berugte *Researches in South Africa* van dr. Philip in Londen verskyn, 'n boek wat jarelang saam met die ouer en ewe berugte *Travels* van Barrow vir die Britse publiek die vernaamste bron van inligting oor Suid-Afrika was.

besondere belang, omdat ons daaruit kan te wete kom wat die gesindheid van die Hollandse koloniste teenoor hul Engelse medeburgers en die Britse regering op verskillende tye was, en watter houding hul ingeneem het teenoor alle vraagstukke rakende hul eie nasionale lewe.

,,Tros, Tyriusque mihi nullo discrimine agetur.”

Dit is opvallend dat *De Zuid-Afrikaan* in hierdie periode, ten spyte van die heftigheid van die stryd teen die party van Philip, wat uit die aard van die saak feitlik alleen uit Engelse bestaan het, trou gebly het aan sy sinspreuk „Tros, Tyriusque mihi nullo discrimine agetur” en nooit enige tekens van 'n anti-Engelse gesindheid openbaar het nie. Inteendeel, 'n mens kom voortdurend stukke in die blad teë waarin dit betreur word dat die kwaadwilligheid van die *Advertiser* en sy redakteur John Fairbairn die „amalgamatie”, die „vereeniging”, die „verbroedering”, die „gelukkige gevoelens van eensgezindheid en eendragt” onder die ou en die nuwe koloniste kom verstoor en „afscheiding, oneenigheid en een bits gevoel van vyandschap” tussen hulle probeer aanwakker.<sup>3)</sup> Dat die stryd wat die negrofilisme in die Kolonie ontketen het, nie groter vyandskap tussen die Hollandse en Engelse dele van die bevolking veroorsaak het nie, moet seker vir 'n groot deel daaraan toegeskrywe word dat baie Engelse koloniste per slot van rekening nie met die politiek van Philip en Fairbairn saamgegaan het nie en hul openlik aan die kant van die ou ingesetenes geskaar het. Die *Grahamstown Journal* is eind 1831 opgerig as 'n anti-Philipynse blad; en in *De Zuid-Afrikaan*, wat soos die meeste koerante destyds tweetalig was, het meermale brieue van Engelse verskyn waarin kwaai teen die *Advertiser* en sy redakteur te velde getrek word.<sup>4)</sup> Die aanvalle van die filantropie was van die begin af aan dan ook nie uitsluitend teen die Hollandse koloniste gerig nie. Dr. Philip het in sy *Researches* venynige aanvalle op die Engelse Koloniale Regering en Engelse koloniste gedoen, en ook Fairbairn het

<sup>3)</sup> Sien o.a. die *Zuid-Afrikaan* van 20 Jan., 27 Jan. en 17 Feb. 1832; 17 Okt., 24 Okt. en 28 Nov. 1834 (redaksionele stukke en korrespondensie).

<sup>4)</sup> Sien o.a. die *Zuid-Afrikaan* van 20 Apr. en 6 Jul. 1832.

in die begin sy eie landgenote nie gespaar nie.<sup>4a)</sup> Onder die filantropie was *The Graham's Town Journal* nie minder gehaat as *De Zuid-Afrikaan* nie, te meer omdat albei koerante ook op die platteland 'n aansienlike afset geniet het.<sup>4b)</sup>

Kenmerkend van die gees van *De Zuid-Afrikaan* in hierdie periode is ook dat die blad nooit aan 'n gevoel van opstandigheid teen die Britse regering as sodanig lug gegee het nie, selfs nie toe daar die meeste rede vir bittere ontvredenheid met die regering bestaan het nie. Uit meer as een stuk spreek selfs 'n gees van verering vir die Britse kroon wat ons onder die omstandighede nie sou verwag nie; en as in 'n hoofartikel van 27 Maart 1835 (dus binne vier maande ná die vrystelling van die slawe) van die destydse goewerneur gepraat word as iemand „die personeel de gelegenheid gehad heeft, om de loyaliteit en verkleefdheid der Kaapsche Hollandsche Kolonisten omtrent het Engelsche Gouvernement te ondervinden”, dan mag ons gerus aanneem dat hier geen ydele woorde gebruik is nie, maar dat die blad inderdaad aan sy opregte gevoelens uiting gee.

#### *„De Zuid-Afrikaan” en die Groot Trek.*

Die gesindheid van *De Zuid-Afrikaan* teenoor die Britse overheid word verder duidelik weerspieël in die houding wat die blad teenoor die Groot Trek en die Boererepublieke in die noorde ingeneem het. Ons vind dat dit die uitgeweke Boere baie simpatiek gesind was, voortdurend hulle belang bepleit en hul konsekwent teen alle lasterlike aanvalle ver-

<sup>4a)</sup> Sien die *Researches*, dl. I, blss. xvi, 271, 355, 395, ens., en die *Advertiser*, 24 en 27 Mrt. 1830.

<sup>4b)</sup> John Fawcett vertel in sy boek *Account of an Eighteen Months' Residence at the Cape of Good Hope, in 1835—6*, bls. 19 vlg., dat die boere heftig teen Philip gekant is en merk daarby op: „This feeling is kept up among the farmers by a vile colonial newspaper called the 'Zuid-Afrikaan', and by its sister print the 'Graham's Town Journal', — two publications that are at once the disgrace and the curse of the Colony.” Omstreeks 'n jaar later konstateer Bunbury van die plattelandse bevolking: „The literary resources of the Boers are few... I observed the 'Zuid-Afrikaan' newspaper in many of their houses, but rarely any other; and that publication, while it is well calculated to foster their prejudices, is but ill adapted to improve either their understanding or their taste” (*Journal of a Residence at the Cape of Good Hope*, ens., bls. 183). Sien ook Pringle: *Narrative of a Residence in South Africa*, bls. 350 vlg.

dedig het; maar die Trek self het die blad afgekeur, en dit sou graag gesien het dat die Trekkers hul weer aan die Engelse gesag onderwerp. Die beleid wat die Imperiale regering en die Kaapse goewerneur sir George Napier in die veertiger jare teenoor die Natallers gevolg het, het dan ook die goedkeuring van *De Zuid-Afrikaan* weggedra, en veral die sending van advokaat Henry Cloete as spesiale kommissaris na Port Natal en Pietermaritzburg in 1843 is met geesdrif begroet as 'n besondere bewys van Britse „goedertierenheid en welwillendheid“ wat veel daartoe sal bydra „om in het gemoed van elken Hollandschen Kolonist . . . een innig en opregt gevoel van liefde en achtung jegens Harer Majesteits Gouvernement te doen ontstaan.“<sup>5)</sup>) So het die blad ook die proklamasie van die soewereiniteit oor die Boere tussen die Oranje en die Vaal deur sir Harry Smith in Februarie 1848 goedgekeur en alleen sy kras optrede in verband met die onderdrukking van die opstand in Augustus van daardie jaar streng veroordeel.<sup>6)</sup>) Dat daar ná die uitroeping van Britse gesag oor Natal en Transoranje so weinig gedoen is om die lot van die uitgeweke Boere te verbeter en hulle „door verzoenende maatregele te toonen, welk een by uitstek groot voorrecht het is den naam te dragen van onderdanen der Britsche Kroon“, het *De Zuid-Afrikaan* egter aanleiding tot bitter verwytte gegee,

<sup>5)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 16 Mei 1843. Christoffel Brand was van 26 Jul. 1839 tot 23 Sept. 1845 redakteur van die *Zuid-Afrikaan*. Hy was 'n harde voorvechter van Verteenwoordigende Regering vir die Kolonie; en omdat die verdeeldheid tussen Afrikaners en Engelse steeds as argument teen Verteenwoordigende Bestuur aangevoer is, het Brand waarskynlik in sy blad die nasionale verdeeldheid wat daar wel bestaan het, probeer verklein en 'n enigsins oordrewe voorstelling van die lojaliteit van die Hollandse koloniste aan die Britse regering gegee. Wat die gevoelens van die Kaperne in dié tyd was, kan ons o.a. daaruit opmaak dat toe die Engelsgesinde ds. A. Faure in 1843 terugkom van sy sending na Natal en 'n intekenlyks oopgestel is met die doel om hom 'n silwerwerk as gesenck aan te bied, daar tot op datum dat op versoek van ds. Faure self van die plan afgesien is, op die lys net twaalf Engelse name en vier ander was: Å. Stockenström, F. S. Watermeyer, P. H. Hiddingh en E. Chiappini — dus nie die naam van 'n enkele Afrikaanse patriot nie. (A. Dreyer: *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, bls. 57.)

<sup>6)</sup> Sien o.a. die *Zuid-Afrikaan* van 28 Feb., 25 Sept., 9 Okt. 1848; 8 Jan. 1849.

en die prysgewing van die soewereiniteit oor die Vrystaat in 1854 het die diepste verontwaardiging gewek.<sup>7)</sup>

*Hollandse koloniste beskuldig van anti-Engelse gesindheid.*

Hoe seer *De Zuid-Afrikaan* ook gepleit het vir „de volmaking van die vermenging . . . welke zoo gunstig beginnen is en reeds sulke diepe wortels geschoten heeft”, of geroem het op „het bestaand eenstemmig goed gevoel en eensgesindheid” en „de toenemende verbroedering” tussen die Hollandse en Engelse seksies van die bevolking, of ook getuienis afgelê het van sy lojaliteit aan die Britse kroon, is die Hollandse koloniste tog nog dikwels beskuldig van „disloyalty and anti-British feeling” en „rancorous enmity to British rule”.<sup>8)</sup> Dié beskuldiginge was veral volop toe kort ná 1840 die beweging ten gunste van verteenwoordigende regering weer nuwe vaart gekry het. Die ultra-Engelse party, wat uiterst onverdraagsaam was teenoor almal wat nie presies soos hulle oor alle sake gedink en gevoel het nie, was bevrees dat die Hollandse koloniste, wat nog altyd die oorgroot meerderheid van die blanke bevolking uitgemaak het, hul mag teen die Engelse sou gebruik en was daarom fel teen verteenwoordigende regering gekant. *De Zuid-Afrikaan* het steeds heftig ontken dat daar enige grond vir sodanige vrees bestaan het of dat daar enige noodsaaklikheid was om die Engelse belangte in die Kolonie teen die Hollandse koloniste te beskerm.<sup>9)</sup> Die beskuldiginge van die ultra-Engelse faksie

<sup>7)</sup> Sien o.a. die *Zuid-Afrikaan* van 23 Aug. 1847, 15 Mrt. 1849, Aug. en Sept. 1853 passim, 12 Okt. 1854, 20 Aug. 1855.

<sup>8)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 10 Mei 1842; 10 Feb., 4 Jul. 1843. Ook in reisbeskrywings uit die tyd is meer as eens opgemerk dat die Hollandse koloniste anti-Engels was. Sien o.a. bls. 87 van die hierbo genoemde *Journal van die partyganger van Philip, John Fawcett*, asook die getuienis van A. W. Cole, 'n Britse regter wat van 1841 tot 1846 in die Kolonie was: „The Dutch formerly entertained a great dislike to British rule. I do not mean to assert that they are even yet thoroughly reconciled to it, but they display less repugnance to submit to it than of yore” (*The Cape and the Kafirs: or, Notes of Five Years' Residence in South Africa*, bls. 125). Dit sou nie reg wees om in hierdie tyd die hele Kolonie oor een kam te skeer nie. In sover daar inderdaad onder die ou ingestenes 'n gevoel van wrewel teen die Koloniale regering en die Engelse volk in die algemeen bestaan het, was dié gevoel ongetwyfeld diepergaande en meer verbreid in die oostelike as in die westelike distrikte van die Kolonie.

<sup>9)</sup> Sien b.v. die *Zuid-Afrikaan* van 16 Des. 1850.

was ongetwyfeld skroomlik oordrewe, en in 'n memorandum van 10 April 1848 oor verteenwoordigende regering kon die goewermentsekretaris John Montagu dit dan ook as sy mening uitspreek dat „with the exception of the law of inheritance and succession in this Colony, to which the Dutch are exceedingly attached, and the English equally averse, there is not a single subject within the legitimate province of legislative interference, on which national prejudices, or conflicting interests of race, are likely to be engendered”, en dat „a community of thought, habit, and sentiment” onder die Hollandse en Engelse koloniste in wording is.

Nog geen drie jaar later nie sou Montagu egter in 'n heel ander gees oor die toestand in die Kolonie skrywe. In 'n memorandum van 14 Januarie 1851 verklaar hy dat die bandietekwessie en die konstitusionele vraagstuk 'n vroeër ongekende anti-Engelse gevoel te voorskyn geroep het. Sir Harry Smith, die destydse goewerneur, was dit hierin met hom eens en skrywe op 21 Januarie aan graaf Grey: „It would be difficult for me to convey to your Lordship, any idea of the change which has taken place in the character of this community, during the last two years, and the hostility which has, during that period, been raised against the English Government. This feeling it will take a long time to remove, and I can entertain no doubt, that if the new Legislature be entirely popular, the legislation at first will be entirely anti-English.” Daarom stem hy ook met Montagu saam „that sound policy requires that, in the present state of the colony, due caution should be observed in establishing such a check as will afford fair consideration to the British Government, and effectual protection to the English colonists.” Sodanige beteueling sal kan uitgeoefen word deur 'n genomineerde wetgewende raad.<sup>9a)</sup>

*De Zuid-Afrikaan* het bitter kommentaar op hierdie stukke van die goewerneur en die goewermentsekretaris gelewer. „Wy ontkennen het dat selfs de bandieten-kwestie eenig anti-Engelsch gevoelen te weeg gebragt heeft,” verklaar die blad. „Indien er eenig gevoelen heerscht, is het niet tegen de Engelschen of het Engelsch Gouvernement, maar tegen het

---

<sup>9a)</sup> *Further Papers Relative to the Establishment of a Representative Assembly at the Cape of Good Hope, 19 May 1851*, bls. 162 vlgg. (Imperiale Blouboek.)

Koloniaal Bureau te huis en tegen deszelfs benoemden in die Kolonie, die niets onbeproefd laten om hunne Meesters in verdrukking te overtreffen."<sup>10)</sup> Die prokureur-generaal, William Porter, het in sy memorandum van 15 Januarie 1851 oor verteenwoordigende regering die toestand van die Kolonie veel minder swartgallig ingesien. „I am not without strong hope,” skrywe hy, „that when the Dutch majority, long depressed, shall have got over the temporary elation of acquired power, and the English minority shall have got over, in like manner, their temporary mortification at being less influential than before, that fusion of race, and colour, and language which is undoubtedly in progress, will be promoted, and the peace and prosperity of the colony . . . be ultimately advanced.” *De Zuid-Afrikaan* was dan ook veel beter oor sy stuk te spreke as oor dié van Montagu en Smith, hoewel die blad die liefste sou gesien het dat selfs geen melding gemaak was van die hele kwessie Hollands-Engels nie. „Ofschoon wy erkennen,” sê die redakteur, „dat het de gedurige toeleg van het Engelsch Uitvoerend Gezag geweest is, geholpen door eene kleine party Engelsche Ambtenaren, om diegenen te verongelyken en te onderdrukken, die den naam van Hollanders dragen, zoo houden wy evenwel staande, dat laatstgem. het onderscheid nooit hebben erkend. Er wordt zulk eene onderscheiding niet verondersteld nog verlangd. Gelyk regt aan Christen, Jood of Heiden is datgeen hetwelk Britsche onderdanen het regt hebben te vorderen.”<sup>11)</sup>

#### *Gehegtheid aan die Britse kroon.*

Toe eindelik in Maart 1853 'n grondwet aan die Kolonie gegee is, het *De Zuid-Afrikaan* dit met soveel betuiginge van lojaliteit verwelkom as 'n edele geskenk van die koningin dat daar wel geen twyfel meer omtrent die gehegtheid van die blad aan die Britse kroon kon bestaan nie. Dit skyn

<sup>10)</sup> Let in hierdie sitaat op die gebruik van die uitdrukking „te huis” (Eng. „at home”) vir „in Engeland”. Dit kom in hierdie tyd in die hoofartikels van *De Zuid-Afrikaan* taamlik baie voor. Hoewel ek daar nie spesial op ingegaan het nie, het ek die indruk gekry dat baie van dié artikels oorspronklik in Engels geskryf en toe in Hollands vertaal is.

<sup>11)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 4, 7 en 14 Aug. 1851. Groot gedeeltes van die bovenoemde memoranda van Montagu en Porter en van die *dépêche* van Smith word in hierdie nommers aangehaal.

egter asof baie koloniste die saak tog nie vertrou het nie. „Aan den druk van wanbestuur gewoon,” skrywe *De Zuid-Afrikaan* oor hulle, „is by hen wantrouwen eene hebbelykheid, en het is hunne leus geworden: *Timeo Danaos et dona ferentes*—ik vrees de Grieken al komen sy met geschenken in de hand.” Die blad meen egter dat die grondwet ook sal dien as ‘n middel „om het hatelyk onderscheid tusschen Engelschen en Hollanders uit te wisschen” en sal mee help om ‘n nouer vereniging tussen die twee elemente van die blanke bevolking te bewerkstellig.<sup>12)</sup> Dat daar in werklikheid geen grond vir vrees bestaan het dat die Hollandse koloniste hul politieke mag teen hul Engelse medeburgers of teen die Britse regering sou gebruik nie, word voldoende bewys deur die geskiedenis van die Kolonie ná die verkryging van verteenwoordigende regering.

#### B. DIE TAAL IN DIE BESTUUR EN DIE OPENBARE LEWE

*Die regspleging. Moet jurielede Engels ken? Houding van „De Zuid-Afrikaan”.*

In die vorige hoofstuk is daar reeds op gewys dat *De Zuid-Afrikaan*, hoewel dit slegs twee jaar ná die in werking treding van die belangrikste bepaling van die taalordonnansie van lord Somerset—dié omrent die uitsluitende gebruik van Engels in die regspleging—begin verskyn het, nooit aan enige klagtes oor die afskaffing van Hollands as offisiële taal uiting gegee het nie. Dit is daar as ‘n aanduiding beskou dat die Hollandssprekende koloniste die invoering van Engels as enigste offisiële taal nie gevoel het as ‘n ernstige onreg

---

<sup>12)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 12 Mei, 29 Sept., 3 en 6 Okt. 1853. Om ‘n indruk te gee van die houding destyds ingeneem deur die ultra-Engelse party aan die Kaap, word hier die besware vermeld van Benjamin Moodie, onoffisiële lid van die Kaapse Wetgewende Raad, teen die konstitusie soos in Maart 1852 deur die Raad aangeneem. Hy is teen die konstitusie: „Because there is no attempt made in it to counterbalance the majority of native born inhabitants of Dutch extraction over the English minority . . . Because there is not one British born to ten of Dutch extraction, whom I believe to be actuated, in different degrees, too generally by a strong and anti-British feeling. Because the Upper House is neither a nominee house nor one British born . . . And because the British element in the population will be so completely swamped that it is impossible to look forward to anything but a Batavian republic, which cannot be expected to retain its connection with England for any protracted period.” (*Zuid-Afrikaan*, 8 Apr. 1852.)

hul aangedaan nie, al moes hul daar natuurlik heelwat ongerief deur gely het. Hoe weinig die behoud van Hollands in die regspleging en in die landsbestuur oor d.e algemeen inderdaad deur die ou ingesetenes beskou is as 'n reg wat hul as aparte volksgroep toekom, blyk verder uit die houding wat *De Zuid-Afrikaan* ingeneem het teenoor verskeie sake waarop ons nou moet ingaan.

Die „Charter of Justice“ van 1827 het op een punt rakende die taalkwessie onsekerheid gelaat, naamlik of die kennis van Engels as 'n vereiste vir 'n jurielid moet beskou word. Regters Burton en Kekewich was van oordeel dat dit nie vir 'n gesworene nodig was om die Engelse taal te verstaan nie, tensy ander lede van die jurie geen Hollands kon praat nie; maar die hoofregter, sir John Wylde, en regter Menzies was die mening toegedaan dat onkunde van Engels 'n persoon in ieder geval onbevoeg maak om as gesworene op te tree, en hul het ook daarvolgens gehandel.<sup>13)</sup> 'n Ordonnansie van die goewerneur-in-rade, gedateer 5 Mei 1831, het voorlopig aan die onsekerheid 'n einde gemaak deur te bepaal dat 'n persoon nie weens sy onkunde van die Engelse taal onbevoeg mag geag word om as gesworene te sit nie; en die hersiene „Charter of Justice“ van 1832 het dié beginsel bevestig deur in artikels XXXIV en XXXIX vas te lê dat niemand wat andersins bevoeg is om by strafake voor die hoogregshof of die rondgaande hof as gesworene op te tree, onbevoeg sal verklaar word bloot uit hoofde van sy onkunde of veronderstelde onkunde van die Engelse taal nie.<sup>14)</sup>

Die Hollandse koloniste was gesteld op die uitoefening van hul burgerregte, en die beslissing dat die onkunde van Engels

<sup>13)</sup> Kort ná die in werking treding van die „Charter of Justice“ is by die verhoor van 'n moordsaak 'n sekere Lucas Fischer as jurielid gewraak op grond daarvan dat hy nie Engels ken nie. Brand en Denyssen, advokate vir die verdediging, het vir Fischer se toelating gepleit. Die hoofregter, sir John Wylde, en regter Menzies het daarop baie uitvoerig geargumenteer dat die beswaar moet gehandhaaf word. 'n Volledige verslag van die regters se toesprake is 'n jaar later, toe die hele vraagstuk weer aktueel geword het, in *The South African Commercial Advertiser* van 29 Apr. en 2, 6, 9, 13, 16, 20, 23 en 30 Mei 1829 afgedruk. Theal, *Hist. of S.A. from 1795 to 1872*, dl. I, bls. 495, verwier die verschillende regters met mekaar wat betref die standpunt wat bul ingeneem het.

<sup>14)</sup> Dr. G. W. Eybers: *Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795—1910*, bls. 114 vlgg.

nie as 'n diskwalifikasie vir 'n jurielid sou gereken word nie, is met groot ingenomenheid ontvang. Toe daarom op 6 Maart 1835 orders 191 en 192 van die hooggereghof omtrent die verwerving in sekere gevalle van gesworenes wat nie Engels verstaan nie, in die openbaar aangekondig word, het dit baie ontevredenheid veroorsaak.<sup>15)</sup> „De zaak in haar geheel beschouwende,” skrywe *De Zuid-Afrikaan* in 'n hoofartikel van 27 Maart 1835, „verwonderen wy ons geen-zins over de groote opschudding, welke de publicatie dezer orders in de gemoederen der Hollandsche Kolonisten heeft doen ontstaan. Degenen, die niet voor zichzelven, omdat zy, door eene voldoende kennis aan de Engelsche taal, niet verworpen kunnen worden, moeten echter voor diegeenen hunner Mede-Kolonisten gevoelen, die, uithoofde hunner onkunde aan dezelve, volgens die orders verworpen kunnen worden. Het spyt ons ten uiterste, dat na de opschudding, welche deze kwestie by eene vorige gelegenheid heeft te weeg gebragt, en het besluit Zyner Majesteit, by het laatste Charter daarop gegeven, dezelve andermaal is aangeroerd. Wy hadden gehoopt, dat men dezelve zoude hebben laten berusten, en het ongeryf, hetwelk uit vertolking ontstaat, liever traps-gewyze zoude hebben doen verdwynen, door de toenemende

<sup>15)</sup> Die orders is gepubliseer in die *Government Gazette* van 20 Mrt. 1835 en lui as volg:

„191. It is Ordered, That, from and after the 15th day of September next, when upon the Trial of any Criminal Case before the Supreme Court, it shall be made to appear, with reference to the length of the Evidence, or any other special circumstances in the Case, that the import and meaning of the statement of the Parties, or their Counsel, and of the observations, directions, and charge of the Judge, could not be conveniently and effectively conveyed to the Jury by means of interpretation,—and consequently, that ignorance of the English Language on the part of any Juror impanelled in such case, would be a real obstruction to Justice,—then, and in every such case, the Prosecutor, or the Prisoner, respectively, shall be entitled to challenge and set aside, as for cause, any Person drawn, or called on to serve as a Juror, who shall be found ignorant of the English Language.

„192. It is Ordered, That, from and after the 15th day of September next, when upon the Trial of any Criminal Case before the Supreme Court, or any Circuit Court, it shall be made to appear, before the Jury shall have been charged with the Trial of the Prisoner, that any two, or more, of the Jurors are unable to communicate with each other directly, either in English or in the Dutch Language, then, and in every such case, such Juror or Jurors ignorant of the English Language, shall not be impanelled.”

kennis aan de Engelsche taal, dan, om zoo als Zyne Majestiteit zulks te regt genoemd heeft, een hatelyk onderscheid te maken tusschen Zyne Engelsche en Hollandsche onderdanen, en ons aldus hinderlyk te zyn in onze pogingen ter onderlinge vereeniging, hetgeen zoo noodzakelyk is voor de welvaart, voorspoed en geluk van allen."

*De Zuid-Afrikaan* was van oordeel dat die orders van die hooggereghof strydig met die Charter was, maar in 'n strafssitting in Kaapstad op 15 April 1835 het regter Menzies uitvoerig betoog dat dit nie die geval was nie. In 'n hoofartikel van 17 April daaraanvolgende verklaar die blad hom nie oortuig deur die regter se redenering nie, en laat dan daarop volg: „Wy vertrouwen, dat onze Zuid-Afrikaansche Landslieden uit die behandeling van dit onderwerp de noodzakelykheid zullen inzien, om een einde te maken aan al zulke hatelyke onderscheidings en orders, door zoo veel in hun vermogen is zulk eene ervarendheid in die Engelsche taal te verkrygen, als welke hen instaat zal stellen om die pligte van Gezworenen te volbreng, sonder aan zulke gronden van verwering onderhevig te worden gemaakt.”

Uit die aanmerkinge van *De Zuid-Afrikaan* blyk dit duidelik dat die blad glad nie die bedoeling gehad het om vir die regte van die Hollandse taal in die regspiegeling van die Kolonie op te kom nie. Die orders is alleen as tergend beskou omdat hul die Hollandssprekende koloniste wat nog geen geleentheid gehad het om Engels te leer nie, die reg sou ontnem om 'n eervolle burgerplig te vervul waartoe hul Engelssprekende medekoloniste sonder onderskeid kon gereoepe word. Besonder kenmerkend is dan ook dat *De Zuid-Afrikaan* die Hollandse koloniste aanraai om so gou doenlik die Engelse taal magtig te word, waardeur die hele kwessie vir hom opgelos sal wees.<sup>16)</sup>

<sup>16)</sup> In sy uitgawe van 30 Sept. 1831 protesteer die *Zuid-Afrikaan* teen 'n aanbeveling van die Imperiale Kommissie van Ondersoek dat tolke in die Kolonie moet afgeskaf word. Ook in dié stuk is daar nijs waaruit blyk dat die saak gevoel word as 'n aantasting van die taalregte van die ou ingesetenes nie; die blad betoog alleen dat aan die Hollandssprekende klaers en verweerders nie behoorlik reg sal kan geskied wanneer alle vertolking afgeskaf is nie.

*Hollands en Engels op vergaderings en in die Munisipaliteit van Kaapstad.*

Hoewel Kaapstad gedurende die hele periode wat in hierdie hoofstuk behandel word, 'n oorwegend Hollandse stad gebly het, het Engels spoedig die taal geword wat by alle voorkomende geleenthede in die openbare lewe gesig is. Dat dit sou gebeur, is nie bevreemdend nie. Die vooraanstaande Hollandse inwoners van die stad het hoe langer hoe meer tweetalig geword, terwyl die Engelse selde die moeite gedaan het om Hollands te leer praat of selfs te leer verstaan. Waar Hollandse en Engelse koloniste saam beraadslagings gehou het, moes Engels dus noodwendig die voertaal wees.

Omstreeks 1830 het dit nog gebeur dat 'n Afrikaanse patriot op 'n gemengde vergadering sy eie taal praat al is hy Engels magtig. Dit was byvoorbeeld die geval toe Christoffel Brand in Maart 1830 'n vergadering van aandeelhouers van die Zuid-Afrikaansche Athenaeum oor 'n belangrike vraagstuk in Hollands toespreek, hoewel daar persone aanwesig was wat hom nie kon verstaan nie. Op dieselfde vergadering het manne soos ds. A. Faure en advv. Cloete en De Wet daarenteen Engels gepraat.<sup>16a)</sup> 'n Jaar later spreek die heer Michael van Breda, een van die rykste en mees gesiene inwoners van die stad, 'n openbare byeenkoms in Hollands toe en word sy toespraak in Engels vertolk deur adv. Cloete. Die rede waarom hy nie Engels gepraat het nie, was egter dat hy dié taal nie behoorlik magtig was nie. In Julie 1831 moes hy op 'n vergadering voortsit, en in sy openingsrede vra hy om verontskuldiging „for his deficient knowledge of the English language.“<sup>16b)</sup> Heel aan die begin van die jare veertig is dit reeds as vanselfsprekend beskou dat in die openbare lewe Engels gepraat word, soos blyk uit verskeie terloopse mededelinge in *De Zuid-Afrikaan*,<sup>17)</sup> en op 6 Julie

<sup>16a)</sup> Sien die verslag van die vergadering in die *S.A. Comm. Adv.*, 27 Mrt. 1830.

<sup>16b)</sup> *S.A. Comm. Adv.*, 26 Jan. en 20 Jul. 1831.

<sup>17)</sup> Na aanleiding van die eerste openbare toespraak, in Engels, van die heer J. H. Wicht skrywe die *Zuid-Afrikaan* van 7 Aug. 1840: „Aan taal, uitspraak en nadruk ontbrak niets, en wy vertrouwen oopregtelyk, dat hy door verdere oefening een nuttige spreker op onze publieke Byeenkomsten mag worden.“ Met geen woord

1849 noem die redakteur van die pasgestigte *Volksblad* in 'n bespreking van 'n protesvergadering teen die toelating van bandiete in die land as „nog eene bijzonderheid, die deze vergadering van alle vorige vergaderingen, welker houding aan de Kaap ons bewust is, onderscheidt,” die feit dat „dezelve zoowel in het Engelsch als in het Hollandsch toesgesproken werd”,<sup>18)</sup> sodat ons mag aanneem dat teen 1850 openbare vergaderinge in Kaapstad nog slegs by hoë uitsondering in Hollands toespreek is.

Hoe min die leiers van die Hollandssprekende gedeelte van die Kaapstadse bevolking vir die handhawing van hul taal in die openbare lewe oorgehad het, blyk duidelik uit die geskiedenis van die Kaapstadse munisipaliteit. „When this body was constituted in 1841,” vertel die goewermentsekretaris John Montagu in sy memorandum oor verteenwoordigende regering van 10 April 1848, „they resolved that their minutes and other records should be kept in both languages. This, however, experience proved to be cumbrous and inconvenient, and they at once resolved to record their proceedings in English only, though, as I am informed, seventy-five per cent. of the constituency are either of Dutch origin, or in daily use of the Dutch language.” Dit is nie waarskynlik dat daar ooit op die vergaderings van die stadsraad veel Hollands gepraat is nie; en dit is geen wonder dat Montagu eenvoudig die geval van die Kaapstadse munisipaliteit kon aanhaal as bewys van „the encouraging act of the absence of all prejudice on the part of the Dutch

word Hollandssprekendes aangemoedig om in die openbaar hul eie taal te praat nie.

Op 4 Nov. 1842 kondig die *Zuid-Afrikaan* die verskyning in druk aan van 'n reeks voorlesings deur prof. Changuion in Engels gehou en vra of daar nie ook 'n Hollandse vertaling van kan verskyn nie — want, vervolg die blad, „al is het waar, gelyk de Heer C. zeide, dat de Afrikanen doorgaans Engelsch verstaan, maar de Engelschen zeer zeldens Hollandsch, en dat men daarom genoodzaakt wordt by publieke gelegenheden Engelsch te spreken, het is niet minder waar, dat veel Kapenaars de vertaling toch nog beter verstaan zouden dan het oorspronkelyke.”

Sien ook *Notes on the Cape of Good Hope by a Bengali*, bls. 63. Die skrywer was in 1844 aan die Kaap.

<sup>18)</sup> Uit die verband blyk duidelik dat bedoel word „zoowel in het Hollandsch als in het Engelsch”.

portion of the community to the general diffusion of the English language.”<sup>19)</sup>

*Die taal van die toekomstige parlement.*

Onder sulke omstandighede is dit nie vreemd dat daar deur die Hollandse koloniste in al die jare van stryd om verteenwoordigende regering vir die Kolonie feitlik geen vinger verroer is om hul taal in die toekomstige parlement van hul land erken te kry nie. Dit val te meer op omdat die moontlikheid blykbaar nie van die begin af heeltemal uitgesloten was om iets in dié rigting te bereik nie. John Montagu het altans in 1848 nog die raadsaamheid daarvan ingesien om die gebruik van Hollands in die debat van die parlement toe te laat en in dié gees sy aanbevelinge by die goewerneur gedoen, sy dit dan ook nie uit liefde vir die Hollandse taal of vir die Hollandse koloniste nie. „Favourable . . . as circumstances undoubtedly are to the entire adoption of the English language, as well in the debates as in the records of the legislature,” skrywe hy in sy meer-genoomde memorandum, „and convinced as I am that in practice this will be the case, still I hesitate to advise his Excellency to propose any clause to that effect in the Charter or Act providing a constitutional form of government, further than is necessary to secure the records of the two houses, of whatever kind, being framed and kept in the English language.” Montagu meen dat die Hollandse koloniste hier teen hoegenaamd geen beswaar sal maak nie, gesien die houding van die Kaapse stadsraad, maar hy laat daar as waarskuwing op volg: „Beyond this there may be danger of exciting discontent and awakening national distinctions, and it may be antipathies, as is equally evident from the known delight and satisfaction manifested by the Dutch colonists when it was officially intimated, in reply to their petition to the King, that his late Majesty William the Fourth, in granting a charter of justice to the colony, never intended that any of his Dutch subjects should be disqualified from acting as a juror in consequence of his ignorance of the English language.” Sy politiek was dus in hoofsaak om geen slapende honde wakker te maak nie.

<sup>19)</sup> *Correspondence relative to the Establishment of a Representative Assembly at the Cape of Good Hope, 1850, bls. 21.* (Britse Blouboek.)

Die enigste persoon van gesag wat in die openbaar vir die regte van Hollands in die aanstaande parlement van die Kolonie opgekom het, was die redakteur van *Het Volksblad*, wat met die oog daarop dat 'n groot gedeelte van die Hollandse bevolking nog geen Engels kon praat nie, in die uitgawe van 6 Julie 1849 gewys het op „de noodzakelikheid . . . van in de Volks-regering die wij te wachten hebben, de Hollandsche taal niet uittesluiten van de redekavelingen van het Vertegenwoordigend Ligchaam.” Hy het van hierdie punt melding gemaak omdat hy verneem het dat sommige raadgewers van die goewerneur aangedring het op so 'n stap, wat volgens hom „eene schreeuwende onrethaardigheid” sal wees.<sup>20)</sup> Ongelukkig het die *Volksblad* ná sy eerste oprigting in 1849 slegs enkele maande bestaan, en in dié kort periode, toe die bandietekwessie buitendien byna alle aandag in beslag geneem het, is nie weer op die taalkwessie teruggekom nie.

Hoewel *De Zuid-Afrikaan* 'n baie belangrike aandeel in die stryd om verteenwoordigende regering geneem het, is daarin nooit vir die erkenning van Hollands in die toekomstige parlement van die Kolonie gepleit nie. Die hele taalvraagstuk skyn die blad in hierdie verband selfs met opset te vermy het as iets wat nie ter sake was nie en wat deur sy bespreking alleen maar die kans op welslae van die beweging om 'n grondwet kon benadeel. Op 11 Maart 1853 is dan by koninklike besluit 'n konstitusie aan die Kolonie gegee, met daarin 'n artikel (no. 89) wat bepaal

<sup>20)</sup> Die prokureur-generaal William Porter het in sy memorandum oor verteenwoordigende regering van 17 Maart 1848 aanbeveel „that English should be the language of all debates and proceedings in both houses.” Reger Menzies het in sy „Observations” oor diéselfde saak van 19 Mei met Porter saamgestem en nog verder die eis gestel dat niemand lid van een van die verteenwoordigende liggeme sou mag word tensy hy Engels kan verstaan en praat nie. 'n Persoon sonder dié kwalifikasie, sê Menzies, sou „a mere cipher” in die parlement wees, soos die geval was met een van die lede van die oorspronklike Wetgewende Raad onder die regering van sir Benjamin D'Urban wat, hoewel andersins bekwaam, geen Engels geken het nie. In die ontwerp-konstitusie wat Porter in Junie 1848 opgestel het, was ook reeds 'n artikel in presies dieselfde bewoording as dié waardeur in die konstitusie-ordonnantie van 1853 die Hollandse taal uit die Kaapse wetgewende liggeme geweer is. Sien die *Correspondence relative to the Establishment of a Representative Assembly at the Cape of Good Hope, 1850*, blss. 10, 34, 54.

het „that all debates and discussions in the Legislative Council and House of Assembly respectively shall be conducted in the English language, and that all journals, entries, minutes, and proceedings of the said Council and Assembly be made and recorded in the same language.”<sup>21)</sup> Beslister ontkenning van alle regte van die Hollandse taal in die bestuur van die land was nouliks denkbaar, en nog het die *Zuid-Afrikaan* geen woord van protes laat hoor nie. Inteen-deel, in verskeie artikels is die konstitusie toegejuig as liberaal boewe verwagting.<sup>22)</sup>

Hoe onverskillig die Hollandssprekende stedelike koloniste ook al teenoor die taalbepaling van die grondwet van 1853 gestaan het, by die kiesers van die platteland, wat nog vir ’n groot deel Hollands-eentalig was, kon dit nie anders as ontevredenheid wek nie, en hulle het daar ook gou blyk van gegee. So skrywe „Een uit een Buiten Distrik” in *De Zuid-Afrikaan* van 28 Julie 1853 dat daar op die platteland baie onsekerheid bestaan omtrent die vraag of ’n kandidaat vir die aanstaande parlement die Engelse taal moet ken. Dit is sy gevole „dat als de kiezers in de buiten distrikten gehouden zyn slechts personen voor te stellen en te kiezen die de Engelsche taal magtig zyn, wy dan geene vrye, maar eene gedwongen keuze zullen moeten maken, om reden dat in vele distrikten zoodanige personen die volkommen publiek vertrouwen bezitten en met alle plaatselyke kennis en bekwaamheden eene zitplaats waardig zyn, de Engelsche taal niet magtig zyn, terwyl de weinige die de Engelsche taal

<sup>21)</sup> Dr. G. W. Eybers: *Select Constitutional Documents*, bls. 45  
vlgg.

<sup>22)</sup> Sien die *Zuid-Afrikaan* van 5 Mei 1853 en volgende nommers. Reeds op 24 Nov. 1851 is ’n uittreksel uit die konstitusie-ordinansie, insluitende art. 89, in die *Zuid-Afrikaan* gepubliseer; en op 2 Des. daaraanvolgende is ’n groot en geesdriftige vergadering in die Kaapstadse stadhuis gehou om dank uit te spreek vir die toeënkennung van ’n „liberale” grondwet. Voorsitter van die vergadering was die heer J. J. L. Smuts, terwyl die vernaamste toesprake gelewer is deur advokate Brand en De Wet, sir Andries Stockenstrom, die here J. H. Wicht, F. W. Reitz en John Fairbairn. Alles was in Engels, behalwe dat ná Fairbairn prof. Changuión die gehoor nog in Hollands toegesprek het. Geen enkele woord is in al die redevoeringe oor die uitsluiting van die Hollandse taal uit die parlement gerep nie, ook nie in dié van Changuión nie, wat deur homself aan die pers oorhandig is. Sien die *Zuid-Afrikaan* van 4 Des. 1851.

magtig zyn, weinig of geene plaatselyke kennis bezitten, en in vele gevallen ook geen publiek vertrouwen.” *De Zuid-Afrikaan* antwoord hierop dat dit dwaas sou wees om ’n man na ’n vergadering te stuur waarvan hy die verrigtinge nie kan volg nie en waarin hy hom nie verstaanbaar kan maak nie. „Het is ongetwyfeld een bezwaar,” gee die blad toe, „dat men als het ware onder de verpligting ligt om zyne stem aan eenen vreemdeling te geven wiens bekwaamheden men slechts volgens gerucht kent, maar het is zeker de verstandigste weg om van twee euvels het geringste tekiezen.” Ook hier het *De Zuid-Afrikaan* hom nikks laat ontval waaruit ons mag aflei dat die Hollandse taal na sy mening enige reg op erkenning in die parlement gehad het nie.<sup>22a)</sup>

Dit is duidelik dat vir sover die Hollandse koloniste hul in hierdie periode met politieke sake ingelaat of aan die openbare lewe deelgeneem het, hul optrede nie gekenmerk is deur ’n lewendige groepsbewustheid en ’n sterk begeerte om hul taal in stand te hou nie. Dit wil egter nog nie sê dat hulle hul willoos aan die verengelingsbeleid van die regering oorgegee het nie. Hulle het sonder twyfel nog baie waarde geheg aan hul kulturele selfstandigheid en aan die behoud van hul taal in eie kring; en hoe seer hulle daar ook prys op gestel het om as troue onderdane van die Britse kroon gereken te word, het hulle die herinnering aan hul Hollandse verlede nie uit hul bewussyn probeer stoot nie en hul nou verbondenheid aan die ou moederland bly voel.<sup>23)</sup>

<sup>22a)</sup> Dit skyn of sommige Afrikaners op die platteland wat nie huis baie goed ingelig was en blykbaar geen oormatige liefde vir Engels of die Engelse regering gekoester het nie, hul nogal ’n vreemde voorstelling gemaak het van wat verteenwoordigende regering vir hul gaan bring. So vertel die Biskop van Kaapstad in 1850 dat toe hy in die buurt van George was, ’n Engelse onderwyser van ’n plaasskooltjie hom gesê het „that the Dutch show a great unwillingness to have their children taught English; that they say there will be no need of it now that they are to have a representative government, that henceforth all will be Dutch.” (*A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony, in 1850*, bls. 181.)

<sup>23)</sup> Dit blyk o.a. uit die gesdrif waarmee Willem Frederik Hendrik, derde seun van die prins van Oranje, deur die ou ingestenes ontvang is toe hy in 1838 die Kaap aangedoen het. Na aanleiding van sy besoek aan Kaapstad skrywe die *Zuid-Afrikaan* van 11 Mei 1838: „De vreugde der Ingezetenen, wier harten nog

Hulle seuns het hulle by voorkeur na Nederlandse universiteit gestuur vir verdere studie, veral in die regte en in die teologie; en in die opvoedingsinrigtinge van die Kolonie self het hulle gestry so hard hulle kon vir behoorlike onderwys in die moedertaal. Die Kerk het die sterkste bolwerk van die Hollandse taal gebly; en aan die poginge wat gedoen is om Engels daar toegang te gee, is lang hardnekkig weerstand gebied. Aan die taalstryd in Skool en Kerk moet ons nou ons aandag gee.

### C. DIE TAAL IN DIE ONDERWYS

*Verwaarlozing van Hollands rede vir agteruitgang van regeringskole.*

Die sukses waarmee die vry Engelse skole van lord Charles Somerset in 1822 begin het, was van baie korte duur. Van die ses onderwysers deur ds. George Thom uitgekies, het slegs twee gedeug, naamlik James Rose Innes, op Uitenhage, en William Robertson, op Graaff-Reinet; en hulle het albei voor 1830 hul ontslag as onderwysers geneem — Rose Innes om 'n professoraat aan die pas gestigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum in Kaapstad te aanvaar, en Robertson om vir predikant te gaan studeer. Ook was die onderwysers wat ná 1822 in 'n groot aantal vry skole in die belangrikste centra van die Kolonie aangestel is, nie manne van die regte stempel nie. In 1829, dus slegs vyf jaar ná die optimistiese verslag van P. J. Truter, moes die Bybel- en Skoolkommissie rapporteer dat die vry regeringskole, toe omtrent vyf-en-twintig in getal, nie aan hul doel beantwoord nie.

kloppen voor het welvaren van Oud Nederland en het Doorluchtinge Huis van Oranje, laat zich beter gevoelen dan beschryven; — men wenscht elkander in de straten geluk, — men verblydt zich, — men is als opgetogen, en men denkt by zichzelven zoo veel, dat niet gevut mag worden! By menigeen krimpt het trouwe hart ineen, omdat het zwygen moet! Velen zien met eene zucht op verloopene dagen terug! En elks boezem zweet, want, Oranjes Prins is in ons midden!" Sien oor die besoek van prins Willem Frederik Hendrik ook dr. N. Mansveldt: *De Betrekkingen tuschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen*, bls. 14 vlg. Hoe geheg die ou Hollandse koloniste aan Nederland gebly het, blyk ook uit Maria Stucki: *Reis naar en Verblijf aan de Kaap en te Natal, gedurende het Jaar 1846 en 1847*, blss. 25, 55—6.

Dat die mislukking van die Engelse skole nie alleen, selfs nie in hoofsak, aan die onbevredigende gehalte van die ingevoerde onderwysers moet toegeskrywe word nie, is heeltemal duidelik. Waar dit in die eerste plaas aan geskort het, was dat geen voorsiening gemaak is vir onderrig in Hollands nie en dat die Engelse en Skotse onderwysers nie genoeg van die moedertaal van die skoolkinders geken het om hulle die Engelse taal behoorlik te leer nie. Hiervoor bestaan daar oorvloedige getuienis, ook van Engelse kant.

In 'n hoofartikel oor onderwys skryf *The South African Commercial Advertiser* van 5 September 1832 as volg oor die regeringskole: „A principal object in establishing the Schools was the diffusion of the English language, but in order to effect this on a great scale it was necessary that both languages, the Dutch and English, should be taught in them indifferently, according to the wishes of the guardians of the pupils. It was not reasonable to expect that parents would send their children to Schools from which their own language, that of their country and their kindred, was rigidly excluded. It was, alas, impracticable for a teacher, ignorant of the Dutch language, to convey knowledge to a child who knew no other. The consequence was that these District or Free Schools were very poorly attended, except in one or two places, where the teacher admitted the Dutch language into his system, taught the elements of general knowledge in Dutch to certain Classes, and made *Translation* from one language into the other a part of the daily business of the School. Such Schools became very popular, and no objection was ever made by parents or guardians of Dutch pupils to their acquiring in this manner an early acquaintance with the English tongue.” Die Zuid-Afrikaansche Athenaeum, sê die blad nog ten slotte, is so gewild huis omdat altwee tale daarin behoorlik onderwys word.

Agtien maande later, op 19 Februarie 1834, het die *Advertiser* weer 'n hoofartikel oor die mislukking van die „District Free Schools”. Die redes wat vir dié mislukking aangegee word, is dat die skole kosteloos is en dat dit nie van die onderwysers verlang word om onderwys sowel in Hollands as in Engels te gee nie. „Lord Bathurst,” merk die blad dan op, „boasted that the Free District Schools had made a knowledge of the English language universal at the

Cape, five years ago. We feel sorry to say that this was a very great mistake; and we are bound to add, that the System he established had scarcely so much as a tendency to bring about this very desirable consummation. Where instruction is given only in the English tongue, Education is dying out. Where the Teacher had zeal enough to add voluntarily to his labors, by giving instruction indifferently in Dutch or English, the School has been crowded, *and all learned English.*<sup>24)</sup>

Hierdie voorstelling van sake is later bevestig deur Innes, in 'n Memorandum van 1844 as Superintendent-Generaal van Onderwys, waarin hy onder andere sê: „This important fact . . . was soon elicited from the experience of the English schools in the country districts, viz., that those were the most successful, and the most numerously attended, into which the Dutch language was systematically introduced and taught, in connexion with the English.”<sup>25)</sup> Dit was dus die enkele onderwysers wat in stryd met hul instruksies die Hollandse taal 'n plek in die Engelse skole gegee het, wat die meeste sukses gehad het.

#### *Skole in Kaapstad.*

Dat die Hollandse koloniste hul kinders nie wou stuur na skole waarin hul moedertaal nie onderwys is nie, blyk baie duidelik uit die geskiedenis van twee vry skole in Kaapstad, waarvan die eerste reeds in 1813 onder 'n skema van sir John Cradock gestig is, en die tweede in 1824. Oorspronklik is elke skool onder twee onderwysers geplaas, een Hollands en een Engels, vir onderwys in albei tale. Tot 1828 is die twee skole baie goed bygewoon. In daardie jaar het die goewerneur egter 'n bevel uitgevaardig waardeur Hollands uit albei skole uitgesluit is, en binne korte tyd het die aantal kinders van 675 tot onder die 300 gedaal. Enkele jare later

<sup>24)</sup> Sien ook die *S.A. Comm. Adv.* van 3 Feb. 1830 (hoofart.), 16 Jun. 1830 (brief van „A Subscriber”), *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, 1835, bls. 10, en verder J. C. Golding: *The State of Education at the Cape of Good Hope for the last Twenty Years* (1841), bls. 6.

<sup>25)</sup> *Memorandum on the Subject of Elementary Education at the Cape of Good Hope*. Junie 1844. Sien ook *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, bls. xxvi.

is die twee skole met mekaar verenig en onder een onderwyser geplaas. In 1839 was daar nog maar 109 leerlinge op die register, terwyl die gemiddelde jaarlikse bywoning slegs 84 was. Innes, uit wie se Memorandum van 1844 hierbo genoem, hierdie gegewens afkomstig is, skryf die agteruitgang van die twee Kaapstadse skole uitdruklik toe aan die uitsluiting daaruit van die Hollandse taal.<sup>26)</sup>

In 'n lang brief oor onderwys aan die Kaap in die *Advertiser* van 5 Mei 1832 verklaar „Emile” dat dit met die „Infant Schools” uitstekend gaan. Hy betreur dit egter dat nie meer as een uit die vyf leerlinge in dié skole van Hollandse ouers is nie. „The reason of this is obvious,” sê hy. „The Dutch Colonists, tenacious of the customs of their fathers, still consider the Dutch as the language of the country, and are desirous that their children shall before all be taught the parental language.” Die gehegtheid van die ou koloniste aan hul taal neem die skrywer aan nie alleen as die oorsaak van die ongewildheid van die „Infant Schools” nie, maar ook as die aanleiding tot die stigting, of liewer heroprigting, nou onlangs, van die skool van die Maatschappij Tot Nut van 't Algemeen.<sup>26a)</sup>

#### *Getuenis uit „De Zuid-Afrikaan”.*

As daar verder bewyse voor nodig is dat die ou ingesetenes ontevrede was met die Engels-eentaligheid van so baie regeringskole, word dié bewyse gelewer deur brieue en redaksionele stukke in *De Zuid-Afrikaan* in hierdie tyd. In die uitgawe van 12 Oktober 1832 vra by voorbeeld 'n korrespondent wat die rede mag wees dat die getal kinders in die Engelse skool op Graaff-Reinet ná die vertrek van William Robertson so sterk afgeneem het. Die antwoord op sy vraag laat hy self deurskemer in wat hy verder meedeel, naamlik dat hy opgemerk het „dat vele ouders hunne kinderen naar onderwyzers zenden, waar slechts alleen de Hollandsche taal geleerd wordt, en waarvoor zy extra moeten

<sup>26)</sup> *Memorandum*, blss. 6—8.

<sup>26a)</sup> In hierdie tyd was daar 240 leerlinge in die „Tot Nut”-skool. Die voorsiening daarin vir Engelse onderwys was nie voldoende nie, aangesien daar toe net een onderwyser in dié vak vir al die kinders was.

betalen, en hunne kinderen uit de Engelsche school nemen.” In die hoofartikel wat aan die saak gewy word, word die antwoord onomwonne gegee: „Om dat onze moedertaal, het Hollandsch, er niet in geleerd wordt.”

Watter waarde deur die Hollandssprekende koloniste aan die onderwys van die moedertaal geheg is, blyk duidelik uit die verdere opmerkinge van die redakteur: „Wy verheugen ons (wat anderen hier over ook mogen denken) te vinden, dat van het een einde der Kolonie tot aan het ander, ieder Afrikaander ten volle bewust is, van de noodzakelykheid eener kennis van zyne Moedertaal, als in een naauw verband staande met den Godsdienst en de taal zyner Voorouders. Zoolang als onze Godsdienst, en de Taal die wy het eerste van onze Ouders hebben leeren spreken, ons dierbaar zyn; zoo lang moet ook onze Moedertaal een voornaam gedeelte in onze opvoeding uitmaken.” Dit is bekend dat daar persone is wat staande hou dat die Kaapse jeug alleen Engels behoort te leer en geen Hollands nie; maar „wy arme, domme botmuilen van Afrikaanders” kan nie begryp wat die bedoeling daarvan is nie. Wel is die bedreiging meermale gehoor: „O, binnen twee of drie jaren zal er in uwe Hollandsche Kerken niet meer in het Hollandsch gepredikt worden; het zal alles in het Engelsch geschieden!” Maar dit is bedrog; want verskeie jare het reeds verloop, en nog word in Hollands gespreek. Engels sal nooit die taal van die Hollandse Kerk word nie. „Zal eenig Hollandsche Predikant,” vra die redakteur, „aldus de rust zyner Kerk durven storen, of de eerste stap doen tot eene verandering in onzen Godsdienst?” Maar wat kan dan die bedoeling van die voorstanders van Engels-eentaligheid wees? „Was het om ons getrouwer en ooprechter Britsche Onderdanen te maken?” Die geskiedenis bewys egter dat so 'n maatreël ter bereiking van so 'n doel nie noodsaaklik is nie. „Het was daarom voor ons eene zaak van bewondering, waarom men eene begeerte aan den dag zou leggen, om onze Moedertaal, de Hollandsche, geheel en al te vernietigen.” Maar gelukkig, meen die redakteur, is dit glad nie die bedoeling van die regeerders in Engeland nie; en hiervoor beroep hy hom op die beslissing van die Britse kroon „dat geen Gezworene als incompetent zal worden verklaard, omdat hy de Engelsche taal niet verstaat.”

*De Zuid-Afrikaan* wil intussen nie hê dat sy verdediging van Hollands moet opgevat word as 'n miskenning van die waarde van Engels nie en sluit sy pleidooi met die volgende woorde: „Laat niemand denken, dat wy de nuttigheid der Engelsche taal in deze Kolonie, zouden willen betwisten. Wy beweerden daarentegen, dat het onderwys in de Engelsche taal, een voornaam gedeelte der opvoeding in deze Kolonie uitmaakt, en wy bevelen alle ouders aan, om het als zoodanig te beschouwen, maar wy herhalen het, niet met uitsluiting van onze beminde Moedertaal.”<sup>27)</sup>

,,Het Zuid-Afrikaansche Athenaeum.”

In Kaapstad self was die ou ingesetenes goed voorsien van privaat skole waarin behoorlike onderwys in die Hollandse

<sup>27)</sup> Die besonder taktlose manier waarop die ultra-Engelse party in hierdie tyd meer as eens hul standpunt teenoor die taalvraagstuk uiteengesit het, was nie juis daarop bereken om die Hollandse koloniste aan te moedig om hul eie taal vir Engels prys te gee nie. In *The Cape of Good Hope Literary Gazette* van 1 Feb. 1832 kom b.v. hierdie stukkie voor: „By the bye, there is an importance attached to the knowledge of the English language in this colony, which in one point of view, has been overlooked. He whose good fortune it is to know English, possesses an air of gracefulness in his deportment which is not the case in one destitute of such acquirement. There is a sheepish, clownish, uncivilized look in the man un-Englished, whilst on the other hand, there is a polish of manners, and a refinement of sentiment in the person whose privilege it has been, to have been taught in an English school.”

Die Engelse was oor die algemeen reeds vroeg vol vertroue dat Hollands uiteindelik heeltemal sou uitsterf in die Kolonie. In die *Advertiser* van 21 Apr. 1824 skryf 'n korrespondent uit Graaff-Reinet: „On the whole I think that the English will be the prevailing language in this town in the course of a few years;” en in die uitgawe van 14 Jul. 1832 skryf iemand uit Caledon: „We anticipate that in a few years the English language will be the prevalent language of our little village.” In die *Advertiser* van 7 Nov. 1829 het „A Friend to Improvement” nadruk gelê op die groot waarde van die studie van Engels en daarop laat volg: „There is every reason to expect, that each succeeding year will witness a progressive ascendancy of the latter, till, within a very limited period, the Colonial Press must cease altogether to print in the Dutch language.”

Daar was egter ook liberaler Engelse, soos die hoofregter sir John Wylde, wat die studie van die Hollandse taal aangemoedig het (sien die hoofartikel van die *Zuid-Afrikaan* van 28 Des. 1832); en dit is ongetwyfeld hulle wat die meeste daartoe bygedra het om uiteindelik 'n belangrike deel van die Kaapse publiek geheel en al te verengels.

taal gegee is. Die vernaamste was die inrigting van die Maatschappij Tot Nut van 't Algemeen, wat in so 'n bloeiende toestand was dat dit op 16 September 1833 'n nuwe gebou in die Nieuwestraat kon betrek en toe 'n drie honderd leerlinge getel het.<sup>28)</sup> Wat meer gevorderde onderwys betref, was die Hollandssprekende Kopenare daar egter veel slechter aan toe. Die skole waarin vir meer as elementêre onderwys voorsiening gemaak is, was suwer Engelse skole; en dié toestand van sake was ongetwyfeld een van die vernaamste beweegredes wat die Hollandse koloniste so 'n belangrike aandeel laat neem het in die stigting van die Zuid-Afrikaansche Athenaeum in 1829, waarin nie alleen meer gevorderde Hollandse onderwys deur 'n bevoegde leerkrag sou gegee word nie, maar ook geleentheid sou wees om onderrig in die ou tale en in die moderne vreemde tale deur medium van Hollands te kry.<sup>29)</sup> *De Zuid-Afrikaan* het, soos te verwagte is, baie belang in die Athenaeum gestel, en in die besonder in die onderwys wat daarin in die Hollandse taal gegee is. „Wy verheugen ons,” skrywe die blad in sy uitgawe van 26 Augustus 1831 na aanleiding van 'n openbare eksamen in die inrigting, „om onze jonge Landgenoten in onze zoo schoone, ryke en voortreffelyke Moedertaal zoo ervaren en toegenomen te zien, en wy blyven hoop dat die taal . . . niet zoo ligt zal verwaarloosd, maar tot eere van ons voorgeslacht en van onze Nationaliteit, en voor onzen Godsdienst, meer en meer zal aangekweekt worden.”

Die Athenaeum is deur die Hollandse koloniste as groten-deels hul stigting beskou, wat dit in werklikheid ook was; en in die moeilike tye wat kort ná die oprigting gevolg het, het *De Zuid-Afrikaan* die ou ingesetenes steeds aangespoor om trou daaraan te bly. „Gy weet welke pogingen er gedaan zyn, om het Athenaeum te doen vallen,” lees ons in die hoofartikel van 28 Desember 1832, „en nog blocit

<sup>28)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 20 Sept. 1833.

<sup>29)</sup> W. Ritchie: *The History of the South African College*, dl. I, blss. 23, 27. Hoewel ruim tweederde van die aandeelhouers in die Athenaeum en nege uit die eerste vyftien bestuurders Hollands-sprekend was, is Engels tog van die begin af aan as die hooftaal van die inrigting erken. Wat tale betref, sou die Athenaeum 'n inrigting met dubbele medium wees, maar die ander vakke sou alleen deur medium van Engels gedoseer word.

het! Men heeft alhier een 'King's College' willen oprigten. Wy geloven dat het plan nog bestaat; maar gy hebt u by het Athenaeum bepaald, en daaraan, Landgenoten, hebt gy wel gedaan. Wie kan dat plan ook ondersteunen, wanneer wy zien dat alle talen, tot zelfs Spaansch en Portugeesch, daarin zouden onderwezen worden, en dat daaruit alleen onze dierbare moedertaal, de Nederduitsche, werd uitgesloten?"

*Noodsaaklikheid van onderwys in Hollands deur regering erken, 1834.*

Dit was duidelik dat Hollandse ouers nie hul kinders in skole wou laat waar onderwys alleen in Engels gegee word nie. Onder andere daarom het die regeringskole veral van 1828 af hoe langer hoe meer agteruitgegaan;<sup>30)</sup> en toe die Bybel- en Skoolkommissie op 11 Maart 1834 by die regering aandring „that it is advisable that, in future appointments to schools in situations where the Dutch language is generally used, it shall be considered requisite that the teacher shall instruct all children whose parents may apply for it in the principles of the Dutch language, as well as of the English language," is die aanbeveling deur die goewerneur aanvaar.<sup>31)</sup> Die saak was daarmee egter nie gered nie. Die toesegging van Hollandse onderwys is gemaak onder die verstandhouding dat dit as inleiding sou dien tot die aanleer van Engels, en die koloniste, veral in die buitedistrikte, waar die behoefté om Engels te ken, uit die aard van die saak nog nie so sterk gevoel is nie, was daarmee nie tevrede nie. Toe die Bybel- en Skoolkommissie die nuwe skema begin invoer, het hul by voorbeeld van die plaaslike skoolkommissie in Worcester die volgende rapport ontvang: „We beg to state that the inhabitants conceive it unnecessary to let their

<sup>30)</sup> Vgl. die grafiese voorstelling van die opkoms en verval van die vry Engelse skole by dr. E. G. Malherbe: *Education in South Africa (1860—1922)*, bls. 82.

<sup>31)</sup> Watermeyer-verslag, Aanh. V, bls. 51. Vgl. in verband hiermee die opmerking in Bell se Memorandum van Aug. 1837: „The system of teaching the English language only in the free schools, — or rather the exclusion of the Dutch, — was in force for several years; but it was found that some knowledge of the latter was absolutely necessary, and this qualification in a teacher became thenceforth indispensable." (A. W., Aanh. V, bls. 54.)

children learn English, for they have found that they get through the world without it, and their religious instruction is in the Dutch language." Dit, sê Faure en Adamson in hul rapport van 1862, was blykbaar die gevoel in al die dorpe wat ewe ver of verder van die Kaap geleë was as Worcester, „for it was in them especially that the schools failed in attendance and efficiency."<sup>32)</sup> Al sou die ouers ook gewillig gewees het om hul kinders na die regeringskole te stuur, sou daar in die praktyk tog weinig van die onderwys tereggekom het, omdat dit uiters moeilik was om gesikte tweetalige onderwysers te kry.<sup>33)</sup> Die ou ingesetenes het dus daarmee voortgegaan om deur die stigting van privaat skooltjies self so goed moontlik te voorsien in die behoefté van hul kinders aan onderwys in die Hollandse taal.<sup>34)</sup>

#### *Pleidooie vir die moedertaal.*

Intussen het *De Zuid-Afrikaan* volgehou met sy stryd vir die behoud van Hollands as kultuurtaal in die Kolonie. Elke geleentheid is deur hom aangegryp om die ou ingesetenes die betekenis van hul moedertaal voor oë te hou en die hande te sterk van diegene wat nog daarvoor geywer het. Na aanleiding van 'n jaarvergadering van die Maatschappij ter Uitbreiding van Beschaving en Letterkunde, die eintlike instandhouers van *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, word in 'n hoofartikel van 3 Februarie 1837 van die lede gesê dat hulle „de eer der Nederduitsche Letterkunde binnen de Kolonie hebben opgehouden, en door hunne medewerking veel hebben toegebring tot instandhouding van de eer der Nederduitsche Taal alhier." Daarop volg weer 'n pleidooi vir Hollands: „Die taal . . . zal, wat men ook tot afschaffing van het gebruik derzelve moge aanwenden, nog lang de moedertaal van verre het grootste gedeelte van de Ingezetenen in de Binnenlanden der Kolonie blyven; en wanneer haar ongelukkig lot alhier mogt zyn, om, door

<sup>32)</sup> *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. III, bls. 12 („Report of Bible and School Commission," onderteken A. Faure en James Adamson, 30 Jul. 1862). Ds. A. Faure se getuienis is van groot belang omdat hy van lank voor 1834 'n invloedryke lid van die Bybel- en Skoolkommissie was.

<sup>33)</sup> Memorandum van Bell, Aug. 1837. (*Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, Aanh. V, bls. 54.)

<sup>34)</sup> Sien bogenoemde grafiek by Malherbe.

gebrek aan onderwys, in een onverstaanbaar zamenstel van klanken, dat ter naauwernood den naam van Nederduitsche Taal verdiende, te ontaarden, dan zouden, — o betreuringswaardig vooruitzigt! — ook de zeden van de Ingezetenen met die taal verbasteren.” Werke in Nederlands is vir die koloniste die naaste bron van hoér beskawing; en as dié bron nie meer vir hulle toeganklik is nie, moet hulle noodwendig in beskawing agteruitgaan. Daar is egter mense wat deur vooroordeel ‘n afkeer in die Nederlandse taal gekry het. „Laten sy het vooroordeel aan eené zyde zetten, en by zichzelven overwegen van hoe veel belang, ook voor hen, deze onse aanmerkingen zyn, vooral in den tyd, dien wy beleven, waarin zich onder onse oogen eene nieuwe Kolonie van meestal Nederduitsche, uit de Kolonie uitgewekene Mede-Kolonisten in die Binnenlanden van Zuid-Afrika begin te vormen; die,wanneer sy hunne waarschynlyke bestemming mogten bereikt hebben, en niet door die hen omringende wilde Natien mogten zyn vernield en uitgeroeid, zeer zeker geen andere dan die Nederduitsche Taal onder zich gebruiken zullen.” — So het *De Zuid-Afrikaan* heel in die begin die betekenis van die Groot Trek ook vir die behoud van die Hollandse taal in Suid-Afrika duidelik ingesien en aan sy lezers voorgehou.

#### *Plek van Hollands in onderwysstelsel van 1839.*

In 1839 is ‘n nuwe onderwysstelsel aan die Kaap in die lewe geroep waaronder vir die Hollandse taal ook sogenaamd ‘n plek in die goewermentskole ingeruum is. Hollands is naamlik erken as vak by die laer onderwys, maar weer eintlik alleen in sover dit nodig was om die Hollands-sprekende kinders die Engelse taal te leer. Dit blyk baie duidelik uit die regeringsmemorandum oor onderwys van 23 Mei 1839, waarin onder andere aangegee staan watter vakke in die verskillende skole moet onderwys word. Van onderwysers in die primêre skool word verwag dat hulle die kinders ‘n grondige kennis van die Engelse taal sal bybring. „This,” sê die memorandum, „as it regards Dutch pupils, can only be attained by making a well-arranged course of oral and written translation from Dutch into English, and from English into Dutch, an essential part of elementary instruction.” Onmiddellik hierop volg dan die toesegging: „A grammatical knowledge of the Dutch language will be

communicated to all pupils who require to join the translation classes.”<sup>35)</sup> Van onderwys in die Hollandse taal terwille van die taal self is hier dus klaarblyklik geen sprake nie. Die nuwe skoolstelsel was dan ook in werklikheid weinig meer as ’n voortsetting van die ou verengelingspoginge deur medium van die skool wat in 1822 onder lord Charles Somerset ’n aanvang geneem het. Vir die regering sou geen stelsel van onderwys aan die Kaap aan sy doel kon beantwoord as dit nie vóór alles daarop bereken was om die Hollandssprekende koloniste die Engelse taal te leer nie. Dit word ook uitdruklik in die aanhef van bogenoemde memorandum van 1839 gesê. Daarin word eers ’n opsomming gegee van die verskillende doeleinades wat in die algemeen deur ’n onderwyssstelsel moet nagestreef word, en dan gaan die memorandum as volg voort: „To these, which constitute the chief scope of every sound system of public instruction, His Excellency has to add one of paramount importance in this colony,—viz., to render its educational establishment effective, in diffusing a correct knowledge of the English language among all ranks of the people. And whilst His Excellency respects the attachment which is naturally felt by colonists of Dutch extraction to their own language, associated as that feeling must be with the dearest relations of life, and has met their wishes in this respect by making the Dutch language a part of the elementary course of instruction, in all schools where it is required, he feels confident . . . that the whole body of the colonists is prepared to regard, with him, the cultivation of the English language as inseparably connected with the future prosperity of the colony.”<sup>36)</sup>

#### *Benoeming van James Rose Innes as Superintendent-General van Onderwys.*

Kenmerkend van die nuwe onderwyssstelsel was dat daaronder vir die eerste maal ’n Superintendent-General van Onderwys aangestel is. Vir dié belangrike betrekking is

<sup>35)</sup> Hierdie hele bepaling is byna letterlik oorgeneem uit ’n brief van Innes, toe nog professor aan die Z.-A. Athenaeum, aan die Koloniale Sekretaris, kol. Bell, d.d. 4 Apr. 1839. C. O. 866, no. 31.

<sup>36)</sup> Sien *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. V, bls. 64 vlgg.

gekies James Rose Innes, een van die twee suksesvolle onderwysers deur lord Somerset ingevoer en sedert 1839 professor in die wiskunde aan die Zuid-Afrikaansche Athenaeum in Kaapstad. Sy benoeming is deur *De Zuid-Afrikaan* van 31 Mei 1839 toegejuig op grond daarvan dat hy teenoor die twee struikelblokke: „het godsdienstig gedeelte der opvoeding en het onderwys in de Hollandsche taal”, die regte houding inneem. Oor die houding van die regering teenoor die vraagstuk van onderwys was die blad egter nie te spreke nie. „Indien, te eeniger tyd, het onderwerp hunne aandacht waardig werd beschouwd,” lui dit in 'n hoofartikel oor onderwys in die uitgawe van 3 April 1840, „werd het volgens zulk een on-volksgezind stelsel bestierd, waardoor de mede-werking des Publieks werd uitgesloten . . . . In vele gevallen werden hooge salarissen betaaldaan de onderwysers van scholen gegronde op een uitsluitend stelsel, en waartoe maar weinigen toegang hadden; terwyl in andere ongeschikte en onbevoegde personen werden aangesteld, sommige zonder zelfs de minste kennis te hebben van de moedertaal der kolonisten, die sy voornemens waren te onderwysen.”

Veral met die oog op die laaste sin is dit te begrype dat toe in Julie 1840 'n nuwe besending Skotse onderwysers hier aankom, *De Zuid-Afrikaan* in die besonder en die Kopenare oor die algemeen glad nie daaroor gestig was nie.<sup>37)</sup> In Oktober van dieselfde jaar het prof. A. N. E. Changuiion, van die Athenaeum, 'n voorlesing „Over de noodzakelykheid en gepastheid der kennis en voortkweking van de Nederduitsche Taal” in die sosiëteitsaal van die losie De Goede Hoop gehou ten aanhore van „een zeer talryke en respektabele vergadering van Dames en Heeren.” Gedurende die

<sup>37)</sup> In 'n brief aan Bell, d.d. 11 Mei 1839, waarin hy die benoeming tot Superintendent-Generaal van Onderwys aanvaar, het Innes aanbeveel dat vier onderwysers uit Engeland onmiddellik ingevoer word. „In all stations where the majority of the inhabitants are of Dutch extraction, I beg to suggest that in the selection a preference should be given to students from the Scottish universities — this I strongly recommend to His Excellency's favourable consideration both on account of the readiness with which they have been known to assimilate to the customs and usages of that people and the comparative ease with which they acquire a knowledge of their language.” C. O. 866, no. 51. Die onderwysers is toe deur sir John Herschel uitgesoek.

voorlesing, rapporteer *De Zuid-Afrikaan*, is Changuion verskeie male luid toegejuig, „maar een algemeen, luid en lang geschal werd gehoord, toen eene zinspeling gemaakt werd op de nieuwe Schoolmeesters, die, uit Schotland aangekomen, aangesteld zyn geworden om de kinderen in de buiten districten te onderwyzen in die Engelsche en Hollandsche talen, by voorkeur boven die Studenten van het Z. A. Athenaeum, die met eene grondige kennis van beide talen toegerust zyn en bewezen hebben voor de taak volkomen bevoegd te zyn.”<sup>38)</sup> Die Hollandssprekende koloniste was omstreeks 1840 klaarblyklik nog nie bereid om hulle hul moedertaal sonder teenstand te laat ontneem nie.

*Innes se taalbeleid. Oprigting van „ondersteunde skole”.*

Rose Innes het die goewermentskole op sy eerste inspeksiereis in 1839 in 'n toestand van hopeloze verval aangetref. Behalwe in Swellendam het hy die onderwysers oral totaal onbevoeg gevind. Hy het daarom weer daarop aangedring dat goed gekwalifiseerde onderwysers ingevoer word en het voorgestel dat hy self sou gaan om hul uit te soek.<sup>39)</sup> Sy versoek is toegestaan, en op 11 Maart 1841 keer hy in Kaapstad terug met nog vyf onderwysers uit Skotland.<sup>40)</sup> Innes het uit eie ondervinding geweet, en ook op sy inspeksiereis waargeneem, dat geen Engelsman of Skot die Afrikaanse kinders op die platteland kan onderwys sonder om self Hollands te ken nie en het reëlings getref dat alle ingevoerde onderwysers op koste van die regering 'n paar maande in Kaapstad moes bly om die Hollandse taal te leer.<sup>41)</sup> Later

<sup>38)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 30 Okt. 1840. Die voorlesing van Changuion is in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* van 1842 (dl. XIX, blss. 369—83) afgedruk onder die hoof „Redevoering tot aanprijsing van die beoefening der Nederduitsche taal en letterkunde in Zuid-Afrika.”

<sup>39)</sup> Innes aan Kol. Sekr., 14 Jan. 1840, C. O. 888, no. 6.

Die sukses van die Swellendamse skool skryf Innes o.a. toe aan „the correct knowledge which the Teacher has acquired of Dutch”. In Caledon was die regeringskool, onder 'n sekere Turpin, 'n volslae mislukking. „Various reasons are assigned for this state of things, the Parents blaming Mr. Turpin and he in turn charging them with hostile feelings in regard to himself and prejudice against the English language.” Innes aan Kol. Sekr., 9 Aug. 1841, C. O. 912, no. 95.

<sup>40)</sup> Innes aan Kol. Sekr., 13 Mrt. 1841, C. O. 912, no. 34.

<sup>41)</sup> Innes aan Kol. Sekr., 27 Apr. 1841, C. O. 912, no. 47.

is hiermee opgehou omdat die metode nie aan sy doel beantwoord het nie;<sup>42)</sup> maar onderwysers moes blykbaar nog 'n eksamentjie in Hollands aflê voordat hul kon aangestel word in skole waar die meerderheid van die kinders Hollands-sprekend was.<sup>43)</sup> Die meeste onderwysers het seker nie baie Hollands geleer nie, maar tog genoeg om die „translation classes” (byna altyd vertalings van Hollands in Engels) te kan gee. Deur sy energieke optrede het Innes die goewermentskole nuwe lewe ingeblaas. Die aantal leerlinge het vinnig toegeneem, en as gevolg daarvan het die kansie op geleidelike verengeling ook van die plattelandse centra aamerklik groter geword.

In 1843 is verder 'n stelsel van „ondersteunde skole” vir die platteland in die lewe geroep. Skole wat deur partikuliere inisiatief opgerig word, kon 'n geldelike toelae van die regering kry as hulle bereid was om aan bepaalde voorwaardes te voldoen. Ook dié skole moes natuurlik help om die kennis van Engels onder die boerebevolking te verbrei. Die regeringsmemorandum van 14 September wat die stigting van sulke skole gereël het, het naamlik onder andere bepaal „that at all stations (d.w.s. plekke waar skole volgens die reglemente gestig is) where the Dutch language prevails, English shall also be taught, and that, as soon as practicable, it shall be made the language of intercourse between the Master and Pupils at a certain hour each day, and in connection with some branch of instruction.” In die begin is die regeringsteun maar selde aangevra, hoofsaaklik omdat die plattelandse bevolking nie op hoogte van die reglemente van 1843 was nie;<sup>44)</sup> toe egter eenmaal 'n deeglike begin met dergelike skole gemaak is, het hulle veel meer in die smaak van die publiek gevall en eindelik die sogenaamde „established schools” heeltemal oorvleuel.<sup>45)</sup>

<sup>42)</sup> Innes aan Kol. Sekr., 8 Mei 1845, C. O. 1010.

<sup>43)</sup> Innes aan Kol. Sekr., 8 Jan. 1857, C. O. 2243, no. 3: „Mr. Clementson has been lately examined in his knowledge of the Dutch language to which he has been applying himself for some months past.” Innes beveel Clementson aan vir die skool op Malmesbury.

<sup>44)</sup> Sien die *Zuid-Afrikaan* van 10 Jan. 1848.

<sup>45)</sup> Hoe streng die reël opgevolg is dat die verspreiding van Engels op alle moontlike plekke moes bevorder word, blyk ook uit die memorandum van 10 Jun. 1841 omtrent die voorwaardes waaronder steun uit die Koloniale skatkis sal verleen word aan sendingskole

In 1844 sê Innes in sy Memorandum dat daar op daardie tydstip vyf-en-twintig regeringskole in die Kolonie is, wat deur 1851 leerlinge besoek word. „In the fourteen first-class schools,” skrywe hy, „and in six of the second-class schools, English is the language in which the course is taught; and in ten of the above schools Dutch has been introduced, and classes formed for the translation of the one language into the other. In five of the second-class schools the pupils are taught in Dutch, which is the language of the body of the inhabitants, while English is introduced into the more advanced classes.”<sup>46)</sup> Die vraag is hoeveel Hollands daar in die tien bogenoemde skole geleer is. *De Zuid-Afrikaan* was daar nie alte optimisties oor nie.<sup>47)</sup> Uit later rapporte van Innes kry ’n mens die indruk dat Hollands vernaamlik onderwys is met die oog op die sogenaamde „translation classes”, waarin byna altyd die nadruk gelê is op die vertaling uit Hollands in Engels. Hoe dit ook sy, die taalmoeilikhede op skool was nog geensins opgelos nie, soos in die volgende hoofstuk uiteengesit sal word.

#### D. TOENEMENDE VERENGELING VAN KAAPSTAD

##### *Verloop van verengelingsproses.*

Engels het as enigste regeringstaal aan die Kaap, en as die taal van ’n groot en magtige kultuur- en handelsvolk daarby, ’n groot voorsprong op Hollands gehad. Hoe geheg die ou ingesetenes ook al aan hul eie taal was, tog het die meeste van hulle van die begin af die groot belang daarvan ingesien om Engels te leer; en dit is nie baie bevreemdend nie dat waar hulle in noue aanraking met die Engelse lewe gekom het, soos in Kaapstad, die Engelse taal geleidelik by baie van hulle die eerste plek gaan inneem het en Hollands uiteindelik heeltemal verdring het. Die eerste tekens van hierdie verskynsel was reeds voor 1830 duidelik waar te

---

en enkele ander nie-goewermentskole. Bepaling no. 6 van hierdie memorandum lui: „The English language shall form a branch of instruction in all schools thus aided, and, where practicable, it shall be used as the colloquial language of the school.” (Sien *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, Aanh. V, bls. 70.)

<sup>46)</sup> *Memorandum*, bls. 16.

<sup>47)</sup> Sien die hoofartikel van 20 Sept. 1844.

neem. Die ouer geslag van Kaperenare wat onder die Hollandse bewind gebore is en groot geword het, was oor die algemeen nie so gemaklik te beïnvloed nie en het nog aan hul taal vasgehou; maar hul kinders was minder goed bestand teen die sterk verengelsende invloede wat van alle kante op hulle ingewerk het, en meer as een het daarvoor beswyk. Die verskil tussen die ouer en die jonger geslag van die Hollandse ingesetenes is duidelik deur die Britse „Commissioners of Enquiry” waargeneem. „Even at this moment,” skryf hul op 6 September 1826 in ‘n rapport aan Bathurst, „a different feeling pervades the younger portion of the community, who, born under the British government, are beginning to acquire a taste for the habits and language of Englishmen, and evince a disposition to adopt their modes of thinking.”<sup>48)</sup> En in die eerste nommer van die *Zuid-Afrikaan*, 9 Apr. 1830, hekel Boniface, destyds redakteur, die Kaperenare omdat hulle „met eene voorbeeldige en zeker ook pryzenswaardige toegevendheid” dit gedoog het dat hulle kinders „om het Engelsch, hunne moedertaal verzaakten”, en hy moedig hulle spottend aan om self Engels ten minste te leer verstaan as hulle te oud is om dit nog te leer praat.

Tog het die Engelse invloed nog minder sterk deurgewerk as wat die geval kon gewees het. Die oorsaak hiervan lê in die houding van die Engelse ingesetenes, wat dikwels eksklusief en hooghartig was, soos verskeie waarnemers uit hul eie volk in hierdie tyd getuig. In 1834 verklaar John Howison: „The Dutch and English residents of Cape Town have little social intercourse. The Dutch complain of the *hauteur* of the English, and their love of ceremony and unpliant disposition, and excessive attachment to their own customs. The English, on the other hand, coming from a distant country, have few feelings, views, or interests in common with those persons who have been born and reared in the colony, and receive little pleasure from their society. Dislike on the one side, and indifference on the other, throw the two parties asunder, and it is not likely that a mutual accommodation will ever take place between them; and the more so as many individuals of both nations speak no

<sup>48)</sup> *Records of the Cape Colony*, dl. XXVII, bls. 355.

language but their own.”<sup>49)</sup> In dieselfde jaar spreek 'n ander skrywer sy ontevredenheid daaroor uit dat „the jealous exclusiveness for which the English are unenviably distinguished all over the world, has drawn a marked line between the Dutch and themselves.” Hy verwonder hom daaroor dat die Engelse, wat 'n klein minderheid vorm in 'n nuwe kolonie, so min moeite doen om vriendskaplike betrekkinge met die ou bevolking aan te knoop. „It is not to be denied,” sê hy, „that the fault is entirely on the side of the English.”<sup>50)</sup>

In die stad het die Engelse element ewenwel van jaar tot jaar sterker geword. In 1837—8 kon Bunbury al konstateer: „A great proportion of the names over the shop-doors are English; most of the advertisements, names of trades, and the like, are in our language, and one meets English faces at every turn.”<sup>51)</sup> Dit is verstaanbaar dat gaandeweg ook die Engelse invloed op die Hollandse ingesetenes groter geword het, veral op die jonger geslag. In 1840 kla Changuion dat baie Afrikaners meewerk aan die verdringing van hul eie taal en praat hy met verontwaardiging van jongmense wat voorgee dat hul geen Hollands kan verstaan nie, terwyl hul Engels nog maar swak kan praat.<sup>52)</sup> Dat naas die algemene maatskaplike faktore veral die Engelse onderwys vir hierdie toestand van sake verantwoordelik moet gehou word, lê voor die hand. Belangwekkend in hierdie verband is die volgende opmerking van iemand wat in 1844 in Kaapstad was: „It is surprising the number of the rising Dutch generation one sees at the English Episcopalian Church, who in learning the English language,

<sup>49)</sup> John Howison: *European Colonies*, ens., dl. I, bls. 333. Op bls. 357-8 sê hy dat die Engelse bevolking van Kaapstad nog betreklik gering is en hoofsaaklik uit amptenare en handelare bestaan. „Neither the one nor the other,” laat hy daarop volg, „has much intercourse with the Dutch; and though the colony has been so long in our possession, the mass of its population has not adopted British habits or modes of life, but continues to adhere to its national customs; however, the English language is now very generally spoken or understood, except in the interior districts.”

<sup>50)</sup> „Sketches of the Cape”, oorgedruk uit *United Service Journal*, 1834, bls. 61.

<sup>51)</sup> Charles J. F. Bunbury: *Journal of a Residence at the Cape of Good Hope*, bls. 52.

<sup>52)</sup> Sien verder op, bls. 86.

and studying at English schools, appear to have thrown off the religion of their parents.”<sup>53)</sup> Die gevolgtrekking dat die jongmense wat die dienste in die Engelse Kerk bygewoon het, reeds die geloof van hul ouers versaaik het, sal wel nie juis gewees het nie, tenminste seker nie wat al die jongmense betref nie, maar die waarneming van die skrywer is daarom nie minder interessant nie.

Besoekers wat in hierdie tyd oog daarvoor gehad het, het 'n belangrike verskil opgemerk tussen die inwoners van Kaapstad en die platteland ook wat hul nasionale gesindheid betref. So vertel 'n Duitse reisiger, W. von Meyer, dat die Afrikaners op die platteland die Britse heerskappy stelswygend duld, maar dat 'n heeltemal ander gees die inwoners van die stad besiel. „Hier giebt es wohl noch einige Patrioten aus der alten Zeit,” sê hy, „aber ihre Zahl ist geringe gegen die der Afrikaner, welche die Vorteile zu berechnen verstehen, die ihre jetzige Regierung ihnen darbietet.”<sup>53a)</sup> Persone wat so getref is deur die verengeling in die stad, sal wel ver- naamlik aan die vooraanstaande families gedink het. Die verengeling kon nog nouliks in aansienlike mate tot die breër lac van die bevolking deurgedring het. Reisigers wat meer na die stadsbevolking as 'n geheel gekyk het, is dan ook in hierdie tyd eerder daaroor verwonder dat Kaapstad nog so 'n sterk Hollandse karakter dra. „Nine-tenths of the inhabitants still retain a Dutch look,” skryf die Amerikaner Charles Wilkes, wat ongeveer gelyk met Von Meyer aan die Kaap was, „and many of them are unable to speak any other than their original language . . . Considering the number of years that this colony has been under the British dominion, it surprised me to find that a knowledge of the Dutch was much more necessary than that of English, while dealing with the inhabitants.”<sup>53b)</sup> Die verengeling van die stad het egter begin en sou nie meer maklik te keer wees nie.

<sup>53)</sup> *Notes on the Cape of Good Hope by a Bengali*, bls. 30.

<sup>53a)</sup> *Reisen in Süd-Afrika während der Jahre 1840 und 1841*, ens., blss. 178—9. Op bls. 183 maak Von Meyer die interessante opmerking dat die Afrikaners van Worcester hulle „landdros”, die heer T. [P. J. Truter], beskou as 'n renegaat wat hulle party verlaat en na die Engelse oorgeloop het. Hy sê dit kan ook wel waar wees, want die heer T. behoort tot die aristokrasie van Kaapstad.

<sup>53b)</sup> *Narrative of the United States' Exploring Expedition*, ens., bls. 348.

*Vinnige verengeling na 1840. Geskiedenis van „Tot Nut”-skool.*

Hoe Engels veral van omstreeks 1840 stap vir stap die oorhand oor Hollands gekry het, is mooi te sien uit die geskiedenis van die „Tot Nut”-skool soos dit uit enkele berigte in *De Zuid-Afrikaan* kan opgemaak word.

Op 28 September 1838 skryf die blad dat Engelse families blykbaar meen dat die onderwys aan die Tot Nut „geheel en misschien ook wel uitsluitelik Hollandsch is.” Dit, word verseker, is nie die geval nie, en die bestuur van die skool is van plan om by die aanstaande heropening van die klasse ’n nuwe bewys van die teendeel te gee. Die bedoeling was kennelik om ook Engelse kinders vir die skool te kry. Die voorsiening vir meer en beter onderwys in Engels is, na dit skyn, nie onmiddellik gemaak nie, want eers in die uitgawe van 20 Maart 1840 lees ons: Tot Nut „heeft nu behoorlyke schikkingen gemaakt, waardoor aan kinderen een behoorlyk onderwys wordt verzekerd in de Hollandsche en Engelsche talen.” Intussen het sake egter al so ver gekom dat Hollandse ouers hul kinders uit die skool geneem het omdat daarin nie genoeg Engels na hulle sin geleer is nie. „Deze school,” skryf *De Zuid-Afrikaan*, „verdient de publieke ondersteuning volkommen, en wy hopen dat de ouders, ziende op de thans gemaakte veranderingen, hunne kinderen niet onnoodiglyk zullen nemen uit hunne eigene nationale school, die zy zelve gesticht hebben, en welke tot nog toe aan de algemeene verwachting beantwoord heeft.”

In die volgende jare het die drang na Engels in die stad so sterk geword dat die Tot Nut met die stroom moes saamgaan om nie onder te gaan nie. Die plek wat Engels daar ingeneem het, het al hoe belangriker geword, totdat Hollands uit die ereplek gedring is. Reeds op 16 September 1847 staan in ’n berig oor die skool in *De Zuid-Afrikaan* te lees: „De Engelsche taal staat er op den voorgrond, terwyl er de Nederduitsche, thans zoo onafscheidbaar met gene verbonden, op eene grondige en smaakvolle wyze onderwezen wordt.” Tien jaar later, in 1857, was dit met die eertyds beroemde Hollandse skool so ver gevorder dat aan die jonge Jan Hendrik Hofmeyr as eerste prys vir Hollands ’n Engelse

boek, *Ruins of Sacred and Historic Lands*, gegee is, met 'n opskrif daarin in Engels.<sup>54)</sup>

*Instituut van Changuion.*

Dit is nie alleen die swakkes wat voor die mag van die Engelse taal in Kaapstad geswig het nie. Selfs 'n man soos Changuion moes met die stroom saam, sy dit teen wil en dank. As professor in Hollands aan die Athenaeum was hy die aangewese man om vir die regte van die Hollandse taal te stry, en dit het hy ook met hart en siel gedoen. „Er zijn er onder u die de Hollandsche taal op hoogen prijs stellen, en er nog iets voor zouden over hebben, om haar in dit werelddel te helpen in stand houden,” het hy sy toehoorders by sy bekende voorlesing in 1840 waarvan hierbo reeds melding gemaak is, toespreek, en toe verwytend daarop laat volg: „maar zijn er niet ook onder u, die zich aan de taal hunner voorvaderen ergeren, en gaarne de hand zouden leenen om haar hoe eer hoe liever te verdringen? Zijn er niet onder de jonge lieden, die de dwaasheid hebben van voor te geven, dat zij geen Hollandsch verstaan, en echter naauweliiks drie woorden Engelsch uitbrengen kunnen, zonder hunne onbedrevenheid ook in die taal te verraden?” Op diogene wat nog in die Hollandse taal belangstel, het hy 'n beroep gedoen om hom te steun by 'n poging wat hy gaan maak om die Hollandse taal aan die Kaap te help in stand hou. Hy het aan sy belofte voldoen, en in 1844 het die werk verskyn waardeur sy naam veral bekend gebly het: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld*. Intussen is hy van die Athenaeum weg, egter nie in die eerste plaas omdat hy hom nie kon verenig met die oorwegend Engelse rigting wat dié skool ingeslaan het, soos dikwels beweer word nie.<sup>55)</sup> Dit word bewys deur die geskiedenis

<sup>54)</sup> J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*, bls. 25.

<sup>55)</sup> Changuion het die Athenaeum, wat hy elf jaar lank trou gedien het, begin Desember 1842 verlaat. Die inrigting was toe in 'n uiters treurige toestand — studente was nie minder skaars as geld nie. Changuion self het slegs nege gehad. Ná sy vertrek is Hollands nie meer as medium van onderwys gebruik nie. Vir dié taal was daar toe onder die leerlinge so weinig belangstelling dat die klasse daarin kosteloos gemaak is om studente aan te moedig om die vak te kies. (W. Ritchie: *The History of the South African College*, dl. I, blss. 115—9; Eric A. Walker: *The South African College and the University of Cape Town, 1829—1929*, bls. 23.)

van sy eie instituut, wat hy in 1843 in die Loopstraat begin het en waarby ons nou 'n oomblik moet stilstaan.

In *De Zuid-Afrikaan* van 5 Januarie 1844 verskyn 'n verslag van 'n openbare eksamen in sy skool. Dit blyk dat hy 'n jaar lank onderwys gegee het aan vyf kinders, waarvan twee sy eie. Ná afloop van die eksamen hou Changuion 'n toespraak in Engels waarin onder andere meegedeel word: „De bybelsche geschiedenis is in het Nederduitsch, al de overige vakken zyn in het Engelsch behandeld.” Hollands was dus seer seker nie die voertaal van sy skool nie. 'n Nog treffender bewys vir die geringe plek wat Hollands in sy instituut ingeneem het, vorm 'n berig wat ses maande later, op 16 Julie 1844, in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het. Dit is 'n vertaling deur Changuion self van die verslag wat hy by die halfjaarlikse eksamen aan ouers voorgelees het en wat reeds in die *Cape Town Mail* gepubliseer was. Daar is nou agtien leerlinge in sy skool. Wat betref die jongste afdeling: „Deze hebben hunne lessen in de bybelsche geschiedenis nagenoeg op dezelfde wyze als verleden jaar voortgezet, met dit onderscheid dat zy dikwyls, in verband met het onderwerp der les, een hoofdstuk uit den Engelschen bybel lazen.” In verband met die ouer afdeling, les syferkuns, sê hy: „Dat zy niet beter slaagden is daaraan te wyten, dat zy voorheen meerendeels door middel van het Hollandsch in dit vak onderwezen werden [die leerlinge het naamlik van ander skole na hom gekom], zoodat zy nu met twee moeyelykheden, die des onderwerps en die der taal tegelyk, te stryden hadden. Dit tydelyk nadeel zal, naar het ons voorkomt, ruim vergoed worden door het blyvend voordeel dat hun te beurt valt in de meerdere beoefening van het Engelsch, eene taal waaraan zy vroeger niet genoeg tyd besteed hebbent.”

Changuion se instituut het 'n bloeiende inrigting geword, egter nie omdat dit 'n Hollandse skool was nie, maar omdat daar goeie onderwys gegee is van die soort wat die publiek wou hê. In *De Zuid-Afrikaan* van 18 Maart 1852 staan weer 'n verslag van 'n openbare eksamen wat daarin gehou is. „Eerst kwam een talryke klasse om Engelsch te lezen,” lui dit; „daarna eene minder talryke om in de Hollandsche Spraakkunst geëxamineerd te worden. Voor dit laatste scheen weinig liefhebbery te zyn, hoewel er twee of drie onder den

hoop waren die door hunne antwoorden toonden dat er wel gelegenheid is om Hollandsch te leeren indien men wil.”<sup>56)</sup>

Te oordele na die skole was die toekoms van die Hollandse taal in Kaapstad teen die einde van die periode wat in hierdie hoofstuk behandel word, nie besonder rooskleurig nie. Dit res ons nog om die geskiedenis van die taal in die Nederduitse Gereformeerde Kerk na te gaan.

#### E. DIE TAAL IN DIE KERK

##### *Sinodes van 1826 en 1829.*

Die poging van lord Charles Somerset om die Hollandse Kerk te verengels, is deur sy opvolgers voortgesit. Ten spyte van die ontevredenheid wat dit in baie gemeentes veroorsaak het, is steeds meer Skotse predikante ingevoer, totdat aan die einde van 1834 dertien van die drie-en-twintig diensdoende leraars van die Hollandse Kerk Skotte was. Intussen het op die sinodesittings van 1826 en 1829 nie veel van belang op taalgebied gebeur nie. In 1826 is die taalkwessie glad nie aangeroer nie, en in 1829 is 'n voorstel dat die Kort Begrip in Engels moet vertaal word, teruggetrek, hoewel die Skotse predikante toe reeds in die meerderheid was.<sup>57)</sup> Uit die offisiële verslae van die sinodes deur die kommissaris-politiek val ook nie veel omtrent die taaltoestande in die Kerk te leer nie. Slegs een paragraaf van die verslag oor die sitting van 1829 is vir ons van belang omdat daaruit weer duidelik blyk wat 'n willige instrument J. A. Truter—en ook sy mede-kommissaris W. D. F. Berrangé—in die hande van die Engelse regering was en hoe angsvallig hy die taalbeleid van die owerheid uitgevoer het. Op die sinodesitting is naamlik besluit om met goedkeuring van die regering 'n theologiese skool aan die Kaap te stig. Die kommissaris-politiek beveel die plan by die goewerneur aan, maar voeg die volgende advies daaraan toe: „We only think it necessary

<sup>56)</sup> „A Bengali” praat in sy reeds genoemde *Notes on the Cape*, bls. 29, van „private seminaries in Cape Town, where the studies both for English and Dutch are (as is proper in an English colony) conducted entirely in the English language.” Het hy miskien ook aan Changuiou se Instituut gedink?

<sup>57)</sup> Die vertaling van die Kort Begrip was nodig vir godsdiens-onderwys in Engels.

to submit to His Excellency's particular attention, that a general knowledge of the English Language being of great moment for the Colony, the adoption of the plan submitted by the Synod for the establishment of a Theological School, if finally sanctioned, ought in our humble opinion, to be made inseparable from an express stipulation 'that as well those, who are in consequence thereof ordained as Clergymen, as those who are prepared as minor Teachers, must be competent to preach and teach as well in the English as in the Dutch language, and that no Minister ordained in this Colony shall be admitted to the Pulpit without his being *bona fide* enabled to comply with such stipulation.'"<sup>58)</sup>  
 Die seuns van Hollandse koloniste moes opgelei word om 'n doel te help bereik waarvoor op die oomblik nog predikante uit Skotland moes ingevoer word. Voorlopig het egter van die Sinode se planne vir die oprigting van 'n theologiese skool niks gekom nie.

*Voorstel oor Engelse dienste in Sinode van 1834.*

Op die vierde sinodale vergadering, wat op 4 November 1834 geopen is, het die Skotse predikante die eerste stap gewaag om die Engelse taal vaste voet in die Hollandse Kerk te laat kry. Die inisiatief is geneem deur ds. James Edgar, predikant van Somerset (Hottentotsholland), wat as beskrywingspunt onder die hoof „Kerkbestuur“ die vraag gestel het: „Keurt de Synode het goed dat er in onze kerken, door onze leeraars in het Engelsch gepredikt worde?“

Gevoelens het hoog geloop oor die punt.<sup>59)</sup> *De Zuid-Afrikaan* van 7 November noem die vraag „of de Godsdienstoefening van de Nederduitsch Hervormde Kerken in de Engelsche Taal zal gehouden worden“ een van die belangrikste onderwerpe wat op die Sinode sal behandel word, en verseker dat die gevoel van die gemeentelede daarteen algemeen is. Uit die toon van die artikel blyk dit duidelik dat die redakteur die voorstel in direkte verband met die verengelingsbeleid van die regering bring. „Het is de pligt

<sup>58)</sup> Dr. A. Dreyer: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, dl. III, bls. 322.

<sup>59)</sup> Dit was nie nou die eerste keer dat oor die onderwerp gepraat en geskrywe is nie — sien b.v. hierbo, bls. 71.

van ieder Gouvernement," sê hy, „om elke Gemeente in de uitoefening van hare Godsdienst-pligten te beschermen, zonder zich te bemoeien met die manier, waarmede zoodanige Godsdienstige pligten worden uitgevoerd." Ander Kerke word nie in hul vryheid belemmer nie; „en waarom zouden wy dan niet toegelaten worden, om onze Godsdienst oefeningen, in de algemeene taal, door al de Leden onzer gemeenten verstaan wordende, de Hollandsche taal namelyk, te houden? Waarom zouden wy moeten uitgezonderd worden van dat algemeene grondbeginsel van verdraagzaamheid op het stuk van Godsdienst? . . . Waarom zouden wy niet toegelaten worden, om onzen God en onzen Zaligmaker in onze eigene taal te aanbidden? . . . Wy hebben even zoo veel regt op de bescherming van Zyner Majesteits Gouvernement als eenige anderen zyner onderdanen." Tenslotte word lede van die Sinode vermaan dat „door de taal van uwe Godsdienst te veranderen, gy den eersten stap doet om uw Geloof en uwe Godsdienst te verzaken!"

Toe die vraag in die Sinode ter sprake kom, het daar onder die afgevaardigdes sterk meningsverskille oor bestaan. Die predikante wat daarteen gekant was, was in die minderheid, maar hul moes hul deur die kragtige artikel in *De Zuid-Afrikaan* gesterk gevoel het. Dit het duidelik geword dat die Hollandse predikante nie kon gedwing word om ook in Engels te preek nie; vandaar die versigtige formulering van die besluit wat uiteindelik oor die punt geneem is, „dat een ieder vrijheid hebbe, en aangemoedigd worde, waar zulks geschieden kan en noodig is, om dit te doen, mits zonder nadeel aan de Hollandsche gemeente, en met voorafgegane kennis aan den Kerkeraad omtrent het gebruik van het kerkgebouw."

Daar bestaan geen twyfel nie dat daar op verskillende plattelandse dorpe in hierdie tyd behoefte aan Engelse dienste bestaan het. Die enigste Engelse kerke was in Kaapstad en Grahamstad, terwyl daar in ander dele van die Kolonie Engelse gewoon het wat te gering in aantal was om 'n gemeente van hul eie kerkgenootskap te vorm en van wie baie gewillig was om by die Hollandse Kerk aan te sluit as daar vir dienste in hulle taal voorsiening sou gemaak word. Op sigself beskou was die voorstel van die Skotse predikante dus nie onbillik nie, mits die Engelse dienste beperk sou

word tot dié dorpe waar hulle nodig was.<sup>60)</sup> Die vraag is of die voorstanders van Engelse dienste werklik alleen maar in die behoeftes van die kerklose Engelse op die platteland wou voorsien. Baie gemeentelede het die saak nie vertrou nie en daar 'n aanval op die bepaald Hollandse karakter van hul Kerk in gesien, soos duidelik uit die hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* blyk.

*Pleidooy vir Engelse dienste in Groot Kerk.*

*De Zuid-Afrikaan* en die lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapstad was ook nie sonder rede so besorgd nie. Slegs enkele maande tevore het verskeie korrespondente in *The South African Commercial Advertiser* daar ernstig voor gepleit om ook in die Groot Kerk Engelse dienste in te voer. Hul vernaamste argument was dat die Kaapse jeug hul kennis van Engels wil verbeter en dat hul in die geleentheid moet gestel word om Engelse dienste in hul eie kerk by te woon. „In the Episcopal congregation,” vra „A Friend to Youth” in die uitgawe van 25 Junie 1834, „are there not highly respectable individuals to be found from the Reformed and Lutheran communities, who attend the service from a regard to the language?” Dit was juis dit, sê hy, wat 'n aansienlike lid van die Engelse Kerk onlangs in 'n verslag laat beweer het dat die vooraanstaande Kaapse families gretig is om by die Episkopale Kerk aan te sluit. Die gevval is egter „that it is the language that attracts them, as I am persuaded they have the deepest respect for the Church in which they were educated. But the number is much greater of those who, having made some progress in the acquisition of the tongue, and wish to make more, who yet will not often attend Divine Service for the sake of the language, except it be performed according to their own ceremonies

<sup>60)</sup> Oor hierdie streke skryf Nicolas Polson: *A Subaltern's Sick Leave, or Rough Notes of a Visit . . . to China and The Cape of Good Hope*, bls. 116: „In many parts I have heard complaints, especially where the English were numerous, of the refusal of the Dutch ministers to read occasional services in English.” Sien hieroor ook 'n brief in die *S.A. Comm. Adv.* van 8 Mrt. 1834. Op die platteland waar geen Engelse kerk was nie, het lede van die Episkopale Kerk by die Hollandse gemeentes aangesluit. (*A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony*, in 1848, dl. I, blss. 9, 82, 95.)

and by one of their own clergymen." Bewyse van die groot begeerte onder die hoër klasse om goed Engels te leer, gaan die korrespondent voort, is aan alle kante te kry. „Look at the College. The Students are chiefly the sons of Dutch parents, and yet one great object of their study is the English language. Look at those families where the daughters are not sent to school at all to learn their mother tongue, but every effort is made to acquire an English education."

Teenstanders het beswaar gemaak dat die Kerk nie mag gebruik word om 'n doel te help bereik wat niets met die godsdiens te make het nie, en dat dit nie langer 'n Hollandse Gereformeerde Kerk sal wees as daar Engels gespreek word nie. Ook is beweer dat „A Friend to Youth" 'n oordrewe voorstelling van sake gee en dat die Hollandse koloniste nie bereid is om hul eie taal te verwaarloos ter wille van Engels nie. Verskeie briewe is oor en weer geskrywe, en ook in 'n hoofartikel van die *Advertiser* is die preek van Engels op die platteland aangemoedig. Dit is daarom te begrype dat die Hollandse ingesetenes van Kaapstad die Sinode van 1834 met heelwat ongerustheid moes tegemoetgesien het.<sup>60a)</sup>

#### *Beskrywingspunte van ds. Robertson vir Sinode van 1837.*

Verskeie van die Hollandse predikante wat die Sinode van 1834 bygewoon het, sou dit ongetwyfeld uiters moeilik gevind het om in Engels te preek as dit van hulle geëis was; en die Skotse predikante moes ingesien het dat hulle vir die bereiking van hul doel sou moes sorg dat alle predikante van die Hollandse Kerk daartoe in staat was. Van die reeds aangestelde predikante kon dit nie meer verlang word nie, maar wel van dié wat in die toekoms sou benoem word. Vir die Sinode van 1837 het ds. William Robertson, predikant van Swellendam, daarom 'n beskrywingspunt opgestuur „dat eenige genoegzame kennis der Engelsche Taal in alle nieuw aankomende Leeraars voortaan als een noodzakelike vereischte beschouwd worde, en dat, waar een bepaald getal Engelsche inwoners en geen Engelsche Leeraar zich bevindt, de Leeraar der Nederduitsch-Hervormde Kerk verpligt zal

---

<sup>60a)</sup> Sien die *S.A. Comm. Adv.* van 4, 14, 21, 25 Jun., 5, 9 en 12 Jul. 1834, en ook die *Cape of Good Hope Literary Gazette* van Aug. 1834.

zijn ook in het Engelsch te prediken.” Toe die punt in die vergadering aan die orde kom, het ds. Robertson egter sy voorstel teruggetrek, met die opmerking dat hoewel hy ten volle oortuig is van die belang van die voorstel, hy die saak aan die goewerment sou oorlaat. Dit word in die *Acta Synodi* nie vermeld waarom hy sy voorstel ingetrek het nie, maar waarskynlik was dit omdat dit alte kwaai teenstand sou uitgelok het.

Ds. Robertson het nog 'n ander beskrywingspunt vir diezelfde Sinode gehad, naamlik „dat de Synode den korten inhoud der Christelijke Leer, of verkorten Katechismus van de Kerk van Schotland (Shorter Catechism) onlangs in het Nederduitsch overgezet, goedkeure, om door des verkiezenden in het doen van belijdenis gebruikte te worden.” Hy het egter ook hierdie punt ingetrek, en in plaas daarvan voorgestel „dat de Heidelbergse Catechismus, en het Kort Begrip door den druk verkrijbaar worden gemaakt in het Engelsch,” daar hy sy eerste voorstel veral gedoen het om diegene tegemoet te kom wat geen genoegsame kennis van Hollands het nie. Die vergadering was, met een uitsondering, algemeen van gevoele „dat het noodzakelijk was om niet alleen den Catechismus maar ook de Formulieren te vertalen, of de reeds gedane vertaling na te zien en te laten drukken.” 'n Kommissie is daarop benoem om hierdie besluit uit te voer.<sup>61)</sup> Ná die toegewings van 1834 en 1837 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk hoe langer hoe groter gevrees geloop om sy suiwer Nederduitse karakter te verloor.

*Besware teen onnodige benoeming van Skotse predikante.  
Antwoord van lord Glenelg.*

Die groot toename in die aantal Hollandse gemeentes tussen die jare 1811 en 1833 het kolonisteseuns hoe langer hoe meer aangemoedig om vir predikant te gaan studeer, totdat daar ná 1834 geen behoefte meer was om Skotse predikante in te voer om voorkomende vakatures te vul nie. Aan die begin van 1836 was daar in die Kolonie twee Afrikanerpredikante wat nog geen benoeming gekry het nie, ag nog in Holland aan die studeer en een op die punt van vertrek na die Kaap. Toe dit daarom in die Goewermentsblad van 1 April aangekondig word dat 'n predikant uit Skotland vir

---

<sup>61)</sup> *Acta Synodi 1824—1870, blss. 142, 143, 186, 187.*

die gemeente Colesberg aangestel is, het dit groot opspraak verwek. In die openbare pers is daar heelwat oor geskrywe,<sup>62)</sup> en op initiatief van die moedergemeente is deur die ring van Kaapstad 'n versoek aan die goewerneur gerig „om by het Gouvernement in Engeland te willen bewerken, dat er voor de Nederduitsche Hervormde Kerk alhier voor eerst geene aanstellingen van Predikanten geschieden, dan ten behoeve van hen, die reeds hier zyn, en nog geene aanstelling hebbent kunnen bekomen, en dat het, by verdere dispositien over vacaturen alhier moge worden in aanmerking genomen, dat zich thans nog in Europa een getal van Negen bevindt van zulken, die in het vooruitzicht van by hunne terugkomst in hun Vaderland als Predikanten der Hervormde Kerk alhier te zullen worden geplaatst, even als de zich hier bevindenden, groote opofferungen gedaan hebbent en nog doen, om zich daartoe te bekwamen, en waarvan eenigen binnen kort te verwachten zyn.”

Op versoek van die Kaapstadse ring het ook die ringe van Swellendam en Graaff-Reinet besluite oor die saak geneem en aan die goewerneur opgestuur. Dit is kenmerkend dat die twee Skotse predikante van die Swellendamse ring en die hele ring van Graaff-Reinet, waar al die predikante Skotte was, hul nie met die versoek wou verenig nie. Graaff-Reinet wou nie alleen die saak geheel en al in hande van die regering laat nie, maar het ook versoek dat wanneer predikante benoem word, die regering in aanmerking moet neem dat in verskillende gemeentes, veral in die oostelike deel van die land, daar baie mense is wat graag Engelse naas Hollandse dienste wil hê. Die destydse goewerneur, sir Benjamin D'Urban, het ewenwel die billikheid van die versoek van die Kaapstadse ring erken en in sy skrywe aan die Britse Minister van Kolonies daarop gewys dat alleen predikante uit Skotland geboortig daarteen gekant was. Hy het daarom sterk aangedring op die benoeming van gebore Kopenare, hoewel hy tegelykertyd in ooreenstemming met die ring van Graaff-Reinet aanbeveel dat alle predikante in staat behoort te wees om ook in Engels te preek en dat hul daartoe verplig moet word as 'n voldoende aantal Engelse ingesetenes daarom versoek.

---

<sup>62)</sup> Sien *De Zuid-Afrikaan* van 15 en 29 April en 6 Mei 1836.

Die Minister van Kolonies, lord Glenelg, het op 26 Mei 1838 op die punt geantwoord. In beginsel was die Britse regering dit met die versoek van die ring van Kaapstad eens, maar nie onvoorwaardelik nie. „In weighing the respective qualifications of Candidates, it will be of importance to bear in mind the suggestion of the Graaff-Reinet Presbytery that persons appointed to the Ministry of the Colonial Church should be able at least to perform divine service in the English as well as in the Dutch Language. Whether it may be expedient to enforce the regular performance of the Service in English once on every Sunday, is a question which must depend on the relative number of the Inhabitants of each Class. I observe that those Students in Theology whose names are recorded as having studied in Europe, appear to have done so exclusively at the Dutch Universities, and not in this country. In this choice they probably have been influenced by familiarity with the Dutch language and perhaps by motives of economy, but I consider it an object of some importance, that young men destined for stations of so much influence in the Colonial society should, if possible, receive, at least, a portion of their education in this country; and for this purpose the Scotch universities afford many advantages. I wish it therefore to be understood that between Candidates whose qualifications are in other respects equal, the Government would be disposed to give a preference to those whose Theological Studies have not been exclusively finished in a Foreign Country.” Die Kaapstadse ring het van die beslissing van die Engelse regering kennis geneem en dit van soveel belang beskou dat die goewerneur versoek is om die nodige publisiteit daaraan te gee. Dié versoek is toegestaan, en in die goewermentsblad van 26 April 1839 het 'n kennisgewing verskyn waarin die inhoud van die brief van lord Glenelg opgeneem is.<sup>63)</sup>

#### *Ontevredenheid oor 'n plan van ds. Robertson.*

Die tydige optrede van die moedergemeente in Kaapstad het ongetwyfeld ook heelwat daartoe bygedra om 'n bedrei-

---

<sup>63)</sup> Dr. A. Dreyer: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, dl. III, blss. 381—7; A. Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873*, blss. 590—1.

ging van die Hollandse Kerk uit 'n ander hoek af te weer. In sy memorandum oor onderwys van Augustus 1837 deel die Koloniale Sekretaris, kolonel Bell, mee dat dit onlangs aan die hand gegee is om weer 'n aantal onderwysers uit Skotland te kry— „but with this proviso, that all the vacancies hereafter arising within the Dutch Reformed Church within this colony shall be supplied from amongst these teachers, who must, consequently, be qualified as teachers of religion before their arrival.”<sup>64)</sup>) Hierdie voorstel was afkomstig van ds. William Robertson, predikant van Swellendam, wat dit ook reeds enkele jare vroeër aan sir Lowry Cole gedoen het.<sup>65)</sup>) Bell, wat pas 'n jaar gelede die korrespondensie met die Kaapstadse ring oor die aanstelling van Skotse predikante gevoer het en kennis gedra het van die goewerneur se gevoelens oor die saak, het gelukkig die onbillike van die voorstel ingesien en dit ook uitdruklik in sy memorandum uiteengesit. Hy het dit egter nie heeltemal van die baan geskuif nie, maar sir John Herschel het in sy advies oor onderwys die plan aangekeur.<sup>66)</sup> Tog het die vrees by die Hollandse koloniste bly hang dat so 'n voorstel later nog eenmaal kon uitgevoer word.

Hoe ná die saak hulle geraak het, blyk baie duidelik uit 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 3 April 1840, waar van die onlangs benoemde Superintendent-Generaal van Onderwys James Rose Innes gesê word: „In de aanstelling van Meesters of Onderwyzers, denken wy, veilig te mogen zeggen, dat hy afblyven zal van dat gekke voorstel,—dat tevens eene aanranding is op het gevoel van meer dan twee derden der kolonisten,—om Schotse Schoolmeesters voor de Gouvernement Schoolen in de Buiten-Distrikten aantestellen, met eene verbintenis om hen als Leeraren der Hollandsche Hervormde Kerk te benoemen, in geval van eenige Vacature in hun Distrikt. Dit voorstel is op eenen zekeren tyd gedaan, en wy twyfelen waarlyk of wy de dwaasheid van zulk een voorstel met verdiende spottery behandelen, of lucht zullen geven aan ons regtmatig gevoel van verontwaardiging over

<sup>64)</sup> *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. V, bls. 54.

<sup>65)</sup> A. Moorrees: *Die Nederd. Geref. Kerk in S.-A.*, bls. 587.

<sup>66)</sup> *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. V, bls. 59.

de belediging eene Kerkelyke Gemeente aangedaan, welke twee-derde der Koloniale bevolking uitmaakt. Ons bloed kookt over de wreede indringing in die zaken onzer Kerk . . . Wy zyn voor het tegenwoordige verzekerd tegen zulk een duivelsch plan, beide door het bekende liberale karakter van onzen Superintendent Generaal en door het stellig en levendig gevoel door de Leden der Hervormde Kerk aan den dag gelegd, om met die onafhankelykheid en regten hunner Kerk te staan of te vallen." Die vasberade houding van die Hollandse predikante en gemeentelede het tot gevolg gehad dat daar, van regeringsweë altans, nooit weer Skotse leraars vir die Hollandse Kerk ingevoer is nie. In 1837 was die Skotte nog in die meerderheid, maar vanaf 1839 is weer verskeie nuwe gemeentes gestig, waarin Afrikaners benoem is; dit het dan ook nie lank geduur nie of die Hollandse predikante het die Skotse in aantal ver oortref.

*Engelse pers vra weer om Engelse dienste in Hollandse kerk.*

In die Sinode van 1842 is die besluit van 1834 omtrent Engelse dienste in die Hollandse Kerk herhaal, maar groot betekenis het dié dienste in die eersvolgende jare nog nie gekry nie. Diegene wat gehoop het dat die Hollandse taal nou binnekort ook op die kansels van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir Engels plek sou maak, was kennelik teleurgesteld met die loop van sake en het eindelik in die pers aan hul ontevredenheid uiting gegee. Omstreeks 1850 het dit vir baie mense werkelik gelyk of Hollands dit binne afsienbare tyd in die stryd teen Engels sou aflê, en die voorstanders van Engels het dit die Hollandse Kerk kwalik geneem dat hy op taalgebied nie vinnig genoeg met die stroom saamgaan nie. Die redakteur van *The Cape of Good Hope Observer* het in sy uitgawe van 29 April 1851 die kwessie aangeraak. „There can be no doubt," skrywe hy, „that it is a duty of the ministers of the Reformed Church, which it is not justifiable in them to neglect, to introduce English, which is fast becoming the language of the thoughts of their people, into the devotions of their churches." Dit word beweer dat daar nou nie minder as tien of twaalf predikante is nie wat volkome in staat is om 'n Engelse preek te lewer. „Is it too much to hope," vra die redakteur dan, „that

English will cease to be an unheard tongue, if not an unknown one, in the oldest church of this colony,—and that Cape Town will set the country an honorable example?"

Die volgende dag was daar na aanleiding van die stuk in die *Observer* 'n lang brief in die *Commercial Advertiser* waarin ook vir die toelating van Engels in die Hollandse Kerk gepleit word. „I think,” voer die korrespondent onder andere aan, „that if the members of the Reformed Church think seriously of the position of the younger portion of their households, whose future public life will chiefly demand intimacy with the English language, and whose education, indeed, is at this very time almost a purely English one, they will be obliged to admit the *necessity* for making some provision of the nature alluded to.” Hierdie redenering, die nood van die opkomende geslag, sou die voorstanders van Engels preek nog baie jare as een van hul vernaamste argumente aanvoer. „I am aware,” gaan die korrespondent voort, „that some of the Ministers in the country do hold periodical English services,—but this is done, avowedly, for the sake of resident English who have no other means of public worship, and in some cases the practice seems to have been discontinued on the arrival in the places in question of Ministers of the English Church.” Ten slotte gee hy dan aan die hand dat — „as a beginning” — 'n gereelde maandelikse diens in die Hollandse Kerk in Kaapstad ingestel word.

#### *Twisgeskryf oor Hollands en Engels.*

Dit is te begrys dat die verdedigers van Hollands nou ook hul stem laat hoor het. In *De Zuid-Afrikaan* van 12 Mei 1851 word die redakteur van die *Observer* deur 'n korrespondent onder hande geneem. „Zoudt gy welligt in uwen yver voor de Engelsche taal niet wenschen,” vra die korrespondent hom, „dat ook de Bybel niet meer in het Hollandsch in dit land worde verspreid, en al wat Hollandsch is, van hier worde verbannen?” En dan laat hy daarop volg: „Houdt u verzekerd, dat hoe ook zekere liedien de Hollandse taal geheel uit de kolonie zouden willen verbannen zien, en hoe ook het woord *Dutch* door sommigen als een schimpnaam wordt gebezigd, hun verlangen nimmer zal worden bevredigd.” 'n Twisgeskryf het ontstaan waaraan verskeie

personen aan albei kante deelgeneem het. Uit die aard van die saak het die brieue later nie alleen oor die invoering van Engels in die Hollandse Kerk gegaan nie, maar ook oor die hele kwessie van die posisie van die twee tale in die land. Dit is duidelik dat die Engelse volle vertroue gehad het dat die Hollandse taal uiteindelik heeltemal van die toneel sou verdwyn. So skrywe 'n korrespondent uit Beaufort in *De Zuid-Afrikaan* van 5 Junie 1851: „A single glance at the progress made in English for the last twelve years by those of Dutch descent is sufficient to expell the absurd hallucination that the Dutch language will retain its ancient ascendancy in this colony;” en dan verder: „Every dispassionate observer must, with regret, have noticed the great disadvantages arising from the existence of the two languages in the colony, and so long as both continue colloquial languages, a certain unpleasant, undefinable, anti-Dutch, anti-English feeling will prevail.” Die Hollandse taal moet syns insiens egter nie deur dwangmaatreëls onderdruk word nie. „Although an advocate for the more general diffusion of English amongst all classes,” sê hy, „still I would allow the Dutch language to slide away gently into the grave of oblivion.”<sup>67)</sup> Sommige mense was dan ook van mening dat hoewel dit nou miskien nog nie noodsaklik was om die Engelse taal tot die kansels van die Hollandse Kerke toegang te gee nie, die jong geslag oor 'n twintig jaar sonder twyfel veel beter Engels as Hollands sou verstaan, en dat met die saak tot dan sou kan gewag word.<sup>68)</sup>

#### *Vertaling van Simboliese en Liturgiese geskrifte.*

Hoe veel daar ook al oor die invoer van Engels in die gereelde dienste van die Hollandse Kerk geskrywe is, het dit nog 'n aantal jare geduur voordat iemand dit gewaag het om met so 'n voorstel na die Sinode of na een of ander kerkraad te kom. In die sinodale vergadering van 1852 het die kwessie van Engelse dienste nie ter sprake gekom

<sup>67)</sup> In die *Observer* van 13 Mei het die redakteur beweer dat die Franse taal aan die Kaap deur die Hollandse regering onderdruk is. Reeds in die *Cape of Good Hope Literary Gazette* van Aug. 1834, bls. 126, is die „onderdrukking” van die taal van die Hugenote indirek as regverdiging van die taalbeleid van die Engelse goewerment aangevoer.

<sup>68)</sup> Sien o.a. die *Zuid-Afrikaan* van 15 Sept. 1851.

nie, behalwe dat daar 'n beskrywingspunt van ds. J. Murray was: „Dat de H. E. Synode, ten gebruikte onzer Kerk, eene Engelsche Vertaling van onze Symbolische en Lithurgische Schriften doe vervaardigen en uitgeven.” Oor hierdie punt is besluit om vir rekening van die Sinode die Engelse vertaling van die Formuliere, Katekismus, Kort Begrip, Geloofs-belydenis en Liturgiese Skrifte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Amerika te laat herdruk; en die kommissie wat in 1837 benoem is, is opdrag gegee om vir die uitgawe te sorg.<sup>69)</sup> Dit is van belang om daarop te let dat die beskrywingspunt van 'n seun van een van die ingevoerde Skotse predikante afkomstig was.

#### F. BESLUIT

Die verengelsing van die Kaapse koloniste het veel meer moeilikhede opgelewer as die Engelse owerheid aan die begin van die neentienda eeu verwag het. „Import English teachers and the next generation will be Englishmen,” is in 1809 in oormoed geskrywe,<sup>70)</sup> maar ná byna vyftig jaar was die regering nog baie ver van sy doel verwyderd. Van verengelsing op die platteland was aan die einde van die tydperk in hierdie hoofstuk onder behandeling nog weinig sprake. Die poging om die koloniste daar deur middel van die skool (Skotse onderwysers) en die kerk (Skotse predikante) in die Engelse stroom te trek, het weinig opgelewer. Die boere op die plase het buite bereik van die verengelsende invloed gebly.

Die naaste aan sy doel het die regering gekom in Kaapstad en sy onmiddellike omgewing, soos lig te begryspe is. Daar kon die Engelse invloed hom deur die staatsdiens, die regbank, die onderwys, die handel en die maatskaplike omgang die sterkste laat geld. Tog was die aantal Afrikaners wat hul in belangrike mate laat verengels het, selfs daar nog maar uiters gering in vergelyking met dié wat aan die Hollandse taal vasgehou het. Die toestand was egter verre van gesond en die toekoms nie sonder groot gevaar nie. Die nasionaliteitsgevoel van die ou koloniste was nog altyd betreklik swak ontwikkel, en hul onderdanigheid en trou aan

<sup>69)</sup> Sien ook *De Kerkbode*, 1853, bls. 278.

<sup>70)</sup> Dr. E. G. Malherbe: *Education in South Africa*, bls. 57, aant. 8.

die Britse kroon was nie juis daarop bereken om hul eie nasionale bewussyn lewendiger te maak nie.<sup>71)</sup> Teen 1854 was die manne wat die volwasse leeftyd bereik het voordat die Kaap in 1806 vir die tweede maal in Engelse hande oorgegaan het, reeds digby of oor die sewentig jaar, en die derde geslag van Afrikaners wat onder geen ander as die Britse vlag geleef het nie, was aan die opgroei. Die herinnering aan die ou moederland was nie meer so lewendig soos vroeër nie, en die noodsaaklikheid van hul voortbestaan as aparte volksgroep, met 'n eie bestemming, het die ou koloniste nog nie duidelik geword nie. Hoe langer hoe meer Afrikaners in die stad het volledig tweetalig geword — die eerste noodsaaklike stap in die rigting van verengeling en uiteindelike Engels-eentaligheid. Dit sou nie meer so heel lank duur nie of die verengelste Afrikaner sou 'n belangrike bondgenoot van die Engelse regering word in sy stryd teen die Hollandse taal in die Kolonie. Aan hardnekke verset

<sup>71)</sup> Hoe weinig nasionaal bewus die Afrikaners, ook op die platteland, was, tree duidelik aan die lig wanneer ons die geskiedenis van Suid-Afrikaanse dorpsname bestudeer. Dit blyk dat hulle nie alleen nie ontevrede was met name soos *George, Caledon, Beaufort, Somerset, Worcester, Clanwilliam, Prince Albert, Victoria, Darling*, ens., ens., wat deur die regering aan pas gestigte gemeentes en dorpe gegee is nie, maar ook dat hulle self om meer sulke name aansoek gedoen het. Die name *Cradock, Colesberg, Durban(ville), Napier, Richmond* is op spesiale versoek van die ingesetenes self aan die onderskeie dorpe gegee. Die kerkraad van Richmond wou vir hulle gemeente en dorp eers die naam van die destydse goewerneur Maitland hê; en toe dit hul geweier word, het hul gevra om dit Richmond te mag noem, na die goewerneur se skoonvader. Ook aan die manne van Burgersdorp is dit geweier om hul dorp die naam Maitland te gee. Die geskiedenis van die dorpsnaam *Wellington* is ook besonder leersaam. Toe die mense van die omgewing besluit om van die Paarl af te stig, het hulle 'n plaas gekoop en daarop 'n kerk gebou. Aan die goewerneur het hulle gevra om sy eie naam Napier aan die nuwe dorpie te gee. Die naam was egter reeds aan 'n ander pas gestigte dorpie toegesê, en toe vra hulle om die naam Blencowe, ter ere van die goewerneur se skoonvader. Toe dit hulle geweier word, het hulle die goewerneur gevra om dan self 'n naam vir hul dorp uit te soek. Daarop het die plek sy naam *Wellington* gekry. (Sien C. Graham Botha: *Place Names in the Cape Province*, blss. 119 vlgg.)

teen algehele verengeling het dit by baie egter geensins ontbreek nie. Die stryd sal hoe langer hoe feller word, en hoe feller hoe interessanter.<sup>72)</sup>

<sup>72)</sup> In die *Zuid-Afrikaan* van 17 Okt. 1853 het daar na aanleiding van die aankoms van 'n tweede Hollandse boekverkoper (Juta!) in Kaapstad 'n hoofartikel oor die posisie van die Hollandse taal in die Kolonie verskyn. Dié artikel is van besondere belang omdat dit 'n mooi bevestiging bevat van wat in die voorafgaande bladsye omtrent die houding van die ou koloniste teenoor die taalvraagstuk meegedeel is. Die redakteur klaars dat die duurheid van Hollandse boeke in vergelyking met Engelse en „de meer dan ooit te voren op Engelsche leest geschoeide opvoeding“ veroorsaak dat „de Hollandsche lektuur in den beschaaften stand al meer en meer op den achtergrond geraakt,“ en gaan dan as volg voort: „Dat men op de scholen in de eerste plaats Engelsch leert keuren wy goed, maar daaruit volgt nog niet dat men het Hollandsch afschaffen moet. Men zeggoe vry het Engelsch is de taal der regtspleging in deze kolonie, en zal de taal worden van ons Parlement; wy stellen daar tegen, het Hollandsch is niet alleen de taal van den huislyken kring in verre weg het grootste gedeelte der kolonie, maar het is ook in de Gereformeerde Kerk de taal van de kansel, en wy vertrouen dat sy het nog lang blyven zal. En waarby zou toch het gros onzer bevolking het meest belang hebbent, by de Regtzaal, het Parlement of de Kerk? Zouden wy wel noodig hebben die vraag te beantwoorden? Het is dan niet genoeg dat men, gelyk in sommige scholen in de Kaapstad het geval is, de Nederduitsche taal duldt op denzelfden voet als elke andere vreemde taal. Men behoort wel degelyk voor kinderen van Kaapsche ouders de gelegenheid daartestellen, om tegelyk met het Engelsch ook het Hollandsch te leeren, als eene taal waarop wy eene zeer teedere betrekking hebben.“ Nie alleen die taal nie, maar ook die letterkunde van Nederland het vir die koloniste van Hollandse herkoms 'n blywende waarde, veral in verband met hul volkskarakter. Oor die nasionaliteitskwestie sit die *Zuid-Afrikaan* dan sy standpunkt as volg uiteen: „Het is eene dwaling, die wy reeds meermalen bestreden hebben, dat wy als Britsche onderdanen verpligt zouden zyn de Britsche nationaliteit de onse te maken. De kolonist van Hollandschen oorsprong kan geen Engelschman worden, en moet ook geen Nederlander willen zyn. Wanneer hy zyn standpunkt weet te waarderen, dan zal hy als verlicht kolonist de grondtrekken van het Engelsch volkskarakter met die van het Nederlandsche harmonisch leeren vereenigen, en daaroor worden wat hy als Kapenaar worden moet.“

HOOFSTUK III

( 1854—1865 )



## HOOFSTUK III

( 1854—1865 )

### A. INLEIDING: NASIONALE GESINDHEID

*Gesindheid teenoor Engelse owerheid.*

Op 5 Desember 1854 het sir George Grey goewerneur van die Kaapkolonie geword. „He had the power,” sê Theal van hom, „that only the greatest men possess, of reconciling and bringing together bodies of people of conflicting views and interests, and leading them on together in the same path of progress. The old colonists who spoke Dutch regarded him as highly as the new colonists who spoke English.”<sup>1)</sup> Op politieke gebied was daar dan ook in Grey se regeringstyd, wat met 'n kort onderbreking tot 15 Augustus 1861 geduur het, betreklik min wrywing tussen die Afrikaanse en Engelse seksies van die Koloniale bevolking. Die verontwaardiging wat onder Kaapse Afrikaners gewek is deur die manier waarop die Britse regering hom in Februarie 1854 aan die Oranjerivier-Soewereiniteit onttrek het, het wel nog verskeie jare bly nawerk, sodat daar in *De Zuid-Afrikaan* telkens skerp artikels oor die Britse koloniale politiek verskyn het. Ook die heftige wrywing wat daar in 1856 in die Vrystaat tussen Boere en Engelse ontstaan het na aanleiding van die verhoor en skuldigbevinding aan moord deur 'n republikeinse hof van 'n Engelsman Charles Leo Cox, het sy uitwerking in die Kolonie nie gemis nie. Die goewerneur het ewenwel gou daarin geslaag om die vertroue van die Vrystaters te wen, en die moontlikheid van aanwakkering van nasionale verdeeldheid in die ou Kolonie uit dié hoek het — vir die oomblik altans — byna geheelenal verdwyn.<sup>2)</sup> Binne die grense van die Kolonie self het die afskeidingsbeweging in

<sup>1)</sup> *History of South Africa from 1795 to 1872*, dl. IV, blss. 18—19.

<sup>2)</sup> In die jare ná 1854 het die *Zuid-Afrikaan*, diep geskok deur die manier waarop met die Soewereiniteit gehandel is, die Vrystaat herhaaldelik gewaarsku om haar nie deur die federasieplande van sir George Grey te laat verlei nie. In 'n hoofartikel van 28 Apr 1856 b.v. word die Vrystaat vereniging met die Transvaal aanbeveel,

die Oostelike Provincie, waarvan nasionale vooroordele in hoë mate die dryfveer was, tydelik sy krag verloor; en die hele bevolking het onder die taktvolle bestuur van Grey 'n tydperk beleef van materiële voorspoed en vooruitgang op velerlei gebied.

Die simpatieke optrede van die goewerneur het ongetwyfeld baie daar toe bygedra om die Koloniale Afrikaners oor die algemeen gehegter aan die Britse kroon en trouer onderdane van die Britse ryk te maak. Telkens vind ons getuienis in die Hollandse koerante van die tyd — veral in die liberale *Volksblad*, maar ook in die konserwatiewe *Zuid-Afrikaan* — wat daarop wys. Die besoek van prins Alfred, tweede seun van koningin Victoria, in Julie 1860 aan die Kaap, Stellenbosch en die Paarl sal in die Boland veral die gevoel van aanhanglikheid aan die Engelse koninklike huis nog versterk het; maar die geesdrif waarmee die besoeker ook deur die Afrikaners ontvang is, was tewens 'n bewys hoe geheg hul reeds aan die koningin was. „The hearty reception which was accorded to the royal visitor,” skryf Theal, „was sufficient to show, if such proof had been wanting, that the Dutch speaking colonists were as thoroughly loyal to her Majesty the queen as any people not of English descent could possibly be.”<sup>3)</sup>

„maar eenige bemoeienis aan den kant van Britsche ambtenaren is sterk aftkeuren, omdat sy niet verwacht kunnen worden de wezenlyke belangen van den Vry-Staat ter harte te nemen. Zy worden gedreven door een van twee beweegredenen: of door gewaande menschlievendheid, welke hen noopt de inlanders te beschermen tegen summiere straf, hoe ruim ook verdiend, of door eene bemoeizieke geneigdheid, welke derzelver oorsprong heeft in het vermetele gevoelen, dat het, onder die Voorzienigheid, de taak der Engelschen is alle geschillen te schikken welke onder de geslachten der aarde plaats vinden. Het betaamt den Uitgeweken Boeren zich de geschiedenis der laatste twintig jaren te herinneren — geen hatelyk gevoelen jegens de Engelschen te koesteren, want dit zou onchristelyk en bekrompen zyn, maar alle betrekkingen te vermyden, behalve commerciele, met de Britsche bezittingen in Zuid-Afrika.” (Prof. Changion was in hierdie tyd verantwoordelik vir die *Zuid-Afrikaan* se hoofartikels, waarin meer as eens 'n taamlik sterk anti-Engelse gevoel waar te neem is — sien o.a. ook die nommers van 21 Apr., 12 Mei en 16 Okt. 1856.) In 1858 het gebeur wat die *Zuid-Afrikaan* so graag wou voorkom, en is in die Vrystaatse volksraad 'n resolusie ten gunste van federasie met die Kaapkolonie aangeneem. Van die federasieplanne van Grey het egter niets gekom nie.

<sup>3)</sup> *History of South Africa from 1795 to 1872*, dl. IV, bls. 2.

*Verset teen bevoorregting van Engelse element.*

By baie Afrikaners het die aankwekking of versterking van 'n gevoel van trou aan die kroon en trots op hul Britse onderdaanskap tot gevolg gehad dat hulle sover moontlik alles laat waar het wat hul van gebore Engelse sou kon onderskei. Nie alleen politiek nie, maar ook kultureel wou hul een word met die res van die Britse ryk. Met die groot gros van die Afrikaners het dit egter nog lank nie so ver gekom nie; en teen alle maatreëls wat daartoe kon strek om hul hul Afrikaanse nasionaliteit te ontnem of die Hollandse element in die Kolonie te verswak, het hul konsekwent in verset gekom.

Deur baie is die staatsondersteunde immigrasie uit Groot-Brittanje en Ierland wat in 1858 'n aanvang geneem het, as so 'n maatreël beskou. *De Zuid-Afrikaan*, en ook *Het Volksblad*, het daarvoor gepleit dat die immigrasie nie tot persone uit die Britse eilande moes beperk bly nie, maar dat ook koloniste uit Holland, Duitsland en Switserland moes gehelp word om hul hier te vestig. In 'n hoofartikel van 29 April 1858 kla *De Zuid-Afrikaan* by voorbeeld dat hoe-wel baie Afrikaners staatsondersteunde immigrasie uit Holland wil hê, die regering blykbaar alleen Engelse wil help. „Dr. Tancred had wel gelyk,” sê die blad dan, „schoon hy het blykbaar in engeren en meer kerkelyken zin meende, — dat de regering de kolonie wilde *verengelschen*. En dat wil niet alleen de regering; dat willen de Engelsche bladen, dat willen vele Engelschen in de kolonie; en ronduit gezegd, wy kunnen het hen niet kwalyk nemen. Maar wat wy, wat alle Kapenaars van Hollandsche afkomst, die hunne afkomst niet geheel verloocheden, wel kwalyk mogen nemen, is dat leden van het Parlement, waarvan men verwachten mogt dat zy al zulke praktyken ten toon zouden stellen, zich stil houden.” Dit was nie die laaste keer dat Afrikaners sou kla dat hul insigte en gevoelens nie deur hul verteenwoordigers in die parlement vertolk word nie.<sup>4)</sup>

<sup>4)</sup> Reeds vroeg in 1856, in die uitgawe van 7 April, toe daar alleen nog maar sprake was van staatsondersteunde immigrasie, het die *Zuid-Afrikaan* gepleit vir immigrasie uit Holland, Duitsland en Switserland liewer as uit Groot-Brittanje en Ierland. Die betrokke artikel was nie juis vleiend teenoor die Engelse koloniste in die land nie, soos blyk uit die volgende sitaat: „Wy onthouden ons van

Uit die sinspeling wat *De Zuid-Afrikaan* hierbo op die woorde van „dr.” Tancred maak, blyk dat daar in hierdie jare 'n gevoel bestaan het dat die Engelse Kerk deur die regering bo die Hollandse voorgetrek word. Reeds in 1848 is na aanleiding van die vermeerdering met £1500 van die Anglikaanse Kerk se jaarlike toelae uit die Koloniale skatkis heelwat ontevredenheid opgewek deur „de thans aangewende poging, om de Engelsche Kerk boven de onse te begunstigen en te bevorderen;”<sup>5)</sup>) en die opbloei van die Episkopale Kerk in die Kolonie in die volgende jare was nie daarop bereken om die ongerustheid van die lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot bedaring te bring nie. In 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 14 April 1857 word opgemerk dat hoewel sir George Grey baie gewild is, daar dikwels gekla word oor sy partydigheid vir die Engelse Kerk; en dié partydigheid word direk in verband gebring met die algemene beleid van die regering om die Afrikaners so gou moontlik te verengels. „Wy houden de godsdienstige proselyten-makery onzer Regering,” skrywe die blad, „voor een deel, of liever een vorm, van een stelsel van nationale proselyten-makery, wat de bevolking der kolonie geheel en al Britsch zal moeten maken . . . Nu, die partydigheid voor Britsche denkbeelden en inzigt, die strekking om alle kenmerkende trekken van onse koloniale maatschappij en ons koloniaal karakter, die niet zuiver Engelsch zyn, uit den weg te ruimen, keuren wy af; — en wy aarzelen des te minder dit te kennen te geven, nu wy zien hoe sommigen onzer medekolonisten op de ongerymdste wyze yveren tegen al wat strekken kan om de betrekking tusschen deze kolonie en het land, waar de meesten onzer van afkomstig zyn, te doen voortduren.”<sup>6)</sup>)

aanmerkingen nadeelig voor onse mede-kolonisten in het Oosten, maar wy kunnen niet nalaten te denken, dat, op welke respectabilitet sy ook roemen kunnen, sy dat in eenne groote mate te danken hebben aan hunne vestiging in deze Kolonie. Laten wy zorgvuldig waken tegen eenigen invoer van Britsche Volksplanters by de groote hoop.”

<sup>5)</sup> Sien *De Zuid-Afrikaan* van 15 Jun. 1848 en volgende nommers, hoofartikels en korrespondensie.

<sup>6)</sup> *De Zuid-Afrikaan* sinspeel hier op die houding van 'n deel van die Engelse pers, wat in die eersvolgende paragrawe bespreek word.

*Engelse koerante teen alles wat Hollands is.*

Waar die verengelsingsbeleid van die regering nog in sekere mate gecamoufleer is om die Afrikaanssprekende bevolking nie onnodig op te skrik nie, het die Engelse pers en 'n deel van die Engelse koloniste in hierdie tyd op ongelooflik taktlose wyse te velde getrek teen alles wat nog Hollands was in die Kolonie. Veral *The Cape Monitor* en *The Cape Argus* het hul hierby onderskei. Die feit dat nog so baie Afrikanersuns in Nederland gaan studeer het, was vir dié blaaie en baie van hul korrespondente genoegsame bewys van die ontrou en anti-Engelse gesindheid van daardie deel van die Afrikaanse bevolking wat nog nie geheelenaal verengels was nie; en die koms van enkele honderde behoeftige Nederlandse kinders na die Kolonie onder die immigrasieskema van Beelaerts van Blokland—in 'n tydperk toe duisende Britse immigrante in die bloei van hul lewe met geld uit die Koloniale skatkis hier gevvestig is—was vir die ultra-Engelse party in hoë mate onaangenaam. Dit is sir George Grey erg kwalik geneem dat hy 'n dergelike versterking van die Hollandse element hier toegelaat en selfs begunstig het, en dit is hom openlik as sy besondere plig voorgehou om die Kolonie geheelenaal Engels te maak. „We by no means subscribe to the sentiment that it is a governor's special business to try and 'please all parties,'" skrywe die *Cape Argus* in 'n hoofartikel van 23 November 1858. „We think he has a higher duty to perform than that . . . . Our aim is to anglicize this colony, and that, we maintain, should be the Governor's also." Die Engelse word bestempel as die „heersende ras" in die Kolonie, en die *Argus* pleit daarvoor dat die regering dit op een of ander manier moet laat blyk: „This is a British colony, and it is but right that the British people should either enjoy some privilege, or that the Dutch-descended people of the colony should forego some privilege, so as to indicate where the right of possession lies." Voordat die Kolonie regtig Engels sal wees, moet die „vreemde element" in die Engelse bevolking opgeneem word. Die Hollanders aan die Kaap het geen rede om die verlies van hul taal en nasionaliteit te bekla nie, besluit die blad, want namate die Engelse element in die vorming van die toekomstige Suid-Afrikaanse nasionaliteit 'n belangrijker rol speel, sal daardie nasionaliteit op 'n hoër peil kom te staan.

Veral die gehegtheid van die ou ingesetenes aan hul taal en die kragtige verset wat van so baie kante gekom het teen die invoering van Engels in die Hollandse Kerk, het die geduld van die ekstremistiese Engelse tot die uiterste op die proef gestel. „The language of the Cape!” vaar die *Cape Argus* in 'n hoofartikel van 19 September 1857 uit. „As if the miserable, bastard jargon, which is the vernacular of this country, is worthy of the name of language at all; or as if the Dutch, as spoken in Holland, and as used by the Dutch clergymen in the pulpit, is properly understood by two-thirds of their hearers. The Dutch of Holland is almost a foreign language here . . . . But even supposing the Dutch of Holland was the vernacular of this country, which it is not, why seek to perpetuate it here in an English colony. Dutch has no *status* amongst the languages of Europe. Nobody ever learns it; and all ranks above the lowest in Holland prefer to speak French . . . . The fact is, that Dutch, with some very good points about it, is not an attractive language. Very well fitted for pulpit eloquence, no doubt, but shockingly unsuited for sentiment and poetry . . . . Why seek to perpetuate it then? Why kick against the pricks? The language of this country is destined to become English; it is becoming more and more so every day. Leave off hankering after Dutch schoolmasters; preach English from your pulpits, and encourage your children to learn and use, in familiar discourse, the language of Shakespeare and Milton . . . . And you,” voeg die *Argus* die Afrikaners toe. „whom fate has ordained to become liege subjects of Her Majesty of England, may as well hasten to become English in language, sentiment, and feeling, for to that complexion must you come at last.” Die dag sal aanbreek wanneer daar een Suid-Afrikaanse nasionaliteit sal wees; „but it will be long after the *Zuid-Afrikaan* is defunct, and not until the present atrocious vernacular of the Cape has become a dead lingo. No time should be lost in achieving this latter consummation. The poverty of expression in this jargon is such, that we defy any man to express thoughts in it above the merest common-place. People can hardly be expected to act up to sentiments which the tongue they use fail entirely to express. There can be no literature with such a language, for poor as it is, it is hardly a written one. There are many things . . . which will advance the moral

and social progress of the colony; but nothing will conduce more to these great ends than the substitution of the English language for the present Cape Dutch. Let, then," beveel die blad ten slotte aan, „your language and your nationality go, and believe us, you need not fear for your religion.”<sup>7)</sup>

*„De Zuid-Afrikaan” se verweer.*

In die tyd dat die felste aanvalle op die taal en nasionaliteit van die ou ingesetenes van die Kolonie gemaak is, het *De Zuid-Afrikaan*, met Changuiou as skrywer van die hoofartikels, hom skrap geset en in sy verweer hom telkens op die een stelling beroep: dat nasionaliteit, taal en godsdiens onverbreeklik samehang en dat die een nie kan verwaarloos word sonder om aan die ander afbreuk te doen nie. „Taal, nationaliteit en godsdienst,” lui dit in ’n hoofartikel van 3 Augustus 1857, „is by elk volk ten naauwste verbonden, zoo zeer dat als men de eerste afschaft, men de andere hare kracht laat verliezen.” Die blad gee toe dat dit natuurlik is dat die Engelse die Kolonie geheel wil verengels, en ook dat die stoflike welvaart van ’n land vooruitgaan namate die bevolking meer gelyksoortig is, maar laat dan daarop volg: „Was die stoffelyke welvaart nu het eenige ding waar men naar moet streven, dan zouden de Hollandsche Afrikaanders zich geneigd kunnen voelen om met de Engelschen die zamensmelting te helpen bewerken. Maar niet iedereen kan er toe besluiten om zyne nationaliteit aan zyn voordeel of gemak op te offeren. Verkleefdheid aan de taal,

7) Dit is verbasend wat in hierdie tyd nie alles in die Engelse blaaisie gedruk is nie. In ’n pleidooi vir die invoering van Engels in die Hollandse Kerk onder die hoof „Dutch and English” in *The Cape Monitor* van 14 Oktober 1857 kom b.v. hierdie stukkie voor: „You neither speak Dutch, that is the pure old Holland vernacular, much less would you soil your lips with the patois of the Hottentots about us. This I am sure is no offence, if I say you express your thoughts in a way which is not recognised in your pulpits, is not read in your books of law, does not figure in your scientific folios, and far less is it recognised as a language of an enlightened people, for it does not provide a decent vocabulary for the lowest of the low, nor for the highest of the lofty . . . . It is one which is doing you and your children incalculable harm. It cramps your thoughts. It impedes your energies. It brings the blush to every modest woman’s cheeks, and makes the educated recoil with disgust too often. It corrupts the morals of your children, and befouls their innocent expressions . . . .”!

de manieren en vooral aan de godsdienst onzer vaderen is in die menschelyke natuur diep geworteld, en zulk een gevoel wykt niet ligt voor berekeningen.” *De Zuid-Afrikaan* het hom nie deur die Engelse koerante van sy standpunt laat afbring nie, en enkele weke later, in die hoofartikel van 14 September 1857, lees ons weer: „Hoe erg nu ook sommigen onzer tydgenooten op ons mogen schelden, wy zyn nog steeds van gevoelen dat godsdienst en nationaliteit ten naauwste verbonden zyn, dat naar mate de bewoners dezer kolonie meer met Engelsche denkbeelden behebt en minder met de Hollandsche taal bekend worden, ook de Nederduitsche Hervormde Kerk alhier zal achteruitgaan; en wy zyn overtuigd, dat zoowel onze Regering als velen van hen, die ons het ergst over onze verouderde denkbeelden bespotten, het in dit opzicht met ons eens zyn.”<sup>8)</sup>

*Standpunt van „Het Volksblad”.*

In die stryd tussen die konserwatiewe *Zuid-Afrikaan* en die „progressiewe” *Cape Monitor* en *Cape Argus* het die liberale *Volksblad* — „zoo geneigd,” volgens sy Hollandse kollega, „om alle geschillen tusschen Hollanders en Engelschen met den mantel der liefde te bedekken” — ’n baie versoenende houding ingeneem, ekstreemistiese uitings aan albei kante afgekeur en steeds gepleit vir verdraagsaamheid en wedersydse toenadering, wat die so begeerde „zamensmelting” (*l’histoire se répète!*) van Engelse en Afrikaanse koloniste moet moontlik maak.<sup>9)</sup>

Toe die stryd oor die taal in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, tydelik altans, op die agtergrond geraak het, het ’n

<sup>8)</sup> Aan die verdediging van die Hollandse taal teen die aanvalle van die Engelse blaaie neem dikwels Hollanders deel wat nog maar kort gelede na Suid-Afrika gekom het, baiemaal as onderwyssers; en in briewe van dié korrespondente kom ons die eerste boosaardige opmerkings oor Engels teë (b.v. *Het Volksblad*, 24 Sept. 1857: die Engelse taal is „wanklankig als het gekrol eener maartsche kat”!) — iets wat vroeër nooit in die Hollandse blaaie aangetref is nie.

<sup>9)</sup> Sien o.a. *Het Volksblad* van 15 Jan., 13 Aug., 24 Sept., 10 Des. 1857 en 22 Jun. 1861. Die skrywers van die hoofartikels in die *Volksblad* was destyds prof. Roderick Noble en ná hom adv. F. S. Watermeyer, wat met ’n dogter van John Fairbairn getroud was. Meer as eens is in die *Zuid-Afrikaan* gesê dat die *Volksblad* nie die politieke sienswyse van die Afrikaners weergee nie.

belangrike oorsaak van twisgeskryf verdwyn. Mettertyd het die aanvalle op die Afrikaners en hul taal ook minder geword en het die stryd in die pers tussen die twee seksies van die bevolking bedaar.<sup>10)</sup> Die geskille was egter nog lank nie oopgelos nie, en die onenigheid kon maklik weer ewe skerp as ooit te voorskyn tree — wat inderdaad ook gou gebeur het.

*Gebrekkige nasionaliteitsbesef van „De Zuid-Afrikaan”.*

Hoe dikwels *De Zuid-Afrikaan* in die jare vyftig ook al die Afrikaans-Hollandse nasionaliteit teenoor 'n vyandige Engelse pers verdedig het, mag ons nie aanneem dat die blad dieselfde nasionaliteitsbesef gehad het as wat vandag onder Afrikaners aangetref word nie. Die volledig nasionaal-bewuste Afrikaner kan dit nie as die bestemming van sy nasie sien dat dit eenmaal in 'n ander opgeneem sal word nie, terwyl dit vir *De Zuid-Afrikaan* in hierdie tyd nog vanselfsprekend was dat dit sou gebeur. Waar die blad beswaar teen gemaak het, was die vernederende dwang wat op die Hollandse Afrikaner uitgeoefen is om sy nasionaliteit oorhaastig prys te gee.

In 'n hoofartikel in die uitgawe van 6 Maart 1856 word as voorbeeld van die diepgewortelde verskille tussen Suid-Afrikaanse koloniste van Hollandse en Engelse herkoms genoem die nasionale karakter, die taal en die godsdienst. „Er bestaat geen twyfel,” laat die blad daarop volg, „dat in den loop der eeuwen ook deze zullen worden uitgewischt; maar dit is een langzaam werk, en alle gewelddadige pogingen om hetzelvē te verhaasten, moeten derzelver doel missen . . . In deze kolonie in het byzonder zyn er bemoei-allen, die zich geroepen beschouwen om de vermenging van hunne mede-kolonisten eensklaps te bewerkstelligen . . .” Dat die uitwissing van alle verskille vir *De Zuid-Afrikaan* inderdaad beteken het die opgaan van die Afrikaanse nasionaliteit in die Engelse, blyk duidelik uit die volgende aanhaling uit 'n hoofartikel van 21 Mei 1857: „Als een Engelschman van de nationaliteit deser kolonie spreekt, kan hy alleen Engelsche nationaliteit meenen; maar spreekt een kolonist van Hollandse afkomst er van, dan meent hy stellig de Hollandsche.

<sup>10)</sup> Sien *Het Volksblad* van 22 Jun., 31 Des. 1861 en 22 Feb. 1862.

Nu is het duidelyk dat de Hollandsche nationaliteit in die kolonie achteruitgaat en geheel moet verdwynen; maar even duidelyk is het, dat die geheele zamensmelting, die alleen in staat is om die Engelsche nationaliteit er voor in die plaats te stellen, het werk zal zyn, niet van jaren, maar van eeuewen."

#### *Versterking van posisie van Hollands.*

Oor die algemeen het Afrikaners in hierdie tyd hul maar weinig rekenskap probeer gee van wat die toekoms vir hulle as nasie mag verborge hou. Uitsprake soos dié van *De Zuid-Afrikaan* hierbo sal dan ook nie veel teëspraak uitgelok het nie. Langsamerhand het toestande egter begin verander. Aan die een kant het die verengeling onder die Afrikaners hand oor hand toegeneem; maar daarteenoor het diegene wat aan hul eie nasionaliteit vasgehou het, ook bewuster Afrikaners geword. Verskeie oorsake het daar toe meegewerk, waaronder die instelling van 'n begin van selfregering en die oplewing in die Nederduitse Gereformeerde Kerk as gevolg van die stryd teen die Liberalisme wel die vernaamste was. Die ontwikkeling van die Kolonie het die kulturele behoeftes ook van die ou ingesetenes laat toeneem; en in dié behoeftes kon, altans buite Kaapstad, nog alleen deur medium van die Hollandse taal voorsien word.

In 'n hoofartikel van 27 Desember 1860 wys *Het Volksblad* op die vooruitgang wat die Hollandse koerantewese in die Kolonie in die afgelope vyf jaar gemaak het, en vervolg dan: „Kort voor het uitgeven van ons blad gaf de eenige vertegenwoordiger der Hollandsche dagbladpers in die kolonie, selfs al bestreed hij hetgeen hij voor ultra-Engelsche strekkingen hield, gaarne toe, dat het Hollandsch binnek een betrekkelijk korten tijd in deze kolonie geheel in onbruik zou geraken; en men weet dat hetzelfde insgeliks minder openlik<sup>11)</sup> door velen gemaakt is, die al heel blije zouden zijn geweest als het geschied was. Thans twijfelen wij of wel eenig bewoner dezer kolonie waarlijk gelooft dat die Hollandsche taal het gaan afleggen. Zoowel zij die het voor eene noodzakelike

---

<sup>11)</sup> Dat die voorspellinge wat deur die teenstanders van die Hollandse taal omtrent sy toekoms in die Kolonie gemaak is, nie juis altyd „minder openlik” was nie, word bewys deur die sitate uit die *Cape Argus* en die *Cape Monitor* wat hierbo aangehaal is.

voorwaarde van den vooruitgang dezer kolonie hielden dat zij zoo gaauw mogelijk geheel en uitsluitend Engelsch werd, als zij die met spijt de taal hunner voorouders zagen plaats maken voor hetgeen zij eene vreemde taal noemden, zijn thans stellig reeds overtuigd dat hier steeds twee talen in gebruik zullen blijven." *Het Volksblad* maak hier 'n vergelyking met die toestande in België, waar Frans die taal van die parlement en die geregshowe is, maar waar Hollands herleef het „wegen onderscheidene redenen, maar vooral door de pogingen van een aantal uitmuntende schrijvers, wier werken het volk een smaak voor Hollandsch letterkunde hebben bijgezet." Die redakteur wys met voldoening daarop dat *Het Volksblad* in die vyf jaar van sy bestaan met goeie gevolg vergroot en verbeter is, en dat die smaak in Hollandse lektuur onder die Kapenaars toegeneem het namate beter middels gevind is om daaraan te voldoen.

„De toenemende belangstelling in de Hollandsche taal onzer medekolonisten," gaan die blad voort, „is naar ons oordeel gedeeltelijk aan de vrije instellingen toe te schrijven die wij van onze genadige Vorstin bekomen hebben. Een vrij volk laat de taal, die het het gemeenzaamst in de ooren klinkt, en waarin het zijn vroegste herinneringen heeft, zich niet ontrooven. Zelfs aarzelen wij niet om veel van de werkzaamheid, die zich den laatsten tijd in den boezem der Nederduitsche Hervormde Kerk dezer kolonie geopenbaard heeft, en die men vooral in eene menigte Hollandsche godsdienstige tijdschriften en boeken zien kan, aan den vernieuwenden invloed der staatkundige vrijheid toe te schrijven. Ook de toevloed van Hollandsche landverhuizers naar deze kolonie heeft het helpen beletten dat het Hollandsch hier in onbruik geraakte."<sup>12)</sup>

Die toekoms van die Hollandse taal in die Kolonie was egter nog lank nie verseker nie. Die opdraande stryd om dit te handhaaf of regte daarvoor erken te kry ook in die tien jaar tussen 1854 en 1865, sal ons nou meer in besonderhede moet nagaan.

<sup>12)</sup> Oor die invloed wat die Kerkstryd gehad het op die oprigting van Hollandse koerante en tydskrifte en die verspreiding van Hollandse godsdienstige lektuur in die Kolonie, sien hieronder bls. 154. Uit 'n stuk soos die boewstaande blyk wat 'n warme patriot B. J. van de Sandt de Villiers, die eienaar en uitgewer van *Het Volksblad*, ten spye van sy liberale standpunt tog was.

B. DIE TAAL IN DIE BESTUUR EN DIE OPENBARE LEWE  
*Hollands in die Kaapse Parlement. Voorstelle en petisies.*

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat hoewel die uitsluiting van die Hollandse taal uit die Kaapse parlement klaarblyklik as 'n heel natuurlike ding opgevat is huis deur dié mense wat vir die erkenning daarvan sou kon geywer het, baie Afrikaners op die platteland glad nie tevrede was met die toestand van sake nie. Die raad deur *De Zuid-Afrikaan* op 28 Julie 1853 gegee,<sup>13)</sup> naamlik dat die kiesers van twee ewels die minste moet kies en geen lid na die parlement stuur wat nie die Engelse taal kan praat nie, is deur ten minste een kiesafdeling in die wind geslaan. Ons vind dat in die sitting van die Wetgewende Vergadering van Vrydag, 16 Mei 1856, die heer Kruger, lid vir Albert, verlof vra om Hollands te praat in die parlement en om sy toesprake in Engels te laat vertolk. Die versoek is deur die Speaker afgewys omdat dit in stryd was met artikel 89 van die konstitusie-ordonnansie.<sup>14)</sup> Daarop het „dr.” Tancred, lid vir Clanwilliam, aangekondig dat hy die volgende Maandag sou voorstel „that as the hon. member for Albert has requested permission to address the House in Dutch, to be translated into English, by a translator, His Excellency the Governor be requested to bring in a bill for the purpose.”<sup>15)</sup> Tancred het die aangekondigde voorstel blykbaar nooit ingediend nie; altans in die *Votes and Proceedings* en in die koerantverslae word niks daaroor meegedeel nie.<sup>16)</sup> Die sitting was reeds byna afgelope, en die Hollandse taal het dié jaar nie weer in die parlement ter sprake gekom nie.

<sup>13)</sup> Sien hierbo, bls. 66.

<sup>14)</sup> *Votes and Proceedings of the House of Assembly*, no. 43 van 1856, bls. 284, par. 7.—Prof. N. Mansvelt: *De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika*, bls. 26, gee verkeerdelik die datum 16 April en deel mee dat Nieuwoudt die versoek ten behoeve van Kruger gedoen het.

<sup>15)</sup> *The South African Commercial Advertiser and Cape Town Mail*, 17 Mei 1856.

<sup>16)</sup> Tancred was nie huis die geskikste persoon om die belangte van Hollands in die parlement aan toe te vertrou nie. Dit is nie onmoontlik dat hy dié Maandag nie by magte was om in die parlement te verskyn nie.

Op 24 April van die volgende jaar dien Tancred by die parlement 'n petisie in geteken deur 9 inwoners van Albert, wat versoek „that the Proceedings in Parliament may also be conducted in the Dutch language.” Dié petisie was egter nie korrek opgestel nie, en die Speaker het die voorsteller aangeraai om dit terug te trek, wat hy toe ook gedoen het.<sup>17)</sup> Drie weke later, op 13 Mei, bied Tancred weer 'n petisie aan, nou geteken deur 99 inwoners van Albert, wat vra „that it may be permitted to any Member to address this House in the Dutch language, on his application to do so; and, also that when the Votes are to be taken, if any Member shall desire to hear the question before the House put in the Dutch language, as well as in English, it may be done at the request of any such Member.”<sup>18)</sup> Die volgende dag stel Tancred, gesekondeer deur Kruger, voor dat 'n Gekose Komitee aangestel word om die petisie van die inwoners van Albert te oorweeg. Drie Engelse lede—Abercrombie, Wiggins en Fairbairn—praat daarteen. Fairbairn het Tancred aangeraai om sy voorstel terug te trek: die mosie sal in ieder geval afgestem word, en dit sou net

---

<sup>17)</sup> *Votes and Proceedings*, no. 12 van 1857, bls. 55, par. 5.

<sup>18)</sup> *Votes and Proceedings*, no. 25 van 1857, bls. 137, par. 4.—In die *Commercial Advertiser* van 16 Mei 1857 word die inhoud van die petisie uitvoerig gegee. Die ondertekenaars verduidelik dat in hul distrik daar veel meer Hollands as Engels gepraat word en dat die taalregulasie in die konstitusie vir hulle baie beswaar oplewer „a provision of the law which they did not desire to see altered, as they felt satisfied that the greater number of the members found it convenient and satisfactory. But they respectfully stated that in some constituencies there may be persons not thoroughly conversant with the English language, who are deterred from accepting seats in the Legislature, although possessing the confidence of the electors, by reason of their inability to express their views in the English language, or to understand clearly the questions on which their votes are demanded, when these questions are put from the chair solely in the English language. It followed that the petitioners and others might sometimes be compelled to choose persons to represent them, having their confidence in a less degree than others merely because they are more conversant with English.” As die petisionaris se versoek toegestaan word, „it would be felt to be an important privilege by some members, which they would not be likely to abuse, but for the grant of which they would apply only when they found it absolutely necessary for enabling them to perform their important duties.”

sekere mense se gevoelens seermaak. Tancred het dit toe gedoen.<sup>19)</sup>

Die kiesafdeling Albert het blykbaar nie gou moed verloorn nie, want die volgende jaar, op 15 April 1858, word weer twee petisies ingedien. „praying that a law may be passed permitting this House to be addressed as well in the Dutch as the English language.” Die petisies is hierdie keer deur Watermeyer ingedien; die eerste, onderteken deur 162 persone, is gesekondeer deur Tancred, die tweede, met 32 ondertekenaars, deur dr. Abercrombie.<sup>20)</sup> Hierdie petisies het net so min uitwerking gehad as die voriges. Die kiesers van Albert moes toe ingesien het dat verdere pogings om sekere regte vir Hollands in die parlement te verkry, vrugtelos sou wees en het nie weer van hul laat hoor nie.

Dit is opvallend dat toe die petisies en mosies oor die Hollandse taal voor die parlement was, geen van die Hollandse lede hom geroep gevoel het om iets ten gunste daarvan te sê nie; met uitsondering van Kruger kon hul hulself blykbaar voldoende met Engels behelp en het hulle hul ook nie eintlik oor die regte van Hollands in die bestuurslewe bekommer nie. Ook het geen ander kiesafdeling verder in die saak geroer nie — selfs nie dié wat deur die taalregulasie verhinder is om die mees gewenste kandidaat na die parlement te stuur nie. Dit sou byna vyf-en-twintig jaar duur voordat hierdie belangrike onderwerp weer in die parlement ter sprake kom.

#### *Houding van die pers. Menings van korrespondente.*

Dit is nie minder opvallend dat die redaksies van die Hollandse blaaie nooit belangstelling vir hierdie saak getoon het nie; al wat ons vind, is 'n kleinerende opmerking in *Het Volksblad* van 1 Oktober 1857 oor die petisie uit Albert, na aanleiding van 'n wanvoorstelling wat daarvan in 'n Engelse blad gegee is.

Intussen het plattelandse kiesers in verskeie briewe in die Hollandse pers uiting gegee aan hul ontevredenheid oor die taalbepaling in die grondwet, wat dit vir hul feitlik onmoontlik maak om dié manne na die parlement te stuur in wie

<sup>19)</sup> *Votes and Proceedings*, no. 26 van 1857, p. 146, par. 10;  
*Commercial Advertiser*, 16 Mei 1857.

<sup>20)</sup> *Votes and Proceedings*, no. 26 van 1858, bls. 132, parr. 2, 3.

hul die meeste vertroue het. Onder die hoof „De Hollandsche Taal in het Kaapsch Parlement” skrywe „Een Winterveldsche Boer” in *Het Volksblad* van 4 Desember 1856 dat dit vir hom vreemd was om in die koerant te lees dat die ingesetenes van Burgersdorp ‘n memorie in orde maak om die goewerneur te versoek om aan die heer Kruger die gebruik van ‘n tolk in die parlement toe te staan. Hy dink dat dit beter sou wees vir die Hollandse bevolking van die Kolonie om ‘n memorie aan Sy Eksellensie te rig met die versoek om aan ‘n ieder lid van die parlement toe te laat om dié taal te praat wat vir hom die gemaklikste is. Die geskikste verteenwoordigers vir ‘n kiesafdeling, kla hy, wil dikwels weens die taalmoeilikhed die kandidatuur nie aanvaar nie, en daarom verloor die stemgeregtigdes alle belangstelling in ‘n verkiesing.<sup>21)</sup>

Dit kan nie beweer word dat daar in die jare vyftig reeds iets was wat ook maar enigsins gelyk het op ‘n beweging om die Hollandse taal in die parlement erken te kry nie. Slegs langsaamhand sou die plattelandse Afrikaner ontwaak tot die besef van sy verantwoordelikheid en sy regte onder die nuwe regeringstelsel, en daarna eers sal die volk werklik ernstig die behoefte gaan voel om hom in die parlement in sy eie taal te mag uitdruk. Die enkelinge wat in die vroegste jare vir die regte van die Hollandse taal in die parlement opgekom het, is daarom ook tot antwoord gegee dat die volk van sulke regte nie wil weet nie. So skryf iemand in *De Zuid-Afrikaan* van 4 Januarie 1858 dat die meerderheid van die bevolking Hollands praat en die volste reg het om die gebruik van hul taal in landsake te eis; „maar dan bevremdt het ons,” gaan die korrespondent voort, „dat de volksmeerderheid zich daarover nog niet heeft geopenbaard, want indien sy zulks wilt, kan niemand haar beletten om langs wettige wegen daarvoor te stryden. Er ligt dus by de volksmeerderheid die overtuiging dat het overeenkomstig den toestand der kolonie beter is Engelsch aantenemen voor ‘s lands wettige taal, of men is daaromtrent onverschillig.”

In die jare toe daar in die Engelse blaaie van die Kaap so baie aanvalle op die Afrikaners en hulle taal verskyn het, is daar ook meer as eens met veragting melding gemaak van die ondergeskikte posisie wat Hollands in die lands-

---

<sup>21)</sup> Sien ook *Het Volksblad* van 31 Jul. en 2 Okt. 1856.

bestuur inneem. Dat sulke uitlatinge verset van die Hollandse koloniste moes uitlok, is begryplik. Toe 'n korrespondent in *The Cape Monitor* by voorbeeld op 'n keer verklaar dat artikel 89 van die konstitusie-ordonnansie waardeur Hollands uit die parlement uitgesluit word, verstaanbaar en goed is, het iemand onder die skuilnaam „Dopper” in *De Zuid-Afrikaan* van 6 Mei 1858 as volg daarop geantwoord: „Wanneer allen, wier moedertaal Hollandsch is, met vereenigder stem dezulken tot leden van het Parlement benoemen, die geen Engelsch kunnen of willen spreken; nog meer,wanneer zy allen zich rondborstig uitspreken in deze maniere: 'wilt gy ons Hollandsch of Kaapsch niet toelaten, dan zullen wy ook ons geld niet zenden; dan komt ook ons geld niet in uwe pakhuizen en winkels,' enz., — indien dit gebeurde (en wie kan verzekeren, dat het nooit gebeuren zal?), dan zou men het blaadje omkeeren; dan zou men zeggen: Ach, die paragraaph 89 is onverstaanbaar en slecht.” Sulke kragtige stukke, waarin dit voor spel word dat die Hollandssprekendes nog eendag sal saamstaan om hul te verset teen die agterstelling van hul taal in bestursake, het weliswaar nog maar selde in die koerante verskyn, maar lewer tog getuenis van wat daar toe reeds hier en daar in die land deur versiende persone as moontlik geag is in die toekoms.

#### *Briewe van Hollanders.*

Ongelukkig het korrespondente in hierdie tyd slegs by hoë uitsondering hul briewe met hul eie naam onderteken; maar te oordele na die taal waarin die briewe gestel is, is dit baie waarskynlik dat die stukke waarin die mees ontwikkelde nasionale gevoel tot uiting kom en waarin die Afrikaners op die mees doelbewuste manier aangespoor word om op te kom vir hul taalregte, deur Hollanders geskrywe is. Veral ná 1850 het Hollandse onderwysers van 'n goeie gehalte vry dikwels na die Kolonie gekom en hul op die platteland gevvestig;<sup>22)</sup> en die invloed wat hul op hul omgewing uitgeoefen het, moet van groot betekenis geag word. Veel beter as die betreklik onontwikkelde Afrikaanse boere-

---

<sup>22)</sup> Sien hieronder, bls. 141. In sy *Report on Public Education* van 1854 maak Innes meermale melding van Hollandse onderwysers aan die „Elementary Schools” van die platteland.

bevolking het hulle die ongerymdheid en die onbillikheid van die uitskakeling van Hollands as bestuurstaal ingesien, en hulle het in die Hollandse pers hul gevoelens daaroor uitgespreek. 'n Mooi voorbeeld hiervan het ons waar 'n correspondent in *De Zuid-Afrikaan* van 10 Oktober 1861 kla dat by die opening van die Graaff-Reinetse Athenaeum in die Nederduitse Gereformeerde kerk feitlik al die verrigtings in Engels plaasgevind het.

„Dat men het hier doordryven wil om alles in de Engelsche taal te behandelen,” skrywe hy, „is zeer nadeelig voor het land; een meer dan vyftigjarige ondervinding heeft genoegzaam doen blyken dat het onmogelyk is om de Hollandsche taal uit te roeyen, en daar er nu gedurig meer Hollanders bykommen, wordt de taal reeds veel beter gesproken als toen ik in dit land gekomen ben. — Ofschoon men zeer goed weet, dat de kans van jaar tot jaar kleiner wordt en de verkeerde handelwyze met zeer veel mocite, tydverlies en noodeloze uitgaven vergezeld gaan, wil men toch niet toegeven, maar het onmogelyke beproeven en volhouden. Voor een opmerkzame toeschouwer valt zulks nergens meer in het oog, dan met den rondgaanden regter. — Ofschoon de edele regters Cloete en Watermeyer even zoo goed Hollandsch als wy kunnen spreken, zoo wordt alles in het Engelsch behandeld; derhalve, de regter kent Hollandsch, de advokaten en procureurs kennen Hollandsch, meest al de beschuldigden, de getuigen, de jurie, de toeschouwers verstaan niets anders dan de Hollandsche taal; nu legt er een getuige zyne verklaring in de genoemde taal af; de regter verstaat dit alles zeer goed, doch de tolk moet het den regter weder in de Engelsche taal vertolken. Zulks gaat soms zoo onnaauwkeurig dat de regter, die het zelve beter verstaan en begrepen heeft, met de vertaling behulpzaam is. Heeft regter Cloete in het Engelsch gesproken, dan spreekt ZEd. de jurie weder in de Hollandsche taal aan, opdat zy een goed begrip van de zaak kunnen hebben; soms zyn het belangryke zaken waar iemands leven mede gemoeid is. Werd het in de Hollandsche taal gedaan en in het Engelsch vertaald voor diegenen die niet met de Hollandsche taal bekend zyn, dan zoude het werk soms in de helft van den tyd afgedaan kunnen worden.

„Met het Parlement is het hetzelfde. De beste, de kundigste en de yverigste van de kolonisten, die zeggen kunnen het

is niet alleen de geboortegrond van my, maar ook van myn voorouders, kunnen geen lid van het Parlement worden als zy niet vlug met die Engelsche taal bekend zyn; vele hebben er wat van geleerd, doch hunne denkbeelden zoo goed als in hunne moedertaal uitdrukken, kunnen zy niet; ook willen zy niet tot spot van een ander zyn; derhalve moet hun vaderland hunne diensten missen en komen er soms voor hun leden, die wel zeer loyaal, maar ook zeer weinig met die behoeften van die kolonisten bekend zyn . . . Waarom wordt er geen werk van gemaakt dat die Hollandsche taal weder hersteld wordt? Ik geloof dat zulks volgens die constitutie van dit land geschieden kan.”<sup>23)</sup>

*„Offisiële” mening onder Afrikaners.*

Die manne wat omstreeks 1860 so kon skrywe, was hul tyd verskeie jare vooruit en sou met reg „eensame taalstryers” kon genoem word. Die „offisiële” mening onder die Afrikaners was nog altyd dat die Hollandse taal as huistaal, as godsdienstaal en in die algemeen as kultuurtaal sy plek het in die Kolonie, maar nie as taal van die staatsbestuur nie. „Ofschoon de Hollandsch sprekenden natuurlik hunne taal liefhebben en trachten haar te beoefenen, en hunne letterkundige gemeenschap met het vroegere vaderland op te houden,” skrywe *Het Volksblad* nog in ‘n hoofartikel van 15 September 1864, „is het staatkundige overwigt der Engelsche taal nogtans eene zoo uitgemaakte zaak, dat die vraag nooit kan ontstaan, welke taal gebezigd zal worden in het gemeenschappelike Parlement van Zuid-Afrika, als we immer er een krijgen.”

*Hollands-eentaligheid van platteland; verengeling van Kaapstad.*

Dit is van belang om daarop te let dat die meeste besware teen die agterstelling van Hollands gekom het uit die distrikte wat ver van die Kaap geleë was. Hierdie streke het die Engelse invloed nog die minste gevoel en was byna nog

---

<sup>23)</sup> Die skrywer van hierdie stuk is waarskynlik dieselfde as die persoon wat uit Graaff-Reinet onder die skuilnaam „Bato” pleidooie vir die Hollandse taal in *Het Volksblad* van 24 en 31 Jul. 1856 en 2 Oktober 1860 geskrywe het. „Bato” het, soos blyk uit een van sy brieue, in 1851 hier aangekom.

geheel Hollands-eentalig. Hoeser dit die geval was, word mooi geïllustreer deur 'n petisie wat op 8 November 1856 deur 9 veldkornette van Graaff-Reinet aan die goewerneur, sir George Grey, gerig is. Hulle verklaar dat hulle geen Engels ken nie en versoek dat alle bestaande wette van die parlement en dié wat in die toekoms sal aangeneem word, ook in Hollands mag gepubliseer word.

Dit sou verkeerd wees om aan te neem dat streke ná aan die Kaap reeds taamlik aan die verengels was. Karl Scherzer, wat in 1857 in die Kolonie gereis het, merk op: „Stellenbosch bewahrt noch vollständig den Typus eines holländischen Städtchens . . . Nirgends ist eine Spur englischen Einflusses wahrnehmbar.” Daarenteen noem hy die Kaap volkome verengels: „Das englische Element . . . hat hier in der Hauptstadt das ältere holländische Element vollständig verdrängt . . . Man merkt es der Capstadt kaum mehr an, das sie von Holländern gegründet wurde.”<sup>25)</sup>

Alle waarnemers is dit daaroor eens dat die Kaap teen 1860 al baie sterk verengels was. Veral reisigers wat maar 'n kort tyd hier gebly het en alleen met die meer voor-aanstaande inwoners en die handelsbevolking in aanraking gekom het, was hiervan sterk onder die indruk. „The population, though principally Dutch, is much Anglicized; and English, chiefly, is spoken,” skryf A Traveller in 1859.<sup>26)</sup> Ander buitelanders, wat langer hier gewoon het en die bevolking van Kaapstad in die algemeen beter leer ken het, het wel gevind dat die boonste lae van die maatskappy verengels was, maar dat die klein burgery nog heeltemal Hollands gebly het. So skryf A. Haussmann, wat Franse konsul aan die Kaap was: „Le Hollandais fonctionnaire, le Hollandais homme du monde de Cape Town, a généralement adopté les allures britanniques. Il affecte en société de parler anglais et le parle, en effet, très-correctement. Membre du parlement colonial, il accomplit ses devoirs législatifs de la manière la plus louable et la plus loyale. Est-ce à dire pour cela qu'il n'ait pas conservé au fond du cœur une vive et sincère affection à la patrie et à la

<sup>25)</sup> *Reise der Oesterreichischen Fregatte Novara um die Erde*, dl. I, blz. 180, 192.

<sup>26)</sup> *To India and back by the Cape*, bls. 16 (noot).

nationalité de ses ancêtres? On ne saurait lui en faire un crime. Quant au Hollandais de la petite bourgeoisie, au Hollandais fermier ou petit commerçant du Cap, il est bien encore, à quelques exceptions et à peu de chose près, le contemporain de Van Riebeek, fondateur de la colonie.”<sup>27)</sup>

Met die oog op die verdere deel van die hoofstuk, waarin die taaltoestande in die onderwys en in die Kerk behandel word, is dit van belang om hierdie feite in herinnering te hou.

### C. DIE TAAAL IN DIE ONDERWYS

#### *Voortsetting van verengelsingsbeleid.*

Op die gebied van die onderwys het die taalstryd voortgeduur ongeveer soos dit begin het kort ná die invoer van die stelselmatige verengelsingsbeleid deur lord Charles Somerset in 1822. Hoofdoel van die Koloniale onderwystelsel het gebly om die Hollandse Afrikaner Engelssprekend te maak, en alles is daarop ingerig en alles daaraan opgeoffer. So veel moontlik Engels, so min moontlik Hollands, en so gou moontlik Engels as medium van onderwys was deurgaans die leuse. In die stedelike gebiede, waar die meeste Afrikaners teen hierdie tyd reeds tweetalig was, het die kortsigtige beleid nie meer sulke vernietigende invloede op die onderwys gehad nie; maar op die platteland het dit nog onberekenbaar baie kwaad gedoen en die skole wat die taalvoorskrifte van die regering getrou nagekom het, tot byna nuttelose inrigtings gemaak. Hoewel voorstanders van die verengelsingsbeleid nie wou erken waar die fout lê nie, is dit tog allerweé gevoel dat die Kaapse onderwysstelsel nie deug nie; en dit was een van die eerste dade van die pas ingestelde parlement in 1854 om ‘n Gekose Komitee te benoem „to investigate the working of the present system of Education.”<sup>28)</sup>

<sup>27)</sup> *Souvenirs du Cap de Bonne-Espérance*, bls. 34.

<sup>28)</sup> Voorsitter van die komitee was John Fairbairn, en die ander lede was die here Watson, Solomon, Grisbrook en Paterson.

*Gekose Komitee gee geen aandag aan taalvraagstuk nie.  
„De Zuid-Afrikaan“ ontevrede.*

Die Hollandse Afrikaners het altyd baie belang in die kwessie van onderwys gestel, en oor byna geen saak is in *De Zuid-Afrikaan* van 1854 en volgende jare so veel geskryf as huis oor daardie onderwerp nie. Uit die aard van die saak het die taalvraagstuk hul besondere aandag geniet; en toe die Gekose Komitee deur die parlement benoem is, het *De Zuid Afrikaan* in 'n hoofartikel van 24 Julie 1854 as een van die vrae wat die Komitee hom behoort te stel, genoem: „Behoort een Gouvernements School geen onderwys te verschaffen in de Hollandsche zoowel als in de Engelsche taal?“ Aan dié vraag is egter deur die eensydig saamgestelde kommissie geen behoorlike aandag geskenk nie. Hul rapport het in Mei 1855 verskyn en is baie ongunstig deur *De Zuid-Afrikaan* ontvang.

Die blad het die rapport in 'n reeks artikels aan 'n noukeurige kritiek onderwerp en in die uitgawe van 28 Mei 1855 'n uiteensetting gegee van wat sy insiens die vernaamste gebreke van die bestaande skoolstelsel is. Onder andere lees ons daar: „Het onderwys is niet altyd ingerigt naar plaatellyke vereischten. Wy moeten zeer mistasten indien de Hollandsche taal niet werkelyk in de meeste Gouvernements Scholen is uitgesloten. Dit is van weinig belang in localiteiten waar Engelsch even heerschend is als Hollandsch; maar overall waar het Hollandsch nog de taal is van de menigte des volks, is het gevolg dat het middel om kennis mede te deelen aanmerkelyk vertraagd wordt, omdat de onderwyzer en leerling verschillende talen spreken. Het gebouw van opvoeding, gelyk de Toren van Babel, kan niet voortgaan van wege ‘de spraak-verwarring.’ — Of hoofd-onderwyzer of assistent behoort eene behoorlyke kennis van de Hollandsche taal te hebben, niet zulk eene oppervlakkige als hy in een paar maanden kan opdoen, en welke hy dikwerf te danken heeft aan de meest ongeletterde leden der maatschappy, maar eene grammaticale kennis van de taal.“<sup>29)</sup> Soos so dikwels

---

<sup>29)</sup> Changuion, wat hoogs waarskynlik ook die skrywer van hierdie artikel is, het in sy getuenis voor die Gekose Komitee o.a. voorgestel: „In localities where Dutch is chiefly spoken, a preference shall be given to an assistant understanding that language, especially

in die verlede word daar weer nadruk op gelê dat die Afrikaners nie teen die aanleer van Engels is nie, maar dat hulle ook onderwys in die Hollandse taal wil hê, terwille van die godsdienst. „De menschen zyn niet onwillig hunne kinderen Engelsch te laten leeren,” verseker *De Zuid-Afrikaan*; „integendeel, zy stellen er hoogen prys op; maar hunne kinderen zyn in de Hollandsche Kerk gedoopt en moeten godsdienstig onderwys in de Hollandsche taal ontvangen, en het is eene grievende teleurstelling voor ouders te zien dat, wanneer de tyd voor hunne kinderen aanbreekt om onderwezen te worden in die waarheden, van eene kennis waarvan hun tydelyk en eeuwig welzyn afhangt, zy niet in staat zyn hunnen geestelyken voorganger te begrypen en bevoegd om proselyten te worden voor eenige kerk, alwaar zy onderwezen kunnen worden door middel van eene taal welke zy verstaan.”<sup>30)</sup>

#### *Verset teen verengelsende onderwys.*

Duideliker as ooit tevore is dit ingesien dat die onderwys deur die staat misbruik word om die Afrikaners hul nasionaliteit te ontnem, en verset daarteen het nie uitgebly nie. Veral teen die gedwonge onderwys van Engels op die laer skole is sterk beswaar gemaak. „Zy nu,” skryf ‘n korrespondent oor die openbare onderwys in *De Zuid-Afrikaan* van 13 Julie 1854, „die à tort et à travers de Afrikanen in Engelschen willen metamorphoseren, zullen ongetwyfeld er op aandringen, dat de Engelsche taal op de lagere scholen worde ingevoerd.— Dan, of zy daardoor het beoogde doel zullen bereiken, is hoogst onwaarschynlyk. Het gaat zoo gemakkelyk niet de nationaliteit van een volk te veranderen,

---

when the head master is ignorant of Dutch.” (*Minutes of Evidence taken before the Committee of the House of Assembly on Education, 1855*, bls. 12.)

<sup>30)</sup> Vergelyk in verband hiermee ook nog ‘n opmerking in *De Zuid-Afrikaan* van 30 Sept. 1853: „De Kaapsch Hollandsche Kolonisten zyn er, vooral in de Buitendistrikten, teregt zeer trotsch op om de taal hunner vaderen, waarin zy hunne godsdienst beoefenen, staande te houden; maar zy gevoelen de noodzakelykheid desniettemin om zich de taal van het Gouvernement, onder welks bewind zy staan, eigen te maken.” Om dié rede lê die blad daar nadruk op dat onderwysers wat uit Holland kom, ook grondige kennis van Engels behoort te hê.

en dit wordt geenzins bereikt enkel door hun eene andere taal te leerен."

Ook wat die hoër onderwys betref, is die gevare van denasionalisering ingesien en het korrespondente in *De Zuid-Afrikaan* daarop gewys. In die uitgawe van 2 April 1855 skryf „.....t” [Van Oordt?] dat baie jong Afrikaners nog in Holland gaan studeer, „en ieder Kapenaar, die niet al wat er nog Hollandsch in deze kolonie is, geheel Engelsch wil zien worden, moet dit wenschelyk achten.” Wat die Athenaeum in Kaapstad betref, kla die korrespondent: „De graad en opleiding, die men aan het College hebben kan, is geheel Engelsch. Het komt er alles op neer om van den kweekeling een *gentleman*, een beschaafd Engelschman, te maken . . . . Mogten de eigenlyke Kapenaars hun volkskarakter toch niet geheel laten te loor gaan door by zulke vraagstukken als dat over het onderwys, lydelyk te blyven.”<sup>31)</sup>

So erg lydelik was die mense betreffende die skoolstelsel dan ook nie, want *De Zuid-Afrikaan* van hierdie jare is vol klagtes oor die slegte onderwys, veral op die platteland. Die tema van die briewe is deurgaans: Daar word in goewermentskole geen behoorlike voorsiening gemaak vir

<sup>31)</sup> Die buitengewoon lewendige belangstelling van *De Zuid-Afrikaan* in hierdie tyd in alles wat die onderwys betref, sal vir 'n groot deel daaraan te wyte wees dat so 'n geesdriftige opvoedkundige as Changuion toe die skrywer van die hoofartikels van die blad was. Hoe Changuion oor die onderwystoestande in die Kolonie gedink het, blyk baie duidelik uit die raad wat hy op 28 Mei 1856 in 'n hoofartikel in die *Zuid-Afrikaan* aan die uitgeweke Boere in die pas gevormde republieke gegee het: „Laten de geschiedenis en taal hunner Hollandsche voorouders in hunne scholen geleerd worden; aldus zullen zy den grondslag leggen van eene letterkunde en nationaliteit in overeenstemming met hunnen oorsprong en de erfelyke neiging van hun vernuft. Alle ontwikkeling welke niet ontstaat uit inwendige uitbreidung, is onnatuurlyk en bedriegelyk, en een stelsel van opvoeding hetwelk niet gegrondvest is op het nationaal karakter, zal zeker blyken eene mislukking te zyn . . . Er heeft eenigen tyd geleden een gerucht geloop dat de President in briefwisseling was met een Schotschman in deze kolonie, die de belangryke taak zou worden opgedragen om een stelsel van openbare schoolen voor den Staat te organiseren. Indien de President zulk een plan konde voorstellen en de toestemming van zynen Raad bekomen om hetzelve uittevoeren, zou het by verre beter zyn voor den *onafhankelyken Staat*, zich by petitie tot de Koningin van Engeland te wenden, om te worden *geannexeerd* aan het Britsche Ryk en opgenomen onder de bescherming der Britsche vlag.”

onderwys in Hollands nie, wat broodnодig is, en die onderwys in Engels is ellendig. Engelse onderwysers wat geen Hollands ken nie, kan die Hollands-Afrikaanse kinders geen Engels leer nie. Op 19 November 1855 skryf die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*: „Wy zouden niet beschouwd willen worden als de waarde der Engelsche taal gering te schatten, maar wy beweren dat een jongen die alles opoffert om de Engelsche taal te leeren, en het op stuk van zaken in het geheel niet leert, een slechte koop doet;” en op 27 September van dieselfde jaar het die verderflike skoolstelsel 'n korrespondent in *De Zuid-Afrikaan* in wanhoop laat uitroep: „Hoewel men van een Afrikaander nooit een Engelschman maakt, echter zal men toch wat van hem maken.”<sup>32)</sup>

Die regering het hom egter doof gehou vir al hierdie klagtes; en toe vroeg in 1857 'n wetsontwerp gebaseer op die aanbevelings van die Gekose Komitee van 1855 by die parlement ingedien word, was daarin geen die minste tegemoetkoming aan die wense van die Hollandssprekendes te bespeur nie. Die oordrewe ywer om die hele Kolonie so gou moontlik deur die onderwys Engels te maak, het die mense daarvoor verblind dat die veronagsaming van die wense en gevoelens van die ou ingesetenes die saak van die onderwys hopeloos belemmer en 'n vername oorsaak is van die agteruitgang van die goewermentskole.

*„De Zuid-Afrikaan“ sit stryd vir Hollands voort.*

Teen die onwil van die Engelse regeringsmag om iets vir die Hollandse taal te doen, kon *De Zuid-Afrikaan* as vertolker van die Afrikaner-standpunt ongeveer niks uitrig nie; tog het die blad daar nie van moeg geword om steeds met krag sy oortuiging uit te spreek en vir die Afrikaner-belange op te kom nie. In die uitgawe van 30 April 1857 verskyn weer 'n hoofartikel oor die Kaapse skoolstelsel en die verval van die regeringskole. „De reden van dit verval,” lees

<sup>32)</sup> In die *Zuid-Afrikaan* van 16 Aug. 1855 skryf 'n korrespondent na aanleiding van die goewermentskole: „Dit weten wy, dat, over het geheel genomen, het onderwys op dezelve zeer ondoelmatig is. Immers het bepaalt zich by de Engelsche taal, terwyl toch de Hollandsche, in den tegenwoordigen stand van zaken, onmisbaar is, en de kinderen, na eenige jaren op dezelve doorgebracht te hebben, het is waar, menig Engelsch boek lezen kunnen, maar by ongeluk daarvan niet het minste verstaan.”

ons daarin, „moet gezocht worden in innerlyke gebreken van het stelsel die het van self van het begin af by het volk gehaat moesten maken. Die gebreken zyn drieërlie. Vooreerst was er by de Regeringsscholen niet de onderscheiding van klassen, die aan elk welgeordende maatschappy eigen is, en die, om plaatselyke redenen, in kolonien nog sterker uitkomt dan in Europa. Zy hadden het zich ten doel gesteld, om naast de boeren kinderen, die onze koloniale aristocratie vormen, ook de kinderen der bedienden te onderwyzen, die maar kort geleden hunne slaven geweest waren. Ten tweede beleedigden de Regerings-scholen het gevoel van de Hollandsche Afrikaanders, door slecht of byna in het geheel niet te voorzien in het onderwys in de Nederduitsche taal — de taal waarin zy den bybel lezen en hunne leeraars hooren prediken . . . . Ten derde hadden de Regerings onderwyzers, die vreemdelingen en regerings dienaren waren, weinig gemeen met de ouders, voor wier kinderen zy te zorgen hadden . . . .”<sup>33)</sup>

Oor Rose Innes, die Superintendent-Generaal van onderwys, was *De Zuid-Afrikaan* se oordeel nog altyd gunstig. In 'n bespreking van Innes se rapport oor 1855 en die eerste helfte van 1856 sê die blad dat die Superintendent dit ongetwyfeld goed meen met die onderwys van Hollands op die regeringskole; maar om te slaag, moet onderwysers en regering help. „Nu is het duidelyk,” volg daar dan op, „dat van Schotsche Onderwyzers, die met het Hollandsch weinig of niet bekend zyn, niet verwacht moet worden dat zy er zich veel moeite voor zullen geven, en in eene Engelsche regering is het zeer natuurlyk, dat zy zich het volstrekt niet

<sup>33)</sup> Deur die *Zuid-Afrikaan* is ook meer as eens daarop gewys dat die regering in sy poging om die Afrikaners te verengels, so ontaktvol te werk gaan dat hy die bereiking van sy doel vir homself bemoeilik. „De zaak is,” verklaar die blad in die hoofartikel van 3 Augustus 1857, „dat de Engelschen in hun yver om de door hen verlangde verandering tot stand te brengen, ze vertraagd hebben. Men kan en naauwelyks aan twyfelen, of hunne taal sou hier meer algemeen gesproken word, als de openbare scholen onderwyzers hadden die door middel van het Hollandsch eene kennis der Engelsche taal konden mededeelen. Het was een der byzonderheden van dat ongelukkige Wets-Ontwerp, dat zy in de verloopen zitting omtrent het Onderwys heeft voorgesteld, dat er volstrekt geene de minste melding van het Hollandsch als vak van onderwys gemaakt werd.”

aantrek als er geen Hollandsch in de regeringscholen meer onderwezen wordt.”<sup>34)</sup>

*Die „Board of Examiners“ en die „Public Service Certificate“.*

As een van die middele wat aangewend is om die onderwysstelsel van die regering, wat nie aan sy doel beantwoord het nie, te verbeter, is deur Wet no. 4 van 1858 ‘n „Board of Public Examiners in Literature and Science“ ingestel. Die houding wat die regering teenoor Hollands ingeneem het, blyk hier weer opnuut uit die programmas van die verskilende eksamens, waarin Hollands as ‘n „modern language“ gelykgestel word met Frans en Duits.

Toe die Raad van Eksaminatore hul verordeninge en reglemente opgestel het, het die posisie van Hollands ook in verband met die eksamen vir die staatsdiens ter sprake gekom. Die Raad het met die regering briefwisseling gevoer „respecting the best mode of securing a knowledge of the Dutch language for the offices in which a knowledge of that language would be required.“ Hulle het gevoel dat in baie dele van die Kolonie „acquaintance with Dutch is essential to the due efficiency of the Public Service,“ terwyl dit op ander plekke nie so belangrik was nie. Die regering wou Hollands klaarblyklik nie essensieel maak by enige deel van die staatsdienseksamen nie, en die plek wat

<sup>34)</sup> In sy rapport het Innes geskrywe: „However important the diffusion of the English language through every district of the colony is justly acknowledged to be, on many and obvious grounds, there is another object in the educational institutions of this country to which this is secondary, viz. (as expressed by Sir John Herschel), ‘to form good citizens and men, by instructing them in the relations of social and civil life and to fit them for a higher state of existence, by teaching them those which connect them with their Maker and Redeemer.’ This, the most important business of the teacher, must commence with early youth and, therefore necessarily, in the language which is vernacular, not in that which is acquired.“ Om dit moontlik te maak het Innes aan die hand gegee dat jong Skotse onderwysers op pad na Suid-Afrika Holland moes aandoen en so lank daar vertoef as wat nodig is om die Hollandse taal te leer, terwyl onderwysers uit Holland weer eers na Engeland moes gaan om ‘n kennis van die Engelse taal op te doen. (*Report on Public Education for the Year 1855, and the First-Half of 1856.*) Die Zuid-Afrikaan het nie veel vertroue gehad dat dié plan ooit sou uitgevoer word nie, en in werklikheid het daar ook niks van gekom nie.

daaraan toegeken is, was diesselde as by die ander openbare eksamens. Die Raad het die hoop uitgespreek, soos reeds geformuleer in 'n brief van die regering, dat „at every examination a sufficient number of candidates will pass who have a practical knowledge of the Dutch, and from whom a selection may be made for those offices in which a knowledge will prove useful.”<sup>35)</sup> Daarby het dit gebly. Van 'n regering wat hom so min bekommer het oor die Afrikaanse bevolking se behoeftes op die skole, kon dit ook nouliks verwag word dat hy uit sy pad sou gaan om aan hulle behoeftes tegemoet te kom deur die aanstelling van siviele amptenare wat die Hollandse taal magtig was.

Die geskiedenis van die eksamens vir toelating tot die staatsdiens wat deur die „Board of Public Examiners” afgeneem is, is in meer as een opsig besonder leersaam. In die tweede eksamen, wat in Januarie 1860 plaasgevind het, het vyf uit die nege kandidate geslaag. Hoewel daar onder die geslaagdes drie met Afrikaanse name was, moes die eksaminatore in hul rapport vermeld: „None can be said to have shown such knowledge of the modern language selected as would be of much use in the public service, if documents in that language were placed in their hands. In some instances, though only in cases where the certificate has not been granted, the papers on the modern language selected, all of which were extremely simple, were left wholly untouched.” Die volgende jaar kon die eksaminatore „some improvement in modern language” rapporteer. Ongelukkig het die verbetering nie in die eerste plaas Hollands gegeld nie, maar Frans. „The languages taken were French and Dutch,” lui dit in die verslag. „It may be added that some of the candidates who selected French showed more knowledge of the language than any of those who chose Dutch”—en dit terwyl daar hierdie keer onder die geslaagde kandidate ses met tipies Afrikaanse vanne was.

Die eksamens vir die „Public Service Certificate” het nie aan hul doel beantwoord nie, en in 1863 is hul deur 'n wet

<sup>35)</sup> *Annexures to Votes and Proceedings*, G. 6 van 1859, dl. II, „By-Laws and Rules framed by the Board of Public Examiners in Literature and Science.” Voorsitter van die eerste Raad van Examinateure was regter E. B. Watermeyer, en sekretaris James Rose Innes, terwyl Changuiion een van die lede was.

van die parlement afgeskaf. In een van die artikels van die wet is egter voorsiening gemaak „that the Board shall examine candidates for the public service who may be authorized to appear before them by the Governor, in such of the subjects of examination as in particular instances the Governor may think fitting.” Of dit ooit nodig bevind is om 'n kandidaat vir die staatsdiens in Hollands te laat eksamineer, is nie bekend nie.<sup>35a)</sup>

#### *Langham Dale se houding teenoor Hollands.*

In 1859 het Langham Dale vir Innes as Superintendent-Generaal van onderwys opgevolg. Ook hy was nie vyandig gesind teenoor Hollands as taal nie en het die onderwys daarvan op skool op 'n manier aangemoedig. Hy vertel self dat hy by sy eerste besoek aan 'n „established school” in die jaar van sy benoeming by die ingang van die skool die kennisgewing „*It is forbidden to speak Dutch*” aangetref het en dat hy dergelike dinge verbied het.<sup>36)</sup> In *Het Volksblad* van 19 September 1863 lees ons ook dat dr. Dale by geleentheid van 'n eksamen en prysuitdeling van die kleinkinderskool van die Tot Nut van 't Algemeen nadruk gelê het op die nut van die studie van die Hollandse taal: „Van het Hollandsch moest meer werk gemaakt worden, en men moet niet langer zeggen 'mijn kind kan Hollandsch spreken en behoeft dus geen Hollandsch te leeren;' neen, de leerlingen moeten zich meer oefenen in die taal, om ook de groote werken van Holland te kunnen lezen . . . . De beste leerlingen had hij altijd die bevonden, die beide talen leerden, of 't Engelsch door middel van 't Hollandsch beoefenden . . . .” Hoewel Dale dus nie teen die onderwys van Hollands as vak op skool was nie, het hy tog niks gedoen om die Hollandssprekendes wat die medium van onderwys betref, tegemoet te kom nie.

#### *Onderwys in Engels op ondersteunde skole.*

Kort ná sy aanstelling het Dale op 'n rondreis gegaan om die ondersteunde skole in die westelike distrikte te inspe-

<sup>35a)</sup> Sien die rapporte van die „Board of Public Examiners in Literature and Science”, 1860 (bls. 5 vlg.), 1861 (bls. 6) en 1864 (bls. iv).

<sup>36)</sup> Dr. E. G. Malherbe: *Education in South Africa*, bls. 112, noot.

teer. In verskeie skole rapporteer hy as een van die „serious irregularities” wat hy aangetref het, dat die vereiste omrent Engels as vak en medium van onderwys nie nagekom word nie. Wat die vakke van onderwys betref, het hy spesiaal ondersoek daarna gedoen hoeveel die leerlinge weet van Engels, en van skryf en reken. Die resultate was alles-behalwe bevredigend. „The study of English,” skrywe hy in sy rapport van die inspeksie, „is not pursued far enough to be of use either for conversation or for writing; and though in several schools I found a few children capable of reading the English Testament intelligibly, I experienced great difficulty in eliciting any answers to my questions.”<sup>37)</sup> Hy kom tot die slotsom dat „two-thirds of the children in the majority of the schools, were not even pretending to learn English; some came to school only to learn the Dutch catechism; others are admitted on the express condition that they are not to learn English.”<sup>38)</sup>

In sy onderwysrapport oor die jaar 1861 herhaal Dale sy klaged en lê daar weer nadruk op dat onderwys in Engels op die ondersteunde skole of versum word of byna geen resultaat oplewer nie. Hy sê dat dié toestand van sake toegeskryf word aan die ongerekende skoolbesoek en aan die feit dat kinders so vroeg uit die skool geneem word; „but these causes,” voeg hy daaraan toe, „often arise from the conviction of parents that, as their children make no progress in five or six years, when young and not required for labour, their continuance at school would be a waste of time.” Dale verklaar die ongerekende skoolbesoek daaruit, dat die

<sup>37)</sup> In verband hiermee is dit interessant om te herinner aan wat iemand in die *Zuid-Afrikaan* van 27 Sept. 1855 oor die skoolinspeksie van Rose Innes opmerk. Hy vertel dat die inspeksie altyd vantevore aangekondig word en dat die onderwyser sy leerlinge met 'n paar bekende Engelse leesstukke so afrig „dat de heer Innes tevreden de school verlaat, zyne verwondering te kennen gevende dat de leerlingen zoo groote vorderingen hebben gemaakt in de Engelsche taal.” Later ewenwel, as die kinders uit die skool gaan, ken hulle nog altyd geen Engels nie. 'n Maand eerder, op 16 Augustus, het 'n ander korrespondent reeds in die *Zuid-Afrikaan* geskrywe dat die leerlinge, ná hulle 'n paar jaar op die goewermentskool deurgebring het, „het is waar, menig Engelsch boek lezen kunnen, maar by ongeluk daarvan niet het minste verstaan.”

<sup>38)</sup> *Special Report of an Inspection, by the Superintendent-General of Education, of Schools in the Western Districts aided from the Public Revenue, 1860*, blss. 3, 4.

skole heeltemal kosteloos is.<sup>39)</sup> Uit die talryke klagte in *De Zuid-Afrikaan* het egter geblyk dat die Afrikaanse ouers die waarde daarvan nie kon insien nie om hul kinders na skole te stuur waar soveel nadruk gelê word op die aanleer van Engels dat die hele onderwys daaraan opgeoffer word.

*Getuienis voor Onderwyskommissie van 1861.*

Hoe onversetlik die regering op sy stuk gestaan het om die Hollandse taal deur 'n uitsluitend Engelse onderwysstelsel uit te roei in die land, blyk opnuut uit die onderwyswet wat in 1865 aangeneem is. Die wetsontwerp van 1857 waarvan hierbo sprake was, het nie wet geword nie; en op 23 September 1861 is 'n regeringskommissie onder voorsitterskap van regter Watermeyer benoem om weer op die kwessie van onderwys in die Kolonie in te gaan.<sup>40)</sup> Die kommissie het o.a. 'n massa getuienis afgeneem van vooraanstaande onderwysmanne, predikante en andere, wat van groot belang moet geag word.

Telkens is in die getuienis die mening uitgespreek dat die taalbepalings van die regering nie so streng op die plaasskolle moet toegepas word nie, omdat dit gesonde onderrig bemmer. So sê by voorbeeld prof. John Murray, van Stellenbosch: „Without some relaxation in this respect, it will be found that in many cases those willing to avail themselves of the grant will be prevented from doing so. An English teacher, ignorant of Dutch, cannot be expected to give proper instruction to Dutch-speaking children who know no English; the time required for conveying knowledge must be spent in establishing a means of communication between the teacher and his pupils. A Dutch teacher, ignorant of English, is excluded from such schools by the condition in question. The selection is thus limited to one acquainted with both languages, — a limitation which, it will be found, often makes it difficult to secure a teacher.”<sup>41)</sup> Om

<sup>39)</sup> *Report on Public Education for the Year 1861*, blss. 4—5.

<sup>40)</sup> Die lede van die kommissie was: regter E. B. Watermeyer, William Porter, P. E. de Roubaix, Saul Solomon, John Fairbairn, J. H. Munnik, Langham Dale en James Rose Innes.

<sup>41)</sup> Reeds in sy *Report on Public Education*, 1854, het Innes opgemerk dat sommige skole vakan bly omdat onderwysers wat ook Engels kan doseer, nie te kry is nie.

te verstaan hoe ernstig die moeilikheid is, moet die kommissie in gedagte hou dat die kinders in baie gevalle nie langer as een jaar of selfs maar ses maande skoolgaan nie. In dié kort tyd moet die leerling soveel moontlik kennis opdoen deur middel van sy moedertaal. „The practical results of his attendance at school will not be augmented when the additional task of acquiring a smattering of a foreign language is imposed on the pupil.”

Getuienis van dieselfde strekking is afgelê onder andere deur di. W. Murray, van Middelburg, en J. H. Neethling, van Stellenbosch, wat nog daarop wys dat die algemene toestand in die Kolonie meebring dat die publiek belangstel in Engels. „I think,” skryf hy, „prejudice is kept up by such regulations, and obstructs the way.” Hy beveel aan dat die regering die aanleer van Engels aanmoedig, maar nie op die bevolking afdwing nie. Die besware van die Afrikaanssprekendes teen die bestaande onderwysstelsel is met meer krag geformuleer deur ds. Colin Fraser, van Beauport: „An objection is made to it because the Dutch language is not taught in the school; a Dutch community cannot but object to such a system,” terwyl Jaspar Loxton, onderwyser aan die regeringskool op Malmesbury, skryf: „When the Dutch is in general use, I have found the established schools in general disregard . . . A prejudice among the people against the school exists through the country, on account of the little attention paid to the Dutch language.”<sup>42)</sup>

*Kommissie het min simpatie vir Hollands. Taalbepalings van Wet op Onderwys, 1865.*

Deur die kommissie self is betreklik min aandag aan die kwessie van Hollands gegee. Alleen is op voorstel van P. E. de Roubaix aangeneem dat op die plaasskole („farmers' schools”), „the instruction may be given through the medium of the Dutch language in localities approved by the Govern-

---

<sup>42)</sup> Sien *Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col.*, 1863, App. I, blss. 25, 41, 56, 66 en 69; App. II, blss. 14, 30.—Die gees wat daar in sommige kringe geheers het, blyk uit dfe getuienis van J. C. Davidson, Siviele Kommissaris op George, wat skrywe dat die grootste struikelblok vir die verbreiding van elementêre onderwys die „Dutch language” is. Sy advies is: „A thorough knowledge of English ought to be a *sine qua non*, and no Dutch should be taught in schools” (App. I, bls. 24).

ment," en 'n aanbeveling in dier voege is deur die kommissie gemaak. Rose Innes het nog voorgestel „that in all schools aided by Government grants sufficient provision shall be made, where necessary, for instruction in the Dutch language," maar die voorsitter, regter Watermeyer, het dit onnodig geag en as amendement voorgestel: „The Commission is of opinion that in many localities it may be advisable that provision should be made in aided schools for instruction in the Dutch language, but that no resolution on the subject is necessary, except that already taken as to farmers' schools; because there is nothing in the resolutions to prevent the teaching of the Dutch language in all schools in localities where the managers of the schools shall deem it necessary." Die amendement is toe aangeneem.<sup>43)</sup>

Waar die kommissie so min simpatie vir Hollands getoon het, het die regering hom nie genoodsaak gevoel om van sy eenmaal ingeslae pad af te wyk nie. Die wet op onderwys van 1865 het bepaal dat die onderwysmedium in alle eersteklas- en tweedeklasskole Engels moes wees en dat in die derdeklasskole „the instruction during the school hours shall, as far as practicable, be given through the medium of the English language, within twelve months after the first establishment of the school." Wat 'n onreg dit teen die Afrikanerkind was, kan pas besef word as ons daaraan dink dat in hierdie tyd en ook lank daarna verreweg die meeste Afrikaanssprekende kinders in die plattelandstreke nog een-talig was en teenoor Engels as teenoor 'n volkome vreemde taal gestaan het.<sup>43a)</sup>

#### D. DIE TAAL IN DIE KERK

*Verengeling onder Afrikaners. Die Kerk 'n nasionale band.*

Diegene wat in die ou Kolonie gestry het vir die behoud van die Hollandse taal en nasionaliteit, het hoe langer hoe meer te staan gekom nie alleen teenoor die Engelse owerheid

---

<sup>43)</sup> Rep. upon the Gov. Educ. Syst. of the Col., 1863, blss. lxxv en ciii.

<sup>43a)</sup> Ook vir die sendingskole is dit bepaal dat die onderwys so ver moontlik in Engels moes gegee word. Selfs die sendingskole van die Hollandse Kerk moes dus Engels as voertaal gebruik as hul die steun van die regering wou geniet.

en die van huis uit Engelssprekende koloniste wat die ou ingesetenes wou verengels nie, maar ook teenoor die halfpad of klaar verengelste Afrikaners, wat nou hul meer behoudende volksgenote in dieselfde stroom wou trek as waarin hul self was. Dié mense moes reeds in die vyftiger jare soms bitter verwytte hoor oor hul ontrou aan hul eie nasionaliteit. „Er mogen er zyn onder de Afrikanen,” skryf iemand in *De Zuid-Afrikaan* van 13 Julie 1854, „die hunne afkomst vergetende, de Engelschen vleijen en Englands grootheid uitbazuinen; zy zullen wel weten, waarom zy dat doen; maar zy zouden evenzeer de Russen of de Turken vleijen, en Ruslands of Turkye's grootheid uitbazuinen, wanneer de Czaar of de Sultan den Schepter over de Kaapkolonie zwaaiide.” Oorwegings van eiebelang, materieel en maatskaplik, het ongetwyfeld baie Afrikaners daartoe gebring om hul te skik na die wil van die magtigste party in die land en hul af te keer van en neer te sien op hul eie mense. Dit het in die begin veral gebeur onder die persone wat in die Engelse staatsdiens getree het, later ook onder diegene wat ander aanknopingspunte met die al invloedryker wordende Engelse element in die Kolonie gehad het. Die ekonomiese waarde van die Engelse taal het met die jare al groter geword, die ekonomiese waarde van Hollands daarenteen minder na gelang die Afrikaners meer en meer tweetalig geword het. Die gevolg was dat Afrikanerouers wat aan die toekoms van hul kinders dink, naderhand meer besorg was oor hul kinders se kennis van Engels as van hul eie moedertaal. Uit 'n ingesonde stuk in *De Zuid-Afrikaan* van 23 Augustus 1855 blyk dat daar toe al Afrikaners was wat die standpunt ingeneem het dat op skool so veel moontlik Engels moet geleer word, want „het Hollandsch leeren de kinderen van zelven”.<sup>44)</sup>

<sup>44)</sup> Daar het natuurlik nog altyd 'n baie belangrike verskil tussen Kaapstad en die meer afgeleë plattelandse streke bestaan ook wat die waarde van 'n kennis van die Engelse taal betref. Die boermense kon oor die algemeen nog goed klaarkom met 'n kennis van hul eie taal alleen en het die noodsak van 'n kennis van Engels nog nie so sterk gevoel nie. Hulle was wel bereid om hul kinders die Engelse taal te laat leer, maar nog altyd nie ten koste van Hollands nie. In 'n brief in *Het Volksblad* van 2 Okt. 1856 kla twee Burgersdorpers oor die agteruitgang van die Hollandse taal. „Wij moeten tot ons leed getuigen,” skryf hul, „dat het goede opgang gemaakt heeft, om kinderen en jongelieden de Engelsche taal

Die vernaamste hindernis vir baie Afrikaners wat andersins sonder beswaar heeltemal sou losgeraak het van hul volksverband, was hul lidmaatskap van die Hollandse Kerk. Nie alleen suwer godsdiestige oorwegings nie, maar ook die feit dat die Hollandse Kerk 'n besonder hoë status as maatskaplike instelling gehad het, het hulle daarvan teruggehou om van hul Kerk afvallig te word. Solank soos die Hollandse Kerk dus sy Hollandse karakter bewaar, sou dit die sterkste bolwerk van die Hollandse nasionaliteit in die Kolonie bly. In die vorige hoofstuk het ons egter gesien hoe dat deur sekere besluite omtrent Engels preek, die Kerk gevaar geloop het om in sy bepaald Hollandse karakter aangetas te word. Behalwe dat sekere predikante wat dit kon en wou doen, vernaamlik Skotte, op die platteland af en toe Engelse dienste gehou het vir Engelse en Skotte wat geen eie predikant in hul midde gehad het nie, is daar ewenwel in die begin in die Hollandse Kerk min Engels gepreek.<sup>44a)</sup>

*Pleidooi vir Engelse dienste in Groot Kerk.*

Kort ná 1850 is daar in Kaapstad oor gepraat om 'n Engelse diens in die plaaslike kerk ingevoer te kry, maar dit het uit die staanspoor sulke heftige teenstand uitgelok dat daar nie mee voortgegaan is nie. Vir die verengelste Afrikaners in die stad het die posisie egter hoe langer hoe lastiger geword. Hollandssprekend was hulle, en veral hulle kinders, tuis nie meer nie; tog moes hul Hollandskundig bly ter wille van hul lidmaatskap van die Hollandse Kerk. Dit sou nie lank meer duur nie of hul sou 'n besliste poging aanwend om hul posisie in die Kerk te red deur Engelse dienste ingevoer te kry. Die eerste ernstige stap in dié rigting is gedoen in 1856, toe in *De Kerkbode* van 16 Februarie 'n anonieme stuk verskyn onder die hoof „*De Engelsche Taal*“, waarin die noodsaaklikheid van die invoering van Engels in die Hollandse Kerk bepleit word. Die betoog van die skrywer is belangwekkend:—

te leeren. Doch het zoude ook waar kunnen zijn, dat indien men trachten zoude onze moedertaal uit te roeijen, wij zouden ophouden onze kinderen de Engelsche taal te leeren."

<sup>44a)</sup> Sien hiervoor, blss. 90 en 98.

Engels wen meer en meer veld; gebrek aan kennis van dié taal werk remmend: bekwame manne sonder kennis van Engels kan nie vir die parlement gekies word nie, en Hollandse onderwysers sonder kennis van Engels kan nie aangestel word nie. Die Hollandse taal raak in die hoofstad, in die meer aansienlike dorpe en in die Oostelike Provinsie in onbruik; dit word nie meer onderwys nie, en Engels sal die moedertaal wees van die volgende geslag. „Ieder een weet nu het onderscheid tusschen ons Kaapsch Hollandsch, dat wij met onze dienstboden spreken, en het deftige Hollandsch dat wij van den kansel verwachten en meestal ook hooren.” Deftige Hollands word nie meer verstaan nie, veral nie deur die opgroeiende geslag nie: hulle leer en lees net Engels. Die gevolg is dat die jongmense begin oorloop na die Engelse Kerke. Die posisie kan gered word deur minstens een keer per Sondag Engels te preek. 'n Mens sou kan aanvoer: laat die kinders op skool naas Engels ook Hollands leer, maar dit is dikwels nie doenlik nie. Dis tevergeefs om teen die stroom op te roei; selfs buitemense sê al: My kinders ken genoeg Hollands, laat hul op skool so veel moontlik Engels leer—dit kom hul later beter te pas. Waar die taal van die goewermann, van die regbanke, van die wetgewende liggeme, van die handel Engels is, sal jongmense geen moeite doen om Hollands te leer nie. Die sinode sien die behoefté aan Engels in, soos daaruit blyk dat dit die Formuliere en Kort Begrip in Engels laat druk het. Ook moet die vinger van die Voorsienigheid daarin herken word dat geen professore vir die Kweekskool uit Holland wou kom nie; uit Skotland en Amerika kan professore verkry word wat toekomstige predikante ook sal kan leer om in Engels te preek.

#### *Verset.*

Soos te begrys is, het verset teen hierdie redenering nie uitgebly nie. Die eerste wat van hom laat hoor het, was Changuion as hoofartikelskrywer van *De Zuid-Afrikaan*, in die uitgawe van 25 Februarie 1856. Dis waar, erken hy, dat sommige mense op die platteland ook al begin sê dat hul kinders genoeg Hollands ken en dat hul op skool maar so veel moontlik Engels moet leer, omdat dit hul beter te pas kom; „maar er zyn onder de buitenlieden nog vry wat meer, die verstandig genoeg zyn om het verband tusschen

de taal en de godsdienst in te zien, en dat men de eene niet verzaken kan zonder iets van de andere prys te geven." Die *Kerkbode*-skrywer het beweer dat die Kerk sommige van sy beskaafdste en aansienlikste lidmate sal verloor as daar nie ook in Engels gepreek word nie. „Wat noemt onze schryver beschaafd?" vra Changuion daarop. „Is het al wat Engelsche zeden en spraak aanneemt? Hoe het ook daarmede gesteld zy, wy voor ons gelooven, dat er weinig dergelyks te verwachten is van menschen, die, uit zucht om voor beschaafd door te gaan, hunne voorouderlyke taal, zeden en zienswyze, in het kort hunne geheele nationaliteit en uit-eindelyk ook hunne godsdienst verzaken kunnen."

Belangriker as die hoofartikel van Changuion was 'n stuk in *De Kerkbode* van 14 Maart 1856 oor „De Engelsche Taal en de Nederduitsch-Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika" deur J. H. N. [ds. J. H. Neethling?], waarin op besadigde en tog kragtige wyse vir die behoud van Hollands gepleit word. Dic skrywer is nie teen Engels preek waar in 'n behoefté kan voorsien word nie; maar die stuk waar teen hy beswaar maak, was 'n aanprysing van die Engelse taal bo die Hollandse, 'n juigtoon dat Hollands aan die verdwyn is, nie 'n waarskuwing nie. Daar het 'n toon van minagting teenoor die Hollandse taal uit opgeklink, terwyl die Hollandse taal vir hom en andere nog so baie beteken. Engels en Hollands hoef nie teenoor mekaar te staan nie: „Met schuldigen eerbied, zeggen we, het was eene dwaling van het Gouvernement van vroegere dagen, toen men het Nederduitsch door het Engelsch wilde doen verdringen. Het is een dwaling van onzen tijd, dat, om maar dit ééne ten voorbeeld te noemen, de taal van het Parlement, de Engelsche is gemaakt." Plek-plek is daar wel baie verengeling, maar oppervlakkige kennis van Engels het nie die deugde van die ware Britse karakter meegebring nie. Predikante kan veel deur hul voorbeeld doen, al kan hul hul gemeentelede nie gebied om Hollands te leer nie. „Maar, waar leeraren der kerk zich over de taal hunner kerk schijnen of toonen te schamen, daar zullen zij eenen stroom vormen, wiens kracht verengelschen zal, maar veellicht niet ver edelen."

In dieselfde nommer van *De Kerkbode* en in die uitgawe van 29 Maart daaraanvolgende het nog 'n ander bydrae,

„Bedenkingen tegen de Invoering der Engelsche Taal in onze Kerk,” van R. [eerw. Ruijtenbeeck?] verskyn om die eerste *Kerkbode*-skrywer te bestry. Daarin word beweer dat die onkunde van Hollands nie so groot is as veronderstel word nie, en dat die kennis daarvan eerder toe- as afneem. Ter ondersteuning hiervan word gewys op die stigting onlangs van 'n nuwe Hollandse koerant (*Het Volksblad*), die goeie bestaan van twee Hollandse boekhandelare in die stad, die verspreiding van *De Kerkbode* en boeke van die Christelike Boekenvereeniging, die leer van Hollands in verskillende inrigtinge, en ten slotte op die feit dat in die afgelope vier jaar alleen nie minder as dertig Hollandse onderwysers aangekom en geplaas is nie.<sup>45)</sup>

*Eerste voorstel voor Kaapstadse Kerkraad, 1857.*

'n Gewigtige beswaar teen die invoer van Engelse dienste in die Kaapstad destyds was dat van die drie predikante—di. Spijker, Faure en Heijns—alleen Abraham Faure daartoe in staat en ook geneig was om in Engels te preek, terwyl al drie leraars hul hande buitendien reeds taamlik vol gehad het met die behartiging van die gewone belangte van die gemeente. Daarom het die voorstanders van Engelse dienste gewag tot die volgende sinodesitting voordat hul met 'n definitiewe voorstel na die kerkraad gekom het.

In 'n subartikel van *Het Volksblad* van 15 Oktober 1857 lees ons dan dat daar 'n beweging aan die gang is om gedurende die Sinode op Sondag in die Groot Kerk in Adderleystraat in Engels te laat preek. Die beweging word ronduit bestempel as slegs die voorspel tot die invoering van 'n gereelde Engelse diens in die Nederduitse Gereformeerde kerke in die stad, en die blad self is daar ten gunste van. Dit word egter erken dat baie mense ook daarteen is.<sup>46)</sup>

<sup>45)</sup> In die koerante het korrespondente ook skerp te velde getrek teen die voorgestelde toelating van die Engelse taal in die Hollandse Kerk. Sien o.a. *De Zuid-Afrikaan* van 3 Mrt. 1856 en *Het Volksblad* van 20 Mrt. 1856. In laasgenoemde stuk word opgemerk dat as lidmate die Hollandse taal in die kerk nie kan verstaan nie, dan is dit die Hollands in die mond van Skotse predikante!

<sup>46)</sup> Die *Zuid-Afrikaan* van dieselfde datum het 'n artikel waarin melding gemaak word van 'n gerug dat 'n petitie in die gemeente onderteken word ten gunste van 'n Engelse diens. Die *Zuid-Afrikaan* is daar baie sterk op teen.

Op Saterdag, 24 Oktober, is toe 'n kerkraadsvergadering gehou om 'n versoekskrif te oorweeg van sewe-en-sestig lidmate wat vra om die gebruik van die kerkgebou van half-twaalf tot eenuur Sondags vir preke in Engels gedurende die sitting van die Sinode. Beswaar is gemaak dat die getal petisionarisse so klein is en dat die teenstanders in die gemeente nie die kans gehad het om hul oor die saak uit te spreek nie. Tog is die versoek toegestaan, met die beslissende stem van ds. Heijns, voorsitter by afwesigheid van ds. A. Faure. Daarop het oud. Smuts revisie aangevra en is beslis dat die saak weer behandel sal word op 'n kerkraadsvergadering belê vir 30 Oktober.<sup>47)</sup>

Toe die kerkraad volgens besluit op Vrydag, 30 Oktober, byeenkom, is memories geteken deur 684 lidmate teen die afstaan van die kerkgebou vir preke in Engels ingelewer. Op die vergadering is heelwat geredetwis oor die bedoeling van artikel 57 van die Kerkwet, wat handel oor die preek van Engels deur leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ds. Abraham Faure, wat self teenwoordig was op die sinodale vergadering van 1824, toe die kwessie die eerste ter sprake gekom het, het sy mening as volg uitgespreek: „Destijs waren er slechts dertien leeraren, en van die maar vijf die Engelsch konden preeken. Er was toen een overvoer van predikanten uit Schotland, en er was eene neiging om het Engelsch preeken in te voeren in de gemeente, en wel zoo dat op de Hollandsche diensten inbreuk zoude worden gemaakt—namelijk door eens in het Hollandsch en eens in het Engelsch te laten preeken. Dit kreeg natuurlijk grooten tegenstand; en daarom was men tot het besluit gekomen, dat, ja, er zal Engelsch worden gepredikt—dat is, dat zij die het Engelsch verstaan, ook in het Engelsch eene dienst zouden waarnemen. Het heette dus, 'Die Engelsch kunnen prediken, zullen het doen.' Maar niet zoo als zij schenen te bedoelen—de eene Zondag Engelsch en de volgende Hollandsch. Zij kunnen Engelsch preeken, maar niet ten nadeel van de Hollandsche godsdienst . . . . Er was echter nog een bezwaar. Hoe zou men doen als er oppositie kwam? Het kon gebeuren dat de kerkraad onwillig was het gebouw af te geven. Men zou den predikant kunnen beletten den

---

<sup>47)</sup> *Het Volksblad*, 27 Okt. 1857; *De Zuid-Afrikaan*, 26 Okt. 1857.

preekstoel te beklimmen. Van daar dat men de wet zoo inrigtte dat het volstrekt niet noodig was verlof te vragen om in het Engelsch te prediken. Slechts een afzonderlijk uur behoeft te worden bepaald, en men had niets meer te doen dan aan den kerkeraad kennis te geven, op dat en dat uur zal het gebeuren, ten einde de koster den last bekomien kon om de kerkdeuren te ontsluiten."

Adv. C. J. Brand, die Speaker van die Wetgewende Vergadering, wat geen kerkraadslid was nie, maar na die vergadering gekom het, het spesiale verlof gekry om te praat. Hy het gesê dat hy ook op die sinodale vergadering van 1824 aanwesig was, en het staande gehou dat artikel 57 van die Kerkwet gemaak is in die eerste plaas ten behoeve van Engelse in die buitedistrikte wat op geen ander wyse in die genademiddle kon deel nie. „Hij kon dus de poging om het Engelsch op den kansel in de kerken in de Kaapstad in te voeren, niet anders beschouwen dan eene poging om er het Hollandsch uit te krijgen. ‘Laat ons eerst den voet in den stijgbeugel hebben, en wij zijn spoedig in den zadel,’ dit was het denkbeeld waarvan men vol was. ‘Gedurende de sitting der Synode,’ zou het zijn; maar wie guareerde dit? Als er eerst een paar Zondagen in het Engelsch was godsdiens gehouden, en er was eene tamelijke opkomst, dan zou men spoedig beweren dat men sterk genoeg was om eene der geregelde diensten in het Engelsch te houden.” Die versoek is daarop verworp met 9 teen 6 stemme.<sup>48)</sup>

Die poging om Engels in die moederkerk in te voer, was aanleiding tot 'n lewendige geskryf in die koerante. Die gevoel van die korrespondente — ook van dié wat aan *Het Volksblad* geskrywe het — was vrywel algemeen daarteen; en die persone wat die beweging gesteun het, moes soms harde woorde hoor.<sup>49)</sup> Lang ná die laaste kerkraadsvergadering

<sup>48)</sup> Sien die uitvoerige verslag in *Het Volksblad* van 3 Nov. 1857 en die *Zuid-Afrikaan* van die vorige dag. Sowel ds. Faure as sy teenstander adv. Brand het klaarblyklik die verrigtinge in die Sinode van 1824 deurmekaargehaal met dié van die Sinode van tien jaar later.

<sup>49)</sup> In *De Zuid-Afrikaan* van 26 Nov. 1857 skryf iemand oor die 67 „Anglo-Afrikanen” wat die versoekskrif om Engelse dienste onderteken het, o.a. dit: „Het meerendeel deser 67 zyn geboren Afrikanen, welke hoewel inwendig zeer hoovaardig, echter van eene zeer zwakte en buigzame karaktergesteldheid zyn, welke vermeenen zich te vernederen, wanneer zy Hollandsch spreken, onophoudelyk

het daar nog telkens brieue verskyn onder die hoof „Engelsch of Hollandsch?”; en die stryd wat nou eenmaal uitgebreek het in die Kaapstadse gemeente, sou nie maklik weer tot bedaring gebring word nie.

*Tweede voorstel voor Kaapstadse Kerkraad, 1859.*

Twee jaar ná hul eerste mislukte probeerslag om dit gedaan te kry dat daar in die Groot Kerk ook in Engels sou gepreek word, het die „Anglo-Afrikaner” weer ’n poging gedoen. Hul mikpunt het hul selfs ’n bietjie hoër gestel as die eerste keer. Op ’n kerkraadsvergadering gehou op 24 Oktober 1859 het ouderling W. de Smidt naamlik die volgende voorstel ingedien: „Dat het gebruik der beide kerkgebouwen worde toegestaan tot het houden van godsdienst in de Engelsche taal door leeraars der Gereformeerde Kerk, die zich daartoe opgewekt mogen gevoelen, des Zondags tusschen de uren van uitgaan des morgens, en aangaan des middags of des avonds onzer gewone godsdienstoefeningen en eenige tijd in de week wanneer de kerkgebouwen niet voor het houden van godsdienst in de Hollandsche taal gebruikt worden.”

De Smidt pleit as volg: „Het is thans in de kolonie *alles Engelsch*, en wij, hoe ook verkleefd aan de taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze ‘moedertaal’ noemen, kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde! — Getuige de laatste jaren: het *Parlement*, het *Hooge Geregtshof*, de *Magistraats Hoven*, alle publieke bezigheden, zoo wel van het Gouvernement als die waaraan de ingezetenen deel hebben — het is alles Engelsch. In meest alle scholen maakt het Engelsch het hoofonderwijs uit, — en misschien met een of twee uitzonderingen, waar men in het Hollandsch ook onderwijst, worden de scholen voor jonge jufvrouwen, bij uitsluiting bestuurd door Engelsche onderwijzeressen, die geen enkel woord Hollandsch verstaan.” Hy betoog verder dat die invoer van Engels in die Kerk nikks nuuts is nie. Reeds in 1847 het die Sinode besluit dat die Heidelbergse Katechismus en die Kort Begrip as fundamentele boeke van onderwys,

---

Engelschen omgang zoeken en steeds door bittere spyt en gemoedsknaging gefolterd worden by die gedachte, dat zy het geluk en den onwaardeerbaren zegen derven niet van Engelsche extractie of Engelsch geboren te zyn.”

en ook die Formuliere, in Engels verkrybaar moet gestel word. Die Sinode het nog verder gegaan en deur artikel 56 van die Kerkwet vasgestel dat godsdienstige onderwys „zoo in die Engelsche als Nederduitsche taal” sou gegee word.

Di. Spijker en Heijns opponeer. Die mense, sê hul, sal hul binnekort gaan diets maak dat hul geen Hollands meer verstaan nie—ook nie die Formuliere en die Gesange nie. Kinders sal by die Engelse dienste gedoop word, en katkisasie sal in Engels gehou word. Hierop antwoord ds. A. Faure dat hy al klaar jongmense wat beter Engels as Hollands verstaan, in Engels katkiseer.

Ouderling P. A. Brand, die broer van die Speaker, praat vir die voorstel. „In al de kostscholen werden de kinderen *gefined* als zij Hollandsch spraken; hoe kan men dan verwachten dat zij naderhand het Hollandsch zouden kennen?” is een van sy argumente!

Soos twee jaar gelede is adv. C. J. Brand, die Speaker, ook nou weer ’n vurige teenstander van die toelating van Engels in die Hollandse Kerk. „Als men de oogen openen wilde,” sê hy onder andere, „als men ooren had om te hooren—men zou spoedig ontwaren, dat het niet maar is: ‘Er is behoefté,’ of ‘Laat het slechts toe voor diegenen die geen Hollandsch verstaan;’ maar dat het was: ‘De geheele Kerk moet Engelsch worden.’ En daarvan moet het gevolg zijn, dat men weldra roepen zou: ‘Weg met de gezangen! weg met den Bijbel en de Katechismus, weg met de Synode!’ Die gevolgen moesten komen. Men begin door te zeggen: ‘De Kaap is Engelsch; de heele regering is Engelsch, en daarom moet het Hollandsch voor het Engelsch in de Kerk ook plaats maken.’”

Nieteenstaande die kragtige pleidooi van adv. Brand is die voorstel van De Smidt aangeneem met 10 teen 5 stemme.<sup>50)</sup>

#### *Gemeente protesteer teen kerkraadsbesluit.*

Die saak was hiermee vir die voorstanders van Engels preek egter nog nie gewonne nie. Op ’n kerkraadsvergade-

<sup>50)</sup> *Het Volksblad*, 25 en 27 Oktober 1859. Die verslag vermeld nog dat daar ’n aansienlike opkoms was van gemeentelede, die meeste waarvan teen die voorstel gekant was. Ook in *De Zuid-Afrikaan* van 27 Okt. het ’n breedvoerige verslag van die vergadering verskyn.

ring veertien dae later gehou is 'n protes teen die besluit op die vorige spesiale vergadering geneem, namens di. Spijker en Heijns en ouderling Changuion ingedien, terwyl ook 'n petitie onderteken deur 1000 lidmate namens ses oud-ouderlinge voorgelê is.<sup>51)</sup> Volgens *De Zuid-Afrikaan* van 7 November was die hele stad in rep en roer oor die saak; en te ordele na die talle van brieve wat na die koerante gestroom het, moes die opgewondenheid inderdaad buitengewoon groot gewees het. Die „Anglo-Afrikane“ het hul egter nie van hul koers laat afbring nie, en op 'n kerkraadsvergadering vroeg in Desember gehou stel ouderling W. de Smidt voor „dat de tijd wanneer er met Engelsch prediken zal een aanvang genomen worden, bepaald worde op den 15den Maart.“ Ds. Heijns het die saak probeer smoor deur voor te stel „dat men voortga met de gewone bezigheden;“ maar sy amendement is met die beslissende stem van die voorsitter (ds. Abraham Faure) verworp, waarop die voorstel De Smidt bespreek is. Die kerkraad het klaarblyklik onder die indruk gekom van die geweldige teenstand wat sy vorige besluit uitgelok het in die gemeente, en het hierdie keer die voorstel van ouderling De Smidt met meerderheid van stemme verworp.<sup>52)</sup> Hiermee is die Engelse dienste voorlopig op die lange baan geskuwe. „De kwestie over het Engelsch prediken in de Ned.-Herv. Kerk der Kaapstad,“ skryf *Het Volksblad* in die hoofartikel van 22 Desember, „is voor het oogenblik niet langer aan de orde van den dag.“

#### *Behoefte aan Engelse dienste?*

Hoe seer daar werklik in 1859 reeds behoefte bestaan het aan Engelse dienste in die Nederduitse Gereformeerde kerk in Kaapstad, is moeilik om te sê. „Wij hebben van vele zijden hooren beweren,“ lees ons in *Het Volksblad*, wat ten gunste van Engelse preekbeurte was, „dat er in onze gemeente minstens een 60-tal jeugdige lidmaten zijn die een Hollandsche preek niet genoegzaam kunnen verstaan, en dat dit getal,

<sup>51)</sup> *Het Volksblad*, 8 Nov. 1859. Die nommer van die *Zuid-Afrikaan* waarin die verslag van die vergadering moes verskyn het, ontbreek in die Openbare Biblioteek in Kaapstad.

<sup>52)</sup> *Volksblad*, 6 Desember 1859, met 'n korreksie in die uitgawe van 10 Desember.

dank zij de inrigting van het onderwijs in de beste scholen (het uitmuntend instituut van Dr. Changuion niet uitgezonderd), dagelijks aan het toenemen is. Wij hebben voor ons zelven geene zekerheid dat er *nu reeds* zoo een 60-tal leden zijn; wij willen ook wel gelooven dat er *enkelens* zijn, die alleen uit modezucht Engelsche preek en verlangen.”<sup>53)</sup>

Ongetwyfeld het die blote sug tot naäping van alles wat Engels was, 'n belangrike rol gespeel by baie voorstanders van Engelse dienste. Dié persone het dan die egte of voor-gewende onkunde van Hollands van enkele jongmense uit verengelste gesinne maar al te gretig aangegegryp as rede van hul optrede. Van die teenparty het hulle tot antwoord gekry dat hul liewer moet toesien dat die Hollandse taal ook in die Engelse skole behoorlik onderwys sou word en dat dit dan nie nodig sou wees om ter wille van enkele verengelste jongmense die taal, en daarmee die hele karakter, van die Hollandse Kerk te verander nie. Die saak was egter dat baie Afrikaners in die stad geen gevoel meer vir Hollands gehad het nie en dit nie die moeite werd geag het om die taal van hul voorouers op 'n kunsmatige wyse, soos hulle sê, aan die lewe te probeer hou nie. Die hele land word tog Engels, was hul vernaamste argument, en dit kan alleen bekrompe vooroordeel wees wat die Hollandse Kerk daarvan wil weerhou om hom aan die tydges aan te pas.

#### *Toenemende verbreidung van Engels onder lede van Hollandse Kerk.*

Nadat die tweede poging om Engelse dienste in die Kaapstadse kerk ingevoer te kry, misluk het, het daar in *Elpis* 'n uitvoerige artikel verskyn van „Opmerker” onder die hoof „Gedachten over de Toenemende Verbreidung der Engelsche Taal onder de Leden der Nederduitsch-Gereformeerde Kerk”, waarin weer sterk vir Engels gepleit word.<sup>54)</sup> Dié artikel is belangwekkend omdat die skrywer ons daarin 'n beeld gee van die taaltoestande in die Kaap aan die einde van 1859 soos gesien deur die bril van 'n sterk Engelsgesinde Afrikaner. „Die eenigsins met onze landsbevolking bekend is,” sê hy onder andere, „weet dat naarmate de begeerte

<sup>53)</sup> Hoofartikel, 3 Nov. 1859.

<sup>54)</sup> *Elpis*, dl. III, bls. 271 vlg.

der ouders naar een onbekompene opvoeding hunner kinderen toeneemt, naar die mate ook bij hen de begeerde levendig wordt hunne kinderen niet de Engelsche *met* de Hollandsche taal, maar *uitsluitelik* de Engelsche taal te doen aanleeren. Zij vragen naar Engelsche onderwijzers en onderwijzeressen. Zij zenden hunne kinderen naar *Engelsche* scholen. Alleen de bekrompen buitenman, die meent dat zijn kind aan wat schrijven, lezen, cijferen, en katechizeren genoeg heeft, bekommert zich niet over het Engelsch. Men kan niet ontkennen dat zelfs in de verste buitendistricten koloniale beschaving met de heerschappij van de Engelsche taal hand aan hand gaat."

Soos so vele van sy geesverwante het ook „Opmerker” sy bewondering en liefde vir suwer Nederlands betuig, daar teen sy afsku te kenne gegee van die taal soos dit aan die Kaap gepraat word, en dié taalverbastering as verskoning vir sy ywer vir Engels aangevoer. „Het koloniaal Hollandsch wordt, vooral sedert het Engelsch toeneemt, al ellendiger, en voor hem die de schoone en rijke Nederduitsche taal kent al verachtelijker. Hoe menigmalen wordt niet het gevoel gekwetst, door de anglicismen die zelfs predikanten, van Kaapsche ouders geboren, op den preekstoel brengen . . . Hier [in die stad] wordt het Engelsch al meer en meer, ik zeg niet de taal des dagelykschen verkeers, *maar de taal des huisgezins!* En het Hollandsch? — Liever hoor ik het platte plompe Hollandsch van den achterlijksten boer, dan het verengelschte Hollandsch van het Kaapstadsche jonge geslacht.”

Engels neem in die stad nou so ’n vername plek in dat niemand meer ’n behoorlike bestaan kan maak sonder ’n deeglike kennis daarvan nie. „De behoeftes des tijds is vloeijend Engelsch; en waar de school deze behoeft te gemoet kom, daar treedt het Hollandsch op den achtergrond. Opmerkelijk,” voer die skrywer aan ter bevestiging van sy bewering, „dat een ouderling der Kaapstadse gemeente die sterk tegen de invoering der Engelsche taal in de Gereformeerde Kerk in die stad heeft gepleit, die zelfs een werk heeft geschreven getiteld: ‘de Nederduitsche taal in Z. A. hersteld,’ — ik zeg: opmerkelijk dat deze ouderling, zwichtende voor den geest des tijds, juist zulk een onderwijs in zijn voortreffelike school mededeelt, dat het, zijs ondanks,

tot de vernietiging der Hollandsche taal moet medewerken. Deed hij dit niet, binnen ééne week zou zijn school ledig zijn, en hij gedwongen worden op andere wijze zijn bestaan te vinden. In deze school wordt het Hollandsch als een vak geleerd — even als er het Fransch geleerd wordt: terwyl het Engelsch de onderwijs- en conversatie taal is.”<sup>55)</sup>

Veral met die onderwys van jong meisies was dit in hierdie tyd ten opsigte van die Hollandse taal ellendig gesteld. „De dochters gaan naar kostscholen,” vertel „Opmerker” in sy artikel, „waar geen Hollandsch hoegenaamd geleerd word;” en toe daar in *Elpis* aan die begin van 1860 ’n stuk verskyn waarin „Bedenkingen” teen die strekking van bowegenoemde artikel geopper word, was die versuum van die Hollandse Kerk om iets te doen vir die opvoeding van die vroulike geslag, een van die punte waarby spesiaal stilgestaan is. „De opvoeding der hoogere, der meer bemiddelde klasse,” kla hierdie verdediger van die Hollandse taal, „is schier geheel in handen der *Episcopalen!* Stelselmatig wordt het onzer jonge dochters, die zoo lang zij op de Kostschool zijn, zelden of nooit de kerk harer vaderen bezoeken, ingeprent: Hollands taal en zeden niet alleen te verachten, maar ook met medelijndend schouderophalen neer te zien op ‘the ignorant Dutch people,’ die geen smaak kunnen vinden in de half Roomsche ceremoniën en de vormgodsdienst, waardoor zij zelve onvatbaar werden gemaakt om in die kerk harer vaderen te worden gesticht.”<sup>56)</sup>

*Die „Anglo-Afrikane” kry hul sin.*

Die felste teenstanders van die toelating van Engels in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapstad moes besef het dat as daar geen verandering aangebring word in die onderwystoestande met betrekking tot die Hollandse taal nie, die invoering van Engelse dienste in die moederkerk op die

<sup>55)</sup> Changuion het inderdaad onvermoeide ywer aan die dag gele om die Engelse taal uit die Hollandse Kerk te hou. In *De Zuid-Afrikaan* het verskeie stukke oor die saak van hom verskyn (o.a. in die nommers van 3 en 7 Nov. 1859); en in die uitgawes van 24 Nov. en 1 Des. het hy selfs weer sy bekende voorlesing van 1842 oor die waarde van die beoefening van die Nederlandse taal en letterkunde laat afdruk. Die steek van „Opmerker” moes hom op besonder onaangename wyse getref het.

<sup>56)</sup> *Elpis*, dl. IV, bls. 60 vlgg.

duur nie sou kon gekeer word nie. In die sestiger jare het die verengeling in Kaapstad hand oor hand toegeneem; die posisie van Hollands het hoe langer hoe meer verswak, en eerlang het die „Anglo-Afrikane” 'n derde poging aangewend om die Engelse taal 'n vastrapplek in die Groot Kerk te gee. Hierdie keer het hul met 'n ompad gekom — 'n aanduiding dat die teenstand teen Engels preek in die Kaap nog glad nie verdwyn het nie — en uit die staanspoor veel meer sukses gehad.

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 4 Augustus 1862 is die volgende voorstel, wat as beskrywingspunt na die aanstaande Sinode sou gaan, met slegs een teenstem aangeneem: „Wanneer door niet minder dan 50 leden van eenige gemeente aanzoek tot het houden van godsdienstoefeningen in de Engelsche taal gedaan wordt, zal de predikant, of zullen de predikanten van zoodanige gemeente, die het doen kunnen, zoodanig verzoek niet van de hand wijzen, mits dit geen inbreuk maakt op de gewone Hollandsche godsdienstoefeningen, en na voorafgaande kennisgeving aan den Kerkeraad; en in geval de predikant of predikanten de Engelsche taal niet magtig zijn, zal de Kerkraad zoodanige voorzieningen maken als waardoor aan den wensch der aanzoekers kan worden voldaan.”<sup>57)</sup>

Op die sinodesitting van 16 Oktober 1862 is die voorstel van die Kaapstadse kerkraad, wat bedoel was om artikel 57 van die *Wetten en Bepalingen* te vervang, toe bespreek. Daar was heelwat diskussie voor en teen. Eindelik het ds. W. Murray, van Middelburg, voorgestel dat die hele inhoud van die voorstel by artikel 57 gevoeg word, en ds. Kuijs, van Napier, dat artikel 57 onverander bly. Die amendement van ds. Kuijs is verworp met 43 teen 39 stemme, en dié van ds. Murray met 45 teen 37 aangeneem.<sup>58)</sup> 'n

<sup>57)</sup> *Het Volksblad*, 5 Aug. 1862. Hierdie voorstel, wat eers ná enige bespreking geformuleer is en toe gesekondeer is deur ds. Heijns, het in die plek getree van 'n oorspronklike voorstel wat gelui het: „Wanneer door eenig gedeelte van eine gemeente de wensch aan den dag wordt gelegd om ook het preken in de Engelsche taal te hebben, worde zulks door elken Kerkraad toegestaan, zoo lang de leeraar der gemeente of een ander leeraar van de Gereformeerde Kerk er toe genegen moe zijn, mits zulks geschiede zonder eenig nadeel hoegenaamd aan de gewone godsdienst in de Hollandsche taal.”

<sup>58)</sup> *Het Volksblad*, 18 Okt. 1862.

Week later is die eerste Engelse diens in die Groot Kerk in Kaapstad gehou.<sup>59)</sup> In die begin het die dienste op Donderdagaande plaasgevind, maar heel gou was daar ook Sondagmiddae 'n Engelse godsdiensoefening. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 3 November gee die scriba kennis „dat bij rondschrifving van den kerkeraad toestemming bekomen was, op verzoek van eenige aanzienlike leden der gemeente, tot eene godsdienstoefening in de Engelsche taal, in de Groote Gereformeerde Kerk, des Zondags namiddags, voor een paar uren, gedurende de zitting der Synode, te beginnen tusschen 2 en 3 ure (nader te worden bepaald).”<sup>60)</sup>

Die ys was nou gebreek, maar die toestand kon vir die voorstanders van Engelse dienste nog glad nie as bevredigend beskou word nie, want dit was slegs tydens die sinodesittings dat gereelde godsdiensoefeninge in Engels kon gehou word. Die moeilikheid het blybaar nog by die predikante gelê. In 1864 het ds. Spijker egter sy emeritaat aanvaar, en in sy plek is benoem ds. Andrew Murray, jr., wat nie alleen in staat nie, maar ook geneë was om in Engels te preek. Nou dat die laaste struikelblok uit die weg geruim was, het die persone wat begerig was na 'n gereelde Engelse diens, die enkele eenvoudige stappe gedoen wat nog nodig was om hul doel te bereik. Op 'n kerkraadsvergadering gehou in Januarie 1865 is deur ouderling De Smidt 'n brief voorgelees onderteken deur 64 gemeentelede wat vra dat op grond van artikel 57 van die Kerkwet voortaan in die Nederduitse Gereformeerde kerk in Kaapstad godsdienst in die Engelse taal sal gehou word; dit word tewens aanbeveel dat die diens sal plaasvind in die Groot Kerk soggens om halftwaalf,

<sup>59)</sup> Sien *Het Volksblad* van 25 Okt. 1862. Die diens is gelei deur ds. W. F. Heugh, van Humansdorp, en is bygewoon deur „een talrike schaar”. Vir die sang is gebruik gemaak van die Engelse psalme en gesange van die Gereformeerde Hollandse Kerk van Amerika. Daar was blybaar nie boeke te kry nie, en die kerkgangers is by die deur voorsien van los blaadjies waarop die verse wat sou gesing word, gedruk is. „Men zag onder de aanwezigen echtenooten naast elkander gezeten,” skryf die *Volksblad*, „die tot hiertoe zich naar andere bedehuizen moesten begeven, bij gebrek aan eene Engelsche dienst in de kerk der wederhelft. Ook de collecte leverde het bewijs van belangstelling.”

<sup>60)</sup> *Het Volksblad*, 4 Nov. 1862. Onder die eerste predikante wat dienste in Engels in die Groot Kerk waargeneem het, was ds. Andrew Murray, jr., sy broer, prof. John Murray, en sy skoonbroer, ds. J. H. Hofmeyr.

onmiddellik ná afloop van die gewone voormiddagdiens. Daarop is besluit dat vanaf 29 Januarie 1865 elke Sondagoggend om halfwaalf 'n Engelse diens in die Groot Kerk sal gehou word en dat ds. Andrew Murray die dienste sal waarneem.<sup>61)</sup>

*Engelse dienste op die platteland.*

Vanaf die eerste invoer van Skotse predikante in die Kolonie in 1822 het dit voorgekom dat op sekere plattelandse dorpe deur leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook in Engels gepreek is terwille van die enkele Skotte en Engelse wat hul op dié dorpe bevind het en sonder predikant van hul eie kerkgenootskap was. Ons het gesien dat die Britse regering die preek van Engels so veel moontlik aangemoedig het, om ook deur die Kerk 'n verengelende invloed op die plattelandse Afrikanerbevolking te kan uitoeft. Die verwagting was ongetwyfeld dat as die geleentheid daar is om in hul eie Kerk 'n Engelse preek te hoor gelewer deur hul eie predikant, die Afrikaners die Engelse dienste sal begin bywoon en daardeur op die pad van verengeling aangehelp word. In die begin het baie min Afrikanerpredikante gehoor gegee aan die wens om ook in Engels te preek — in die eerste plaas miskien omdat hul nie daartoe in staat was nie, en nie juis omdat hul dit nie wou doen nie. Met die toenemende verspreiding van die kennis van Engels het dit egter al meer voorgekom dat ook Afrikaanssprekende predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk naas hul gewone Hollandse dienste ook vry gereeld 'n Engelse diens hou, vir hul „Engelse gemeente“ of die „Engelssprekende gedeelte van hul gemeente“, soos dit geheet het. Teen 1862 was dit hiermee so ver gevorderd dat ds. Andrew Murray, jr., destyds predikant van Bloemfontein, aanleiding gevind het om die volgende beskrywingspunt vir die Sinode van daardie jaar op te stuur: „Dat, daar de prediking in de Engelsche taal meer en meer algemeen wordt, en er geen door de Synode geapprobeerde Psalm- en Gezangbundel is, de Synode de Psalms en Hymns of the Protestant Reformed Church van Amerika goedkeure en aanbevele; en dat de Synodale boekhandelaar onverwijld eenen voorraad . . . ontbiede.“

---

<sup>61)</sup> *Het Volksblad*, 17 Jan. 1865.

Dit is moeilik om te beoordeel in hoe ver van huis uit Afrikaanssprekende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op die platteland reeds omstreeks 1860 die Engelse dienste bygewoon het, en ook in hoe ver hul daartoe deur hul leraars aangemoedig is; maar dit is seker opvallend dat die voorsteller 'n seun van een van die ingevoerde Skotse predikante was. Die Sinode was dan ook nie somaar bereid om die verlangde toe te staan nie, en ná heelwat bespreking van die voorstel van ds. Murray is besluit: „dat het gebruik blijve zoo als het is.”<sup>62)</sup>

#### *Verengeling nog beperk.*

Dat dit in hierdie tyd met die verdringing van Hollands op godsdiestige gebied nog nie so ernstig gesteld was nie, word ook bewys deur die geskiedenis van die Christelike Boekenvereeniging, wat in 1853 opgerig is om stigtelike werke te herdruk en teen redelike pryse uit te gee. In die loop van nege jaar is by die 60,000 boeke, groot en klein, deur die vereniging in die Hollandse taal versprei; en toe is deur die bestuur besluit om ook Engelse werke uit te gee. Die vereniging het gemeen om hierdeur „te voorzien in eene behoefte welke voortvloeit uit die toenemende beoefening der Engelsche taal.” Ná vyf maande het die getal persone wat as intekenare op Engelse boeke kon gewerf word, egter nog maar op 150 gestaan; en toe is oorengekom dat die vereniging met die verspreiding van Engelse leesstof sal begin sodra die getal intekenare 300 is. 'n Jaar later, begin Maart 1864, was daar ewenwel nog nie meer as 150 intekenare op Engelse werke nie; en daarop het die vereniging besluit om voorlopig van hul plan omtrent die uitgawe van Engelse lektuur af te sien.<sup>63)</sup>

#### *Invloed van Kerkstryd. Stigting van Teologiese Kweekskool.*

Gedurende die tydperk wat in hierdie hoofstuk behandel word, het die vernaamste gedeelte van die groot stryd tussen

<sup>62)</sup> *Acta Synodi, 1862.*

<sup>63)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 29 Jan., 27 Apr. 1863; 3 Mrt. 1864. Op 'n jaarvergadering van die Christelike Boekenvereeniging in April 1867 is die verspreiding van kinderwerke in Engels weer voorgestel. Die vergadering het besluit om die saak in die hande van die bestuur te laat. *De Zuid-Afrikaan*, 11 Apr. 1867.

die Liberalisme en die Ortodoksie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Kaap geval, en dit res ons om kortlik na te gaan watter invloed dié stryd op die Hollands-Afrikaanse taal en nasionaliteit in die Kolonie uitgeoefen het.

In een opsig het die kerkstryd 'n gunstige uitwerking gehad, naamlik dat dit 'n belangrike stoot aan die Hollandse joernalistiek aan die Kaap gegee het. Die oprigting van die driemaandelikse ortodokse tydskrif *Elpis* in 1857, van die godsdiens-tige maandblad *De Wekker* in 1859, van die liberale maandblad *De Onderzoeker* in 1860 en van die ortodokse weekblad *De Volksvriend* in 1862 was die direkte uitvloeisel van die woelinge wat in hierdie tyd op kerklike gebied geheers het. Teologiese werke van liberale en ortodokse strekking is deur die onderskeie rigtings in omloop gebring; en die dramatiese verloop van die kerkstryd het die leeslus, en ook die skryflus, van die Afrikaanse bevolking geweldig aangewakker.<sup>64)</sup> Al hierdie dinge het ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die Hollandse taal in stand te hou in 'n tyd toe sy kanse op voortbestaan in die Kolonie op sy laagste was in ons hele geskiedenis.

Teenoor dié goeie invloed het gestaan dat die stryd teen die Liberalisme, wat uit Holland na die Kaap oorgedra is deur Afrikanerpredikante wat daar gestudeer het, die bande tussen die Kaapse Kerk en die ou moederland nog veel losser gemaak het as wat hul reeds was. Die stigting van die Teologiese Seminarium in Stellenbosch in 1859, waardeur dit onnodig geword het vir Afrikanerseuns om vir hul opleiding tot die predikamp na Nederland te gaan, het grotendeels op initiatief van die ortodoksgesinde party tot stand gekom. Die bedoeling was oorspronklik wel om die eerste professore vir die Kweekskool uit Nederland te kry; maar toe verskeie pogings daartoe misluk het, is in die Sinode van 1857 deur ds. Andrew Muray, sr., voorgestel om die besluit wat daaromtrent geneem was, nietig te verklaar. Die verengelsing op allerlei gebied het in hierdie tyd so sterk veld gewen dat die vrees by sommige ontstaan het dat die Kweekskool ook in die stroom van verengelsing sou kon gesleep word as daar nie met krag teen gewaak word nie. Ds. G. W. A. van der Lingen, wat daarvoor bekend was dat hy geen besondere respek vir die

---

<sup>64)</sup> J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*, blss. 50—5.

Engelse of liefde vir hulle taal gehad het nie, het daarom as amendement op die mosie van ds. Murray voorgestel dat die bepaling daarvan toegevoeg word dat „de hoogleeraren niet alleen op de Kweekschool, maar op de studenten collegien en in hunne huisgezinnen Hollandsch zouden spreken.” Dit is seker opmerklik dat hierdie amendement, wat aan duidelikheid niks te wense oorgelaat het nie en van 'n byna persoonlike direktheid was, met die geringe meerderheid van slegs 40 teen 36 stemme verworp is.<sup>65)</sup> Die vrees dat die Teologiese Seminarium 'n kweekplaas sou word van Engelse gesindheid, is gelukkig nie bewaarheid nie; en heel aan die begin van sy geskiedenis het die behoorlike studie van die Hollandse taal en letterkunde in die inrigting die sorgsame aandag van die bestuur geniet.<sup>66)</sup>

#### *Werwing van predikante in Skotland. Besluit.*

In die tyd toe die Liberalisme in die Kaapse Kerk 'n roering begin veroorsaak het, was hier 'n aansienlike tekort aan predikante; en op 'n Christelike konferensie gehou te

<sup>65)</sup> *Het Volksblad*, 20 Oktober 1857. Sien ook A. Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, blss. 873—4, waar nog verder meegedeel word dat die afgevaardigdes van die Paarl ná die verwerpung van ds. Van der Lingen se amendement namens hul kerkraad geprotesteer het teen enige verandering wat die Sinode mog maak in die bepalings omtrent die oprigting van 'n kweekskool, in so ver die verandering „eenigermate strekken kan om het gebruik der Nederduitsche taal in die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika min of meer te belemmeren of te verhinderen.”

<sup>66)</sup> Dat dit nie die goedkeuring van die ekstremistiese Engelse pers weggedra het nie, spreek vanself. In die begin van 1864 het die Kommissie van Direkteure, waarin o.a. sulke voorvegters van Hollands soos di. G. W. A. van der Lingen en J. H. Neethling sitting gehad het, 'n besluit geneem dat in die toekoms meer aandag in die Kweekskool moet gewy word aan die studie van die Nederlandse taal en letterkunde. Hiervan het die *Argus* in 'n hoofartikel o.a. gesê: „It is intended only to foster by such means a spirit of spurious nationality, calculated to produce the most mischievous results in the minds of unthinking persons who may be weak enough to be led away by such a delusion;” en weer het die blad met die bewering gekom dat die taal van die koloniste 'n gemene *patois* is en dat die Afrikaners die Hollands van die kansel nie verstaan nie. Die *Zuid-Afrikaan* van 29 Februarie 1864 het hierop geantwoord dat die studie van die Nederlandse taal en letterkunde in die afgelope vyftien jaar baie toegeneem het in die Kolonie, dat Hollandse koerante meer verspreid is as ooit tevore en dat die handel in Hollandse boeke bloeiend is.

Worcester op 18 en 19 April 1860 is toe besluit om dr. William Robertson, predikant van Swellendam, na Europa af te vaardig om regssinnige predikante uit te soek. Heelwat ontevredenheid het oor hierdie besluit bestaan, ook omdat dit gevrees is dat dr. Robertson hom by die keuse van die leraars te veel sou laat lei deur nasionale vooroordeel.<sup>67)</sup> Toe sy keuse in Europa inderdaad val op sewe Skotse predikante teenoor slegs een Hollander en een Hollandse Amerikaan, is hy deur Liberaalgesinde Afrikaners en Hollanders aan die Kaap heftig aangeval en beskuldig van partydigheid vir sy eie volksgenote. „Wij kunnen niet gelooven,” skryf ’n korrespondent in *Het Volksblad* van 20 April 1861, „dat als b.v. Ds. v. d. Lingen met de taak belast was die thans door Dr. Robertson volbracht is, de oogst van Hollandsche leeraars zoo ontzettend gering zou zijn geweest, hoe boven allen twijfel de regtzinnigheid van gemelden leeraar ook zij. Dr. Robertson kon zeer wel begrijpen dat geen of bijna geen Hollanders en eene geheele bezending Schotten hun niet aan zouden staan die, hoe regtzinnig ook, toch liever Hollanders dan Schotten hier als leeraars zagen en hem verdacht hielden van naar den anderen kant over te hellen.” Veral is beswaar gemaak dat die Skotse predikante geen Hollands ken nie en dat hulle, eweas in 1822, slegs vir enkele maande na Nederland sou gaan om

<sup>67)</sup> O.a. skryf iemand uit die Paarl na aanleiding van die saak in *De Zuid-Afrikaan* van 28 Mei 1860: „Een andere zwarigheid is de ongenoegzame plaatselyke kennis van Dr. Robertson . . . en syn nationalaal gevoel dat hy als een Schotsman zeker met zich omdraagt. Wy hebben hier, ik erken het, voorname mannen onder de Schotse leeraaren, maar het vereischt tyd om hen die hoogte te doen bereiken. Zy worden de Hollandsche taal niet zoo gemakkelyk machtig.”—In die derde van ’n reeks briewe „Over den aard en de strekking der bewegingen in de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika”, in die *Zuid-Afrikaan* van 21 Mei 1860, skrywe Changuiou, ’n vurige voorstander van die Liberalisme, dat toe die band met Holland verbreek is, die Kerk begin ontaard het. „En hier komt als aanleidende oorzaak vooreerst in aanmerking het streven van het plaatselyk bestuur om, op alle mogelyke wyze, de Hollandsche nationaliteit van lieverlede uit te wisschen. De Gouverneur van dien tyd (lord Charles Somerset) was zoo onbedreven niet, of hy wist wel dat de nationaliteit in de kerk en in de school hare diepste wortelen schiet, en daarom oefende hy by voorkeur over kerk en school syn willekeurig gezag uit. Daarby kwam dat hem enige onzer predikanten in de hand werkten.” Changuiou lê veral nadruk op die invoer van Skotse predikante.

die taal magtig te word. „Zij zullen voor eenige maanden naar Holland gaan om de Hollandsche taal te leeren,” skimp een van dr. Robertson se teenstanders in *Het Volksblad* van 11 Junie 1861, „als of het een kleinigheid is om in weinige maanden eene vreemde taal te leeren. Schotsche en andere predikanten, die twintig of meer jaren in dit land geweest zijn, zijn soms onverstaanbaar; deze Heeren zullen het in weinige maanden leeren. Er moet een Pinkster wonder gebeuren als zulks geschieden kan.”<sup>67a)</sup>

Dat dr. Robertson hom inderdaad tot op sekere hoogte deur nasionale vooroordeel laat beïnvloed het, is nie onwaarskynlik nie. Toe hy in Holland aankom om predikante te werf, was daar nie minder as twintig leraars wat gewillig was om na die Kaap te gaan nie. Hy het hul egter op hul regssinnigheid getoets en het hul sonder uitsondering onsuiwer in die leer bevind. Daarop het hy, volgens sy eie verslag, met neentien ander in verbinding getree, maar geeneen van hulle wou hierheen kom nie.<sup>68)</sup> Deur Liberale teenstanders is hy daarvan beskuldig dat hy by die ondersoek van predikante in Holland ook die eis van kennis van die Engelse taal gestel het, maar dit is deur hom ten stelligste ontken.<sup>69)</sup> Om billik te wees teenoor dr. Robertson moet dan ook vermeld word dat hy nie vyandig gesind was teenoor die Hollandse taal nie en meer as eens ‘n goeie woord vir die studie daarvan gedoen het. „Hy is er sterk voor dat ook het Hollandsch, — de taal der vaderen, — in alle deze scholen (nl. die eersterangskole) grondig onderwezen worde,” lees ons in ‘n verslag van ‘n toespraak wat hy op ‘n konferensie in Riversdal in April 1864 gehou het, „en spreekt van de pedanterie derzulken die, uit Hollandsche ouders geboren, soms voorgeven de Hollandsche taal niet te kunnen spreken

<sup>67a)</sup> Dit is bekend dat sommige van die Skotse predikante wat tussen 1822 en 1839 in Hollandse gemeentes aangestel is, maar baie swal Hollands geken het en dit ook nooit behoorlik geleer het nie. „Predigerstellen werden gewöhnlich an schottische Priester vergeben,” skrywe W. von Meyer omstreeks 1840; „und nur wenn man in einer Kirche in Afrika gewesen ist, kann man sich eine Vorstellung davon machen in welch’ merkwürdiger Sprache diese Herren das Evangelium auslegen. Es ist ein aus Holländisch und Breit-Schottisch zusammengesetztes Rotwelsch . . .” (*Reisen in Süd-Afrika während der Jahre 1840 und 1841*, ens., bls. 183).

<sup>68)</sup> *De Kerkbode*, 20 Apr. 1861, bls. 126 vlgg.

<sup>69)</sup> Sien o.a. *Het Volksblad*, 15 Jun. 1861.

of verstaan.”<sup>70)</sup> En die tyd het voorgelê dat hy die Hollandse taal in beskerming sou neem teen ’n medeleraar, ’n gebore Afrikaner, soos ons in die volgende hoofstuk sal sien.

Die Skotse predikante wat deur toedoen van dr. Robertson na Suid-Afrika gekom het, het op verre na nie die invloed uitgeoefen wat dié wat tussen die jare 1822 en 1836 hier in gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangestel is, gehad het nie. Hulle getal was in verhouding tot die predikante van Hollandse afkoms wat reeds in die diens was, veel geringer; en hulle het hul ook nie so goed as hul voorgangers in hul nuwe vaderland aangepas nie.<sup>71)</sup> Intussen moet daarop gewys word dat as in hulle plek ’n sewetal predikante uit Nederland in 1862 hier aangestel was, dit ’n versterking van die Hollandse element in die land sou beteken het wat toe beswaarlik kon gemis word. Daar was nog altyd heelwat Afrikaners wat bewus vasgehou het aan hul Hollandse kulturele tradisie, baie ander ook wat nog nie genoegsaam in aanraking met verengelsende invloede gekom het om sterk daardeur aangetas te word nie; maar die algemene toestand in die eerste helfte van die sestiger jare was tog sodanig dat sonder ’n gebeurtenis of ’n reeks van gebeurtenisse wat die Afrikaner se politieke bewussyn sou wakker maak, sy voortbestaan as aparte kulturele groep in die Kolonie gedoem was. In die tydperk wat in die volgende hoofstuk bespreek word, het die nasionale ontwaking inderdaad gekom. Die verengeling sou nie dadelik en langs die hele linie daardeur stopgesit word nie: op baie punte sou dit nog geweldig om hom heen gryp en groot groepe Afrikaners blywend uit hul nasionale verband losruk; maar die persone wat Afrikaners wou bly, sou hul houding van verset teen verengeling omgoot tot ’n doelbewuste werksaamheid om die volledige ontplooiing van die Afrikaanse nasionaliteit moontlik te maak.

<sup>70)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 21 Apr. 1864.

<sup>71)</sup> Vier van die sewe Skotse predikante wat in 1862 en 1863 hier aangekom het, het ná periodes wat wissel van twaalf tot drie-en-twintig jaar weer na Skotland teruggekeer. Twee van hulle het nooit in die ou Kolonie diens gedoen nie, maar is aangestel in die gemeentes Harrismith (Oranje-Vrystaat) en Ladysmith (Natal).

HOOFTUK IV

(1865—1875)



## HOOFSTUK IV

( 1865—1875 )

### A. INLEIDING: NASIONALE ONTWAKING

#### *Afrikaners en die politiek.*

Die tydperk van betreklike rus op politieke gebied wat ingetree het met die kom van sir George Grey as goewerneur van die Kolonie, was maar van korte duur. Reeds voordat Grey die Kaap vergoed verlaat het in Augustus 1861, was die beweging vir verantwoordelike regering en dié vir afskeiding in die Oostelike Provinse weer in volle gang. Grey se opvolger, Philip Wodehouse, het weinig simpatie met die oorwegend Hollandssprekende bevolking van die westelike Kaapland gehad en het voortdurend met hulle in botsing gekom. By die Engelssprekende koloniste van die weste was die nuwe goewerneur egter ewemin algemeen geliefd, en die interne politieke aangeleenthede van die Kolonie het die Hollandssprekendes en Engelssprekendes nie in twee aparte politieke kampe geja nie, al het gebeurtenisse soos die aanhegting van Brits-Kaffraria in 1865 en die afskeidingsbeweging in die algemeen daar toe bygedra om die skeidslyn tussen Afrikaners en Engelse te handhaaf. In deursnee het die Afrikaanse plattelandse bevolking egter nog maar heel weinig belang in politieke sake gestel, sodat die Kerkstryd, wat met onverminderde felheid tot 1870 voortgewoed het, veel meer hul belangstelling gehad het as by voorbeeld die vraag of dit wenslik was om verantwoordelike regering in die Kolonie te hê. As daar in hierdie jare nijs voorgeval het buite die grense van die ou Kolonie om die Afrikaners politiek wakker te skud en hul nasionale bewussyn te laat ontwaak nie, sou daar nie veel gewees het om die toenemende verengeling te keer en die Afrikaners in Kaapland van nasionale vernietiging te red nie.

K

*Koloniale Afrikaners se belangstelling in lotgevalle van Vrystaat en Transvaal.*

'n Punt van belang op politieke gebied waarop die Afrikaners van die Kolonie hulle van hul Engelse medeburgers onderskei het, was hul diepgaande belangstelling in die lotgevalle van hul volksgenote oorkant die Oranje en die Vaal. Hoe weinig politiek-bewus hul ook al mag gewees het, hul het die gevoel gehad dat in die twee Boererepublieke in die noorde 'n nasionale aspirasie van onafhanklike volksbestaan uitgeleef word wat in die Kolonie nie meer moontlik was nie en waarvan niemand gedroom het nie. Daar was Hollands, die moedertaal, nie alleen taal van die Kerk nie, maar ook van die Staat; en daar kon 'n politiek teenoor die inboorlingbevolking gevoer word wat ook na die diepste oortuiging van die Hollandssprekende Kaaplander die enigste juiste was. Voortdurend het manne uit die ou Kolonie hul nog in die noorde gaan vestig en so die bestaande bande van bloedverwantskap versterk; en ten spyte van verengeling het verreweg die meeste Kapenaars hul nog een met hul noordelike broers gevoel. In 1864 het bowendien die Kaapstadse advokaat Jan Brand, seun van die bekende ou patriot Christoffel Brand, speaker van die Kaapse volksraad, president van die Vrystaat geword; en dié omstandigheid het ongetwyfeld die belangstelling in die lotgevalle van die suidelike republiek nog aansienlik laat toeneem.

*Die Vrystaat se Basoeto-oorloë. Tekens van nasionale oplewing in die Kolonie.*

Dit is te begrys dat die Vrystaat se Basoeto-oorloë van 1865—6 en 1867—8 ook in die Kolonie heelwat opgewondenheid veroorsaak het en die Kapenaars fel laat meelewet met hul volksgenote in die noorde. Alle hindernisse wat Wodehouse die Vrystaat in die weg gelê het, is skerp veroordeel, en 'n fonds is gestig ten behoeve van noodlydendes in die republiek. Die toneelvereniging „Door Yver Blooit de Kunst“ in Kaapstad gee verskeie male opvoeringe tot sterking van die fonds en trek volle sale, terwyl die gees wat op die platteland geheers het, mooi blyk uit die volgende woorde in 'n adres van 237 „respectabele ingezetenen“ van die Paarl en omstreke gerig aan pres. Brand by die oorwinning van die Vrystaat oor die Basoeto's in 1866: „Als

afstammelingen van hetzelfde ras, en deelgenooten van hetzelfde geloof, stellen wy een diep belang in uw volksleven. Uwe rampen zyn onze rampen, uwe vreugde is onze vreugde.”<sup>1)</sup>

In Julie 1867 het die oorlog teen Mosjes opnuut begin; en toe ná baie oopofferings die Basoeto's eindelik in Maart 1868 geheel verslaan is, is hul, met verbreking van die Konvensie van Bloemfontein, deur Wodehouse onder Britse beskerming geneem. Die Kaapse Hollandse koerante was hieroor diep verontwaardig en het Wodehouse skerp aangeval — tot groot ergernis van die *Argus* en sy lesers. „Men zou denken dat het een bijzonder voorrecht der Engelschen was iets berispeljiks te vinden in hen die regeren,” antwoord *Het Volksblad* in sy uitgawe van 9 April 1868 op 'n artikel in bogenoemde blad; „in alle gevallen is het een privilege dat zij uitoefenen met eene opmerkelijke, we zouden haast gezegd hebben roekeloze vrijheid; terwyl de Afrikaanders, die — let hier op! — weinig lezen en minder denken, moeten stil zitten en toeziendat hun eigen vleesch en bloed onder den voet getreden wordt. Wij hebben dit ongaarne genoeg, maar, de Hemel weet het, uit pijnlijk pligtbesef geschreven. Wij moeten aandringen op regt voor alle klassen in Zuid Afrika, en wij waarschuwen onze regeerders, dat indien men weigert regt te doen, de ontevredenheid, die bij het Volk van Hollandschen oorsprong in deze wordt aangekwekt, niet minder innig zyn zal dan die, welke op duizenderlei wijze zoo veel beroering voortbrengt in Ierland — en op dit ogenblik inderdaad door het geheele Vereenigde Koninkrijk heen! Indien de Staatslieden van Engeland verlangen, de twee Europeesche volksrassen, die dit gedeelte van het Afrikaansche vasteland bevolken, voortdurend gescheiden te houden, laat hen dan voortgaan met hunne tegenwoordige staatkunde — zoo niet, dan zullen zij in tijds gewaarschuwd zijn!”<sup>2)</sup>

'n Jaar het verbygeaan voordat die Basoetoland-kwessie deur die tweede verdrag van Aliwal-Noord, onderteken in Februarie 1869, uit die wêreld gemaak is. Die ooreenkoms

<sup>1)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 21 Junie 1866.

<sup>2)</sup> In die jare 1865 tot 1868 verskyn daar in die Hollandse koerante voortdurend hoofartikels ter verdediging van die regte van die Vrystaat. Sien b.v. *De Zuid-Afrikaan* van 10 Feb., 17 Feb. en 16 Mrt. 1868.

waartoe gekom is, was per slot nie huis onbevredigend vir die Vrystaat nie; maar die vertroue van die Kaapse Afrikaners in die billikheid en opregtheid van Britse staatkunde het sy eerste ernstige skok gekry. Buitendien is die meegevoel van die Kapenaars met hul uitgeweke landgenote nog verder verdiep deur die gebeurtenisse. Opmerklik is dit seker dat in hierdie tyd die rederykerskamer „Aurora” in Kaapstad dramas begin opvoer waarvan die stof gehaal is uit die geskiedenis van die Groot Trek. In April 1869 word vertoon „De Moord van Dingaan aan Pieter Retief” deur H. W. Teengs, en 'n bietjie later nog 'n „fraaije drama” van dieselfde skrywer onder die titel „Retief Gewroken”.<sup>3)</sup> Terzelfertyd skrywe Melt Brink 'n gedig „De Dood van Wippenaar”, wat ook op 'n voorstellingsaand van „Aurora” voorgedra word. Jan Brand het tydens 'n besoek aan die stad meer as eens die voorstellinge van „Aurora” bygewoon. By dié geleenthede het groot geesdrif geheers en is die Vrystaatse volkslied met vuur deur die aanwesiges gesing.<sup>4)</sup>

*Koloniale Afrikaners se trou aan Britse kroon.*

Hoewel die stryd van die Vrystaat teen Mosjes die nasionale gevoel van die Kaapse Afrikaners laat opleef het, was dit op verre ná nie genoeg om hul tot volledige volksbesef te bring nie; en hoe groot die verontwaardiging ook was oor die staatkunde van sir Philip Wodehouse, het die Afrikaners nie tot die besef gekom van al die nadele wat vir hulle voortvloei uit hul houding van onverskilligheid en lydelikheid op politieke gebied nie. Geen leier het onder hul opgestaan en hul aangespoor om die politieke mag waaroor hul besik, te gebruik om los te kom uit die minderwaardige posisie waarin hul as volksgroep teenoor hul bevoorregte Engelse medeburgers gestaan het nie. In 'n tyd toe alles wat van hulself was, deur die heersende party opsygestoot is om plek te maak vir wat Engels is, het die Kaapstadse koerante van die Hollandse Afrikaners voortgegaan met die verkon-

<sup>3)</sup> Die opvoering in hierdie tyd van toneelstukke wat handel oor episodes uit die Groot Trek, is opvallend, omdat die Afrikaners voorheen nooit vir die heroiese in hul eie geskiedenis oog gehad het nie. Van nou af begin die dade van die verlede vir hul **nationale betekenis** kry.

<sup>4)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 1 Apr., 8 en 12 Jul. 1869, 18 Jul. 1870.

diging van die leer van verbroedering en samesmelting tussen die twee seksies van die blanke bevolking van die land. Wel is af en toe gewys op die onbillike agterstelling van die Afrikaner in taalaangeleenthede, maar niks positiefs is gedoen om in dié toestand verbetering aan te bring nie.

Dat die ontwikkelde Afrikaners hoe langer hoe meer losgeraak het uit hul volksverband, moes vir 'n ieder duidelik gewees het; maar dat die minderbevoorde Afrikaners, vir wie die oorgang tot 'n ander nasionale groep uiter moeilik so nie onmoontlik was nie, daardeur in 'n baie nadelige posisie gestel is, sonder leiers en sonder beskermers, het slegs flou tot die bewussyn van maar heel enkeles deurgedring. In deursnee is daar deur toonaangewende Afrikaners van toe nijs ongerymds en nijs vernederends in gesien nie om te roem op hul lojaliteit aan die Britse kroon en hul gevoel van trots op hul Britse onderdaanskap, terwyl hul daar bewus van was dat die Engelse regeringsmag geen steen onaangeroerd laat om die Hollands-Afrikaanse nasionaliteit te ondermyn en uiteindelik geheel te vernietig nie. „Opregtelik sprekend,” skrywe *De Zuid-Afrikaan* op 27 Junie 1870 na aanleiding van die derde besoek aan die Kaap van die hertog van Edinburg, tweede seun van koningin Victoria, „en wel als de tolk van eene klasse der bevolking, welker loyauteit wel eens te gering wordt geschat, voor welke gering-schatting echter volstrekt geen grond bestaat, zoo kunnen wy niets anders zeggen, dan dat wy deze menigvuldige bezoeken slechts als eene krachtige herinnering beschouwen aan onze nationaliteit. Zoo lang wy een Britschen Prins nu en dan kunnen zien, en hem kunnen doen weten, dat wy eerder trotsch dan anders zyn op onze verbindtenis met Groot Brittanje, zullen wy nooit gevaar loopen van te vergeten, wat wy zyn, en wat men van ons kan verwachten.”

Teen hierdie tyd was alle Kaaplandse Afrikaners onder die vyf-en-sestig jaar gebore Britse onderdane. Die meeste van hulle het hul Britse onderdaanskap as iets vanselfsprekends aanvaar, en baie het die vaste geloof gehad, hul van kindersbeen af ingeprent (veral op die Engelse skole), dat daar nijs op staatkundige of kulturele of watter gebied ook was wat by Britse voortreffelikheid kon haal nie. Eerbied vir die Britse gesag en vir Britse ideale het by die Afrikaner hoe

langer hoe meer gegeld bo trou aan die eie volksaard, en 'n geweldige skok was nodig om hierin verandering te bring. Die kultus van „loyalty” as die hoogste goed het op baie Afrikaners so 'n diepe indruk gemaak dat hul ook ná die nasionale ontwaking daar nooit van los gekom het nie. „You know,” skryf Jacob de Villiers gedurende die oorlog van 1899—1902 aan sy jonger broer, die beroemde hoofregter, wat net soos hy 'n vyftig jaar gelede 'n suiwer Engelse skoolopleiding aan die Paarl gehad het, „how we have been brought up to love our Queen and admire the English nation and its institutions and that I am incapable of saying or doing anything seditious or disloyal.”<sup>5)</sup>

#### *Stryd oor die diamantgebied. Nasionale ontwaking.*

Dit is ondoenlik om hier 'n breedvoerige uiteensetting te gee van die gebeurtenisse wat die onmiddellike aanleiding was tot die nasionale ontwaking van die Afrikaners in Kaapland in die begin van die jare sewentig. Dit is bekend genoeg dat die wyse waarop die diamantgebied die Vrystaat afhandig gemaak is, baie Afrikaners so 'n afkeer van Britse staatkunde gegee het, en tegelykertyd so 'n pynlike besef van hul eie weerloosheid, dat vir die eerste keer 'n opsetlike poging gedoen is om die breë lae van die Afrikaanssprekende bevolking tot deelneming aan die politieke lewe op te wek. Eindelik het dit dan duidelik en onafwysbaar tot die bewus-syn van Afrikaners deurgedring dat hul 'n plig het teenoor hulself, dat hul as lede van 'n aparte nasionale groep besondere politieke en kulturele belangte het wat alleen deur hulself kon behartig word.

Die uitwerking van die imperialistiese politiek van die Britse Hoë Kommissaris C. C. Hay en sir Henry Barkly en die Koloniale Sekretaris Richard Southey op die Afrikaanssprekende bevolking is duidelik in die Kaapstadse Hollandse koerante van die tyd waar te neem. Telkens het daar hoof-artikels verskyn teen knoeiery in verband met die diamantgebied, en keer op keer is gewaarsku dat as met die ingeslange politiek voortgegaan word, verbittering en vyandskap teen die Britse regering sal ontstaan.<sup>6)</sup> Alle proteste en waar-

5) Eric A. Walker: *Lord De Villiers and his Times*, bls. 5.

6) Sien b.v. *Het Volksblad*, 22 Aug. 1871, en *De Zuid-Afrikaan*, 27 Mrt., 30 Mrt. en 3 Apr. 1871.

skuwings is egter in die wind geslaan, en in Oktober 1871 is Wes-Griekwaland tot Britse gebied geproklameer, tot groot verontwaardiging van die hele Afrikaanse bevolking en vele reggearde Engelse in en buite die Kolonie.

Hoe hoog die gevoel in sekere kringe geloop het, blyk op treffende wyse uit 'n brief van 'n groep Paarlse „Kolonisten“ in *Het Volksblad* van 14 Maart 1872 waarin uitdrukking gegee word aan die dringende verlange dat alle volksverteenvoordigers by die eersvolgende byeenkoms van die Parlement teen die inlywing van die diamantgebied sal stem. „Doen zij dat niet,“ waarsku die skrywers van die brief, „dan zien wij niet alleen in den Vrijstaat groote gebeurtenissen te gemoet, welke zeker aanleiding geven zullen tot ernstige gevolgen, maar ook in deze kolonie zullen daardoor zoodanige omwentelingen ontstaan, als van welke men nimmer sedert het bestaan derzelve heeft vernomen. Wij raden dientengevolge elk lid des Parlements, zonder onderscheid aan, zich wel te bezinnen, alvorens zich voor te nemen om voor de aanhechting der Diamantvelden bij deze Kolonie te stemmen, en wij waarschuwen alle vertegenwoordigers des volks, de wenschen hunner constituenta niet in den wind te slaan, maar te eerbiedigen, ten einde ernstige verwikkelingen voor te komen.“<sup>7)</sup>

Na aanleiding van hierdie brief het die *Volksblad* 'n ernstige hoofartikel geskrywe en die Afrikaners aangespoor om deur resolusies en petisies druk op hul verteenwoordigers uit te oefen om teen die inlywing te stem. Dit is op verskeie plekke gedoen; en toe Southey in Julie 1872 sy wetsontwerp tot anneksasie van Wes-Griekwaland by die Parlement indien, was die verset daarteen so sterk dat hy hom gedwonge gevoel het om dit weer in te trek. Daardeur is die moeilikhed egter nie uit die wêreld gemaak nie. Die diamantgebied het Britse besit gebly, en 'n bitter anti-Engelse gevoel het posgevat by baie Afrikaners wat onder die indruk van die onreg die Vrystaat aangedaan tot lewendige en volledige bewussyn van hul eie nasionaliteit gekom het.<sup>7)</sup>

---

<sup>7)</sup> Die onregmatige toëeining van Vrystaatse grondgebied het verreweg die grootste verontwaardiging in die Kolonie verwek, maar ook die Keate-uitspraak oor die westelike grenslyn van die Transvaal, waardeur 'n belangrike hap uit die noordelike republiek geneem is, het bitter ontevredenheid veroorsaak.

*Jan Hendrik Hofmeyr („Onse Jan“).*

In die middel van die stryd om die diamantgebied, eind Augustus 1871, het die vereniging tussen *De Volksvriend* en *De Zuid-Afrikaan* plaasgevind. Die pas ses-en-twintigjarige Jan Hendrik Hofmeyr, sedert Desember 1862 redakteur en sedert September 1870 ook eienaar van *De Volksvriend*, het eienaar en redakteur van die verjongde *Zuid-Afrikaan* geword. Veral van daardie tyd af dateer sy stryd vir die regte van sy volksgenote wat hom later die erenaam van „Onse Jan“ besorg het. Jan Hofmeyr het as gebore Kapenaar onder sterk Engelse invloede opgegroei. Soos byna alle ontwikkelde jong manne van sy tyd wat nie vir verdere opleiding na Nederland gegaan het nie, was hy die Engelse taal veel beter magtig as Hollands, sodat hy by voorbeeld in die begin sy hoofartikels vir *De Volksvriend* in Engels opgestel het.<sup>8)</sup> Deur opvoeding en omgewing eensydig Engels georiënteer, het hy 'n diep eerbied gekoester vir die Britse kultuur en groot bewondering vir Britse staatsinstellings gehad. Aan trou aan die Engelse koninklike huis en trots op sy Britse onderdaanskap het dit hom dan ook nie ontbreek nie. As gebore Afrikaner en redakteur van 'n konserwatief godsdienstige Hollandse blad het hy wel reeds vroeg die behoefté gevoel, soos trouens alle redakteurs van Hollandse blaaie destyds, om die goeie naam en veral die taal van die Hollandssprekende Afrikaner te verdedig teen die aanvalle van sy kwaaieste vyande; maar 'n sterk ontwikkelde nasionale gevoel was aanvanklik geen besondere kenmerk van sy persoonlikheid nie. Die beskerming verleen aan Mosjes en die kort daaropvolgende kuiperye in verband met die diamantgebied het egter 'n diep indruk gemaak ook op sy gemoed; en toe hy in 1871 redakteur van *De Zuid-Afrikaan* word, het hy daardie blad, wat toe op sterwe ná dood was, omgeskep tot die kampvechter by uitnemendheid van die belangte van die Hollandse Afrikaners.<sup>9)</sup>

<sup>8)</sup> J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, bls. 66 (noot).

<sup>9)</sup> *De Zuid-Afrikaan* van 31 Aug. 1871, die laaste uitgawe voor die vereniging met *De Volksvriend*, het 'n hoofartikel oor sy toekomstige beleid. Daarin word meegedeel dat in die vervolg die *Zuid-Afrikaan* meer besonder die belangte van sy Hollandse lesers

Jan Hofmeyr het in sy blad gedoen wat hy kon om die saamhorigheidsgevoel onder Afrikaners deur die hele land aan te wakker en hul 'n besef van hul politieke verantwoordelikheid te gee. Dit was in baie opsigte 'n moeilike taak om die politiek onbedrewre Afrikaners tot 'n juiste insig van hul plig te bring. In 'n hoofartikel oor „Verantwoordelik Bestuur en Separatie“ in die uitgawe van 7 Augustus 1872 moes hy dit by voorbeeld nog betreur dat Hollandse Afrikaners onder die vernaamste voorstellers en sekondante op afskeidingsvergaderings in die ooste aangetref word: „Het bewustzijn van ééne nationaliteit met het Westen — een fier Afrikaander-gevoel, dat gevoel dat bijdroeg tot het dwarsboomen van Sir Henry Barkly's Annexatie-politiek, dat een landgenoot erkent in elken Afrikaander, zij hij geboren in het Oosten of in het Westen, in het Transvaalsche of in het Vrijstaatsche — dat blijkt haast geen invloed op de agitatie uit te oefenen.“<sup>10)</sup>

---

voor oë sal hou en dat voortaan al die aandag van die blad slegs aan een taal sal gewy word, en wel die Hollandse. In Engels sal alleen nog 'n hoofartikel verskyn — geen nuusberigte meer nie.

---

<sup>10)</sup> Oor die afskeidingsbeweging kon die *Zuid-Afrikaan* soms erg opgewonde raak. Toe op 'n keer 'n vergadering van Cradockse boere 'n besluit teen afskeiding neem en die kommissie deur hul aangestel om hul gevoelens aan die goewerneur kenbaar te maak, op brutale wyse Engelssprekende afskeidingsgesindes behandel is, skryf die redakteur na aanleiding van die voorval as volg: „Het excus voor die schurkachtigheid is, dat de eenheidsmannen van de zaak eene nationaliteitskwestie hebben gemaakt. Een fraai excus voorwaar. Alsof het niet juist de bastaard Engelsche ooproermakers van het Oosten zijn, die gedurig smalen op de 'domme, onwetende boeren', op de 'Dutchmen of the West', — alsof het groote argument van dien Bijbel der Separatisten, de Grahamstadse *Star*, tegen Verantwoordelik Bestuur, niet juist dat was, dat het de Regering des lands zou stellen in de handen van 'Dutchmen', en de Separatie-agitatie niet werd aan den gang gezet met het voorname doel om dien verachten 'Dutchmen' den voet te ligten. Eene nationaliteitszaak in kwaden zin, ja, is de aan de gang gezette agitatie; maar het zijn de mannen van de *Star*, die zulks daarvan maakte. Doch ook in goeden zin is dezelve eene nationaliteitszaak. Het is, omdat de Cradocksche buitenlieden de waarde kennen van een enig Afrikaansch nationaliteitsgevoel, dat zij de verbrokkelingspraktijken van buitenlandsche indringers bestrijden. Hoe meer de Unionisten die nationaliteitskwestie op den voorgrond stellen, hoe eerder wij zullen kunnen belijden, dat het land rijp is voor Verantwoordelik Bestuur.“

Jan Hofmeyr was van nature konserwatif, en dit is bekend dat hy oorspronklik 'n teenstander van verantwoordelike regering was.<sup>11)</sup> Toe die Kolonie egter in Desember 1872 verantwoordelike bestuur kry, het hy besef dat dit nou meer as ooit nodig was dat die Afrikaners hul rol moet speel in die regering van hul land. Van die opwinding wat nog altyd oor die „roof“ van die diamantgebied geheers het, het hy party getrek om die Afrikaners politiek-bewus te maak. By verkiesings spoor hy hul aan om nie te stem vir persone met „anti-Afrikaanse gevoelens“ nie; doen hul dit wel, vermaan hy, „dan is al het gepraat over Afrikaanderisme en nationaliteitsgevoel niets anders dan bittere spot.“<sup>12)</sup>

#### *Nasionalistiese beweging van die Paarl.*

Die nasionale oplewing onder die Afrikaners was uit die aard van die saak nie oral ewe kragtig nie, en sy uitingsvorm ook nie oral dieselfde nie. Die sterkste het dit hom by 'n aantal jong manne in die Paarlse distrik geopenbaar. Daar het die verengeling, deur die teë-invloed van ds. G. W. A. van der Lingen, wat van 1833 tot aan sy dood in November 1869 predikant van die Paarlse gemeente was, nooit so kwaai om hom heen gegryp nie. Veral deur die stigting van die Gimnasium as suwer Hollandse skool in 1859 het ds. Van der Lingen groot invloed op die jong geslag uitgeoefen en sy sterk Afrikaans-Hollandse gesindheid op baie skoliere

<sup>11)</sup> Interessant is wat 'n korrespondent uit Hanover in *Het Volksblad* van 16 Des. 1869 na aanleiding van die stryd oor verantwoordelike regering sê: „Te miskennen is het niet, dat . . . Verantwoordelijk Bestuur het Engelsche Element met het oude koloniale in botsing zal brengen. Mij althans is het meer dan eens gebleken, dat het duizendmaal herhaalde voorwendsel: 'De kolonie is nog niet rijp voor Verantwoordelike Bestuur,' zoveel betekent als: het Hollandsche element is nog te sterk in de kolonie . . . Dat ook geboren Engelschen voor zulk bestuur zijn, en omgekeerd Afrikaners er tegen, heeft zijne oorzaak daarin, dat eerstgenoemden zich met de kolonie hebben weten te vereenigen, terwijl de laatsten, of te onkundig zijn om de dwaasheid van de tegenwoordige stelselloosheid in te zien, of een geheime vrees hebben voor den ondergang van sommige lievelingspraktijken, zoals de tegenwoordige wijze van verdeeling van de staatstoelagen aan de kerken.“

<sup>12)</sup> Sien o.a. *De Zuid-Afrikaan* van 26 Jul. en 23 Aug. 1873.

oorgedra.<sup>13)</sup> Behalwe aan die Gimnasium was daar ook in ander skole van die buurt 'n klein aantal nasionaalbewuste Hollandse onderwysers, wat hul heeltemal een gaan voel het met die Afrikaanse volk en die nasiebesef by die jong Afrikaners aangewakker het. Veral vanaf 1873 het dié manne in heftige verset gekom teen die toenemende verengeling om hul heen en 'n beweging aan die gang gesit wat van die allergrootste kulturele en politieke betekenis vir die Afrikaanse volk sou word. Die eerste stappe in die nuwe rigting is gedoen deur twee Hollandse onderwysers, Arnoldus Pannevis en Casper Hoogenhout; maar spoedig het 'n vurige jong Afrikaner-dominee, Stephanus Jacobus du Toit, wat vroeg onder die invloed van ds. Van der Lingen en Pannevis gekom het, op die voorgrond getree en die leier van die beweging geword. Die ontstaan van hierdie beweging, waarvan die eerste en vernaamste doel was die erkenning van Afrikaans as skryftaal van die Afrikaners, word in die laaste hoofstuk breedvoerig behandel, sodat ons hier kan volstaan alleen met die noem daarvan.

Intussen moet ons oorgaan tot 'n beskouing van die posisie van die Hollandse taal op die verskillende lewensgebiede in die jare 1865 tot 1875 soos vir vroeër periodes in die voorgaande hoofstukke gedoen is.

#### B. VERENGELING OP DIE PLATTELAND EN IN KAAPSTAD

##### *Kennis van Engels op die platteland.*

Met die uitbreiding van die onderwys, die ontwikkeling van dorpe, plaaslike bestuursinstellinge en regspiegeling, van verkeersgeriewe en van die binnelandse handel, wat feitlik uitsluitend in Engelse hande was, het die verengeling al hoe meer ook tot die platteland deurgedring. Tog was die kennis van Engels onder die Afrikaanse boere omstreeks 1870 nog maar uiters gering. Dit was nie alleen die geval in verafgeleë of agterlike streke van die Kolonie nie, maar selfs in

<sup>13)</sup> Een van die vernaamste medestanders van ds. Van der Lingen was die heer T. S. A. Hoffman, onderwyser in Hollands en wiskunde aan die Gimnasium. In die *Zuid-Afrikaan* van 10 Mrt. en 7 Apr. 1864 verskyn brieve waarin die heer Hoffman daarvan beskuldig word dat hy fel anti-Engels is en dat hy die kinders in dié gees opvoed.

welvarende distrikte nie ver van Kaapstad nie. Ons vind dat Engelssprekendes op die platteland oor die algemeen Afrikaans leer, terwyl selfs die mees vooraanstaande boere dikwels van Engels onkundig bly of dit net leer verstaan maar nie praat nie.

*Gebruik van Hollands en Engels op benoemingsvergaderings.*

Op 'n benoemingsvergadering vir die Volksraad te Worcester in 1869 begin die voorsteller van een van die kandidate by voorbeeld sy toespraak met die opmerking: „Ik zal de vergadering in het Hollandsch aanspreken, omdat ik weet, dat de meesten hier tegenwoordig, alleen die taal verstaan, terwijl de Engelsch sprekenden ook het Hollandsch verstaan;” en uit dieselfde toespraak blyk dat een van die genomineerde kandidate, De Vos, 'n vooraanstaande boer van die omgewing, geen Engels ken nie. Dit was nie altyd nodig om die nominasievergaderings in Hollands toe te spreek nie, want in die reël het baie min boere na die vergaderings opgekom; in 1869 het die kwessie van die „Vrywillige Beginsel” egter heelwat belangstelling in die verkiesing opgewek en die boere vergadering-toe gelok.<sup>14)</sup> Interessant is daarom ook die inleidende woorde van die toespraak van die destydse lid vir Worcester, adv. J. H. de Villiers, die latere beroemde hoofregter, op die bogenoemde vergadering: „Het is my nog nooit gebeurd, dat ik eene vergadering als deze in het Hollandsch toespreek. Al mijn lezen en schrijven geschiep in het Engelsch, en het valt mij dus zwaar, eene Hollandsche aanspraak te houden.”<sup>15)</sup>

Op die benoemingsvergadering te Swellendam in dieselfde jaar het die kandidaat Moodie ook die aanwesiges in Hollands begin toespreek, toe — volgens 'n verslag in *Het Volksblad* van 15 Mei — „onze Civiele Commissaris (of president) hem in de rede viel, en zeide, dat men verwachtte, dat er eerst

<sup>14)</sup> Die „Vrywillige Beginsel” (letterlike vertaling van Eng. „the Voluntary Principle”) het geëis dat alle kerkgenoootskappe — en dus ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk — deur vrywillige bydraes sou onderhou word en geen staatsondersteuning sou geniet nie. Saul Solomon was daar die groot kampvegter van. In 1875 is dit deur die Kaapse parlement aangeneem.

<sup>15)</sup> *Het Volksblad*, 13 en 15 Mei 1869.

in het Engelsch en dan in het Hollandsch zou gesproken worden." Toe 'n ander kandidaat, Human, ook sy toespraak in Hollands begin, het iemand uitgeroep „dat het Engelsch regel was"; maar die spreker het hom daaraan nie gesteur nie en in Hollands voortgegaan. By al sulke byeenkomste was dit blykbaar die gewoonte om Engels te praat as daar nie 'n belangrike aantal persone onder die gehoor was wat geen Engels verstaan nie. Selfs Jan Hofmeyr het nog in 1875 as kandidaat vir die kiesafdeling Stellenbosch sy toespraak op die nominasievergadering in Engels gelewer, al het die ondersteuners van sy teenstander, die heer Myburgh, wat in die meerderheid was, hom ook toegeroep om in Hollands te praat.<sup>16)</sup>

Dit is egter duidelik dat die toenemende belangstelling in politieke sake onder die plattelandse bevolking vanaf omstreeks 1870 kandidate vir die volksraad meer en meer sou dwing om in hul verkiesingstoesprake van die Hollandse taal gebruik te maak. Nog voordat die Afrikaanse boere op die gebruik van hul taal aangedring het uit suiwer nasionale oorweginge, het hul dit gedoen om die eenvoudige rede dat hul geen Engels kon verstaan nie. Vandaar was dit net 'n stap verder om die reg op te eis om self ook in die parlement Hollands te mag praat.

#### *Engels by sosiale geleenthede op plattelandsdorppe.*

Dat by alle sosiale geleenthede, soos dinees en dergelike, waaraan Engelse sowel as Afrikaners deelgeneem het, of wat 'n halfamptelike karakter gedra het, Engels die voorrang sou geniet of uitsluitend gebruik sou word, spreek byna vanself. Die persoon wat by dergelike geleenthede op die platteland die voortou geneem het, was meestal die „Resident Magistrate" of „Civil Commissioner", wat of 'n Engelsman of 'n verengelste Afrikaner was.

Hoe dit met die gebruik van Hollands en Engels selfs in 'n dorp soos die Paarl in hierdie tyd gestaan het, blyk op treffende wyse uit 'n verslag van die ontvangs van president

<sup>16)</sup> J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*, bls. 155. Jan Hofmeyr het aan die gehoor verduidelik dat hy met sy vriende oorengekom het om in Engels te praat, omdat hy kandidaat is vir 'n setel in 'n raad waarin alleen Engels mag gepraat word.

Burgers toe hy op sy deurreis na die Transvaal in Oktober 1872 ook die Paarl aangedoen het. Die president is naamlik 'n noenmaal aangebied, waarop soos gewoonlik heelwat toesprake gehou is. Nadat verskeie heildronke in Engels ingestel en deur president Burgers ook in Engels beantwoord is, staan die volgende redenaar, die heer J. de Villiers, A. B. sn., op „onder luid geroep om in het Hollandsch te spreken.” Hierop was die spreker blykbaar glad nie voorberei nie, want hy maak beswaar „dat hij het niet billijk vond een jong mensch toe te roepen in het Hollandsch te spreken. Iedereen kent of behoort Engelsch te kennen!” Hy praat tog Hollands, en president Burgers bedank hierdie keer dan ook in dié taal; daarna word die toesprake egter weer in Engels voortgeset.<sup>17)</sup> Hierdie staaltjie toon hoe vanzelfsprekend dit geag is om by alle openbare geleenthede Engels te praat, aan die ander kant egter ook dat daar tog altyd Afrikaners te vinde was, selfs in die tye van die sterkste verengeling, wat hul taal op prys bly stel het en aangedring het op die gebruik daarvan.

#### *Verdringing van Hollands in Kaapstad.*

In Kaapstad was dit met die Hollandse taal uit die aard van die saak veel slechter gesteld as op die plattelandsdorp. In die openbare lewe het die taal al lank geen noemenswaardige rol meer gespeel nie, as huis- en omgangstaal van die aansienlikste families van Hollandse herkoms is dit al meer deur Engels verdring, en die Afrikaanssprekendes het hul as kulturele groep maar min laat geld — behalwe natuurlik op kerklike gebied. Die plekke van vermaak was in die sestiger jare by voorbeeld alles Engels. Weliswaar het die rederykerskamer „Aurora” en die liefhebbery-toneelgeselskap „Door IJver bloeit de Kunst”, en later ook „Kunst en Vlijt”, nuttige werk gedoen; maar die ondersteuning wat hul van die publiek gekry het, was maar teleurstellend as daar nie 'n heel besondere aanleiding vir die gehoor was om op te kom nie.<sup>18)</sup>

<sup>17)</sup> *Het Volksblad*, 22 Okt. 1872.

<sup>18)</sup> Te oordele na die name wat in die koerante genoem word, was baie van die lede van die toneelverenigings Hollanders.

„Er is in deze stad,” sê die proloog-spreker by ‘n opvoering van „Door IJver” in Mei 1867, „allerlei soorten van lectuur voor onze Engelsche stadgenooten; deze schouwburg is ook de hunne. Voor het Hollandsch sprekend gedeelte der bevolking is er niets. Het is vooral in het belang van het laatste dat wij onzen tijd, onze krachten willen ten beste geven.”<sup>19)</sup> Ook by hierdie geleentheid was die opkoms egter onbevredigend. „Voornamelyk is dit zeker toe te schryf aan de byna algemene verwaarloozing der schoone moedertaal,” verklaar *De Zuid-Afrikaan* in sy verslag van die verrigtinge. „Waarlyk,” gaan die blad voort, „men behoorde zich, zonder het zoo noodzakelyke aanleeren der Engelsche taal na te laten, een weinig meer op het Hollandsch toe te leggen. Wy gelooven wel is waar niet dat het Hollandsche element onder de Kaapsche bevolking zoo spoedig zal uitsterven, maar wy zien dat de Hollandsche taal hoe langer hoe meer verbasterd.” Die oorsaak van hierdie verbastering lê in die onbevredigende onderwys. As die jongmense so ver kon gebring word om die skoonhede van die Hollandse taal te leer verstaan, sou reeds heelwat bereik wees; „maar zoo lang er slechts genoeg Hollandsch wordt onderwezen om een preek ten halve te begrypen (terwyl het zoogenaamde fatsoenlyke jonge publiek tegenwoordig ook by voorkeur de pas ingevoerde Engelsche gods-dienstoefening bywoont),” sal die belangstelling in die taal van hul voorouers seker nie aangewakker word nie. Dit word tyd, sê *De Zuid-Afrikaan*, dat die Afrikaners hulle ‘n bietjie meer bewus begin te voel van hul nasionaliteit, wat nie sonder die taal kan bestaan nie. „Wanneer men dit een weinig meer deed, zouden sommige Kapenaars en vooral Kaapsche dames niet meer spreken van *going home*, als zy een reisje naar Engeland doen.”<sup>20)</sup>

In die volgende jare het die toestand eerder erger as beter geword. Na aanleiding van die baie swak opkoms by ‘n uitvoering van die toneelvereniging „Kunst en Vlijt” in Julie 1871 kla *De Zuid-Afrikaan* weer: „Engelsche opvoeringen, al zyn zy nog zoo ellendig, worden steeds door ontzaglike scharen bygewoond, en het schynt thans by

<sup>19)</sup> *Het Volksblad*, 28 Mei 1867.

<sup>20)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 27 Mei 1867.

sommigen niet meer tot den 'bon ton' te behooren om iets dat Hollandsch is, te patroniseren, of zelfs om Hollandsch te spreken." As Hollands wel gepraat word, word dit deurspek met Engelse woorde. „Dat dit vooral te wyten is aan het feit," verklaar die blad dan verder, „dat er byna geen enkele inrigting meer in de Kaapstad is waar de Hollandsche taal behoorlyk onderwezen wordt, lydt geen twyfel."<sup>21)</sup>

Dit is duidelik dat dit met die Hollandse taal in Kaapstad in hierdie tyd inderdaad vinnig afdraaand gegaan het. In *De Zuid-Afrikaan* van 13 April 1872 word van die rederykerskamer „Aurora" gepraat as 'n vereniging „wier streven het is de vreeselike verbastering eenigzins tegen te gaan waardoor de moedertaal, vooral onder onze jongere bevolking, haast onkenbaar wordt gemaakt."

### C. DIE TAAL IN DIE ONDERWYS

#### *Engels op plaasskole.*

In die voorgaande sitate, waarin gekla word oor die agteruitgang van die Hollandse taal in Kaapstad, word dié agteruitgang steeds toegeskrywe aan die gebrek aan behoorlike onderwys in Hollands op die plaaslike skole. Nie alleen in Kaapstad nie, maar deur die hele Kolonie het die onderwys in Hollands veral ná 1865 tot die absolute minimum gedaal. Op die plaasskole veral het die sterk nadruk wat op die kennis van Engels gelê is, dikwels vernietigend ingewerк op die hele onderwys en aanleiding tot baie ontevredenheid gegee. „Als wij in gedachten houden," skrywe *Het Volksblad* in 'n hoofartikel van 19 April 1866, „dat het groote gros der landbouwende bevolking de Hollandsche taal spreekt, schijnt het de eenvoudigste zaak ter wereld te zijn, dat er alles behoorde gedaan te worden, om deze lieden de beginselen van onderwijs in die taal mede te deelen. Hun de middelen voor zulk een onderwijs te onthouden, is eigenlijk niets anders dan hun alle onderwijs te ontzeggen. En toch is sedert die laatste jaren de politiek van alle wetgeving en beheer op het gebied van onderwijs voor alle doeleinden en oogmerken zoodanig geweest. Alle Regeringstoelagen voor

---

<sup>21)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 27 Jul. 1871.

het onderwijs gingen, gelijk wij allen weten, steeds gepaard met die beperkende voorwaarde, dat in die ondersteunde scholen de Engelsche taal zou worden onderwezen.” Die kennis van Engels, meen die blad, is geensins onontbeerlik om ‘n Afrikaner ‘n goede boer of ‘n nuttige burger van die land te maak nie, en selfs nie om hom ewe goed of beter opgevoed te laat wees as talle van sy medekoloniste van wie die moedertaal Engels is nie. „Wij kunnen derhalve die beperkende bepaling van ons Gouvernement, wat betreft de toelagen ten dienste van het onderwijs, in geen ander licht beschouwen, dan in dat van een kunstgreep om de verspreiding der Engelsche taal door te drijven, op het gevaar af, dat velen der Hollandschsprekende kolonisten in die duisternis der onwetendheid gehouden worden.” Dit is seker iets om oor verbaas te wees dat so ‘n bekrompe staatkunde so lank deur Groot-Brittanje gevolg is. Gelukkig kan egter deur eie wetgewing ‘n einde gemaak word aan hierdie wanstoestand; „en wij hebben groote hoop,” besluit die redakteur, „dat in die eerstvolgende zitting ons wetboek van onderwijs van deze hoogst nadeelige bepaling zal worden ontdaan.”<sup>22)</sup>

Dit was ‘n ydele hoop. Soos in die verlede het die regering die wense in verband met die Hollandse taal ook van dié Afrikaners wat onbesproke trou aan die Britse kroon was, opsygestoot en op die ingeslae weg voortgegaan. Die Afrikaners het nog nie geleer dat hul alleen deur gesamentlike optrede en die gebruikmaking van hul politieke mag sou verkry wat hul as hul reg beskou het nie.

#### *Verset teen veronagsaming van Hollands.*

Intussen het die Hollandse koerante maar voortgegaan met die uiting van klages oor die agterstelling of algehele verwaarlosing van die Hollandse taal in die onderwys. So verskyn daar by voorbeeld op 8 Oktober 1868 weer ‘n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* waarin gekla word oor die samestellings van die Kommissie van Eksaminateure: „Toch is er een vak, dat naar onze mening eene eerste plaats moet bekleeden op het programma van onderwys voor onze geheele koloniale jeugd, welk vak het Gouvernement geheel over het hoofd schynt te hebben gezien of voor hetwelk het ten

<sup>22)</sup> *Het Volksblad*, 19 Apr. 1866.

minste geen Examinator heeft aangesteld. Wy bedoelen: de Hollandsche taal.<sup>23)</sup> Zoo er eene taal is, na of liever in vereeniging met die Engelsche, welker kennis volstrekt nodig is in deze kolonie, is het voorzeker de Hollandsche; en wy zyn er in onze ziel van overtuigd dat niet een lid der Commissie in staat is een examen in die taal af te nemen . . . . Wy willen dus daarop aandringen, dat ei eene bepaling worde gemaakt, volgens welke eene behoorlyke kennis van het Hollandsch een onmisbaar vereischte zal zyn tot het verwerven van een certificaat van de Commissie."

#### *Aanvalle op Hollandse taal.*

Haatlike aanvalle op die Hollandse taal was in hierdie tyd beslis minder as 'n tien jaar gelede; tog het hul nie heeltemal ontbreek nie. In Desember 1867 keur prof. Gill, van die Graaff-Reinetse Kollege, in die openbaar die praat van Hollands af, maar hy word dadelik tereggewys deur die jonge Jan Hofmeyr, destyds nog redakteur van *De Volksvriend*: „Wat wil die heer Gill nu eigenlik? Toch niet dat de Graaff-Reinetse jeugd volstrekt geen Hollands meer zal spreken? Zo ja, dan vrezen wij, dat zijn verzoek om ondersteuning zal zijn als de stem eens roependen in de woestijn . . . Het is, inderdaad, een schande dat aan een opvoedings-instituut als het Graaff-Reinetse Kollege, gevestigd door een Hollands-Afrikaner bevolking en voornaamlik bezocht door zonen van Hollandssprekende ouders, volstrekt geen voorziening is gemaakt voor het geven van grondig onderricht in de hollandse taal.”<sup>24)</sup> Enkele maande later lok 'n artikel

<sup>23)</sup> Tot 1865 was Changuion lid van die Raad van Eksaminateure. Hy was verantwoordelik vir die eksamens in Hollands, Frans en Duits. In April 1865 het hy egter die land verlaat, en iemand anders moes in sy plek benoem word. „In future, as regards modern languages,” rapporteer die Raad in 1865, „it will probably be necessary for the Board to provide by rule under the 8th section of Act No. 4 of 1858, for the appointment of fit persons to examine candidates on subjects regarding which they consider that an examination conducted by individuals from their own number would not be satisfactory.” In 1866 het die hoogeerw. Henry Douglas, die deken van Kaapstad, die plek van Changuion op die Raad ingeneem. Daar was toe niemand wat eksamens in Hollands kon afneem nie, en ds. A. Faure is as spesiale eksaminator in dié vak aangestel.

<sup>24)</sup> J. H. Hofmeyr: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*, blss. 86—7.

teen Hollands van die redakteur van 'n Engelse blad 'n kwaai verweer van *Het Volksblad* uit. *Het Volksblad* sit uiteen wat die waarde van die kennis van Hollands in die Kolonie vir alle klasse van die maatskappy is, en wys daarop dat die Hollandse taal nog veel vaster in die land gewortel sit as wat die kortsigtige Engelse redakteur en sy geesverwante meen. „Het zou voor alle partijen veel beter zijn,” sê die blad, „indien hij, en wij hopen ook de weinige andere Engelschen, die met al hunne hooggeroemde verstandsontwikkeling in dit opzigt de verpersoonlykte kleingeestigheid zijn, zich wilden schikken naar een bestaanden toestand, dien zij toch niet kunnen wegcijferen, en dat zij door hun best te doen om de taal aan te leeren, zich meer bekwaam maakten om met billijkheid te kunnen oordeelen over zaken, die de kolonie als een geheel aangaan.”<sup>25)</sup>

*Afrikaners sou met min tevrede gewees het.*

Uit alles blyk dat selfs die persone wat in hierdie tyd die kragtigste verdedigers van die Hollandse taal was, nog met baie min Hollands op skool tevrede sou gewees het. Feitlik niemand het die reg van Engels om in alles die eerste plek in te neem, betwis nie; vir Hollands is slegs 'n beskeie plekkie opgeëis. Selfs waar Afrikaners skole opgerig het, was alles op Engelse lees geskoei. Kenmerkend van die toestand is by voorbeeld dat toe die Stellenbosse Gimnasium in 1866 gestig is, 'n rektor—die weleerw. heer Braid—uit Skotland ingevoer is, terwyl in die begin vir onderwys in die Hollandse taal maar karige voorsiening gemaak is. Alleen in die Paarl het ou ds. Van der Lingen onversetlik op sy konserwatiewe standpunt insake Hollandse onderwys bly staan.

*Ds. G. W. A. van der Lingen en die Paarlse Gimnasium.*

Op 1 Januarie 1867 het die onderwyser van die „established school” in die Paarl weens ouderdom agetree. Die skool is toe gesluit, en die inwoners was vry om 'n „undenominational public school” op te rig.<sup>26)</sup> Toe daar

<sup>25)</sup> *Het Volksblad*, 30 Apr. 1868.

<sup>26)</sup> *Rep. of the S. G. E. for the Year 1867*, bls. 7.

'n beweging ontstaan om 'n ondersteunde skool van die eerste klas te stig, omdat die Gimnasium se leerkursus „te klassiek, te Hollandsch en te weinig Engelsch" was om in die behoeftes van die publiek te voorsien, is ds. Van der Lingen gevra om die Gimnasium met die voorgestelde nuwe skool te laat saamsmelt. Hy het egter geweier, ten eerste omdat die skool non-sektaries sou wees, en ten tweede omdat die onderwys deur medium van Engels sou gegee word. „Hoe kon men dit in betrachting breng met die lagere klassen der scholen in dit land? Hoe kon men het kind van Hollandsch- of liever Kaapsch-sprekende ouders, zoodra het ter school kwam, door middel van het Engelsch, dat het niet verstand, onderwijzen? Niet alleen onhoudbaar, maar ook vernederend voor de bevolking van dit land noemde hij dezen regel, en van ergere gevolgen voor de kerk dan men, oppervlakkig beschouwd, oordeelen zou." Omdat sommige van sy ondersteuners gemeen het dat daar in die Gimnasium „met betrekking tot de Engelsche Letterkunde, niet voldaan werd aan de eischen van den tijd," het hy in 1868 toegestem dat die onderwys in Engels sou uitgebrei word; maar toe later deur ander gevra word om onderwys in die klassieke tale deur medium van Engels en met Engelse uitspraak toe te laat, het hy dit geweier. Die openbare skool is toe gestig, en die Gimnasium het as private Hollandse skool bly voortbestaan.<sup>27)</sup>

Die Paarlse Gimnasium was enig in sy soort in die Kolonie, en sy betekenis vir die instandhouding van die Hollandse taal kan moeilik oorskot word. Veral as voorbereidende skool vir die Teologiese Seminarium het dit 'n groot rol gespeel.

#### *Die Sinode en die onderwys in Hollands.*

In 1872 het predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk hul opnuut die saak van onderwys ernstig begin aantrek. Dit kon nie anders nie of hul moes ook hul aandag wy aan die onderwys in die Hollandse taal, die taal van die Kerk. In Augustus van daardie jaar het ds. A. G. M.

<sup>27)</sup> (M. de Villiers, geb Van der Lingen): *Herinnering aan het Leven en den Arbeid van den Wel. Eerw. Zeer Gel. Heer G. W. A. van der Lingen,* blss. 281—6; *Het Volksblad*, 9 en 23 Apr., 10 Sept. 1868; *De Zuid-Afrikaan*, 9 Apr. 1868.

Kuijs, van George, 'n stuk gepubliseer oor die opvoeding in die landelike distrikte van die Kolonie. In verband met die taalkwessie wys hy daarop dat daar in die buitedistrikte baie klein private skooltjies is wat geen ondersteuning van die regering ontvang nie en waarin alleen Hollands onderwys word. In die verafgeleë streke, sê hy, word die behoefté aan kennis van die Engelse taal nie algemeen gevoel nie. Die gedwonge onderwys in Engels in streke waar dié taal feitlik geheel onbekend is, is dus heeltemal vrugteloos. Hy beveel daarom aan dat die taalbepaling vir die skole van die derde klas moet gewysig word. „Ik ben er van overtuigd,” sê hy, „dat zoodanige toegeving van de zijde der Regering de opvoeding aanmoedigen en zelfs de invoering der Engelsche taal bevorderen zal.”<sup>28)</sup>

Die jaar daarop het ds. Kuijs die saak by die Sinode aanhangig gemaak en die volgende voorstel ingedien: „Daar het onderwijs in het Nederduitsch, als de taal van een groot deel des lands, en die onzer Openbare Eeredienst, van Regeringswege alle aanmoediging mist, zoo besluite de Synode daarin betere voorziening te maken.” In sy toelichting verduidelik ds. Kuijs dat hy die onderwys in die afgeleë buitewyke voor oë het. Daar kom die mense feitlik nooit in aanraking met Engelse nie, en hul verlang onderwys in die Hollandse taal. In baie wyke gaan die kinders net ses of nege maande skool, en hul kom daarvandaan sonder dat hul kan lees, omdat hul net 'n bietjie Engels geleer het. Die mening dat die regering net Engelse onderwys op sy skole toelaat, gee die mense bowendien 'n diepgewortelde afkeer van dié skole.

By die lede van die Sinode was daar geen gebrek aan belangstelling in die saak nie; intendeel, gedurende die hele bespreking oor opvoeding en onderwys en die wenslikheid van die stigting van 'n normalskool is telkens op die behoefté aan beter onderwys in Nederlands gewys. Die Sinode het toe besluit „bij den Superintendent-generaal van Opvoeding aan te dringen, toelagen te verleen aan Scholen, alwaar uitsluitelik in het Nederduitsch onderwys wordt gegeven;”

<sup>28)</sup> *Het Volksblad*, 10 Aug. 1872, oorgeneem uit die *Argus* van 8 Aug.

maar geen verdere stappe kon onmiddellik gedoen word om verbetering in die toestand van sake aan te bring nie.<sup>29)</sup>

*Kerkskool op Uitenhage en private skool op Ratelpoort.*

Intussen het afsonderlike predikante gedoen wat hul kon om die belang van die Hollandse taal in die onderwys te behartig. Interessant is by voorbeeld wat op Uitenhage gebeur het. Daar is teen die einde van 1872 'n vergadering belê om maatreëls te tref vir die stigting van 'n ondersteunde skool van die eerste klas, maar op die vergadering het so 'n ernstige verdeeldheid ontstaan oor die vraag of onderwys in die Nederlandse taal op die skool verplig sou gemaak word, dat die voorstanders van Nederlandse onderwys onder die leiding van ds. A. I. Steytler hul aan die saak onttrek het en besluit het om in oorleg met die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n afsonderlike skool op te rig waarin die regte van Nederlands nie sou misken word nie. Aan hierdie plan is uitvoering gegee, en vroeg in 1873 vind die hoeksteenlegging van 'n Nederduitse Gereformeerde kerkskool in Uitenhage plaas. Dat alles egter nog nie met die handhawing van die Hollandse taal in orde was nie, blyk daaruit dat by dié geleentheid die twee vlae wat in 'n prosesie na die skoolterrein voorop gedra is, onderskeidelik tot opskrif gehad het: „Dutch Reformed Church School” en „Dutch Reformed Sunday School”, en verder nog uit die volgende mededelinkie in die verslag van die verrigtinge: „Op den hoek van Bairdstraat gekomen zijnde, maakte de

<sup>29)</sup> *Acta Synodi, 1873, bls. 39; De Zuid-Afrikaan, 1 Nov. 1873.*  
—Daar was nie veel hoop dat die Superintendent-Generaal van Onderwys die versoek van die Sinode sou toestaan nie. Reeds in 1868 het ds. Kuys in antwoord op 'n rondvraag van Langham Dale die mening uitgesprek dat een van die vernamste struikelblokke by die stigting en instandhouding van plaasskole die onderwys in Engels was. In sy rapport aan die regering, d.d. 24 Feb. 1868, oor die vraag in hoever die ondersteuning van die plaasskole aan die behoeftes van die bevolking voldoen, skrywe Dale na aanleiding van ds. Kuys se antwoord: „The conditions of aid prescribe that the instruction during the ordinary school hours shall, as far as practicable, be given through the medium of the English language, within twelve months after the first establishment of the school. It seems to me that the rule is elastic enough to meet the case of those remote places in which the Dutch language only is spoken, so that no real hindrance to education ought to arise from this cause.” (C. 2 — '68.)

stoet halt en zong No. 6 van Bateman's Hymns and Melodies"<sup>30)</sup> 'n Mens vra jou af of by al die feestelike verrigtinge in verband met die hocksteenlegging van hierdie Hollandse kerkskool veel meer as die gebed en Bybellesing in Hollands geskied het.

Heeltemal in ooreenstemming met die gees van die tyd is ook wat op Ratelpoort, in die distrik Colesberg, gedoen is. Daar is 'n skool gestig deur lede van die verskillende Hollandse Kerke, sonder enige steun van die regering. Di. Luckhoff en Viljoen was lede van die skoolkommissie. „De school geniet niets van het Gouvernement, zoodat zij geheel vrij is,” berig 'n korrespondent van *De Zuid-Afrikaan* in die uitgawe van 7 Junie 1873. „Het onderwijs is hoofdzakelijk Engelsch; er wordt wel Hollandsch geleerd, maar de Engelsche taal is hoofdzaak.” Dit is duidelik dat die Afrikaners oor die geheel nog geen beswaar daarteen gevoel het dat die gees van die skool waarin hul kinders opgevoed word, eensydig Engels is nie—mits daar net voorsiening vir onderwys in Hollands gemaak word, veral ter wille van die Kerk.

#### *Die Ring van Kaapstad.*

Ook in Kaapstad het die Hollandse predikante in hierdie tyd lewendig bewus begin word van die gevvaar wat vir die Kerk daarin kan skuil as die Hollandse taal deur gebrek aan behoorlike onderrig geheel sou te gronde gaan. Op 'n vergadering van die Kaapstadse ring, gehou op 16 Oktober 1872, het die ringsinspekteur van onderwys, ds. G. W. Stegmann, jr., in sy verslag gewys op die verwaeling van Hollands op die meeste skole in die stad. „In de Kaapstad,” sê hy, „wordt het Hollandsch, behalve in de kerscholen, slechts bij wijze van uitzondering onderwezen, een voorrecht waarvan, zoover wij ontdekken konden, de jongedochters geheel verstoken zijn.” Dit blyk dat dit al hoe meer mode geword het onder die hoëre stande om hul dogters na die „half roomse” meisieskole te stuur en dat die verengeling veral onder die vroulike geslag die verste gegaan het. Opvallend is hoe dat dr. Robertson, die Skot, hom aan hierdie verengeling geërger het. Hy is wel in die eerste

---

<sup>30)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 6 en 27 Nov. 1872, 2 Apr. 1873.

plaas begaan oor die Kerk, maar „dan grieft het hem ook dat het eene mode werd onder de jonge dames geen Hollandsch te kennen, met minachting van die taal te gewagen en met eene ziekelike gemaaktheid te zeggen: ‘I don’t speak Dutch.’” Uitvloeisel van die besprekinge op die ringsvergadering was dat ‘n kommissie aangestel is om in te gaan op die moontlikheid van die stigting van ‘n opvoedingsinrigting vir jong meisies in verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk waarin ook geleenheid sal wees om behoorlike onderwys in die Hollandse taal te geniet.<sup>31)</sup>

#### *Stigting van „The Good Hope Seminary”.*

‘n Nege maande later het die kommissie deur die ringsvergadering benoem ‘n prospektus gepubliseer van ‘n nuwe meisieskool in Kaapstad wat onder die voogdy van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou staan. Wie egter gemeen het dat hierdie skool sou gekenmerk word deur ‘n oorwegend Hollandse gees, moes daar jammerlik bedroë uitgekom het. Die naam van die skool was Engels: „The Good Hope Seminary”; die hoofonderwyseres is uit Skotland ontbied; die leerkursus is ingerig om ‘n „eerste klas Engelsche opleiding” te gee; en onderrig in die Hollandse taal sou gegee word nie aan alle leerlinge sonder onderskeid nie, maar alleen aan diiegene „die zulks begeeren”. Belangriker as dit alles nog is die feit dat selfs ‘n man soos Jan Hofmeyr in hierdie dinge blykbaar niks ongerymds gesien het nie. In ‘n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 5 Julie 1873 verwelkom hy die oprigting van die meisieskool en verheug hy hom oor die onderwys wat daar in Hollands sal gegee word, maar kritiek lewer hy nie. Alleen noem hy iets wat, na hy hoop, op die Good Hope Seminary nie sal ontbreek nie. „Het is een aankwelen van een waren kolonialen geest — het verwijderen van dat met verachting neerzien op

<sup>31)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 19 Okt. 1872. Behalwe oor Kaapstad self moes die ringsinspekteur ook nog kla oor die onderwystoestand in Somerset-Wes. „Het Hollandsch wordt, m. i. te onregt,” lui dit in sy rapport, „verwaarloosd in gemeenten zooals Somerset West, waar de kerkeraad niets tot het onderwijs doet, en de leeraar zich verpligt ziet zijne Catechisatien te laten voorafgaan van een uurtje aan het Hollandsch besteed.”

eenig iets, omdat het Hollandsch, of zegge liever, koloniaal is. Maar al te vele onderwijzeressen op damesscholen geven het voorbeeld van te schimpfen op al hetgeen niet van over het water komt. Alzoo leggen zij of de zaden van vaderlandsverloochening in de haar toevertrouwde jeugdige gemoederen, of verwekken een geest van nationale verbittering. Wordt de voorgestelde school voorzien van onderwijzeressen van den regten, dat is, van den beloofden stempel, dan zal dit kwaad daar ongekend zijn, en dan zal zij worden eene kweekplaats van letterkundige, wetenschappelijke en godsdienstige kennis, van ware beschaving en ook van een edel patriotisme."

Dit was egter nie almal wat hul, soos die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, met die uiting van 'n vrome wens tevrede gestel het nie. Daar was ook persone wat fel kritiek op die planne van die ringskommissie uitgeoefen het. So maak 'n korrespondent in *De Zuid-Afrikaan* van 13 Augustus beswaar teen die Engelse naam van die Good Hope Seminary en merk op dat dit duidelik blyk uit die prospektus „dat het niet zoo zeer te doen was om de Hollandsch Geref. Kerk, door het grondig aanleeren der Hollandsche taal bloeijender te maken, als wel om de Hollandsche taal door de Engelsche geheel te verdringen. Onder de voorwaarden staat het immers duidelijk dat onderwijs zal gegeven worden in al de vakken die tot eene eerste klas *Engelsche* opleiding behooren. Waarom ook niet tot eene eerste klas Hollandse? Doch, zegt iemand, gij zijt te haastig in uw oordeel; wordt er dan volstrekt geen onderrigt in de Hollandsche taal gegeven? O ja, maar als ter sluiks, alleen aan degenen, die zulks *begeeren*. Het wordt niet volstrekt noodzakelijk beschouwd het Hollandsch te leeren voor de Hollandsch Geref. kerk, neen, maar wel het Engelsch door alle middelen om de begeerte naar de Engelsche dienst in de Hollandsche kerk meer op te wekken en in de handen te werken." Dit moet erken word dat hierdie kritiek, hoewel fel, nie ongeregverdig was nie. Die Good Hope Seminary het dan ook nooit 'n kweekplaas van Hollands-Afrikaanse beskawing in die stad geword nie—om dit maar sag uit te druk.

*Langham Dale doen niks vir Hollands nie.*

Waar Afrikaners self só laks was ten opsigte van hul taal dat Hollandse predikante 'n kerkskool kon stig waarin die studie van die Engelse taal wèl, van die Hollandse taal nié verplig was nie, is dit begrypplik dat Langham Dale, die superintendent-generaal van onderwys, geen besondere beskerming aan Hollands in die opvoedingsinrigtinge van die staat sou verleen nie. Toe daarom in 1873 'n elementêre onderwysersdiploma ingestel is wat bevoegdheid tot onderwys op plaas- en sendingskole gegee het, het die leerplan daarvoor Engels, rekenkunde, aardrykskunde, skoonskrif en skoolbestuur as verpligte vakke omvat, terwyl Hollands en Kaffertaal slegs as fakultatiewe studievakke genoem is.<sup>32)</sup> Hierdie gelykstelling van Hollands met Kaffertaal het baie Afrikaners bitter gegrif. Dale was egter nie van plan om vir die Hollandse taal enige plek van betekenis in sy opvoedingstelsel in te ruim nie. In 1874 is 'n programma van eksamens vir skoolsertifikate deur hom voorgedra waaruit Hollands geheel geweer is, terwyl Engels weer 'n verpligte vak gemaak is. Hieroor het daar ook heelwat ontevredenheid ontstaan. „Gemoedelike men geen vrijheid het Nederduitsch te stellen op gelijken voet met het Engelsch,” skryf *De Zuid-Afrikaan* van 21 Maart 1874, „dan had men het toch wel een ondergeschikte plaats kunnen aanwijzen, al ware het maar door het tot een verpligt onderwerp te maken voor kandidaten die naar ‘honneurs’ zouden willen dingen.”

*Kennis van Hollands vir staatsamptenare nie nodig geag nie.*

Teen die Engels-entalige opleiding van staatsamptenare, waarteen vroeër slegs af en toe deur korrespondente in die Hollandse koerante beswaar geopper is, het Jan Hofmeyr in hierdie tyd ook as redakteur van *De Zuid-Afrikaan* begin skrywe. Hy het geëis dat alle persone wat iets met die geregshewe te doen het, die Hollandse taal moet ken. „Candidaten voor het advocaats-examen moeten een certificaat der tweede klasse hebben, maar, ter verkrijging daarvan, wordt geen Hollandsch vereischt.” Hy wys daarop

---

<sup>32)</sup> Rep. of the S. G. E. for the Year 1873, bls. 7.

dat vir die Indiese siviele amptenaar wat uit Engeland kom, kennis van Hindostani verplig is, „maar voor de Afrikaansche staatsdienaar, die opgroei in een Hollandschsprekende omgeving, is het vrij om geen *a* of *b* te kennen der taal, die gesproken wordt door de overgroot meerderheid der ingezetenen. De Regering behoort vast te stellen, dat door alle koloniale candidaten voor het certificaat der eerste klasse in de Rechten het Hollandsch zal moeten verkozen worden als de moderne taal bij het tweede klas examen. Men roemt erop, dat onze tegenwoordige Regering echt koloniaal is. Zij doe dan recht aan beide koloniale talen.”<sup>33)</sup>

Dit skyn of die regering tog langsamerhand begin besef het dat die Hollandse taal nog so 'n belangrike rol in die Kolonie speel dat dit nie heeltemal oor die hoof mag gesien word nie. In 1874 is altans al die wette wat in die afgelope sitting van die parlement aangeneem is, ook in 'n behoorlike Hollandse vertaling in die *Government Gazette* gepubliseer. Hierdie meer tegemoetkomende houding van regeringskant het die herinnering aan die miskenning van Hollands deur die departement van onderwys weer verlewendig, soos blyk uit die ironiese opmerking wat *De Zuid-Afrikaan* aan die berig omtrent die vertaling toevoeg: „Daar bij het Departement van Onderwijs het Hollandsch op gelijken voet word gesteld met de Kaffertaal, dachten wij dat die wetten misschien ook in die taal der zwarten zouden zijn gepubliceerd; doch het schijnt dat de Regering het in dit opzigt met Dr. Dale niet volkomen eens is.”<sup>34)</sup>

#### *Skole verbrei kennis van Engels op platteland.*

Die nuwe reëeling van die onderwys by die wet van 1865 het 'n belangrike stoot gegee aan die stigting van nuwe skole en het dié wat reeds bestaan het, op 'n veel vaster voet gestel. In sy rapport oor die jaar 1867 kon die Superintendent-Generaal van Onderwys al met voldoening skrywe: „There is scarcely a village or hamlet in the Colony without a public school.”<sup>35)</sup> Dit is te begrype dat die groot vermeerdering van skole die kennis van Engels ook op die

<sup>33)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 29 Januarie 1873.

<sup>34)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 7 Okt. 1874.

<sup>35)</sup> *Rep. of the S. G. E. for the Year 1867*, bls. 5.

platteland aansienlik sou laat toeneem het. F. H. Ely, onderinspekteur van skole, sê dan ook in sy *Special Report on the State of Education in the Midland Districts* van 1876: „The most striking feature perhaps, is the hold which the English language is gaining in the country districts: one naturally expects this to be the case along the sea-coast and in the larger towns; but one is hardly prepared to find the language so widely spoken as it is in the more inland districts.” Merkwaardig is ook wat Ely opmerk omtrent die begeerte van die boere om hul kinders Engels te laat leer. „The farmers,” skrywe hy, „are anxious that their children should learn English and are very proud if they can express themselves fairly: in the majority of country schools Dutch is taught as well as English, but this is not considered at all essential, the idea being that the children naturally know their mother tongue; or as a Dutch Minister put it, ‘Let them learn English, the Dutch is in them.’”<sup>36)</sup>

Wat die begeerte na onderwys in Engels betref, het Ely waarskynlik grond gehad vir sy mededeling, maar dit was vermoedelik nie letterlik waar vir alle dele van die Kolonie nie. In die voorafgaande bladsye het dit geblyk dat daar in elk geval tot 1873 op verskeie plekke wel behoefte gevoel is aan onderwys in Hollands, maar nie aan onderwys in Engels nie.

Waar Engelse onderwys op plattelandskole gegee is, was die resultate dikwels ook glad nie bemoedigend nie. Ely kla self in sy bogenoemde rapport, bls. 47, dat kinders dikwels Engels leer lees sonder om te verstaan wat hul lees; en omtrent die westelike distrikte verklaar onderinspekteur A. N. Rowan van die onderwysers in die algemeen: „Their aim is intelligible not intelligent reading. In too many instances the meanings of the words are not explained. I have often been struck with the deplorable ignorance which the children who read fluently displayed of the subject matter of the lesson.”<sup>37)</sup>

<sup>36)</sup> Bls. 45.

<sup>37)</sup> *Special Report on the State of Education in the Western Districts*, 1876, bls. 40.—Die slechte resultate van die onderwys in Engels moet ook gedeeltelik toegeskrywe word aan die slechte onderwysmetodes wat in hierdie tyd op so baie elementêre skole gevolg is. In die meergenoemde rapport van Ely staan op bls. 47: „A fault

Ten spyte van die hierbo genoemde sterk vermeerdering van ondersteunde skole in die Kolonie het tog in 1876, volgens 'n berekening van Langham Dale, nog maar die kleinste helfte van die blanke kinders van skoolgaande ouderdom onderwys op sulke skole ontvang.<sup>38)</sup> 'n Baie groot persentasie van die plattelandse Afrikaanssprekende kinders het dus nog buite die verengelsende invloedsfeer van dié skole gebly.<sup>39)</sup>

#### *Heftige aanvalle op verengelste onderwys.*

Sedert 1873 het die manne wat die hoofrol sou speel in die Afrikaanse taalbeweging, hoe langer hoe sterker hul stem verhef teen die verengelsende onderwys nie alleen op die regeringskole nie, maar ook op skole deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk of op inisiatief van predikante van die Kerk gestig, soos die Good Hope Seminary in Kaapstad en die Huguenot Seminary in Wellington, wat in 1873 deur ds. Andrew Murray opgerig is. In hul optrede was hul veel feller en venyniger as diegene wat hul nog vir die belangte van die Hollandse taal beywer het. Veral in 1874 het die aanvalle op Engels en verengelste Afrikaners wat alleen oog gehad het vir die Engelse taal, buitengewoon heftig geword. Dié dinge behoort egter meer tot die geskied-

in some of the Dutch mission schools is the setting the children in the lower classes nothing but spelling lessons, which appears to me an useless exercise unless the children are taught at the same time to read. Thus I have found children spelling out of Spel en Lees boekje long words like 'geregtigheid' and yet unable to read an easy sentence like 'Ik heb God lief'."

<sup>38)</sup> *Rep. of the S. G. E. for the Year 1876*, bls. 3.

<sup>39)</sup> Veral in afgeleë distrikte soos Clanwilliam, Fraserburg en Calvinia kon die regering moeilik die kinders met sy onderwysstelsel bereik. Faktore wat die uitbreiding van die onderwys in die weg gestaan het, was: die verspreide ligging van die boerplase; gebrek aan bedienes, sodat kinders met die plaas- en huiswerk moes help; onverskilligheid teenoor onderwys — die ouers was tevrede as hul kinders voldoende Hollands kon lees vir hul aanneming; huiwerigheid van boere om vir die benodigde waarborgsom te teken; gebrek aan onderwyzers; ens. Sien *Rep. of the S. G. E. for the Year 1868*, blss. 6—7, en Dale se spesiale rapport van 24 Feb. van dieselfde jaar.

denis van die Afrikaanse taalbeweging en sal in die volgende hoofstuk ter sprake kom.<sup>39a)</sup>

#### D. DIE TAAL IN DIE KERK

##### *Engelse dienste in Groot Kerk.*

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat vanaf die einde van Januarie 1865 gereelde dienste in Engels in die Groot Kerk in Kaapstad gehou is. Ongeveer 'n jaar later, op 18 Februarie 1866, is nagmaal vir die eerste keer in die Engelse taal bedien.<sup>40)</sup> Hoeveel persone die Engelse dienste vas bygewoon het, is moeilik om te sê. Die aantal lidmate wat daarom aansoek gedoen het, was seker nie groot nie, maar waarskynlik het dit gou aansienlik toegeneem. Teen die middel van 1867 kla *De Zuid-Afrikaan* altans dat „het zoogenaamde fatsoenlyke jonge publiek tegenwoordig ook by voorkeur de pas ingevoerde Engelsche godsdienstoefening bywoont.”<sup>41)</sup> Ongetwyfeld sal baie jong mense uit modesug of ook bloot uit nuuskierigheid na die Engelse dienste gegaan het. As aanduiding van die sterkte van die verengelste deel van die gemeente kan miskien geld dat hul in Januarie 1868 'n beurs met honderd-en-vyftien ghienies aan ds. A. Murray

<sup>39a)</sup> Hier kan alleen 'n aanhaling uit 'n brief gegee word om te laat sien wat van die onderwys in Hollands aan die ou Athenaeum geword het. Die korrespondent skryf na aanleiding van die professoraat in Nederlands aan sy ou alma mater, wat al vier maande vakant is en maar nie gevul word nie: „Mijnheer, als een oude leerling aan dat Instituut kan ik u met de hand op het hart verzekeren, dat die betrekking eenne 'klucht', eene 'geheele klucht' en niets dan eene 'klucht' is. Terwijl den armen jongens de hersens worden volgeopropt met Latijnsche verzen, Grieksche volzinnes en ander tuig, waaraan 9 uit de 10,wanneer zij eens het College hebben verlaten, volstrekt niets hebben, en waaraan zij, het College bezoeckende, uren per dag moeten wijden, worden aan elke Hollandsche klasse ofschoon de Hollandsche taal in de stad naast het Engelsch de voornaamste en in de buitendistrikten de hooftaal is, een of twee uren per week toegeduwed, en dat wel uren na afloop van den schooltijd, wanneer de arme toppers, vooral in het warme weer, reeds zitten te gapen even als die musschen op de daken in Hildebrand's Camera Obscura.” (*De Zuid-Afrikaan*, 18 Feb. 1874.)

<sup>40)</sup> *Het Volksblad*, 16 Feb. 1866.

<sup>41)</sup> Sien hiervoor, bls. 175.

aangebied het as blyk van erkentlikheid vir die buitengewone dienste wat hy vir hulle hou.<sup>42)</sup>

*Ds. G. W. A. Stegmann Jr. wil lidmate in Engels voorstel.*

So lank soos ds. Andrew Murray in die stad die Engelse dienste waargeneem het, het geen ontwikkelinge van belang plaasgevind nie. In Augustus 1871 het hy egter 'n beroep na Wellington aangeneem, en in die moedergemeente is hy opgevolg deur sy neef, ds. G. W. Stegmann, jr. Ds. Stegmann was blybaar van 'n taamlik voortvarende geaardheid, en gou het daar moeilikheid in verband met die Engelse dienste ontstaan. Ongeveer 'n jaar ná sy kom in Kaapstad kondig hy, sonder om die gemeente in die saak te ken, 'n Engelse voorstelling van lidmate aan, wat groot ontevredenheid verwek. „Het heeft mij en vele andere leden onzer dierbare Ned. Geref. kerk,” skrywe een van die ontevredenes in *De Zuid-Afrikaan* van 2 Oktober 1872, „evenzeer verbaasd als gegriefd, dat Ds. Stegmann het heeft durven wagen, om haar de smaadheid, bijna zouden wij zeggen het verraad, aan te doen, van hare nieuwe leden op aanst. Zondag in de Engelsche taal aan de gemeente te willen voorstellen.”

'n Engelse voorstelling van lidmate, ná reeds byna sewe jaar lank gereeld Engelse dienste in die Groot Kerk, en ook Engelse katkisasie, gehou is, sou seker nie sonder bepaalde rede so 'n opskudding veroorsaak het nie; maar hier was inderdaad aanleiding tot bitter ontevredenheid, soos blyk uit 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 9 Oktober. Die redakteur, Jan Hofmeyr, erken dat die ontevredenheid onder die gemeenteledere hom eers bevreem het. „Maar,” sê hy dan, „de zaak veranderde van voorkomen, toen de lijs van aannemelingen werd gepubliceerd en daarop slechts één Engelsche naam voorkwam en nog wel van iemand, die van moederszijde van Hollandsche afkomst is en die taal even goed verstaat als de beste Afrikaander; toen wij vernamen, dat velen der aangenomenen in het Hollandsch waren gecatechiseerd; dat geen enkele hunner onmagt van eene Hollandsche dienst te volgen had voorgewend; niet één hunner om eene Engelsche voorstelling had gevraagd, — dat

---

<sup>42)</sup> *Het Volksblad*, 18 Jan. 1868.

in één woord die Engelsche voorstelling eene ongevraagde en onnoodige vervanging was van de gewone Hollandsche. Dat geleek inderdaad op eene poging om het Hollandsch te verdringen."

*Plek van Engelse dienste in Moedergemeente.*

Deur die teenstand wat hy gekry het, is ds. Stegmann gedwonge om van sy voorneme af te sien; maar hy was daar nie die man na om sake daarby te laat nie. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 7 Oktober 1872 stel hy daarom voor: „De kerkeraad verklare zich nader betrekke-lik de plaats die die Engelsche dienst onder onze diensten inneemt.” Hy beweer daar is mense wat van ander kerkgenootskappe na die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil oorkom en dat die posisie nie duidelik is nie. In sy beroepsbrief staan by voorbeeld niks omtrent Engels preek nie; is hy nou verplig om in dié taal voor te gaan? So ja, is dit dan nie tyd dat ook vir kerkraadslede bepalinge gemaak word in verband met die Engelse dienste—dat 'n gereelde rooster opgestel word waarvolgens hul die dienste amptelik moet bywoon nie? Hy wil 'n besliste antwoord hê op die vraag: Is die Engelse diens 'n gereelde Gereformeerde diens eweseer as die Hollandse, ja of nee?

Ná heelwat bespreking van die vraag wat die oorspronklike bedoeling was met die invoering van die Engelse dienste, stel dr. Robertson voor dat ds. Stegmann se vraag as volg beantwoord word: „De Engelsche dienst is een van de geregelde diensten van de Nederd. Geref. Kerk.” As amendement hierop word deur een van die ondersteuners van ds. Stegmann voorgestel: „De Engelsche dienst was tot hertoe eene liefdedienst; maar de tijd is gekomen, waarin dezelfve als een deel uitmakende van de geregelde diensten moet worden beschouwd.” Met hierdie amendement betuig ds. Stegmann sy instemming, maar dit word verworp en die voorstel van dr. Robertson aangeneem.

Hierna word die volgende voorstel ter tafel gelê: „De kerkeraad late het den leeraar vrij om, desverkiezende, ledematen, gelijk bij de Hollandsche, zoo ook bij de Engelsche dienst aan de gemeente voor te stellen.” Dr. Robertson sê hierop dat hy een van die eerste in die land was wat in Engels gepreek het, maar nog nooit het hy iemand in

Engels voorgestel nie. Aan die kinders het hy meermale gesê: „In de Consistoriekamer versta ik geen Engelsch”; en nooit het hy enige beswaar gevind selfs ten opsigte van kinders van Engelse of Engelssprekende ouers nie. Daar kan egter behoefté aan 'n Engelse voorstelling in die stad bestaan, en daarom stel hy voor: „Jongelieden van wege gebrek aan genoegzame kennis der Hollandsche taal in het Engelsch tot ledematen aangenomen, zullen, desverkiezende, en met toestemming van ouders of voogden, bij gelegenheid van eene der Engelsche diensten als zoodanig aan de gemeente worden voorgesteld.” Nog 'n ander amendement word voorgestel waarin toegevoeg word dat nuwe lidmate in Engels kan voorgestel word alleen as die leraars „in gemoede overtuigd zijn, dat de voor te stellen ledematen het Hollandsch niet genoegzaam verstaan.”

Ds. Stegmann antwoord dat hy maar min mense in Kaapstad ken van wie hy in gemoede kan verklaar dat hul nie genoeg Hollands kan verstaan nie. Hy maak daarom beswaar teen die bepaling omtrent gebrek aan kennis van die Hollandse taal, en ook teen die vra van toestemming van ouers en voogde tot die voorstelling in Engels. Dr. Robertson sê dat hy al dikwels jong mense voorgestel het wat beter Engels as Hollands ken; maar gedagdig aan die feit dat hy leraar is van 'n *Nederduitse Kerk*, het hy nooit in Engels voorstelling gehou nie. Hy het altoos Hollands op die voorgrond gestel; en dit sou 'n griewende saak wees as ouers moet sê, soos, na beweer word, een reeds gesê het toe ds. Stegmann voorverlede week 'n Engelse voorstelling wou hou: „Nou word my kind voorgestel in 'n taal wat ek nie verstaan nie.” Ds. Stegmann redeneer weer dat alles meer en meer Engels word, waarop dr. Robertson hom toevoeg: „Maar broeder, is het niet onze pligt het Hollandsch zoo veel mogelijk de hand boven het hoofd te houden?” Uiteindelik is die amendement van dr. Robertson aangeneem met 12 teen 4 stemme.<sup>43)</sup>

#### *Nuwe moeilikhede in verband met Engelse dienste.*

Twee jaar later het daar weer heelwat moeilikheid na aanleiding van die Engelse dienste in die moedergemeente

---

<sup>43)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 9 Okt. 1872.

ontstaan. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 3 Augustus 1874 stel die heer Juritz naamlik voor dat 'n tweede Engelse diens op Sondag sal plaasvind, en wel in die aand gelyktydig met die Hollandse diens. Die benedeverdieping van die kantoorgeboue in die Bureaustraat sou dan in 'n lokaal vir die doel kan verander word. Die voorstel word heftig geopponeer, ook op grond daarvan dat die gewone aanddiens in die Groot Kerk deur 'n gelyktydige godsdiensoefening in die aangrensende gebou gesteur sal word. Ds. Stegmann is weer een van die vurigste kampvegters vir die belang van die Engelssprekende lede van die Kerk. Sy argumentasie is karakteristiek: „Wat er achter stak, was de questie van Engelsch en Hollandsch. Dat zette kwaad bloed; maar als men opkwam voor Hollandsche diensten, behoorde men ook te zorgen, dat de kinderen in het Hollandsch werden opgevoed en dat zij Hollandsche betrekkingen kregen. En toch, daaraan ontbrak het. Op school werd er haast geen Hollandsch onderwezen; en slechts hier en daar vroeg een koopman om klerken die ook Hollandsch kenden. In de stad werd alles meer en meer Engelsch, hoewel zulks buiten nog niet zoo zeer als hier het geval was. Zoo was de toestand van zaken, onverschillig of men dien al dan niet betreurde . . . . De spreker is weleens in verband met vroeger gebeurde dingen voorgesteld als een vriend der Engelsche taal. Wel, hij wilde het goede dat daarin zat, aannemen; maar hij wil tevens verstaan hebben, dat hij ook een vriend is der Nederduitsche taal . . . . Hij wilde gaarne ijveren voor de belangen der Hollandsche taal; maar dan toch behoudens het gezond verstand; hij wil daarbij dan toch zorgen, dat onze leden niet gedwongen worden hunne moederkerk te verlaten, omdat zij niet geholpen kunnen worden in de taal welke zij verstaan.” Ten slotte word die saak verwys na 'n kommissie bestaande uit twee voorstanders en twee teenstanders van die Engelse aanddiens.

Op die volgende kerkraadsvergadering, gehou op 7 September, is die rapport van die kommissie behandel. Sy bevinding was dat die kantoorgeboue in die Bureaustraat nie in 'n geskikte lokaal sou kon verander word nie; oor sy bevoegdheid om hom oor die noedsaak van 'n Engelse aanddiens uit te spreek en 'n ander plan aan die hand te gee in plaas van dié van die heer Juritz, was die kommissie

verdeeld. Daar volg toe weer 'n lang bespreking van die vraag of daar wel bewys is dat daar 'n dringende behoeftē aan 'n Engelse aanddiens bestaan. Dr. Robertson neem 'n opmerklik onpartydige houding in en wil die punt eers bewys hē deur 'n dokument, soos 'n petisie. Ds. Stegmann dryf egter weer so hard hy kan in Engelse rigting; en eindelik word die voorstel van die Ed. W. de Smidt om 'n kommissie te benoem bestaande alleen uit voorstanders van die Engelse diens om 'n geskikte lokaal te vind, met 9 teen 7 stemme aangeneem. Die kommissie wat toe aangestell is, het blykbaar heelwat moeite ondervind om 'n geskikte gebou te vind, want op die kerkraadsvergadering van begin Desember moes hul rapporteer dat hul nog geen gebou vir die Engelse dienste gevind het nie.<sup>44)</sup>

Dit is duidelik dat waar aan die een kant die verengelsing onder gemeentelede van die Hollandse Kerk in Kaapstad al hoe vinniger toegeneem het, die teenstand teen dié verengelsing aan die ander kant tog nog sterk was en in sekere kringe in die afgelope jare selfs toegeneem het.<sup>45)</sup>

*Sinode bepaal dat predikante bekwaam moet wees om Engels te preek.*

Intussen het die vraag na Engelse dienste in die Hollandse Kerk oor 'n groot deel van die Kolonie so sterk toegeneem dat ds. A. D. Luckhoff, van Colesberg, dit nodig geag het om vir die Sinode van 1870 as beskrywingspunt op te stuur: „De Synode bepale dat kandidaten, die tot de predikdienst wenschen te worden toegelaten, bij het Examen, onder Art. 62 voorgeschreven, blyken geven van bekwaamheid tot het prediken in de *Engelsche taal*.“ Met die bepaling dat die besluit nie van toepassing sal gemaak word op diogene wat reeds die kandidaatseksamen afgelê het nie, is die beskrywingspunt van ds. Luckhoff dan ook aangeneem.<sup>46)</sup>

<sup>44)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 5 Aug., 9 Sept. en 9 Des. 1874.

<sup>45)</sup> Sien o.a. *De Zuid-Afrikaan* van 5 en 19 Aug., 5, 9, 12, 19 en 23 Sept. 1874.

<sup>46)</sup> *Acta Synodi*, 1870, bls. 62. Ander bewyse van die toenemende invloed van Engels in die Nederduitse Gereformeerde Kerk is te vind in die Handelinge van dieselfde Sinode. So is daar na aanleiding van 'n beskrywingspunt van ds. C. Murray, van Graaff-Reinet: „De Synode bepale welk Gezangboek gebruik moet worden bij de

*Engels in Hollandse kerke op die platteland.*

Hoe ver die verengeling van die Kerk op baie plattelandsdorpe in hierdie tyd al gevorder was, blyk onder andere uit 'n bespreking in die Sinode van 1873 na aanleiding van die voorgestelde wysiging van die artikel in die „Wetten en Bepalingen“ omtrent die preek in Engels waar dit nodig geag word. „Ds. de Villiers, van Beaufort West,” lui die verslag in *De Zuid-Afrikaan* van 26 November, „sprak voor bescherming van de Hollandsche taal, die te veel werd veronachtzaamd zoowel door ouders als door predikanten. Hij vreesde dat het toenemen van het Engelsch in de Nederlandsche of Nederduitsche Kerk niet strekken zou tot haar welzijn. Vandaar dat men alle pogingen moet aanwenden om de Hollandsche taal zoo veel mogelijk in eere te houden. Hij stelde een amendement voor, om te bepalen dat het Engelsch preken daar zou plaats hebbent, waar zulks zonder nadeel voor de Hollandsche taal kon geschieden.“ Besonder veel steun het ds. De Villiers blybaar nie vir sy amendement gekry nie. „De ouderlingen van George en Heidelberg,” gaan die verslag voort, „zagen den tijd te gemoet, dat alles in het Engelsch zal moeten plaats hebbent, en hoe eerder zulks geschiedde, hoe beter. — Ds. Kuijs was een groote voorstander van de Hollandsche taal; maar preekte hij niet in het Engelsch, dan verloor hij de helft van zijne gemeente . . . . Ds. Steytler [van Uitenhage] had persoonlike ondervinding dat zonder Engelsch de kerk zich niet kon uitbreiden. Hij had de Hollandsche dienst in den avond afgeschaft, en nu kwamen er Engelschen van alle andere gezindten bij hem ter kerk.“ Ten slotte is die artikel

---

Openbare Godsdienst in de Engelsche taal,” besluit om 'n kommissie te benoem „om het Gezangboek thans in gebruik bij de Engelsche dienst in de Kaapstad, na te zien, en de wenschelijheid te overwegen om het gebruik daarvan van wege de Synode al dan niet aan te bevelen.“ Verder blyk dat die eerste druk van die Belydeniskrifte in Engels reeds uitverkoop is, en op voorstel van ds. Shand, van Tulbagh, is aangeneem: „Dat een tweede uitgave van de Belijdenisschriften en Formulieren, alsmede een afzonderlike uitgave van het Kort Begrip met Schriftuurteksten, in het Engelsch, voor rekening van het Synodale Fonds uitgegeven worde.“ (*Acta Synodi, 1870, blss. 38, 47.*)

dan ook aangeneem volgens aanbeveling van die Kommissie van Revisie.<sup>47)</sup>

*Ring van Beaufort besluit ten gunste van Hollands.*

Langsamerhand het predikante van die buitegemeentes egter die gevaar van die toenemende verengeling duidelik begin insien en doelbewus begin ywer vir die handhawing van die Hollandse taal. Hierin het die ring van Beaufort die voortou geneem. Op 'n ringsitting van 12 Oktober 1874, waarop teenwoordig was ds. W. P. de Villiers van Beaufort, ds. Krige van Prins-Albert, dr. Kotzé van Richmond, ds. Leibbrandt van Victoria, ds. Bamberger van Fraserburg en ds. Louw van Murraysburg, met hul ouderlinge, het dr. Kotzé die volgende voorstel ingedien: „Aangezien het aanleeren van meer dan een levende taal tegenwoordig tot de vereischten einer beschafde opvoeding behoort, zoo werde er door den Ring van Beaufort in zijn ressort, en door de Synode onzer Kerk in het algemeen, gezorgd, dat er ook onderwijs in de moedertaal van de bevolking des lands, waarin nog in de Nederduitsche Gereformeerde kerk alom gepredikt wordt, gegeven, en de kennis er van in de scholen niet geheel geignoreerd worde.”

Alle predikante het die voorstel in kragtige bewoordinge gesteun. Vir ds. De Villiers, wat die vorige jaar in die Sinode tevergeefs vir beskerming van die Hollandse taal gepleit het, was die voorstel uit die aard van die saak 'n aangename verrassing. „De stroom ging toch tegen het Hollandsch,” lui die verslag van sy toespraak: „daarom verblijdde hij zich dat deze getuigenis van deze vergadering zou uitgaan. Hij wees, o.a. er op, hoe men in 'een zekeren kerkraad' zich ten doel schijnt gesteld te hebben de Hollandsche taal te laten verdrijven ter wille van dom vooroordeel. Ook speet het hem in de vakken van onderwijs van een zekere damesschool *opgerigt om het Hollandsch te handhaven*, te zien, dat het Hollandsch bijna allerlaatst op de lijst stond.

---

<sup>47)</sup> Ingrypende wysiginge in die samestelling van die *Wetten en Bepalingen* is in 1873 aangebring. Die ou artikels oor die Engelse dienste het verdwyn, en waar nou oor die ampspligte van leraars gepraat word, is predikante opgedra „ook in de Engelsche taal te prediken, waar het bevorderlyk is aan de zaak des Evangelies en het welzijn der gemeente.” Sien *Wetten en Bepalingen*, 1874, bls. 20.

Hier in de Gouvernements school werd nu hoegenaamd geen onderwijs in de Hollandsche taal gegeven. Hij besloot met het woord van een lid des Kaapstadschen kerkeraads over te nemen: „laat mijn kind voor den handel het Engelsch leeren, maar laat hem God dienen in zijne moedertaal.” Die voorstel van dr. Kotzé is by akklamasie aangeneem.<sup>48)</sup>

#### E. BESLUIT

Onder invloed van die politieke gebeurtenisse in die eerste helfte van die sewentiger jare het die nasionale ontwaking van die Afrikaner stadig begin. Hier en daar het die lydelike verset teen die verdringing van sy taal plek gemaak vir 'n doelbewuster optrede. Tot 'n daad van betekenis, tot die bewuste sametrekking van hul kragte, het die beskermers van die Hollandse taal in die periode wat in hierdie werk behandel word, egter nog nie gekom nie. Hulle het hul nog nie los kon maak van die ou opvatting dat Hollands wel as kerktaal moet gehandhaaf word, maar dat in alle ander opsigte die eerste plek tog maar aan Engels toekom nie. Hulle het nog nie ten volle besef dat 'n volk wat tevreden is om sy taal in sy eie land 'n ondergesikte plek te laat inneem, gedoem is om met sy taal onder te gaan nie. Hulle was miskien selfs nog nie so seker daarvan of dit wel hul plig was om vir die afsonderlike voortbestaan van die Afrikaanse volk te ywer nie. Hul trou was nog altyd verdeeld.

Geheel anders was dit gesteld met die klein groepie manne wat omstreeks 1873 begin ywer het vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal. By hul was daar geen twyfel omtrent wat hul wou nie. Hul het net een enkele trou geken, die trou aan hul eie nasie. Hulle was die eerste jong Afrikaanse nasionaliste, die voorlopers van 'n magtige beweging wat die Afrikanervolk van ondergang sou red. Die toon van hul geskrifte was gans anders as dié waarmee ons tot hier toe kennis gemaak het, klink vir ons vandag nog modern deur die buitengewoon sterk Afrikaanse oortuiging wat daaruit spreek. Hul groot betekenis lê nie net daarin dat hul vir die Afrikaanse taal geveg het nie, maar ook dat hul deur

---

<sup>48)</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 28 Oktober 1874.

hul voortvarendheid die voorstanders van Hollands as 't ware gedwing het om hul vrugtelose proteste te laat vaar en tot handeling oor te gaan.

---

## BYVOEGSEL BY HOOFSTUKKE III EN IV

### DIE TAALONDERWYS OP SKOOL

Van 1859 af word in die jaarraporte van die Superintendent-Generaal van Onderwys met betrekking tot alle regeringskole en skole wat steun van die regering geniet, aangegee hoeveel leerlinge in elke skool Engels en hoeveel Hollands leer lees. Van dié syfers sou 'n mens gebruik kon maak om 'n beeld te help gee van die toestande op die gebied van die taalonderwys in die Kolonie oor byna die hele tydperk wat in Hoofstukke III en IV van hierdie boek behandel is. By 'n bewerking van die gegewens sal verskeie dinge in ag moet geneem word. In die eerste plaas sal dit nodig wees om die skole te skei in groepe na gelang hul geleë is in oorwegend Hollandssprekende of oorwegend Engelssprekende streke. Dit sou by voorbeeld weinig sin hé om 'n skool op Stellenbosch of die Paarl in die jare tussen 1859 en 1875 in een berekening op te neem saam met 'n skool op Grahamstad of Bathurst. Dan moet rekening gehou word met die hoeveelheid en gehalte van die onderwys wat in die onderskeie tale gegee is. As dit by voorbeeld van 'n skool vermeld word dat ewevelle kinders Hollands leer as Engels, dan mag daaruit geensins afgelei word dat die onderwys in die twee tale op dié skool gelykstaan nie. Ons weet dat in die belangriker skole die oorgroot meerderheid van die onderwysers Engelse of Skotte was met gebrekkige kennis van Nederlands, terwyl in vergelyking met Engels baie min tyd aan die studie van Hollands bestee is. Daarby was Engels die voertaal in feitlik alle skole. Ook was dit vernaamlik die kinders in die laagste klasse wat Hollands geleer het, terwyl alle kinders in die hoër klasse onderwys in Engels gehad het. Verder sal by 'n beoordeling van die verhouding van jaar tot jaar tussen die aantal kinders wat Engels en Hollands leer, moet rekening gehou word met die vinnig vermeerderende Engelse bevolking in die groter dorpe en die toenemende infiltrasie van Engelse op die platteland. Dit sal uit die aard van die saak moeilik wees om te bepaal hoe sterk die invloed van elk van dié faktore gewees het.

Die resultate van 'n voorlopige berekening van die aantal kinders wat Engels en Hollands leer in skole geleë in oorwegend Hollands-sprekende streke in die jare 1860, 1865 en 1875, word hieronder gegee. Geen aanspraak word gemaak op die uiterste noukeurigheid nie. Van verskeie skole was dit my onbekend of die streek waarin hul geleë was, oorwegend Hollandssprekend was. Dergelike skole is buite rekening gelaat. Oor die algemeen het ek aangeneem dat plekke wat, sover ek kon nagaan, vandag nog sterk Afrikaans-sprekend is, dit in nog meerder mate moes gewees het tussen 1860 en 1875. Soms is plekke met 'n sterk Engelse inslag vandag, soos Aliwal-Noord, beskou as 'n oorwegend Hollandssprekende omgewing destyds. Moontlike foute wat begaan is na die een of die ander kant, sal wel so ongeveer teen mekaar opweeg.

Die getalle kinders in onderstaande tabelle is afgerond tot tientalle. Die aantal skole wat in die berekening opgeneem is, word in die tabelle tussen hakies aangegee.

## 1860

	<i>Aantal Kinders wat Engels leer.</i>	<i>Aantal Kinders wat Hollands leer.</i>
,,Established Schools'' (10) ..	620	170
,,Aided Schools'' van die 1ste en 2de klas (25) .. ..	880	530
,,Aided Schools'' van die 3de klas (26) .. .. ..	250	520

In die „Established Schools” op Beaufort-Wes, Colesberg, George, Graaff-Reinet, Somerset-Oos en Swellendam, en in die „Aided Schools” van die 1ste of 2de klas op Aliwal-Noord, Caledon, Ceres, Middelburg, Mosselbaai en Tulbagh is geen Hollands onderwys nie. Op verskeie „Aided Schools” van die 3de klas — ook genoem „Farmers’ Schools” — is geen onderwys in Engels gegee nie.

## 1865

	<i>Aantal Kinders wat Engels leer.</i>	<i>Aantal Kinders wat Hollands leer.</i>
,,Established Schools'' (6) ..	550	200
,,Aided Schools'' van die 1ste en 2de klas (40) .. .. ..	1,510	680
,,Aided Schools'' van die 3de klas (49) .. .. .. ..	1,070	1,060

In die „Established Schools” op Colesberg, George en Somerset-Oos, en in die „Aided Schools” van die 1ste of 2de klas op Beaufort-Wes, Caledon, Clanwilliam, D’Urban (nou Durbanville), Mosselbaai, Napier, Piketberg, Plettenbergsbaai, Somerset-Wes, Tulbagh en Victoria-Wes is geen Hollands onderwys nie. Op ses plaasskole is geen Engels, op ag geen Hollands gegee nie. Die gunstiger verhouding vir Hollands in die „Established Schools” in vergelyking met 1860 word vir ’n deel daardeur verklaar dat twee van die belangrikste skole met uitsluitend Engelse onderwys, Graaff-Reinet en Swellendam, intussen gesluit is.

1875

	<i>Aantal Kinders wat Engels leer.</i>	<i>Aantal Kinders wat Hollands leer.</i>
„Public Schools” van die 1ste en 2de klas (96) ... ... ...	3,770	1,650
„Public Schools” van die 3de klas (43) ... ... ...	880	920

In die „Public Schools” van die 1ste en 2de klas op Aliwal-Noord, Carnarvon, Clanwilliam (“Preparatory”), Colesberg, Dordrecht, Durbanville, Fraserburg, Mosselbaai, Richmond, Riversdal, Robertson, Somerset-Wes, Wellington (“Preparatory”) en Willowmore is geen Hollands onderwys nie. Op twee skole van die 3de klas is geen Engels, op vyf geen Hollands gegee nie.

Uit bostaande getalle blyk dat die verhouding in die skole van die 1ste en 2de klas in 1865 heelwat ongunstiger vir Hollands was as in 1860; in 1875 was die verhouding ongeveer dieselfde as in 1865. In 1860 was in die skole van die 3de klas die getal kinders wat Hollands geleer het, nog ruim tweemaal so groot as dié wat Engels geleer het; in 1865 en 1875 was die getalle ongeveer gelyk.

Opmerklik is, soos uit die jaarraporte van die Superintendent-Generaal van Onderwys te sien is, dat in die groot meerderheid van die meisieskole, wat sinds 1865 opgerig is, alleen Engels onderwys is.

In die *Report of the Superintendent-General of Education for the Year ended 30th June, 1877*, bls. 5, is vir al die „Public Schools” die volgende opgawe gedoen:

	<i>Aantal Kinders wat Engels leer.</i>	<i>Aantal Kinders wat Hollands leer.</i>
Skole van die 1ste klas ..	2,998	948
Skole van die 2de klas ..	3,109	1,162
Skole van die 3de klas ..	1,699	1,046

Op die „Mission Schools” wat steun van die regering gekry het, het 22,245 kinders Engels leer lees teenoor slegs 7,562 Hollands. Baie blanke kinders het onderwys in die sendingskole ontvang.

’n Paar jaar later is ’n regeringskommissie benoem om na te gaan hoe die onderwysstelsel van die Kolonie aan sy doel beantwoord. Voorsitter van die kommissie was die hoofregter, sir J. H. (later lord) de Villiers, en lede: sir D. Tenant, speaker, en die here De Wet, Walker en Reid, lede van die parlement. Heelwat getuienis is afgeneem omtrent die posisie van Hollands en Engels op die skole — o.a. van prof. Hofmeyr, dr. Van Oordt, Langham Dale, ds. A. Murray en ds. G. W. Stegmann. Feitlik alle getuijes het weer op die noodsaaklikheid van beter voorsiening vir onderwys in Hollands nadruk gelê. Die kommissie self was wat hierdie saak betref, gelukkig meer vatbaar vir oortuiging as die kommissie van 1861, soos blyk uit die volgende paragraaf uit hul rapport:

„With reference to modern languages, we are of opinion that additional facilities for the teaching of the Dutch language ought, if possible, to be provided. It should not be forgotten that this is the language, in a modified form no doubt, of the greater portion of the population; and that, for children of Dutch-speaking parents, the ability to read in Dutch is as good a test of their having received an elementary education, as the ability to read English in the case of the children of English-speaking parents. There are some who think that the English language is destined, in the course of time, to supersede the Dutch language altogether; while others are of opinion that the two languages will always continue to exist, side by side, in the Colony. It is not necessary for us to decide between these conflicting views; but one thing is sufficiently clear, and that is, that the English language has so many obvious advantages in its competition with Dutch, that it needs no artificial encouragement in a national system of education. The evidence given before us leaves no room to doubt that there is a growing desire on the part of the farming population to have their children instructed in the English language. It is, however, equally clear that there are many who object to having the English language forced upon them; and that others again, with every desire to promote the general education of their children, do not possess the means of having them taught any other language than that with which they are familiar. Now, we hold that the State has no right to demand more of any parent than that he shall have his children instructed in the elements of knowledge. If they are able to read, write, and do elementary arithmetic, the fact that Dutch has been the medium of instruction ought not to weigh against them. It is for this reason

that we are of opinion that all restrictions as to the language which is to be the medium of instruction should be removed."<sup>1)</sup>

Bowestaande sitaat is so uitvoerig gegee omdat dit kommentaar bevat op 'n periode van onderwys wat behandel is in Hoofstuk IV van hierdie werk, en tegelykertyd laat sien hoe, waarskynlik onder die drang van die nasionale oplewing onder die Afrikaners, 'n beter opvatting van die taalkwessie op skool in offisiële kringe aan die deurkom was. Die vraag in hoe ver in die praktyk gevolg gegee is aan die aanbevelings van die kommissie, val buite die bestek van hierdie boek.

---

<sup>1)</sup> *Report of a Commission appointed . . . to enquire into and report upon the Working of the Education Acts in Force in this Colony, 1879*, par. 17.



## HOOFSTUK V

DIE BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING



## HOOFSTUK V

### DIE BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

#### A. VOORGESKIEDENIS

##### *Houding teenoor Afrikaans.*

Reeds lank voor die Kaap in Engelse hande oorgegaan het, was die spreektaal van die Kaapse koloniste nie meer Hollands nie, maar Afrikaans. Meer as gemeensame omgangstaal was Afrikaans egter nie. Hollands was die taal van die regering, die kerk en die skool; Afrikaans is beskou as 'n laer, verbasterde vorm daarvan, 'n dialek, geskik om te gebruik teenoor slawe en Hottentotte en in die alledaagse omgang met mekaar, maar verder seker nie. By alle openbare geleenhede, in alle gevalle waar die spreker enigsins formeel, deftig of plegtig wou wees, het hy van Hollands gebruik gemaak of sy Afrikaans so na aan Hollands gebring as wat hy by magte was. Wie gelees het, het Hollands gelees; wie geskryf het, het Hollands geskryf of probeer skrywe. Alle Afrikaners het dan ook Hollands as hul eintlike moedertaal beskou; Afrikaans was net maar 'n „verkeerde" vorm daarvan, sonder verlede en sonder toekoms.

Op die platteland, waar die boerseuns en -dogters selde meer as 'n jaar skool gehad het, was die kennis van Hollands maar gering; in Kaapstad was dit lank anders gesteld. Daar het 'n belangrike deel van die bevolking gedurende die hele Hollandse bewind, en ook nog daarna, in noue aanraking met gebore Hollanders gekom; daar het die meeste Afrikaners hul gevestig wat hul opleiding oorsee gehad het en Hollands gemaklik kon praat en skrywe; daar was 'n bloeiende Nederduitse Gereformeerde kerk met drie Hollandssprekende predikante; daar was tot diep in die neentiende eeu goie geleenheid om die Hollandse taal op skool te leer; en les bes, van kort ná die verkryging van persvryheid was Kaapstad gereeld goed voorsien van Hollandse koerante en tydskrifte, terwyl die Hollandse toneel aan die Kaap, wat bloeitydperk tussen die jare 1822 en 1855 beleef het,

ook heelwat daartoe bygedra het om die kennis van die Hollandse taal in stand te hou. Die mense in Kaapstad wat glad geen Hollands geken het nie, was die geheel onontwikkelde blankes en die gekleurde bevolking. Afrikaans is daar dus by uitstek as die taal van die laer klasse van die maatskappy beskou. Dit is geen wonder nie dat Changuijn in 1844 kon verkondig dat „de platte Kaapsche spraak . . . in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken wordt”, en dat hy kon leer dat konstruksies soos *ek is, ons het* e.a. as veragtelike Hottentotismes moet vermy word.<sup>1)</sup> Reeds voor 1850 was Hottentotstaal dan ook een van die liefkoosde skeldname vir Afrikaans.<sup>2)</sup>

### *Vroegste geskrifte in Afrikaans.*

Geheel in ooreenstemming met hierdie opvatting is dit dat die eerste Afrikaans wat in geskrifte aangetref word, die weergawe van die taal van Hottentotte is. Dit is die geval in die samespraak in *De Zuid-Afrikaan* van 6 Augustus 1830, waarin die Hottentot Hendrik Kok Afrikaans praat; in die eerste Afrikaanse briefie in dieselfde koerant, uitgawe van 30 Augustus 1830, wat sogenaamd geskrywe is deur die Hottentot Adam Slukker aan sy oom Kievedo (Cupido); in die hekelspel van Boniface, *De Temperantisten*, van 1832, waarin al die Hottentotte Afrikaans praat; en in die bekende liedjie van die Hottentotmeid Kaatje Kekkelbek, wat op 20 Augustus 1846 in *Sam Sly's African Journal* verskyn het.<sup>3)</sup> Blankes word nie voorgestel as Afrikaanssprekend of

<sup>1)</sup> *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld* (2de druk, 1848), blss. 100 en 121; en daaragter, *Proeve van Kaapsch Taaleigen*, bls. V.

<sup>2)</sup> Sien Maria Stucki: *Reis naar en Verblíff aan de Kaap en te Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847*, bls. 96.

<sup>3)</sup> Vir die twee stukke in die *Zuid-Afrikaan*, wat feitlik seker albei van die hand van Boniface is, vgl. *Die Huisgenoot* van 8 Mrt. 1935 en *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, jg. XIII, afl. 3 (Mei 1935), bls. 322 vlgg. Die Afrikaanse dialoog in *De Temperantisten* is deur dr. J. L. M. Franken afgedruk in sy studie *Uit die Lewe van Charles Etienne Boniface (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Apr. 1937)*, blss. 36—50. Die half Afrikaanse, half Engelse lied van Kaatje Kekkelbek, gemaak deur die here Rex en Bain, is herdruk in Laidler: *Annals of the Cape Stage*, blss. 41—4, en dr. F. C. L. Bosman: *Drama en Toneel in*

Afrikaansskrywend nie. Waar dit 'n heel enkele keer wel gedoen word, soos in twee brieue in *De Zuid-Afrikaan* van 17 Desember 1830 en 12 Augustus 1831, is die korrespondente eenvoudige mense van die platteland, of doen hul hul as sodanig voor.<sup>4)</sup>

*Louis Henri Meurant.*

Die eerste persoon ná die verhollandste Fransman Charles Etienne Boniface wat heelwat gebruik van Afrikaans in sy geskrifte gemaak het, was Louis Henri Meurant. Meurant se vader was 'n Frans-Switser, sy moeder 'n Engelse vrou uit Londen; hyself is egter gebore aan die Kaap, het grootgeword by 'n Afrikaanse familie in die stad en is later met 'n dogter van sy pleegouers getroud. Van 1844 tot 1850 was hy eienaar, uitgewer en redakteur van 'n Hollandse koerant in Grahamstad, *Het Kaapsche Grensblad*. Daarin het hy van tyd tot tyd, onder verskillende skuilname, 'n hele aantal brieue in Afrikaans gepubliseer. Sy bedoeling daarvan was in die eerste plaas om die laglus op te wek van sy weinig ontwikkelde lezers en daardeur sy blad populêr te maak. Dit was egter nie al nie. Meurant het wel deeglik ingesien dat die grensboere die Afrikaans veel makliker sal verstaan as die deftige Nederlands, en hy het meer as eens ook ernstige sake in sy brieue behandel, al het hy selde die speelse toon heeltemal laat vaar. As Meurant nie so rusteloos van aard was en hom so moeilik lank by een ding bepaal het nie, is dit nie ondenkbaar dat hy uiteindelik sy blad oorwegend Afrikaans sou gemaak het nie. Hy het 'n oop oog vir die werklikheid gehad en was in vele opsigte 'n hervormer en vernuwer, en hy sou hom seker nie laat terughou het deur die oorweging dat Hollands die tradisionele skryftaal van die Afrikaners was nie. Aan die einde van

---

*Suid-Afrika*, bylae X, blss. 541—3. Die bekende samesprakie van Teenstra uit 1825 (*Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java*, ens., dl. I, bls. 361 vlgg.), waaroor Franken in *Die Huisgenoot* van 1 Jul. 1927 geskrywe het en waarvan 'n afdruk te vind is in *Drama en Toneel*, bylae IX, blss. 539—40, word hier buite beskouing gelaat, omdat dit nie vir Afrikaanse lezers geskrywe is nie.

---

<sup>4)</sup> Sien *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, jg. XIII, afl. 3 (Mei 1935), bls. 322 vlgg.

1850 het Meurant egter sy blad verkoop, en sy vroeë bedrywigheid as skrywer van Afrikaans het sonder onmiddellike gevolge gebly.<sup>5)</sup>

*„Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar.”*

In 1859 is Meurant tot Resident-Magistraat en Siviele Kommissaris in Cradock benoem. Dit was juis in die tyd toe die afskeidingsbeweging in die Oostelike Provincie weer in krag begin toeneem het. Meurant was 'n vurige voorstander van afskeiding, en hy het 'n plan beraam om die Afrikaanssprekende boere, wat grotendeels teen afskeiding was, na sy kant toe oor te haal. Hy het hom ongetwyfeld herinner met hoeveel genoëë die Afrikaanse brieue in *Het Kaapsche Grensblad* 'n tien tot sestien jaar gelede gelees is, en hy het ingesien dat as hy die boerebevolking wil bereik, hy dit op die doeltreffendste manier kon doen deur vir hulle te skrywe in 'n taal wat hul maklik kan verstaan, naamlik die taal wat hul self praat, Afrikaans. Hy het die Afrikaanse boere leer ken as eenvoudige, trouhartige en goedmoedige mense wat van 'n grappie hou, en sy pleidooi vir afskeiding het hy geskryf in die vorm van 'n geestige dialoog wat vroeg in Desember 1860 in die Hollandse byvoegsel van *The Cradock News* onder die hoof „Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar” begin verskyn het.

Die samespraak was knap geskryf en het onmiddellik ingeslaan. „Our esteemed friends 'Jan Twijfelaar' and 'Klaas Waarzegger,'" skryf die *Cradock News* op 18 Desember 1860, nadat die eerste twee aflewerings van die dialoog verskyn het, „will be glad to learn that their 'Zamenspraak' has attracted very great attention, and is much admired everywhere. We printed 1500 copies, at their request, every one of which is gone; and by the last post we received applications for additional copies from every direction, one order alone being for 300 copies, so that we shall be obliged to print a second edition of 1500. This

---

<sup>5)</sup> Oor Meurant en sy Afrikaanse geskrifte in *Het Kaapsche Grensblad* sien *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, jg. XII, afl. 4 (Julie 1934), blss. 164—185.

we believe to be the largest circulation ever attained by any Colonial Newspaper."<sup>6</sup>) Die redakteur deel nog mee dat „Klaas Waarzegger” sy samespraak voortgesit het en dat hy waarskynlik binnekort deel 3 en 4 sal stuur. „We shall see when he returns from his trip to Colesberg, and when ,*Het Cradocksche Nieuwsblad*’ makes its appearance.”

,,Het Cradocksche Nieuwsblad.”

Die samespraak het inderdaad soveel sukses gehad dat die uitgewers van *The Cradock News* hul daardeur aangemoedig gevoel het om ‘n aparte Hollandse blad op te rig, wat onder die naam *Het Cradocksche Nieuwsblad* sou verskyn. „The Proprietors are happy to state,” lui die kennisgewing van die voorneme in die *Cradock News* van 18 Desember, „that Messrs. Jan Twijfelaar’ and ,Klaas Waarzegger’ have tendered their names as subscribers, and have promised to contribute to the matter of the ,Cradocksche Nieuwsblad’.”

Die uitgewers het geen gras onder hul voete laat groei nie, en op 8 Januarie 1861 deel hul mee dat die eerste nommer van die Hollandse blad op Saterdag, 12 Januarie, sal verskyn. Die uiteensetting van die doel wat die uitgewers met die blad voor oë het, heel waarskynlik deur Meurant geskryf, is van aansienlike belang. „The Dutch population of the Eastern Province,” lui dit, „are said not to be a reading people. We do not believe it; at all events the immense circulation acquired by the simple Dialogue of ,Klaas Waarzegger’, which was recently issued from this office, flatly contradicts such an opinion. Our recent trip to Colesberg has convinced us that the Dutch Boers are a reading people, provided what they are expected to read is prepared for them in a simple, agreeable, and understandable style. Not a Dutch farm house did we enter, scarcely a Boer did we meet, residing between this village and Colesberg, but who had seen, read, and digested the Dialogue, and some actually repeated the whole thing by heart, without an error.”

---

<sup>6</sup>) Dit is nie onwaarskynlik dat die Hollandse byvoegsel van die *Cradock News* waarin die eerste dele van die „Zamenspraak” verskyn het, kosteloos as propagandamiddel vir afskeiding onder die boere van die Oostelike Provincie versprei is nie.

Die skrywer maak nog enkele opmerkinge oor die same-spraak en die styl waarin dit geskrywe is, en vervolg dan: „This is the style in which we intend speaking to our Dutch fellow-colonists through the columns of *Het Cradocksche Nieuwsblad*. We shall not attempt fine writing,—nor indulge in flights of imagination,—nor use high-flown language, which not one in twenty of *our* Dutch readers will be able to understand. Our Blad will be a paper for the *Dutch Boer*. We won't care one dump what our Dutch or other contemporaries say regarding our orthography, syntax, or prosody—nor whether we occasionally indulge—as whim, caprice, or circumstances move us—in ,low vernacular', or good Dutch, both of which we profess to understand. Our object is to do good, and we must be allowed to go about it after our own fashion, and to use the tools which *we* consider most suitable . . . . Our contemporaries must not, therefore, be startled if we sometimes treat them to what is usually termed a leading article, written in the ,lowest vernacular', or the real South African patois.”

Meurant was van plan om die eenvoudige, konserwatiewe boere deur middel van die nuwe Hollandse blad op te voed en te moderniseer. „We intend pointing out to them in our ,low vernacular',” skryf hy, „the advantage of getting 14 per ct. per annum for their money by purchasing shares in the ,Cradock Union' and other Banks, instead of locking up the money in the ,wage-kist' with a lot of ,pryntjes'—torn off Hoyle's prints—stuck in the inside of the lid;—the benefits arising from Agricultural Societies—planting trees—making Dams,—buying Cawood's American pumps, sticking them into ,Zeekoegats' on the banks of rivers, and thus irrigating hundreds of acres of land, and bringing down the price of oat-hay, (so that we may occasionally have a ride)—and ,vegetables'—(which we can't now afford to buy, and only smell at);—the pleasure and comfort which they will be sure to derive by improving their homesteads,—having a nice little flower-garden, railed off with the staves of ,Pyramid' Ale barrels, and a ,cozy' little parlour, with a carpet, in which they may occasionally treat their friends to a ,kruije-soopie',—and which in time may break them off the nasty habit of spitting tobacco juice on the floor,

or against the sides of the pew in church . . . All this," sê hy ten slotte, „will have to be done in 'low vernacular' Dutch, in our own quaint style, but provided it be done effectually, and do good, what's the odds? And if we can induce the Dutch Boer, after counting his sheep in the evening, to collect his family round the table, and read to them out of *our* blad about all the things we have named, instead of going to roost like Cochin-Chinas at dusk, will that not be doing good?"

#### *Die „Zamenspraak“ in boekvorm.*

Op 12 Januarie 1861 het die *Cradocksche Nieuwsblad* toe begin verskyn, en daarin het die originele vier afleweringe van die samespraak van Klaas Waarzegger die lig gesien. Daarby sou dit egter nie bly nie. Op 2 Maart maak die uitgewers bekend dat hul „op bysonder verzoek begonnen zyn met het drukken, in één Boek, der Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar, met eenige verbeteringen, veranderingen, en byvoegingen,” en op 6 April daaraanvolgende het die allereerste Afrikaanse boekie van die pers gekom: *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar, over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie*. Dit het 75 bladsye beslaan, met die titel en die voorwoord nog in Nederlands.<sup>7)</sup>

#### *Briewe van Klaas Waarzegger.*

Afgesien van die samesprake tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar het daar nog heelwat Afrikaans in *Het Cradocksche Nieuwsblad* verskyn, onder andere ook 'n lang „Nieuwe Afscheidings Lied genaamd Theunis Ezelsvley“, gemaak na die model van „Kaatje Kekkelbek“. Van groot betekenis is egter veral die lang reeks briewe wat in die *Nieuwsblad* verskyn het nadat die samesprake in boekvorm uitgegee was. Die samesprake het naamlik geëindig met die mededeling: „Klaas had eerst aan zyn oom Jan beloof dat hy na de Kaapstad zal gaan, als Afgezant van de Boere, om hen ware rapporten te zenden, van al dat in het Parlement gezegd en gedaan wordt“, en in die genoemde briewe kry ons die vervulling van Klaas se belofte.

<sup>7)</sup> Vandag is van hierdie boekie nog slegs twee eksemplare bekend, albei in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad.

Van 11 Mei tot 20 Julie het daar byna weekliks lang brieue, soms van vier kolom, in *Het Cradocksche Nieuwsblad* verskyn, geskrywe deur Klaas Waarzegger aan oom Jan Twyfelaar. Meer nog as in die bekende samesprake toon Meurant hom hier 'n lewendige en gemaklike skrywer van Afrikaans wat weet hoe om sy lesers te boei.

#### *Laaste Afrikaanse geskrifte van Meurant.*

Die afskeidingsgesindes het dit in die Parlement verloor, en Meurant het ná afloop van die dramatiese sitting van 1861 met sy propaganda vir die afskeidingsbeweging onder die Afrikaanssprekendes van die Oostelike Provincie uitgeskei. Op 27 Julie 1861 verskyn nog 'n brief in die *Nieuwsblad* van Jan Twyfelaar om sy neef Klaas Waarzegger te bedank vir al sy brieue, maar dan is dit uit. Langer as tot die end van die jaar het die Hollandse blad blybaar ook nie geleef nie.<sup>8)</sup> Alleen in die *Cradock and Tarkastad Register* (die voortsetting van *The Cradock News*) van 25 September 1863 het daar nog 'n drie-kolom-lange „Memorie van Klaas Waarzegger en al de Doppers aan hunne geliefde en geëerbiedigde Landsmoeder en Tante Victoria“ in Afrikaans verskyn na aanleiding van die afskeidingskwessie en die sitting van die Parlement op Grahamstad die volgende jaar.

#### *Meurant se houding teenoor Afrikaans.*

In byna al die Afrikaanse geskrifte van sy Cradockse periode het Meurant van Afrikaans gebruik gemaak as middel om 'n doel te bereik wat nie in belang van die sprekers van die taal was nie, naamlik afskeiding van hul volksgenote in die Weste. Hy het die saak egter miskien nie van dié kant beskou nie, en hy het ook graag gesien dat Afrikaans sou gebruik word in gevalle waar daar van selfsugtige oogmerke geen sprake kon wees nie. Dit het reeds geblyk uit sy uiteensetting van die doel van *Het Cradocksche Nieuwsblad* en kom ook duidelik uit in wat hy in 'n ander verband sê.

In 'n hoofartikel oor 'n aanstaande tentoonstelling van

---

<sup>8)</sup> Dit was nie moontlik om alles noukeurig na te gaan nie, omdat *Het Cradocksche Nieuwsblad* in die Kaapstadse Openbare Biblioteek ongelukkig nie volledig is nie.

die Landbougenootskap in Colesberg het die plaaslike blad, *The Colesberg Advertiser*, onder andere aan die hand gegee dat 'n prys moet uitgeloof word vir die beste geskrif oor landbou-aangeleenthede. Dit juig die *Nieuwsblad* van 9 Maart 1861 toe; maar met die voorwaarde dat die geskrif in „zuiver Hollandsch” moet gestel word, gaan dit nie saam nie: „Zou de Editeur zoo goed willen zyn ons in zyn aanstaande blad te zeggen hoe vele ingezetenen er in het distrik Colesberg zyn (Hollanders uitgesloten) die de Hollandsche taalkunst verstaan, of die het onderscheid weten tusschen mannelyk, vrouwelyk, en onzydig? Zyn er zes, of drie, in het geheel distrik? Men zegt dat ‚Klaas Waarzegger’ Hottentots taal schryft. Nu zouden wy gaarne eene weddenschap willen maken, beginnende met den Honorabelen Von Maltitz, — dat er even veel taalfouten van die heertjes zullen gevonden worden als in het plat-hollandsch van Klaas Waarzegger . . . . Onze vriend Klaas Waarzegger heeft, naar ons gevoelen, het beste plan genomen op eene duidelyke, eenvoudige, en voor den grensboer *verstaanbare* wyze te schryven, niet in *zuiver*, maar wel in hun eigen alledaagsche plat-Hollandsch, en waardoor het oogmerk beter bereikt wordt. Eene zamenspraak over de voordeelen van den landbouw, door een bekwaam man, die de zaak goed verstaat, geschreven, zou den buitenman veel kennis, en ook profyt, toebreng.”

#### *Onverstaanbare Hollands.*

Meurant was nie die enigste wat reeds lank voor die begin van die Afrikaanse Taalbeweging in die Boland die mening toegedaan was dat in die belang van die boerebevolking die deftige Hollands deur Afrikaans moes vervang word nie. Na aanleiding van 'n slechte Hollandse vertaling van 'n Engelse staatsdokument, deur *The Graaff-Reinet Courant* oorgeneem uit die *Gouvernements Courant*, skrywe „Trap der Jeugd” in eersgenoemde blad van 28 Mei 1853: „Geef ons eene vertaling in ons gewoon ‚Kaapsch Hollandsch’, en schryf altoos in dien styl, zoo dat wy kunnen verstaan wat ons voorgelegd word.”

Nog minder as suiwer Nederlands kon die boerebevolking van die Oostelike Provincie, wat volgens die telkens herhaalde getuienis van Meurant gretig genoeg was om te lees, die

geradbraakte taal verstaan wat hul meermale in hul koerante voorgelê is. Dit was ongetwyfeld dikwels moeilik om persone met voldoende kennis van Hollands te kry vir die talryke plattelandse koerantjies wat veral ná 1850 oor die hele Kolonie opgerig is, en meer as eens was die Hollands inderdaad erbarmelik. Hoe ellendig die taal soms was, blyk uit die volgende aanhef van die Hollandse hoofartikel in *The Cradock News* van 23 Februarie 1858: „De oceaan der regeer kunst van het Oostelyke Provincie des tegenwoordigen tydstips biedt een vertroustend verschyning aan. De groote opligtingen van dit ocean, zullen, wy vertrouwen, niet geheel wezen zonder uitwerkselen in het aanstaande vergadering des Parlements.” Dit is wel 'n kwaai staaltjie, maar dit is tog vreemd dat nie meer mense onder die omstandighede na Afrikaans gegryp het nie.

#### *Meurant se stukke oorgeneem in Kaapstadse koerante.*

Soos ons reeds gesien het, het Meurant met sy joernalistiese arbeid uitgeskei, en die Cradockse „Afrikaanse Taalbeweging” het 'n vroegtydige dood gesterwe. As nou die geskrifte van Meurant en sy navolgers nie buite die Oostelike Provinsie bekend geraak het nie, sou ons hulle vandag nog as baie interessante kuriositeite beskou het, maar nie van besondere belang in die voorgeschiedenis van die beweging om Afrikaans tot skryftaal te verhef nie. Die geskrifte van Meurant het egter bekend geraak, en dit in nie geringe mate nie. *Het Volksblad* in Kaapstad het dadelik die samesprake in sy kolomme begin oordruk, en daarna ook die brieve van Klaas Waarzegger aan Jan Twyfelaar toe hul in Mei 1861 begin verskyn. Ook *De Zuid-Afrikaan* het die brieve oorgeneem. Behalwe *Het Volksblad* en *De Zuid-Afrikaan* het ook ander Hollandse of tweetalige blaaie in en selfs buite die Kolonie stukke uit *Het Cradocksche Nieuwsblad* oorgedruk, en die samesprake het selfs die eer te beurt gevall om in die debatte in die Parlement genoem te word, soos in een van die brieve van Klaas Waarzegger, d.d. 18 Junie 1861, te lese staan.<sup>9)</sup>

---

<sup>9)</sup> Sien ook 'n artikel in *The Cape Monthly Magazine* van Mrt. 1861, bls. 131, waarin die geschiedenis van die samespraak aangehaal word as bewys dat die boerebevolking aan die lees gebring kan word as hul maar net van die regte soort leessof voorsien word.

*Afrikaans in „De Zuid-Afrikaan“ en „Het Volksblad“.*

Ná die paar stukkies Afrikaans wat in 1830—1831 in *De Zuid-Afrikaan* voorgekom het en waarvan aan die begin van hierdie hoofstuk melding gemaak is, het byna dertig jaar verloop sonder dat daar iets in Afrikaans in die Hollandse blaaie in Kaapstad verskyn het. Voordat die geskrifte van Meurant die aandag begin trek het, het net een Afrikaanse briefie in *De Zuid-Afrikaan* sy verskynning gemaak, in die uitgawe van 8 April 1858, opvallenderwyse weer sogenaamd deur 'n bruine geskrywe. Die bekendwording van die same-sprake en brieve van Klaas Waarzegger het 'n hele omkeer in die toestand van sake gebring. Van nou af verskyn daar sonder onderbreking talryke Afrikaanse brieve en samesprake in die koerante, veral in *Het Volksblad*, maar ook in *De Zuid-Afrikaan* en ander blaaie. Tussen 1861 en 1869 het ek in by die drie honderd nommers van verskillende koerante stukke in Afrikaans aangetref. Klaas Waarzeggers en Jan Twyfelaars skrywe nou uit alle dele van die land; sommige korrespondente onderteken hul stukke Gert of Piet Waarzegger, maar verreweg die meeste kies nuwe, meestal grappige skuilname. 'n Enkele keer sê 'n korrespondent uitdruklik dat hy aangemoedig is om te skrywe deur die stukke van Klaas Waarzegger. Baie van die Afrikaanse brieve en same-sprake is taamlik souteloos, maar glad nie almal is net maar vir die grap geskrywe nie. In *De Zuid-Afrikaan* van 28 April, 23 Junie, 4 Augustus, 3 Oktober, 17 November, 1 Desember 1864 en 12 Januarie 1865 verskyn by voorbeeld 'n reeks lang, uitstekend gestelde brieve van Jantje Eenvoudig na aanleiding van die Kerkstryd. Dit is myns insiens nie onwaarskynlik dat Jantje Eenvoudig, 'n vurige liberaalgesinde wat volkome op hoogte van sake skyn te wees, niemand minder as Thomas François Burgers self is nie.<sup>10)</sup>

---

<sup>10)</sup> Burgers het 'n ope oor vir die volkstaal gehad, soos blyk uit die Afrikaanse uitdrukings en dialoog in sy sketse *Tooneelen uit ons Dorp*, wat tussen 1866 en 1868 verskyn het; en dat hy die groot rol wat Afrikaans nog eenmaal in die land sou speel, vroegtydig ingesien het, weet ons uit die bekende lesing van dr. Brill, in Mei 1875 in Bloemfontein gehou. Volgens dr. Brill het Burgers naamlik eenkeer in sy bysyn die voorspelling gedoen dat die toekomstige landstaal van Suid-Afrika nòg Hollands nòg Engels,

*Navolging van Meurant buite die Kolonie.*

Dis nie alleen in die Kolonie dat die Afrikaanse geskrifte van Meurant navolging gevind het nie. In Bloemfontein het *The Friend of the Free State* van die brieue van Klaas Waarzegger aan Jan Twyfelaar oorgeneem, en gou het die Vrystaters self in Afrikaans begin skrywe. „Ik was altyd bang gewees om in die krant te schryf,” laat P. Gedult in *The Friend* van 9 Augustus 1861 van hom hoor, „maar nou dat ik gezien het, dat Klaas Waarzegger ook in die krant schryf, wil ik tog ook perbeur om de mense te laat hoor, hoe dat het hier in ons arme verlate dorp Harriesmit gaan.” Hoe bekend die stukke van Klaas Waarzegger geword het, blyk verder uit 'n brief in die *Friend* van 30 Augustus 1861, waarin Klaass Waarzegger Klaass Zoon als volg aan Klaass Waarzegger de Oude skrywe: „Alle mense, vaayer, wie het ooit kan denk dat vaayer ooit zo een groote man zou worde, van zo veel belang in die wereld, vaayer zyn naam is in alle mensche zyn mond, groot en klein; wie is toch wezenlyk die Klaass Waarzegger, word aan alle kanten gevraagd. Mense die nooit van een krant geweet het nie teken nou in; die te zuinig is voor hulle gelt, ry 3 tot 5 uur te paard om die krant te hoor lees waarin staat van vaayer . . . En vaayer, myn brief ook in die 'Vriend' het baanje opheft gemaak, en veel menschen zeg hulle wil voor die krant teken, oom Dantje ook.” Meer nog kom die gewildheid van Klaas Waarzegger se geskrifte uit in die volgende mededeling van 'n korrespondent in die uitgawe van 14 Februarie 1862: „Met myn reis vraag die mensche veel waarom schryf Klaas Waarzegger niet meer, is hy dood? Ik geloof waarlyk als K. W. zou een Courant laten druk onder die titel Klaas Waarzeggers Courant, dan zou veel mense inteken. De mense zeg van dat K. W. schryf is het plezierig om die Vriend te leesen.”

maar Afrikaans sal wees. — Die lesing van dr. Brill is afgedruk in die *Geschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver Vriend en Vyand uit Publieke en Private Bronne, bewerk deur 'n Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners* [ds. S. J. du Toit], 1880, blss. 28—39. Oor die *Tooneelen uit ons Dorp* sien dr. Elizabeth Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, dl. I, bls. 316 vlgg.

Net soos in die Kaapse blaaie het baie korrespondente van die skuilnaam Klaas Waarzegger gebruik gemaak. Of Meurant ooit self vir *The Friend* geskrywe het, is nie met sekerheid uit te maak nie, hoewel dit nie onmoontlik is nie, want hy was bekend met die Vrystaat. Hoe dit sy, op 18 Maart 1864 skryf Klaas Waarzegger Kzoon: „Vaayer will my nie meer schryf nie in de kourant, de ouw is zekere kwaad om dat Jan Rap en zyn maat almaal in de kourant schryf onder Vaayers zyn naam, en allerhande Ellendige Bog, en daarom het de ouw Dopper opgehou”; en op 2 Februarie 1866 verskyn 'n brief aan die redakteur: „Ieder een schryf in u krant onder mijn naam, Klaas Waarzegger, en partykeer zo regt dom dat ik mij schaam. Zeg als u blief hulle moet uitschijf of de drommel zal hulle haal. Als hulle wil schryf, laat hulle het dan onder hulle eigen naam doen, maar niet onder de naamteken van Klaas, De Ware Jakob.”

Die korrespondent wat die meeste van hom laat hoor het in die *Friend* was die bogenoemde Klaass Waarzegger K. Zn., wat sowel deur die ongewone anglisistiese wendinge in sy briewe as deur sy fel vyandige gesindheid teenoor die boereparty, hom maklik as 'n Engelsman laat uitken. „Klaas Waarzegger,” voeg 'n korrespondent uit die ou Kolonie hom in die *Friend* van 20 September 1861 toe, „uwe spraak is een Dopper, maar uwe inhoudt is lunsriem.” *The Friend* was deur en deur sterk Engelsgesind en teen die republiek, en die boereparty het behoefté aan 'n eie Hollandse blad gevoel. Eind Oktober 1862 is *De Tijd* toe opgerig om die invloed van *The Friend* téé te werk. In verband hiermee deel die heer A. Z. Eloff in *Die Huisgenoot* van 10 Desember 1937 'n baie interessante feit mee. „Mr. C. E. Fichardt and some of the original shareholders,” haal hy aan uit *The Friend* (ongelukkig sonder opgawe van datum), „would in the beginning have made it an Afrikander paper and conducted it in Cape Dutch in the 'Klaas Waarzegger' Style, but this idea or suggestion was overruled by Mr. Hamelberg and others who were determined to make it the organ of the Hollander party.” Hamelberg en sy party was egter glad nie teen Afrikaans gekant waar dit as propagandamiddel

gebruik kon word nie, en hy was een van die eerste om stukke in Afrikaans vir *De Tijd* te skrywe.<sup>11)</sup>

Dit val nie binne die bestek van hierdie werk om die geskiedenis van die skriftelike gebruik van Afrikaans in die Vrystaat (en ook in die Transvaal, waar vanaf 1866 in die *Transvaal Argus*, Potchefstroom, stukke in Afrikaans verskyn het) te gee nie.<sup>12)</sup> Die doel van die voorgaande paragrawe was alleen maar om nog duideliker in die lig te stel hoe wyd die invloed van Meurant se geskrifte gestrek het en hoe gretig Afrikaans deur die hele land gelees is.

*Verskynning van 'n bundel godsdienstige versies in Afrikaans.*

Dit is opmerklik dat die rymlus wat die skrywers van Afrikaans later so beetgepak het, voor 1870 feitlik glad nie waar te neem is nie. Klaas Waarzegger het samesprake en briewe geskrywe, en dit doen sy navolgers ook. Daarom is dit des te merkwaardiger dat daar teen die einde van 1861 'n bundel Afrikaanse gediggies by die uitgewers van *Het Volksblad* in Kaapstad die lig gesien het. „Een bundel Gedichtjes in echt boeren-Kaapsch, en ook door een Kaapschen boer geschreven,” lees ons in *Het Volksblad* van 2 November 1861, „is onlangs bij de uitgevers van dit blad gedrukt, doch alleen voor de kinderen en vrienden van den dichter. Zij zijn eenvoudig, hartelijk en in godsdienstigen toon geschreven, en daar het rijm en de versificatie geheel naar den Kaapschen tongval ingerigt is, kan men zeggen dat zij evenzeer voor de eerste dichtwerken in het Kaapsch kunnen gelden, als de gesprekken van Klaas Waarzegger voor de eerste Kaapsche proza; want de geestige geschriften van den heer Boniface waren slechts gedeeltelijk in den echt Kaapschen tongval geschreven.” Ongelukkig is geen enkele eksemplaar van hierdie eerste Afrikaanse versbundeltjie bekend nie, sodat ons verder niks daaromtrent

<sup>11)</sup> Sien dr. Hendrik P. N. Muller: *Oude Tyden in den Oranje-Vrystaat*, blss. 150—1, waar 'n Afrikaanse brief van Hamelberg uit 1863 oor die aanstaande presidentsverkiesing afgedruk staan.

<sup>12)</sup> Vir Afrikaanse geskrifte in die Vrystaatse koerante kan verwys word na die studie van dr. G. Nienaber in *De Nieuwe Taalgids*, dl. XXIII, bls. 113 vlg., en A. Z. Eloff in *Die Huisgenoot* van 3 Desember 1937 en volgende nommers.

weet nie; maar die feit dat dit huis in 1861 verskyn het, is weer 'n bewys van die belangstelling in Afrikaans wat die geskrifte van Meurant by baie mense gewek het.<sup>13)</sup>

*Samuel Zwaartman. Sy invloed.*

In 1870 het die geskryf in Afrikaans weer 'n nuwe stoot gekry deur die optreden van Samuel Zwaartman, wie se „boerebriewe“ uit Fraserburg op 13 Januarie van daardie jaar in *Het Volksblad* begin verskyn het.<sup>14)</sup> Tot op 4 Augustus het Samuel gereeld elke week 'n lang brief in die koerant geplaas, en in sekere kringe het hy nog byna groter populariteit as Klaas Waarzegger verwerf. 'n Stortvloed Afrikaanse geskrifte word nou weer na die pers gestuur. „De producten van Sam. Zwaartman,” merk *Het Volksblad* in sy uitgawe van 18 Junie op, schijnen een verschrikkelijken schrijflust in het Boerenhollandsch te hebben in het leven geroepen. Onze lessenaar is opgestapeld met brieven gerigt aan „Menneer Krantmaker,” en ware de één maar beter dan de ander, dan ging het nog, maar de een is al slechter dan de ander. Hier en daar komen er nog al tamelijke luijmige zetten in voor, maar over het geheel zijn zij het drukken niet waard.“ Uit een van die ongepubliseerde brieue uit Montagu haal die redaksie aan: „Van dat Samuel gebegin het om te skryf in jou korant, lees mos alle mense dit, en di's sommer pikswart gesmeer zoo's die mense dit rondstuur. Jij kan ver mij gloo dat die plat Hollans meer gelees wor onder ons boere as die wat Sankion ver ons wil leer in zijn boekies;“<sup>15)</sup> en in die uitgawe van 1 September verskyn 'n brief uit Klein-Roggenveld waarin die volgende voorkom: „Ik het al zoo baijan in jou koerant gelees van die brieue

<sup>13)</sup> Op bowestaande sitaat uit die *Volksblad*, soos op soveel meer in verband met die vroeë geskiedenis van Afrikaans as skryftaal, is die eerste gewys deur prof. J. J. Smith in sy bekende artikel „Die Eerste Afrikaanse Geskrifte — veral voor 1875“ in die *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*. Ek wil die leser graag in die besonder na dié artikel verwys, aangesien hy heelwat van die materiaal wat hier verwerk is, ook daar sal aantref.

<sup>14)</sup> Samuel Zwaartman was 'n wetsagent met die naam van H. W. A. Cooper — sien *Die Burger* van 12 Desember 1928.

<sup>15)</sup> Hier word gesinspeel op die Nederlandse taalboekies van prof. A. N. E. Changuiou, wat destyds baie op Afrikaanse skole gebruik is.

van Neef Samuel Zwaartman. Die mense zeh hiersoe dis al te mooi, en lag te danig daarom. Die plat Hollands gee een mens ook moed om ook te skryf, en daarom stuur ik ver jou een paar reeltjies uit Klein Roggeveld."<sup>16)</sup> Voortdurend word in die korrespondensie-kolom deur die redaksie melding gemaak van die ontvangs van brieue in Kaaps-Hollands wat om een of ander rede nie kan geplaas word nie.

Van 16 Maart tot 8 Junie 1871 is Samuel Zwaartman weer gereeld aan die woord in *Het Volksblad*. Hy skryf nou 'n elftal „Kaapse sketse”, oor die volgende onderwerpe: Die Goewerneur, Die Uitvoerende Raad, Die Twee Huise van die Parlement, Stemgeregtigdes, Verantwoordelike Bestuur, Die Vrywillige Beginsel, Koerante, Die Rondgaande Hof en die Magistraatshof, Die Hooggereghof, Afdelingsrade, en tenslotte Skoolmeesters. Verskeie nuwe Zwaartmans kom te voorskyn—Jan, Piet, Gert en Adones skryf nog fluks as Samuel al lank die stilswye bewaar. Maar hulle het nie Samuel se skryftalent nie. „Waar is oom Samuel Zwaartman dan, dat hij nie meer skryf nie,” vra iemand in *Het Volksblad* van 17 Julie 1873. „Ik mis zijn stukkies al te banja in jou krant. Ieder maal as ik die naam Zwaartman in die krant zien, dan dink ik dit is oom Samel, maar ik is altijd teleurgestel, want neef Piet, Gert en Jan Zwaartman skryf mos ook in die krant.” Maar Samuel het nie meer van hom laat hoor nie.

#### *Versies van F. W. Reitz.*

In 1870 het F. W. Reitz ook sy versies, merendeels Afrikaanse bewerkings van Burns, in *Het Volksblad* begin publiseer. Op 19 Julie van daardie jaar verskyn „Klaas Gezwint en zijn Paert”, op 6 Julie 1872 „Gert Beijers”, op 29 November 1873 „Die Steveltjes van Sannie”, op 28 Mei 1874 „Daantje Gous”, en op 4 November 1875 „Jan Jurgens” (oorgeneem uit *The Cape Monthly Magazine*).

<sup>16)</sup> Sommige van die Afrikaanse briefies is gewild-naïef en klaarblyklik deur Hollanders geskrywe. Sowel die korrespondent uit Montagu as dié uit Klein-Roggeveld gebruik die hiperkorrekte vorm *skry*, wat karakteristiek is vir die taal van Hollanders wat nie alte veel Afrikaans ken nie.

Maar toe was die eintlike Afrikaanse taalbeweging al 'n paar jaar aan die gang.

*Betekenis van eerste geskrifte in Afrikaans.*

Hoewel ons kon wys op 'n onafgebroke stroom van Afrikaanse geskrifte in Kaapse koerante sedert die einde van 1860, sou dit seker dwaasheid wees om te beweer dat die Afrikaanse taalbeweging reeds in daardie jaar begin het. Meurant het wel vir die gebruik van Afrikaans as skryftaal gepleit, maar alleen uit suwer praktiese oorweginge, terwille van dié Afrikaners wat deur gebrek aan behoorlike opleiding moeilikheid met Hollands gehad het. Die Afrikaanse taal het vir hom geen nasionale betekenis gehad nie. Kon hy die grensboere deur middel van Engels bereik het, sou hy seker nie daaraan gedink het om na Afrikaans te gryp nie. Buitendien het hy self gou opgehou om in Afrikaans te skrywe, en dit het seer seker nooit by sy navolgers opgekom dat Afrikaans ooit die plek van Hollands as skryftaal sou kon inneem nie. Verreweg die meeste het Afrikaans geskryf bloot uit die sug om snaaks te wees of iets ongewoons te doen; sommige omdat hul werklik iets mee te deel gehad het, dit nie in Hollands kon doen nie en nou deur die voorbeeld van ander aangemoedig is om maar Afrikaans te gebruik; enkeles omdat hul vir die oomblik Afrikaans beskou het as die beste medium waarin hul vir 'n bepaalde saak propaganda kon maak. 'n Duidelike uiting van liefde vir en geloof in die Afrikaanse taal kry ons, in geskrifte altans, nie voor 1873 nie. Toe in 1858 in die Engelse pers sulke heftige aanvalle op die spreek- en skryftaal van die Afrikaners gemaak is, het daar wel verset gekom teen die aanvalle op Hollands en op „den zuiveren en zachtvloeienden, doch onregelmatigen tongval van die taal, welke in Zuid-Afrika gesproken wordt,"<sup>17)</sup> maar van enige diepgaande belang-

<sup>17)</sup> Sien 'n brief van Rheno Sicamber in *Het Volksblad* van 13 Mei 1858. Ook op hierdie brief is reeds deur prof. Smith in sy bogenoemde artikel gewys.—In *De Zuid-Afrikaan* van 20 Mei tot 1 Jul. 1858 verskyn 'n reeks van vyf artikels om beweringe omtrent Hollands en Afrikaans in *The Monitor* van 30 Sept. 1857 te weerlê. In die derde artikel, dié van 3 Jun., lees ons o.a.: „Het Kaapsch-Nederduitsch zou een bastaard-spraak en brabbeltaal wezen! Onkunde en domheid alleen kan het beweren. Onze

stelling in Afrikaans was daar nog glad geen sprake nie. Eers die nasionale ontwaking, waarvan ons die eerste duidelik tekenes rondom 1870 bespeur, het enkele Afrikaners en Afrikaansgesinde Hollanders na die Afrikaanse taal laat gryp as middel om die Afrikaanse volk van ondergang te red.

Die betekenis van al die geskryf in Afrikaans ná 1860 mag aan die ander kant nie onderskat word nie. In 'n sekere mate het dit die terrein vir die leiers van die Afrikaanse taalbeweging voorberei. Meurant het die bewys gelewer dat as 'n mens die Afrikaners op die platteland wil bereik, jy vir hulle in Afrikaans moet skrywe; dat as 'n mens hulle wil leer lees, jy hulle Afrikaans te lees moet gee. Hy en sy navolgers het ongetwyfeld baie mense gewoond gemaak aan Afrikaans in 'n geskrewe vorm, en hul het 'n medium aan vele openbaar waardeur hul skriftelike uiting kon gee aan wat in hul omgaan, terwyl hul vroeër stil moes bly. Wat meer is, Meurant het deur sy geskrifte invloed uitgeoefen op een van die manne wat 'n buitengewoon belangrike rol in die Afrikaanse taalbeweging sou speel, soos ons nog later sal sien.<sup>18)</sup>

woorden zyn en in betekenis, en in klank, en in vorm Nederduitsch. Vloeijend is het by uitnemendheid; welligt meer dan eenig ander Duitsch tongval. Geschikt voor den zang niet minder dan het Hollandsch . . . ."

<sup>18)</sup> Pas in 1922 het dit in wyer kring bekend geraak wie eintlik Klaas Waarzegger was. Dr. John Muir vertel in *Die Huisgenoot* van 29 Jun. 1928 dat Meurant se anonimititeit nooit goed weggesteek was vir hulle wat hom geken het nie. Betreklik gou was dit ook vir persone buite sy vriendekring geen geheim meer dat hy die skrywer van die beroemde samesprake en brieue was nie. Uit 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 28 Aug. 1872 blyk b.v. duidelik dat Jan Hofmeyr (Onse Jan) geweet het dat Klaas Waarzegger die skuilnaam van Meurant was. Van Onse Jan het die heer A. C. G. Lloyd, bibliotekaris van die S.-A. Openbare Biblioteek in Kaapstad, (volgens 'n persoonlike mededeling), die „geheim" verneem; en hy het dit weer aan prof. J. J. Smith meegegee. In 1920 het prof. Smith uit 'n versameling brieue van Meurant aan Godlinton, wat deur aankoop in sy besit gekom het, ondubbelzinnige bevestiging gekry van die mededeling van die heer Lloyd; en in *Die Huisgenoot* van Jan. 1922 het hy toe die identiteit van Klaas Waarzegger verder openbaar gemaak.

## B. DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING.

*Arnoldus Pannevis.*

Die man wat die eerste stoot gegee het tot die beweging om Afrikaans tot skryftaal te verhef, was Arnoldus Pannevis, 'n Hollander wat op 11 Julie 1866 in Kaapstad geland het. Drie eienskappe van Pannevis moet dadelik genoem word: sy diepe godsdienstigheid, sy buitengewoon sterk ontwikkelde nasionale gevoel en sy belangstelling in taalstudie.<sup>19)</sup> Hieruit moet die rol verklaar word wat hy in die Afrikaanse taalbeweging gespeel het.

Kort ná sy aankoms het Pannevis na die Paarl gegaan en daar in aanraking gekom met ds. G. W. A. van der Lingen. Hy is aangestel as onderwyser aan die Gimnasium, en tussen hom en ds. Van der Lingen het 'n innige vriendskap ontwikkel. Op nasionale en godsdienstige gebied was dié twee manne nou aan mekaar verwant, en dit spreek byna vanself dat hulle baie met mekaar sou gepraat het oor taal, nasionaliteit en godsdienst en allerlei Suid-Afrikaanse vraagstukke wat spesial daarmee in verband gestaan het.

Met sy skerp taalkundige insig het Pannevis gou raakgesien dat die kloof tussen die Afrikaanse spreektaal en die Nederlandse skryftaal vir die gemiddelde Afrikaner onoorbrugbaar was, dat dit byna onmoontlik was om die Afrikaanse kind deur Nederlandse medium onderwys te gee, dat Nederlands vir die groot gros van Afrikaners selfs ná 'n jaar of wat onderwys 'n volslae onbruikbare taal gebly het, en dat Nederlands geen kans gehad het om teen die opdringende Engels stand te hou nie. Hy het daarby 'n ope oor gehad vir die skoonhede van Afrikaans en het ingesien dat dit veel beter as Nederlands kon voldoen aan die behoeftes van die bevolking; ook het hy dadelik die dwaasheid gevoel van die so dikwels herhaalde bewering dat Afrikaans geen taal

<sup>19)</sup> Dit word van Pannevis vertel dat hy reeds as sestien-jarige seun, toe hy hoor van die gebeurtenisse in die Vrystaat tussen 1848 en 1854, plan gemaak het om na Suid-Afrika te kom. Hy kon die gedagte nie verdra dat die Hollandse nasionaliteit daar so verdring word nie. Sien *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*, Sept. 1884, blss. 127—8.—Pannevis was 'n ontwikkelde man en, volgens die getuienis van almal wat hom geken het, 'n uitstekende kenner van die klassieke en verskeie moderne tale.

is nie omdat dit geen grammatika het nie. Mettertyd het hy in sy omgewing begin pleit vir die regte van Afrikaans en het hy die oë van gebore Afrikaners oopgemaak vir die waarde van hul eie taal.

*Behoefte aan 'n Bybel in Afrikaans.*

Wat Pannevis egter veral pynlik getref het, was die gedagte dat die Nederlandse Bybel vir duisende in die land 'n halfbegrepe boek moes bly. Hoe kon onder sulke omstandighede die Koninkryk van God op aarde na behore uitgebrei word? Al kon blankes die Nederlandse Bybel nog op 'n manier begryp, die tienduisende geheel ongeletterde kleurlinge het daar seker ongeveer nijs van verstaan nie. Pannevis het die dringende noodsaaklikheid gevoel dat die Bybel vir hulle in Afrikaans moet vertaal word, en in *De Zuid-Afrikaan* van 7 September 1872 het hy onder die skuilnaam „Een Vriend van het Nuttige“ die saak bepleit. Deur Pannevis self is 7 September 1872 later, in 'n artikel in *De Hollandsche Afrikaan* van 22 Augustus 1883, as die begin datum van die Afrikaanse taalbeweging aangegee.<sup>20)</sup>

*Pannevis se briewe geen pleidooi vir Afrikaans nie.*

Die brief van Pannevis op sigself kan moeilik 'n pleidooi vir Afrikaans genoem word. Die skrywer laat uit geen enkele woord blyk dat hy anders oor die taal dink, daar anders teenoor gesind is as sy tydgenote nie. Hy is alleen maar bekommerd oor „het geestelijk heil van de gekleurde bevolking van dit land“, vir wie hy 'n Bybel of Nuwe Testament in verstaanbare taal, eenvoudige „Afrikaansch-Hollandsch“, wil hê, soos vir die bewoners van sekere Deense Wes-Indiese eilande 'n Nuwe Testament in Neger-Hollands vertaal is. Ook die korrespondensie wat onmiddellik op Pannevis se eerste brief gevolg het, het glad nie oor die Afrikaanse taal as sulks gegaan nie, alleen maar oor die wenslikheid om vir die gekleurde bevolking 'n vereenvoudigde Bybel te gee.

---

<sup>20)</sup> Sien dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, blss. 100—101, en daarna ook prof. J. J. Smith in *Die Huisgenoot* van Nov. 1922, bls. 273.

Van Pannevis self het daar 'n tweede brief verskyn in *De Zuid-Afrikaan* van 21 September, in antwoord op 'n brief van „V. D. M.” van die 14de. Daarin praat hy onder ander van „het Afrikaansch-Hollandsch dialekt” waarin die Bybel moet vertaal word. In die uitgawe van 28 September betwyfel „Afrikaner” of dit wenslik is om „den Bijbel te vertalen in het platte Afrikaansche dialekt” in navolging van die kreoolse vertaling deur Pannevis aangehaal. „Het komt mij voor,” sê hy, „dat het noch wenselik noch nuttig zijn zou zoo ver af te dalen.” Daarenteen deel „M. D. C.” op 16 Oktober mee dat hy dit goed gedag het om ooreenkomsdig die uitnodiging van „V. D. M.” „een klein gedeelte uit Gods Woord in het plat Afrikaansch af te schriven, dat welligt binnen kort in die *Kerkbode* zal verschijnen.” Hy het hom nie ontsien nie, vertel hy verder, „om tot de laagste wijze van spreken af te dalen.”

#### *Casper Peter Hoogenhout.*

Tot hier toe was daar nog altyd sprake van Afrikaans as kleurlingstaal. In *De Zuid-Afrikaan* van 9 November skryf „Een Boerenschoolmeester” egter dat 'n Bybel „in de volksstaal van Zuid-Afrika” 'n volstrekte noodsaklikheid is. Hy merk op dat daar blykbaar by baie mense 'n vrees bestaan om tot „Hottentotsch-Hollands” af te daal; „maar,”werp hy teë, „men spreekt immers ook *fatsoenlijk Kaapsch!*” Op hierdie brief het daar geen antwoord gekom nie, en die briefwisseling oor die Bybel in Afrikaans het skielik doodgeeloop. Vyf maande lank het daar niiks oor die onderwerp in die koerant voorgekom nie. Op 12 April 1873 verskyn dan weer in *De Zuid-Afrikaan* 'n ingesonde stuk „Die Bijbel in die Afrikaans”. Dié stuk is in 'n heeltemal ander gees en met glad 'n ander strekking geskryf as die bogenoemde briewe. Met die verskyning daarvan het die stryd vir die erkenning van die regte van Afrikaans op onmiskenbare wyse in die openbare pers begin. Die skrywer van hierdie buitengewoon belangrike stuk was Casper Peter Hoogenhout.

Hoogenhout was eweas Pannevis Hollander van geboorte. In 1860 het hy as sewentien-jarige seun in Kaapstad aan-

gekom.<sup>21)</sup> Hy het hier intiem bevriend geraak met Pannevis, van wie hy baie geleer het en onder wie se invloed hy tot bekering gekom het. Enkele jare voor 1870 het hy onderwyser geword op 'n buiteskooltjie te Groenberg, in die buurt van Wellington. Daar het hy hom met groot liefde aan die opvoeding van die jeug gewy, en daar het hy ruim geleentheid gehad om te sien hoe die jong boerseuns en -dogters moes worstel met die vreemde Hollandse taal.

Dit lyk nie of Hoogenhout deelgeneem het aan die eerste briefwisseling oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans waarvan hierbo sprake was nie — tensy hy miskien die „Boerenschoolmeester” was wat die brief in *De Zuid-Afrikaan* van 9 November geskrywe het.<sup>22)</sup> Hoe dit sy, hy was die persoon wat die tweede maal die korrespondensie oor die Afrikaanse Bybel aan die gang gesit het en ook die hoofrol daarin bly speel het. Dit het nou nie alleen oor die Bybelvertaling gegaan nie, maar ook oor die Afrikaanse taal. Spoedig het die saak van die vertaling van die Bybel op die agtergrond geraak en het die geskryf byna uitsluitend oor Afrikaans en die onderwys gegaan. In alles het Hoogenhout met groot takt en praktiese sin die leiding gegee. Sy beminlike karakter en sy groot liefde vir die Afrikanernasie straal helder uit al sy geskrifte.

#### *Hoogenhout se geloof in toekoms van Afrikaans.*

Sy eerste stuk oor „Die Bijbel in die Afrikaans”, in *De Zuid-Afrikaan* van 12 April 1873, is geskrywe na aanleiding van die woorde in Hand. 8: 30: „Verstaat jij wat jij lees?” „In Afrika,” sê hy, „is banja mense wat alle dae in die Bijbel lees, of van die Bijbel hoor, maar tog nie verstaan nie wat hulle lees of wat hulle hoor nie. En hoe kom dit? Omdat hulle die Hollanse taal nie reg verstaan nie, daarom dink ik dat et hoog noodig is dat ver sulke mense Afrikaans

<sup>21)</sup> Hoogenhout is in 1843 in Amsterdam gebore; die datum van sy koms aan die Kaap staan nie heeltemal vas nie — later as 1860 kon dit in elk geval nie gewees het nie.

<sup>22)</sup> 'n Veertig jaar later het Hoogenhout in 'n brief aan Von Wielligh, afgedruk in *Eerste Skrywers*, bls. 136 vlg., vertel dat hy op 'n keer Matt. 28 in Afrikaans vertaal en aan *De Kerkbode* gestuur het. Hieruit sou mens kan aflei dat hy die skrywer van die brief van 16 Okt. was, maar na die styl en standpunt van die brief te oordeel lyk dit my nie waarskynlik nie.

geskrywe wort. Ek weet daar sal banja wees wat ver mijn sal uitlag, of met myn sal spot, maar daaran sal ek myn nie steur nie, want hulle wat soo maak mot nog eers leer om te verstaan wat hulle lees in Marc. 16: 15, 16, waar die Heer Jesus seh dat die Evangelie an alle mense sonder onderskijt mot gepreek wort. En as dit die geval is dan spreek van self dat et mot gedaan wort in die taal wat die mense die beste kan verstaan, en daar is mos geen taal wat hulle beter kan verstaan nie as die taal wat hulle praat."

Ná verwysing na enkele Bybeltekste om die waarheid van wat hy skrywe, te staaf, gaan Hoogenhout voort: „Die Bijbel is nou al in meer as 250 tale vertaal en alle en alle jaar wort die getal groter; maar om ver die Afirkaners een Bijbel in hulle taal te skryf daaran wort nie gedag nie en tog is et banja nodig. Laast is daar in die koerant ower geskrywe, maar et skijn of daar niks van geworde is nie.” Die mense maak syns insiens te veel swarigheid. Hy wys op wat elders gedoen is om die Bybel binne die bereik van selfs klein groepies mense te bring en vra waarom daar nog so weinig gedoen is in ons land. „Jij sal miskien seh,” laat hy dan volg, „die Engelse het oweral skole en kerke ver die bruin mense opgerig. Maar nou vra ek weer, as hulle dan nie eens die Hollanse taal reg kan verstaan nie, hoe sal hulle dan die Engelse verstaan? Nee! daar mot meer gedaan wort, daar mot in hulle eige taal geskrywe en ver hulle gepreek wort, 1 Cor. 14, en nie alleen ver die bruin mense nie, maar ook ver banja blanke, want daar is ook regte banja blanke wat die Hollanse taal nie half verstaan nie. Ja die Hollanse taal sal naderhand heeltemaal in Afrika gedaan raak, en die Afrikaanse sal daarvoor in die plek kom, en das ook reg. Van die Engelse taal wil ik nie eens praat nie, want die is soo maar klaar as een ander nasie die Kaap neem. Nou mot een eenvoudig Afirkaner jaare lang leer om die Hollans en Engels te verstaan, ik seh *verstaan*; en dat kom omdat et nie hulle taal is nie, maar omdat die Hollanse taal *half* vreemd is en die Engelse glad vreemd. Was daar een Bijbel en andere boeke in de Afrikaanse taal, dan sal een arm Afrikaaner in ses maande meer kan leer as nou in ses jaar. Maar wag maar die tijt sal kom. Onse liewe Heer sal dat nie toelaat dat die Bijbel langer sal onverstaanbaar blyf ver banja arme mense in

Zuid Afrika. Soo as Hij laast in die hart van mense gegewe het, om daarower in die koerant te skrywe, sal Hij wel een dag mense uitkies en ver hulle bekwaamheid geef om ook ver banja eenvoudige blanke en bruin mense wat in Zuid Afrika woon, een Bijbel in hulle taal te maak." In hierdie laaste sitaat is veral van belang Hoogenhout se geloofsbelijdenis in die toekoms van Afrikaans en sy pleit vir die gebruik van die taal ook in die onderwys.

*Afrikaans in die onderwys.*

In hierdie tyd is daar huis weer heelwat geskryf in die koerante oor die onderwys in die buitedistrikte, en Hoogenhout se pleidooi vir Afrikaans het gou weerklank gevind. In *De Zuid-Afrikaan* van 30 April gee „Regtuit“ 'n middel aan die hand om die onderwys aan die boerebevolking te verbeter. Die uitvinding van die boekdrukkuns, sê hy, het dit moontlik gemaak om alle volke behoorlik van boeke in hulle eie taal te voorsien en die onderwys tot alle klasse van die maatskappy te laat deurdring. Hier heers egter nog in groot mate die gees van die Middeleeue. „Ja, 't is nog erger dan toen; door middel van vreemde talen moet men hier de kennis die men behoeft ontvangen; en slechts het mondeling onderrig kan hier en daar, en als onder de hand, een weinig te gemoet komen aan het schreeuwende gebrek dat hier alom ontwaard wordt. Waarom toch niet met den tijd vooruitgegaan?“ vra die skrywer. „Waarom niet het eerste onderwijs medegedeeld door boeken die in de landstaal geschreven zijn? Men make Afrikaansche boekjes over de grondregelen der Godesdienst, over alle wetenschap die den landbewoner ten eerste noodzakelijk is, rekenboekjes, schetsen van geschiedenis, enz. Hoe geredelijk, hoe gemakkelijk zal men die lezen en in zich opnemen!“ Hy is daar oortuig van dat alle ware liefhebbers van die opvoeding wat die teenstand van vooroordele en verkeerde insigte nie ontsien nie, sy plan sal verwelkom. „Vooral zij moeten er behagen in scheppen, die van het onpraktische, ontoereikende, ja dikwijls onbruikbare van zoogenaamd hoog-Hollandsche boekjes overtuigd zijn, bij de ondervinding dat het hoog Hollandsch voor de bewoners dezer streken bepaaldelijk eene vreemde taal is.“ „Regtuit“ sê dat hier in die loop van tyd deur allerlei omstandighede 'n taal ontwikkel het wat

van Europese Hollands afwyk en as 'n heeltemal aparte taal moet beskou word. „En deze moet gebruikt worden, wil men tot uitkomsten geraken die den vrienden der volksopvoeding het meest gewenscht zijn.”

In *De Zuid-Afrikaan* van 24 Mei skryf „X. Y. Z.” met groot instemming oor „Regtuit” se denkbideal. „Het onberekenbaar nut dat daaruit zal voortvloeien laat zich gemakkelijk denken,” sê hy, „en dat aan dezen wenk gevolg gegeven wordt, weet ik ook, daar het mij bekend is dat binnen kort het eerste Afrikaansche schoolboekje ter perse komt.” ‘n Vorige korrespondent het gedwonge onderwys aan die hand gegee om die onderwystoestande op die platteland te verbeter. „Vereenig nu het plan van ‚A. B. C.’, gedwongen onderwijs, met dat van ‚Regtuit’ het eerste onderwijs wordt in die landstaal, in het Afrikaansch gegeven, en zie daar eene reuzenschrede gedaan ter gemoetkoming aan hetgeen ontbreekt.”

Op 5 Julie verskyn ‘n tweede stuk van Hoogenhout oor „Die Bijbel in die Afrikaans”. ‘n Groot gedeelte daarvan gaan oor die onderwys. „Stuur een boer al zijn kinders na een dorpskool,” sê hy onder andere, „dan wort die meeste tijd onnuttig bestee om die kinders Engels in te pomp,” waarvan hulle totaal niks verstaan nie. „Das waar, op partij skoole wort ook Hollans, hoog Hollans geleer; maar nou vra ek wat wort deur die meeste kinders van die taal tog verstaan? Hulle leer as goeje brawe jongetjes hulle les, spreek die woorde ook gaef uit, maar wat verstaan hulle daarvan? banja min! . . . Wanneer sal die mense dan tog wil begrijp, dat Hollans en Engels hier in Afrika as vreemde tale mot behandel wort; en dat die Afrikanners ook eers in Afrikaans mot geleer wort. Hulle kan mos naderhand Hollans en Engels leer as daar tijd voor is.” Hoogenhout juig die voorstel van „Regtuit” toe en sit verder uiteen wat die voordele vir die onderwys sal wees as daar boekies in Afrikaans bestaan. „Die leeslus sal ook opgewek wort,” gaan hy voort, „en dan is daar banja gewonne. Onder myn skrywe denk ek soo aan die briewe van ‚Klaas Waarzegger’ wat omtrent 12 jaar geleden in die koerante was. Die skrywer daarvan mot een verstandige kerel gewees heb, want hij kan et nie beter aangeleg het nie, om te seh wat hij wou seh, dan in die eige taal van Afrika. Dinge

wat kort gelede gebeur is het die mense al vergeet al; maar praat ower „Klaas Waarzegger” en daadlik begin hulle te lag; hulle kan hom nie vergeet nie. Ik haal dit maar aan om te laat sien hoe nodig Afrikaanse skrywers is. Soo wel as daar grappies en gebreke van die Gorment in Afrikaans kan geskrywe wort, waarom sal daar dan nie wat goeds in die taal kan geskrywe wort nie?”

Voorbeeld word aangehaal om te bewys hoe swak die Hollandse Bybel begryp word, veral onder die bruinmense, en hoe dringend nodig 'n Afrikaanse Bybel en Afrikaanse leerboekies is. „Alles bewijs,” sê Hoogenhout ten slotte, „dat die tijd gekom het dat die Afrikaanse taal in oefening moet kom. Daarom, mense wat graag wil saam werk om Christus Rijk uittebrei, en die daarvoor van God bekwaamheid het, wees nie langer as mense wat in die lug slaan; dwing tog die Afirkaners nie langer nie om deur middel van vreemde tale die pat na die Hemels Vaderland te zoek, maar gebruik julle bekwaamheid op die regte manier; en leer Afirkaners Afrikaans!”<sup>23)</sup>

*„Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat.”*

Die volgende bydrae van Hoogenhout tot die stryd vir Afrikaans was die eerste van sy bekende reeks „Gesprekke tussen oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat”, wat op 26 Julie 1873 onder die skuilnaam „Klaas Waarzegger, Jr.” in *De Zuid-Afrikaan* begin verskyn het. Die eerste gesprek het tot titel gehad „Hollandsch, Engelsch, Afrikaansch” en was 'n voortsetting van die beweging vir die erkenning van Afrikaans as Bybeltaal en taal van die onderwys, wat nou al enkele maande lank aan die gang was. Oom Jan Vasvat

<sup>23)</sup> Die twee stukke oor „Die Bijbel in die Afrikaans” het naamloos verskyn, maar daar is verskeie redes wat dit vir my bo alle twyfel verhef dat Hoogenhout die skrywer daarvan was. Een van die redes is die verwysing na die briewe van „Klaas Waarzegger”, wat Pannevis dadelik as die skrywer uitskakel, omdat hy toe nog nie in die land was nie. Buitendien het Hoogenhout 'n veertig jaar later in 'n brief aan Von Wielligh, *Eerste Skrywers*, bls. 136 vlg., meegedeel dat hy aangemoedig is om aan die Afrikaanse taalbeweging deel te neem onder meer deur „Klaas Waarzegger” se samespraak en die ou liedjie van „Kaatje Kekkelbek”. Maar veral die styl, die taal en die spelling verraai Hoogenhout as die skrywer van hierdie stukke.

is 'n voorstander van Afrikaans, neef Daantje Loslaat aanvanklik 'n teenstander:—

,,Oom. . . . Maar wat het jij geseh van die kerel wat laas in Afrikaans geskreve het? Jij is tog nie teun hom nie?

,,Neef. Ja oom, ek is regte kwaad voor hom, dat hij ons nes swartvolk reken, wat nie kan fatsoenlik in Hollands gezels nie.—Ek het geseh dat hij weer in die koerant een lange stuk geskreve het, ower een Afrikaanse Bijbel.

,,Oom. Hoor, Danie! ek het jou papa goet geken, ou neef David was een verstandige ou kerel, en ek skaam mij regtig, dat sijn seun soo dom is; dat hij nie kan begrijp nie, dat die man wat seh dat daar een Afrikaanse Bijbel, en Afrikaanse boeke mot wees nog net die verstandigste in die koerant het geskreve. Mijn lieve kerel, is *jij* dan soo slim, dat *jij* alles kan verstaan as die perkant preek? Ek kan dat nie denk nie, *jij* het tog met myn kinders saam skool gegaan, hier op die ijenste plaas, en hulle is nie soo slim nie! Nee, mijn neef, neem van myn één raad aan, denk eers goet na oér wat die man geskreve het en praat dan, Danie! Kan *jij* dan nie begrijp nie dat Hollands naderhand heeltemaal gedaan raak, maar *Afrikaans nooit*? En dat het die kerel goet gezien, en daarom skryf hij dat daar Afrikaanse boeke mot wees." Oom Jan kla oor die verengelsing wat oral so toe-neem. „Engels! kerel, alles is teunswoorig Engels, nes een klein bietjie kan Engels praat, . . . . dan seh die mense hoor hij is slim; hij het een banja goeje edekasie gehat."

Veral die verengelsing in die kerk en die onverskilligheid van baie predikante teenoor die Hollandse taal het Oom Jan diep getref:—

,,Oom. . . . Nou, mens kan ver een Engelsman nie kwalik neem nie, maar dat ons perkante ook saamwerk, om die Hollands heeltemaal uit te roei, is tog een bietjie skrijent. Vergeet hulle dan, dat die naam van ons kerk die *Hollanse* Greformeerde kerk is? Jij weet tog seker Danie, dat hulle die ,kortbegrip' ook al in Engels gevertaal het?

,,Neef. Ja, oom; maar das mos ver Engelse kinders, wat graag in ons kerk wil aangeneem wort.

„Oom. Ek wens jou mond van gout was. Nee ou neef, das voor kinders van net sulke Afirkaners as jij en ek, wat nie Hollans geleer het nie, maar pure Engels.” As 'n mens in die Kaap kom en jy praat Hollands, dan spot hulle met jou en trek hulle neus op en sê: *I can't speak Dutch.* „Ja neef, nou seh hulle hulle vrae op, in die taal, wat gaan nes een stomp saag wat skerp gemaak wort . . . . Kyk maar die Gormentskole, hoe hulle daar maak met ons Bijbel en ons lant sijn taal . . . . Ek wil ver myn Mimie na die skool wat hulle in die Kaap wil maak gestuur heh, maar daar is weer die ou ding: „Eerste klas *Engelse* edekasie” in die afertensie.<sup>24)</sup> Ek het nog al gedenk, dat sal tog nou een goeje *Hollanse* skool wees; maar ja wel, morre vroe! Toe ek *die* woort sien, weet ek soo maar, dat die Hollans leer wat daarbij staan een vijblad is.—Hulle dwing met al gewelt, om pure Engels hier in Afrika te krij, maar soo ver kom hulle nooit is nooit.” Weer word die persone wat skryf dat daar 'n Afrikaanse Bybel en Afrikaanse boekies moet gemaak word, aangemoedig om so voort te gaan. „Ek is al nieskierig,” sê Oom Jan dan nog, „om die boekie te zien, wat hulle laas geseh het in die koerant, wat in Afrikaans geskrewe is; as hij goet is, koop ek ver al myn kinders en kleinkinders een daarvan, en ek sal hem oeral aanprijs.”

Toe die tweede gesprek van „Klaas Waarzegger, Jr.” in *De Zuid-Afrikaan* van 6 Augustus verskyn, was Neef Daantje tot Afrikaans bekeerd. „Ek het met banja mense daaroor gepraat,” sê hy, „en partij van hulle is *slim* mense, en almaal seh nes oom, das *noodig, hoog noodig*.” Hy is darem nog bang dat Afrikaanse boeke 'n bietjie snaaks sal lyk, maar Oom Jan stel hom gerus. „Afrikaans is een gawe taal,” verseker hy, „net maar daar is banja wat te parmantig is om dit te erken. Wag maar, partij mense begin dit al in te sien al, en nie soo maar oliekoeke nie, partij perkante ook! Ou neef, ons taal sal nog reg kom, wag maar. Onse liewe Heer sal dit nie gedooë nie, dat ons taal langer sal vertrap wort nie. Die taal zal nog beskaaf wort en in oefening kom, jij mot kijk, hoor Danie!”

---

<sup>24)</sup> Hoogenhout sinspeel hier op die oprigting van „The Good Hope Seminary.”

So het Hoogenhout onvermoeid voortgegaan om vir Afrikaans te pleit, al is hy meer as eens kwaai in die koerant aangeval. Ondersteuning het hy egter ook gekry. Op 20 Augustus verskyn weer 'n aanmoedigende brief van „X. Y. Z.”, en op 3 September word hy deur „Een Affirkaander” teen 'n vorige aanvaller in beskerming geneem. Die Afrikaanse boekie waarvan telkens in briewe melding gemaak is, maar wat nog altyd nie verskyn het nie, is met ongeduld afgewag. So lees ons in die brief van „Een Affirkaander”: „Arrie! amper het ik gevergeet om te vrâ: weet meneer altemit ook wat daar geworde is van die Boekie wat hulle in die Affirk. zal laat druk het; dit lyk baijiang vir mijn of die skrijwer in die bak geblíj het of het hij altemit nie geld genoeg om die koste te petaal nie? dan kan meneer vir hom seh, dat ik regte graag vir hom wil help, want ik dink dit zal een regte goeije ding wees.”

Die geskryf in en oor Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* is met soveel animo voortgesit dat die redakteur in die nommer van 11 Oktober die voorstanders van Afrikaans moes versoek om hul skryflus 'n bietjie te bedwing, omdat daar tydens die aanstaande sinodesitting min ruimte in die blad beskikbaar sou wees.

#### *„Die Geskiedenis van Josef.”*

Dit lyk of die vertaling van die Bybel in Afrikaans in die broederlike samekoms van die Sinode van 1873 ter sprake gekom het. Dit kan altans afgelei word uit 'n brief van „Criticus” in *De Zuid-Afrikaan* van 13 Desember van daardie jaar, hoewel die brief nie heeltemal ondubbelzinnig daaromtrent is nie. Ons lees daarin dat prof. Murray van „afstapping van die grammatica” nie wou weet nie; dat daarenteen die predikant van Caledon [ds. P. G. J. de Vos] die noodaaklikheid van 'n Bybel in die volkstaal ingesien het en die leraars gewaarsku het dat as hul nie die hande aan die ploeg slaan nie, ander, wat miskien die bekwaamheid mis, dit sal doen. „Ik kan zeggen dat ZEerw. den bal raak geslagen heeft,” vertel „Criticus” dan, „want reeds is er onder eenige Christenvrienden sprake, een der Evangelies in het Afrikaansch te doen drukken, indien er door de voor-gangers onzer kerk in deze zaak niets gedaan wordt. Dat

het met die zaak ernst is, getuige het onlangs in het Afrikaansch verschenen boekje: „die Gekiedenis van Joseph.”

Die skrywer van hierdie boekie, waarna so dikwels verwys is en wat nou eindelik verskyn het, onder die titel *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huis-souwens, in hulle eige Taal geskrywe deur een vriend.* 1 Cor. XIV: 6, was al weer C. P. Hoogenhout. Hy het dit geskryf as gevolg van 'n versoek wat Pannevis in 1872 aan hom gedoen het.<sup>25)</sup> Die verskynning daarvan moet van groot betekenis geag word. Vir Hoogenhout was dit kennelik 'n voorbereiding vir die saak waar hy en Pannevis hul hele hart op gesit het: die vertaling van die Bybel in Afrikaans. „As julle die geskiedenis wil naeles in die Bijbel,” sê hy vir die kinders in sy voorwoord, „kan julle die vinde in dit boek: Genesis van die 37 kapittel af. Daar staan die storie ook banja moojer geskrywe as hier in deuse boekie. Maar daar die Bijbel *Hoog-Hollans* is, sal mijn kinders dit misskien nie so goed kan verstaan nie. Nou wil ek voor julle een ding vra en dat is: As julle bid, dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. Hij sal dat seker doen, want die Bijbel is Sijn Woord en die Woord mot aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Mark. 16: 15, 16.”

Hoogenhout het plan gehad om meer sulke Bybelse verhale in Afrikaans te bewerk, maar ongelukkig het nijs meer ná die *Geskiedenis van Josef* verskyn nie.<sup>26)</sup>

#### *Verset teen eensydig Engels georiënteerde onderwys.*

Die nasionale beweging, waarvan die stryd vir Afrikaans 'n onderdeel was, het nou in krag begin toeneem, soos blyk uit die buitengewoon heftige verset teen die toenemende verengeling en die verdrukking van Hollands wat vroeg in

<sup>25)</sup> Sien die brief van Hoogenhout in *Eerste Skrywers*, bls. 136.

<sup>26)</sup> In 1796 het die Nederlandse Maatschappij tot Nut van het Algemeen *De Geschiedenis van Jozef* uitgegee, en daarvan het die Zuid-Afrikaansche Christelijke Boekvereeniging 'n enigsins veranderde herdruk besorg. Moontlik is die boekie van Hoogenhout 'n verafrikaansing hiervan. Ongelukkig was ek nie in staat om die twee werkies met mekaar te vergelyk nie.

1874 in *De Zuid-Afrikaan* waar te neem is. Die redakteur, maar veral korrespondente, met voorstanders van 'n Afrikaanse skryftaal op die voorpunt, begin ongeduldig raak oor die eensydig Brits georiënteerde onderwys op skool. In die uitgawe van 27 Mei staan daar by voorbeeld 'n brief van „Locomotief” waarin hy onder andere skrywe: „Wanneer zal er toch een einde komen aan het schandelijk tijdsverkwisten, om onze kinderen uitsluitend Engelsche Geschiedenis, Engelsche Aardrijkskunde, en andere Engelsche bogte leeren? Zou het niet beter zijn, dat zij wat meer bekend gemaakt wierden met de Geschiedenis en Aardrijkskunde van hun eigen land?” En in die nommer van 1 Julie van dieselfde jaar stel „Criticus” vragenderwyse voor: „Wordt het niet haast tijd, dat eenige bekwame mannen de handen aan het werk slaan, om voor de eenvoudigen onder ons eene beknopte geschiedenis van hun land te schrijven, zoodat er een einde komt aan het verspreiden van zulke eenzijdige, den Afrikaan verguizende Engelsch-Afrikaansche geschiedenissen als van Hall, Wilmot en Chase?” Intussen hou Hoogenhout die algemene belangstelling lewendig deur in sy „Gesprekke” politieke sake van die tyd op eenvoudige, dog boeiende wyse van uit Afrikaanse standpunt te behandel. Sy sesde „Gesprek”, wat in *De Zuid-Afrikaan* van 24 Januarie 1874 verskyn het, gaan by voorbeeld oor die geskiedenis van die diamantgebied.<sup>27)</sup>

*Aanvalle op „The Good Hope Seminary” en „The Huguenot Seminary”.*

Buitengewoon fel was veral die aanvalle op die Engels georiënteerde meisieskole wat kort gelede op initiatief van predikante van die Hollandse Kerk in Kaapstad en Wellington opgerig was. Ook hier het „Locomotief” die voortou geneem, en in *De Zuid-Afrikaan* van 17 Junie word hy deur 'n medestander bedank dat hy so dapperstry vir die regte van die Hollandse taal. Die korrespondent noem dr. William Robertson in Kaapstad 'n aartsjesuïet en gaan dan voort: „Locomotief doet er wel mede om ook de Jezuieten-streken

---

<sup>27)</sup> Hierdie „Gesprek” is, met geringe veranderinge in die spelling en vorm van woorde, afgedruk in die *Geschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, blss. 5—12.

van Wellington aan den dag te brengen . . . . Andrew Murray is een echte geestverwant van Lodewijk XIV en de Jezuieten, en de onnadenkende Fransche afstammelingen gelooaven alles wat hij hun vertelt. Komt Broeders! Laat ons de handen ineen slaan eer het te laat is. Laat ons tegenover het zoogenaamde Hugenoten Instituut te Wellington eene echte Gereformeerde Hollandsche Meisjesschool oprigten waar die wanklankige Engelse brabbeltaal voor goed uitgesloten zal worden."

Dit is te begrype dat die vestiging van 'n skool soos die Huguenot Seminary in die onmiddellike nabyheid van die kwaaieste voorstanders van Afrikaans die gevoelens hoog laat loop het. In *De Zuid-Afrikaan* van 27 Junie verskyn weer 'n kwaai aanval van „Getuige” op die Good Hope Seminary in Kaapstad en die Hugenoteskool op Wellington. Oor die eersgenoemde sê hy: „Eene Schotsche dame moest uitkomen om aan het hoofd te staan. (Wij hebben dus nog niet genoeg aan de verzending halfgebakken bergschotten, die ons op het llyf werd gezonden.)” En oor die laasgenoemde lees ons hierdie uitbarsting: „Te Wellington sticht Ds. Andrew Murray eene Hugenoten School; Wellington, dat zoo Hollandsch is, dat de Engelsche Kerk er geen Catechist houden kan; Wellington, waar de groote Engelsche Gothiche Kerk ledig moet staan omdat er geene Engelschen zijn; Wellington, waar Ds. A. Murray het Engelsch preek en wilde invoeren, maar het weldra moest opgeven omdat de nieuwsgierigen die er toch niets van verstaan, ophielden te komen; Wellington, waar geen ouderling den predikant volgen kan naar de Engelsche dienst om te hooren wat hij predikt, en geen diaken om te kollektieren (hetgeen de koster moest doen, naer wij vernemen); Wellington moet geangeliiseerd worden. Ziedaar het ontstaan van een Hugenoten School sonder Hugenotentaal of Hugenotengeest. Bestuurd door Amerikanen!! De gemeente moet geld geven om hare eigene taal te vertrappen . . . . Zal een 'Scot' nu den Hugenotengeest en de Hugenotentaal voortplanten? Neen, hij zal het Engelsch

(koste het wat het wil) invoeren, en daartoe moet gij uwe beurzen openen!'"<sup>28)</sup>

*„Een Ware Afrikaander” — Stephanus Jacobus du Toit.*

In aansluiting by die hele stryd vir Afrikaans en teen die oorheersing van Engels het daar in *De Zuid-Afrikaan* van 8, 11 en 22 Julie 1874 'n reeks van drie artikels verskyn onder die hoof „De Afrikaansche Taal”, gerig „aan alle ware Afrikaanders” en onderteken „Een Ware Afrikaander”. Die anonieme skrywer was ds. S. J. du Toit, die man wat van nou af die leiding van die beweging vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal op hom sou neem. Stephanus Jacobus du Toit is op 9 Oktober 1847 op 'n plaas in Dal Josaphat, digby Wellington, gebore. Op neentien-jarige leeftyd is hy na die Paarlse Gimnasium, waar hy onder die invloed van ds. G. W. A. van der Lingen en Arnoldus Pannevis gekom het. Deur dié twee manne is die eerste liefde vir Afrikaans by hom opgewek.<sup>29)</sup> Ná sy opleiding tot die predikamp aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch was hy enkele maande op reis in die Transvaal, daarna weer terug in die Boland, waar hy tydelik werksaam was in die gemeentes Kaapstad, Wellington en Kruisvallei (Tulbagh). In Augustus 1875 is hy beroep na die pas gestigte gemeente Noorder-Paarl, waar hy op kerklike en opvoedkundige gebied die werk van wyle ds. Van der Lingen sou voortsit. Die jong dominee was 'n man van buitengewone begaafdheid, met 'n vurige temperament en 'n hartstogtelike liefde vir alles wat Afrikaans was. Met hom is 'n nuwe soort Afrikaner gebore; hy was die eerste Afrikaanse nasionalis in die eintlike betekenis van die woord, en hy het die leier geword van die eerste Afrikaanse nasionalistiese beweging.

<sup>28)</sup> Die venynige uitvalle teen dr. Robertson en ds. Andrew Murray was onder die omstandighede wel begryplik, maar nie heeltemal geregtverdig nie. In die vorige hoofstuk het ons gesien dat dr. Robertson meer as eens die Hollandse taal in beskerming geneem het; en van ds. Murray weet ons dat al was hy geen vurige liefhebber van Hollands nie, hy daar tog nie vyandig teenoor gestaan het nie, soos o.a. blyk uit 'n brief wat hy in hierdie tyd aan sy dogters Emma en Mary geskryf het — sien J. du Plessis: *Het Leven van Andrew Murray*, bls. 278.

<sup>29)</sup> Sien dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, bls. 9.

Dit is nie nodig om hier lang stil te staan by die bogenoemde drie brieve van „Ware Afrikaander” nie. Hul inhoud mag as bekend veronderstel word.<sup>30)</sup> Dit is voldoende om te herinner aan die hoofsake wat daarin voorkom: 'n uiteensetting van die waarde van die moedertaal en sy reg om eerbiedig te word; 'n weerlegging van die bewering dat Afrikaans geen taal is nie en dat Hollands eintlik die moedertaal van die Afrikaners is; en ten slotte 'n opsomming van die nadele wat die Afrikaners reeds gely het deur die verdringing van hul taal in die Parlement, in die geregshoue, op skool, en in die kerk.

#### *Du Toit en Hoogenhout.*

Die briewe van „Ware Afrikaander” het die geskryf vir en teen Afrikaans in die koerant weer 'n nuwe stoot gegee. Dit is onmoontlik, en gelukkig ook onnodig, om alle korrespondensie selfs maar te noem. Alle stukke verskyn natuurlik steeds naamloos, en nuwe skuilname tree naas ou bekendes op. Van groot belang is die brief wat „Klaas Waarzegger Jr.” in *De Zuid-Afrikaan* van 24 Oktober aan „Een Ware Afrikaander” rig en waarin hy voorstel dat hulle met mekaar saamwerk in belang van die Afrikaanse saak: „Jy seh miskien, wat skry Klaas aan myn, ons ken makaar nie; nou huis, ek wil graag met jou kennis maak, en daarom mot jy die neef Koerantdrukker permissie gewe, om stiltjes ver myn te seh wie jy is. Ek het banja mot jou oer die Afrikaanse taal te praat, daar mot tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens mot spel, soo dat ons nie sooo maar hot en haarr skrywe nie. Jy mot daar oer een bietje in die koerante skry, en jy mot ook een stuk in Afrikaans skrywe om ver myn te laat sien hoe jy die woorde spelde. Ons kerels wat voor die Afrikaans is, mot met makaar kennis maak, dan kan ons saamwerk, dat sal banja beter wees.”<sup>31)</sup>

<sup>30)</sup> Die briewe is volledig afgedruk in die *Geschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, blss. 14—22.

<sup>31)</sup> Die kennismaking van Hoogenhout en Du Toit deur middel van die koerant was natuurlik maar 'n mistifikasie.

*Eerste voorstel vir stigting van 'n genootskap vir die bevordering van Afrikaans.*

Nog voor daar 'n antwoord van „Ware Afrikaander” op hierdie brief gekom het, het daar 'n ander stuk verskyn wat aparte vermelding verdien. Dit is getitel: „Is die Afferkaans wesenlyk een Taal?” en kom voor in *De Zuid-Afrikaan* van 4 November. Die vraag wat gestel is, word bevestigend beantwoord, en dan vervolg die skrywer: „Ik denk dat it tyd is om ons Afferkaanse taal te erken. Al wat ik tot hier toe in it Afferkaans gelees het is veel meer Hottentots Afferkaans as iets anders. Ons moet uitfind, hoe spreek it beskaafde deel fan ons folk? As ons dat gefonde het, dan gaan ons die re-els uitfinden. Die re-els syn daar, maar niemand het nog, so fer as ik weet, die moeite geneem om die re-els na te gaan. It is waar ons is nog onseker hoe sommige woorde gespel moet word, maar dat stuk sal ons wel reg kry. Wat ons noodig het is:

*Un genootskap foor die befördering fan die Afferkaanse taal.*

Dat genootskap moet die re-els van die Afferkaanse taal by makaar maak en in een boekie uitgeef. Dat boekie kan die naam draag van:

*Eerste beginsels fan die Afferkaanse spraakkennis.*

Dan moet dat dadelyk gefolg word van:

*Een Afferkaans woordeboek.*

In die twee boeken sal iedereen wat niet blind is nie dan wel sien, dat ons Afferkaans wel wesenlyk een taal is; een taal wat door iedereen kan gespreek word, door die Engelsman self.” Die stuk is onderteken „O”, en in 'n naskrif lees ons: „Ik is nie in die kolonie gebore nie; maar ik reken my daarom onder die Afferkaanders. Julle folk myn folk.”

Ons kan met 'n groot mate van sekerheid aanneem dat hierdie bydrae van Pannevis afkomstig is.<sup>32)</sup> Buitengewoon

---

<sup>32)</sup> Die skrywer is klaarblyklik 'n Hollander. Hoogenhout kan dit nie wees nie — die taal en spelling is nie van hom nie, en buitendien praat hy later self in een van sy brieue van „O” as 'n baie knap man wat in staat sou wees om 'n Afrikaanse spraakkuns op te stel (sien die *Zuid-Afrikaan*, 20 Feb. 1875). Dat „O” Pannevis moet wees, blyk uit 'n tweede stuk onder hierdie skuilnaam

merkwaardig is dit omdat daarin vir die eerste keer sprake is van die oprigting van 'n „Genootskap” vir die bevordering van Afrikaans, van die maak van 'n Afrikaanse grammaatika onder die naam „Eerste Beginsels”, en van die opstel van 'n Afrikaanse woordeboek. Ons sal later sien dat Pannevis huis in hierdie tyd ook nog ander stappe gedoen het om sy doel met die Afrikaanse taal te verwesenlik.

*„Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk.”*

Op 25 November het „Ware Afrikaner” se antwoord op die brief van „Klaas Waarzegger Jr.” in *De Zuid-Afrikaan* verskyn. „Ek het oek al lank tyd al gewens om met jou kennis te maak. Jy kan myn naam mar vra ver die neef koerantdrukker. Hy sal ver jou sê, wie't ek is. Mar gé dan ver hom die reg om ver myn oek te sê, hoe jou naam is. Dit wort hoog tyd dat ons nou ma'ka'er leer ken, en begin same te werk ver ons taal. Jy moet mar aangaan met skrywe, neef. Die mense lees te danig jou brieue. Party knip dit uit en ber'e dit dan by ma'ka'er. En ek denk a's jy klaar het met skrywe, dan moet jy al jou brieue same laat druk in een boekie. Die mense sal dit graag lees.” Du Toit dink die tyd het nog nie gekom om 'n grammaatika van Afrikaans te maak nie; hy wil eers net 'n paar spelreëls opstel. Hy sê dat hy meer lus het om *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* te skrywe. „Di's een skande dat daar nog nie eens in Hollans een Geskiedenis van ons land geskrywe is nie. In Engels is daar wel. Mar elkeen kan self begryp hoe een Engelsman die Geskiedenis van ons land sal beskrywe. Die Engelse het altyd reg, en die arme boer wort mar altyd sleg gemaak. A's een Engelsman die speuletjes met die Diamandvelde moet beskrywe; ag né, neef! ek meen, dan het die Engelse die grootste reg van die wereld. Want hulle verdraai die dinge net so's hulle wil.” Hy nooi Hoogenhout uit om saam te werk en gaan dan daartoe oor om sewe reëls vir

in die *Zuid-Afrikaan* van 11 Aug. 1875, „Gesprek over de Afrikaansche Taal”. Daarin word kennis van Grieks, Latyn, Duits en Frans aan die dag gelê, en daar was niemand behalwe Pannevis onder die eerste voorstanders van Afrikaans wat oor kennis van al dié tale beskik het nie.

die Afrikaanse spelling te gee, waarvan die eerste lui: „Ons skryf so's ons praat.”

*Uitnodiging tot samewerking.*

In „Klaas Waarzegger Jr.” se antwoord, *De Zuid-Afrikaan* van 19 Desember, verwelkom hy die gedagte om 'n Afrikaanse geskiedenis te skrywe en beloof hy sy ondersteuning. „Mar neef! denk jy nie dat dit goed sal wees, dat ek die skrywers in die koerante, wat oek ver die Afrikaans is, uitnodig om met ons saam te werk? . . . Jy kan myn *privaat* skrywe of ek dit doen sal: jy weet tog nou myn adres.”<sup>33)</sup>

„Ware Afrikaner” het die plan blykbaar goedgekeur, want op 16 Januarie 1875 verskyn daar 'n advertensie in *De Zuid-Afrikaan* van „Klaas Waarzegger, Jr.”, waarin hy vir „Regtuit”, „Vriend van Vooruitgang”, „M. D. C.”, „Boerschoolmeester”, „X. Y. Z.”, \* \* \*, „Criticus”, „Locomotief”, „Africanus”, „Ossenwagen”, „D. v. D.”, „Afrikaner”, „Buiteman”, „O”, „Dankbare Afrikaner”, „Verstandige en Geen Verwaande Afirkaner”, en nog banja ander skrywers in die *Zuid-Afrikaan en Volksvriend*” tot samewerking uitnooi: „Julle het stellig wel in die laaste tyd die skrywe tusse „Ware Afrikaner” en myn in die koerant gesien. Die tyd om te handel is nou gekom. Ons moet hande aan die werk slaan. Uit julle briewe maak ek op dat julle vrinde van die Afrikaanse taal is. Betoon dit nou met ons te help.” Hy vertel dat hy en „Ware Afrikaner” nou besig is om *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* te skrywe, en dat meer as 100 bladsye daarvan reeds afgedruk is. As die boek klaar is, moet hulle asseblief help om dit te versprei. „Stuur aan Neef Kocrantdrukker julle namen soodat ons met meka'er kan kennis maak.” Die advertensie eindig met die versoek dat almal aan die volgende werk, „Die Bijbel in Afrikaans”, eendragtig moet saamwerk, „anders gaan dit nooit”.

<sup>33)</sup> Die hierbo behandelde drie briewe van „Klaas Waarzegger, Jr.” en „Ware Afrikaander” is ook volledig, weer egter met enkele wysiginge in woordvorming en spelling, in die *Geschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, 1880*, blss. 23—27, te vind.

*Briefwisseling voortgesit.*

Die briefwisseling in die pers tussen Hoogenhout en Du Toit is in 1875 voortgesit. Op 30 Januarie verskyn 'n brief van laasgenoemde waarin hy vertel hoe dit vorder met die *Geskiedenis van ons Land* en verder meedeel dat hy nou lus kry om 'n boekie te skrywe oor die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*. Hy het egter sy hande te vol met die geskiedenis en wil graag dat „Klaas Waarzegger Jr.” of iemand anders dit doen. Du Toit maak onderskeid tussen Here-, Boere- en Hottentots-Afrikaans. „As ons so een boekie skryf,” sê hy, „dan denk ek is dit beste om die middelkoers te hou en die Boere-taal te neem. Buitendien is die regte bevolking van ons land toch mar Boere. In die Geskiedenis het ek my aan die Boere-taal gehou.” Hoogenhout antwoord hierop in *De Zuid-Afrikaan* van 20 Februarie. Sy aandeel in die *Geskiedenis* is klaar, en hy het dit reeds aan „Ware Afrikaander” gestuur. „Jy vra myn wat ek denk,” skryf hy, „of dit goed zal wees om die briewe van jou agter in te set. Ek weet nie neef. Ek dag jou plan was om ons briewe saam apart te laat druk.”<sup>34)</sup> Verder deel hy mee dat hy 'n brief gehad het van „O.” (Pannevis), wat hom gewillig verklaar om die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* te maak.

Tussen die korrespondensie van „Ware Afrikaner” en „Klaas Waarzegger Jr.” deur het ander voorstanders van Afrikaans telkens briewe in *De Zuid-Afrikaan* geplaas om die twee leiers aan te moedig of vyandige aanvalle te beantwoord. So het die stryd om Afrikaans onafgebroke onder die aandag van lesers van die koerant gebly. In Mei 1875 het dr. Brill sy bekende voorlesing oor „De Landstaal” in Bloemfontein gehou. Dit het deur die pers ook in die Kaap

---

<sup>34)</sup> Een van die ongelukkige trekke in die karakter van S. J. du Toit was sy eersug. Hy kon nie maklik aan ander die eer gee wat hul toekom nie. 'n Mens kom daar meer as eens pynlik van onder die indruk. Ook in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* het hy die uiters belangrike rol wat Hoogenhout, Pannevis en ander in verband met die ontstaan van die beweging gespeel het, op onvergeeflike manier verklein.

bekend geraak en het die stryters vir Afrikaans goed te pas gekom.<sup>35)</sup>

Die briefwisseling in die pers tussen die voorvegters van Afrikaans het nou veral gegaan oor die werk waarmee hul besig is. Op 19 Junie skryf „Criticus” aan „Ware Afrikaner, Klaas Waarzegger, Jr., Afrikaner, en de andere Heeren, thans bezig met het zamenvatten van: *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk*” dat hy die hoofstuk oor die „Uitgeweke Boere” gedeeltelik klaar geskryf en reeds weggestuur het. Op 7 Julie kla „Ware Afrikaner” weer oor die moete wat hy met die *Geskiedenis* het. Uit sy brief blyk dat die hoofstuk oor die „Uitgeweke Boere” opgestel is deur „Criticus” en „Hugenoot”.<sup>36)</sup> Verder word die Afrikaanse volkslied „Een ider nasie het syn land” afgedruk en „Klaas Waarzegger” se oordeel daaroor gevra. Die plan is om dit voor in die *Geskiedenis* te sit. Drie weke later, op 28 Julie, verskyn daar weer ’n brief van „Klaas Waarzegger Jr.” waarin hy sy goedkeuring aan die volkslied heg, behalwe dat hy die reël „Wie dit verag sal syn straf dra” wil verander hê in „Wie dit verag, straf sal hy dra.”<sup>37)</sup>

<sup>35)</sup> Sien *De Zuid-Afrikaan* van 29 Mei 1875. Die lesing van dr. Brill is in sy geheel afgedruk in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, blss. 28—39.

<sup>36)</sup> ‘n Mens sou graag agter al die skuilname wil kom. Wie was b.v. „Criticus”? Hy het meer as eens buitengewoon skerp anti-Engelse briewe geskrywe — b.v. in *De Zuid-Afrikaan* van 26 Sept. 1874 —, altyd in Nederlands. Hoogenhout vertel in sy brief in *Eerste Skrywers*, bls. 136 vlgg., dat behalwe Pannevis, S. J. du Toit en hyself ook nog D. F. du Toit, Gideon Malherbe en sy broer Willem Malherbe voor die stigting van die Genootskap oor Afrikaans geskrywe het. In *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, bls. 75, deel dr. J. D. du Toit ons mee dat Gideon Malherbe meegewerk het aan die *Geskiedenis*. Daar word ook gesê dat ds. Du Toit die hoofstuk oor die „Uitgeweke Boere” geskrywe het, wat blykbaar fout moet wees, want „Criticus” en „Ware Afrikaner” is duidelik twee verskillende persone. „Criticus” kan ook nie Gideon Malherbe wees nie, want laasgenoemde het saam met Hoogenhout die eerste hoofstuk van die *Geskiedenis*, „Die Kaap onder die Hollanders,” geskrywe — as die gegevens van dr. Du Toit hier korrek is.

<sup>37)</sup> In *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, bls. 70, gee die skrywer ons die volgende mededeling van Hoogenhout omtrent die ontstaan van die volkslied: „...’n Ider nasie het syn land” — is door wijlen vriend Pannevis en mij begonnen. Daarna meen ik (maar ben niet zeker) aan Oom Lokomotief gegeven om het meer te Afrikaniseren, en toen aan Ds. Du Toit gezonden, die er de nodige

Mooi is in hierdie laaste openbare brief aan „Ware Afrikaner” Hoogenhout se geesdrif en optimisme oor die Afrikaanse saak. „Wonder,” skryf hy, „dat jy nie o'er dr. Brill syn redevoering jou gevoele geseh het nie. Hy is een de'elike kerel, net so fluks as sijn papa, Prof. Brill in Holland. Ek reken so, ons kan op zijn medewerking staat maak. Ons helpers word ieder dag meer. In die laaste tyd is al banja steeks perde vasgemaak: party wat vinnig teun die Afrikaans gekap het, is nou met hart en siel daarvoor. Ek het briewe van alle kante, wat ik ver jou sal wys net so's ek kom kuiwer. Jy sal verstom staan waar al die helpers van daan kom; en geld, og neef! geen gebrek nie. Ons kan o'er dik beurse disponeer.”

*Behoefte aan 'n vereniging of genootskap.*

Die beweging in die openbaar ten gunste van Afrikaans het begin met Hoogenhout se eerste ingesonde stuk oor „Die Bijbel in die Afrikaans” in *De Zuid-Afrikaan* van 12 April 1873. Die wortels van die beweging het egter verder terugreik, verder selfs as die brief van Pannevis oor die Afrikaanse Bybelvertaling in *De Zuid-Afrikaan* van 7 September 1872. „Die beweging is al meer dan vier jaren geleden op touw gezet, en neemt dagelikks in uitgebreidheid toe,” skryf „Oud Afrikaner”, een van die vroeë voorstanders van Afrikaans, in *De Zuid-Afrikaan* van 20 Maart 1875.<sup>38)</sup> Dit is vrugtelos om verder gissings te maak oor die datum waarop die eerste keer gepraat is oor die wenslikheid en moontlikheid om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Die beweging was aan die gang, en nog net een ding het ontbreek: die same-trekking van kragte in 'n vereniging of genootskap om plan en rigting aan die beweging te gee. Dit is merkwaardig dat

---

veranderingen in gemaakt heeft. Een regel (op één na de laatste) b.v. veranderde Ds. Du Toit in: „Wie dit verag sal Syn straf dra”. Wij hadden: „Wie dit verag straf sal hy dra”. Sien ook die volgende bladsy in *Weg en Werk*.

---

<sup>38)</sup> Ds. S. J. du Toit het later self meegedeel dat Pannevis en ds. G. W. A. van der Lingen die eerste liefde vir Afrikaans by hom opgewek het. (Sien dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, bls. 9.) Dit moes gewees het voor 1869, want in daardie jaar is ds. Van der Lingen oorlede.

'n stap van Pannevis alweer die aanleiding tot die stigting van so 'n genootskap sou wees.

*Pannevis se brief aan Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.*

In die laaste tyd het die skryf van die *Geskiedenis*, 'n Afrikaanse taalboekie en 'n Afrikaanse volkslied so volledig beslag gelê op die voorstanders van Afrikaans dat daar in hul brieve maar selde van 'n Afrikaanse Bybelvertaling melding gemaak is. By Pannevis en Hoogenhout het die gedagte daaraan egter altyd lewendig gebly. „Nog banja werk ver ons,” skrywe laasgenoemde aan Du Toit in sy brief van 19 Desember 1874. „Die Bybel in Afrikaans wag ook nog.” Met sy gewone voortvarendheid het Pannevis, wat 'n onbedwingbare begeerte gehad het om die Bybel in Afrikaans vertaal te sien, toe al op eie houtjie 'n brief, d.d. 7 November 1874, aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Londen geskrywe waarin hy die behoefté aan 'n Afrikaanse Bybel uiteensit. Dat die brief van Pannevis besonder gelukkig gestel was, kan nie beweer word nie. Hy praat van Afrikaans as 'n soort van verbasterde Hollands, 'n dialek wat gedeeltelik deur verwaarlozing van die moederstaal ontstaan het, en hy is nie eens seker dat dit nie uitendelik deur Engels sal verdring word nie. Ewemin as in sy eerste brief oor die Bybel in Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* van 7 September 1872 laat hy hierin blyk dat hy enige belangstelling of liefde vir Afrikaans as taal of geloof in sy toekoms het.<sup>39)</sup> Pannevis was egter in vele opsigte 'n abnormale persoonlikheid, en meer as eens soek 'n mens tevergeefs na 'n redelike verklaring vir sy handelwyse.

*Stigting van die „Genootskap van Regte Afrikaners”.*

Die verdere loop van sake hoef hier maar baie kort aangestip te word, omdat alles wat daaromtrent bekend is, met die stukke daarby, te kry is in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* van S. J. du Toit. Die Britse en

---

<sup>39)</sup> 'n Afrikaanse vertaling van die brief is te vind in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, blss. 43—5. 'n Engelse redaksie, nog onvolledig, is aangetref onder die nagelate papiere van Pannevis en afgedruk in die *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, blss. 103—4.

Buitelandse Bybelgenootskap het die deur Pannevis aangeroerde saak vir ondersoek verwys na hul bykantoor in Kaapstad, met die opmerking dat hul onder geen omstandighede geneig is om brabbeltaale te bestendig deur die Bybel daarin te druk nie. Die sekretaris van die Kaapstadse kantoor, ds. George Morgan, leraar van die Skotse Kerk, het die saak toe voorgelê aan 'n predikantekonferensie op Wellington in Julie 1875, waar dit afgestem word. Omdat die naam van ds. S. J. du Toit, sonder sy medewete, deur Pannevis genoem was as 'n gesikte persoon om die Afrikaanse vertaling van die Bybel te onderneem, het ds. Morgan in 'n private gesprek met hom aan die Paarl die saak weer aangeroer. Ds. Du Toit het aan ds. Morgan meegedeel dat hy bekend was met 'n aantal voorstanders van 'n Afrikaanse Bybelvertaling en het hom beloof om die saak met hulle te bespreek. 'n Vergadering is toe op 14 Augustus 1875 aan die huis van die heer Gideon Malherbe in die Paarl belê. Daarop was ag persone teenwoordig. Om die een of ander rede was Pannevis nie aanwesig nie. Die vergadering was eenparig van oordeel dat Pannevis 'n bietjie haastig was met sy brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Hulle het gemeen dat die tyd nog nie gekom het om hul tot die Genootskap te wend nie: die Afrikaanse saak was daar nog nie ryp voor nie. „Hulle hoop egter dat die dag nie meer ver af is nie dat hulle sig met volle vrymoedigheid tot die Genootskap kan wende om ondersteuning ver die publikasie van 'n Afrikaanse Bybel, en hulle wil graag die noodsakelikheid van so'n Bybel met meneer Pannevis onderskrywe,” berig S. J. du Toit aan ds. Morgan. „Die Afrikaanse beweging begin nou tot 'n krisis te kom,” skryf hy verder; „meer en meer win die oertuiging veld dat die enigste manier om die Afrikaanssprekende bevolking, blanke en gekleurde, te beskawe, deur middel van hulle *Moedertaal* moet geskiede, en dit spreek van self dat ver sodanige beskawing 'n Afrikaanse Bybel 'n eerste vereiste is.” Die Engelse Bybel is vir baie Afrikaners 'n geslote boek, en die Hollandse Bybel is byna net so onverstaanbaar. Om die volk te beskaaf, moet hulle dus 'n Bybel gegee word in die taal wat hulle elke dag praat en daarom die beste verstaan; „mar voor dit kan geskiede moet die volk eers tot die oertuiging gebring worde, dat hulle

'n eie taal het, en die taak is moeiliker as dit, oppervlakkig beskoud, lyk.'<sup>40)</sup> Om dié doel te bereik — om Afrikaners tot die oortuiging te bring dat hul 'n eie taal het —, is toe op die vergadering die besluit geneem om die „Genootskap van Regte Afrikaanders“ op te rig. Dit is dié besluit wat die datum 14 Augustus 1875 so belangrik in die geskiedenis van die Afrikaanse taal maak.

*Slot.*

Die Genootskap van Regte Afrikaners was nie bloot 'n taalgenootskap nie. Dit blyk reeds uit die doel wat hulle hulself gestel het: „om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.“ Die stigting van die Genootskap was dan ook een van die uityvloeisels van die nasionale oplewing in die jare sewentig, en sy doel was om die Afrikaanse nasionale belang in die algemeen voor te staan. Onder dié belang het hul die taal nommer een geplaas, as doel en as middel om ander doeleinades te bereik. Hollands was na hulle mening reddeloos verlore, en daarom het hulle na Afrikaans gegryp. Deur dit te doen het hul die Dietse kultuur in Suid-Afrika van ondergang gered en 'n nuwe rigting gegee aan die geskiedenis van ons volk en ons land.<sup>41)</sup>

---

<sup>40)</sup> *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, blss 48—9.

<sup>41)</sup> Die verdere geskiedenis van die eerste Afrikaanse taalbeweging kan nagelees word in dr. Lydia van Niekerk: *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen*. Die groot ywer deur voorstanders van Afrikaans aan die dag gelê het die voorstanders van Hollands tot optrede aangespoor en 'n Hollandse taalbeweging in die lewe help roep. Die geskiedenis daarvan vind ons uitvoerig beskrywe in dr. Anna J. D. de Villiers: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika*.



## LITERATUUR EN BRONNE

### LITERATUUR

- BOSMAN, DR. F. C. L.: *Drama en Toneel in Suid-Afrika*. Dl. I: 1652—1855. 1928.
- : *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika Gedurende die 19de Eeu*. (Oordruk, met ondergeskikte wysiginge, van 'n artikel in „Ons Land” van 8 April 1930.)
- BOTHA, C. GRAHAM: *Place Names in the Cape Province*. (1927.) *Cambridge History of the British Empire*, dl. VIII (South Africa). 1936.
- CONRADIE, DR. ELIZABETH: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*. 'n Kultuur-Historiese Studie. Dl. I (1652—1875). 1934.
- DEKKER, DR. G.: *Afrikaanse Literatuurgeschiedenis*. 2de dr. 1937.
- DREYER, ERW. A.: *Lewenssketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland, met Portrette*. (Oordruk, met ondergeskikte wysiginge, van 'n artikel in „Ons Land” van 8 April 1930.)
- : *Gedenkboek van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, Somerset-Oos*. 'n Geskiedkundige Oorsig van sy 110-jarige bestaan (1825—1935). 1935.
- Encyclopaedia of Social Sciences*. Dl. XI (artikel „Nationalism” deur M. H. Boehm en C. J. H. Hayes). 1933.
- FRANKEN, J. L. M.: *Uit die Lewe van Charles Etienne Boniface*. Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jg. XV, reeks B, Afl. 1 (Apr. 1937).
- Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*. (1875—1925). Uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond. 1926.
- Gedenkboek van het Victoria-Kollege*. Uitgegeven op Last van de Unie van Oudstudenten. 1918.
- Gids tot die Publikasies in en oor Afrikaans in die Parlements-biblioteek van die Unie van Suid-Afrika, te Kaapstad*. 2de dr. 1934.
- GIE, DR. S. F. N.: *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede*. 2 dle. 1928.
- HAYES, CARLTON J. H.: *Essays on Nationalism*. 1926.
- HOFMEYR, J. H.: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*. 1913.
- LAIDLOR, P. W.: *Annals of the Cape Stage*. 1926.
- MACARTNEY, C. A.: *National States and National Minorities*. 1934.

- MALHERBE, ERNST G.: *Education in South Africa (1652—1922)* 1925.
- MANSVELT, DR. N.: *De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de Verovering van de Kaapholonie door de Engelschen.* 1902.
- MEILLET, ANTOINE: *Les Langues dans l'Europe Nouvelle.* 2de dr. 1933.
- MENDELSSOHN, SIDNEY: *South African Bibliography.* 2 dele. 1910.
- MOORREES, A.: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873.* 1937.
- NIEKERK, DR. LYDIA VAN: *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen.* 2de dr. 1920.
- NIENABER, G. S.: *Die Afrikaanse Beweging. Deel I. Geskiedkundige Oorsig.* 1931.
- NIENABER, P. J.: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling.* 1934.
- PETTMAN, REV'D. CHARLES: *South African Place Names Past and Present.* 1931.
- PLESSIS, J. DU: *Het Leven van Andrew Murray.* 1920.
- PRELLER, GUSTAV S.: *Piet Retief. Lewensgeskiedenis van die Grote Voortrekker.* 2de dr. 1920.
- RITCHIE, W.: *The History of the South African College.* 2 dele. 1918.
- THEAL, GEORGE McCALL: *History of South Africa from 1795 to 1872.* 5 dele.
- TOIT, J. D. DU: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk. 'n Periodie van Afrikaanse Oplewing.* 1917.
- (TOIT, DS. S. J. DU:) *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver Vrynd en Vyand uit Publieke en Private Bronne, bewerk deur 'n Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners.* 1880.
- VILLIERS, DR. ANNA J. D. DE: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika. Annale van die Universiteit van Stellenbosch,* jg. XIV, reeks B, Afl. 2 (Sept. 1936). (1937).
- WALKER, ERIC A.: *A History of South Africa.* 2de dr. 1935.
- : *Lord de Villiers and his Times. South Africa, 1842—1914.* 1925.
- : *The South African College and the University of Cape Town, 1829—1929.* 1929.
- WIELLIGH, G. R. VON: *Baanbrekerswerk.* 1925.
- : *Eerste Skrywers. Laaste Stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners.* 1918.

## LETTERKUNDIGE BRONNE

## LAND- EN REISBESKRYWINGS

- ANDERSON, JOHN CORBET. *Sien „TRAVELLER.”*
- BACKHOUSE, JAMES: *A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa.* 1844.
- BARNARD, LADY ANNE: *South Africa a Century Ago. Letters written from the Cape of Good Hope (1797—1801).* 1913.
- BARROW, JOHN: *An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, in the years 1797 and 1798.* ens. 1801.
- „BENGALI”: *Notes on the Cape of Good Hope, by a Bengali.* 1847.
- (BIRD, W. WILBERFORCE:) *State of the Cape of Good Hope in 1822.* 1828.
- BORCHERDS, P. B.: *An Auto-Biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds.* 1861.
- BOYCE, WILLIAM B.: *Notes on South African Affairs, from 1834 to 1838.* 1838.
- BUNBURY, CHARLES J. F.: *Journal of a Residence at the Cape of Good Hope,* ens. 1848.
- BURCHELL, WILLIAM J.: *Travels into the Interior of Southern Africa.* 2 dele. 1822, 1824.
- CHANGUION, A. N. E.: *Introductory Discourse delivered before a numerous English Audience at Lausanne.* Lausanne. 1868.
- : *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld.* 2de dr. 1848.
- CHASE, JOHN CENTLIVRES: *The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa Bay,* ens. 1843.
- COLE, ALFRED W.: *The Cape and the Kafirs: or, Notes of Five Years' Residence in South Africa.* 1852.
- ELLIS, REV. WILLIAM: *Three Visits to Madagascar during the Years 1853—1854—1856.* 1858.
- FAURE, REV. D. P.: *My Life and Times.* 1907.
- FAWCETT, CAPT. JOHN: *Account of an Eighteen Months' Residence at the Cape of Good Hope, in 1835—6.* 1836.
- Four Months in Cape Colony.* (1846).
- Gleanings in Africa.* 1806.
- GOLDING, J. C.: *The State of Education at the Cape of Good Hope for the last Twenty Years.* Cape Town. 1841.
- GRAY, RIGHT REV. ROBERT: *A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony, in 1848* (dl. I); *idem, in 1850* (dl. II). 1852.

- HARRIS, W. C.: *The Wild Sports of Southern Africa.* 1839.
- HAUSSMANN, A.: *Souvenirs du Cap de Bonne-Espérance.* 1866.
- HOLMAN, JAMES: *A Voyage round the World, including Travels in Africa, Asia, Australasia, America, etc. etc. from MDCCCXXVII to MDCCCXXXII.* Dl. II. 1834.
- HOWISON, JOHN: *European Colonies, in various parts of the world, viewed in their social, moral, and physical condition.* Dl. I. 1834.
- HUET, P.: *Eenvoudige Mededeelingen over Zuid-Afrika.* 1868.
- LICHTENSTEIN, HINRICH: *Reisen in Südlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806.* 2 dele. 1811 en 1812.
- MACKENZIE, WILLIAM: *Sketches of Travels in Southern Africa (in Outlines of Education; or, Remarks on the Development of Mind and Improvement of Manners.* 1824.)
- MAYSON, JOHN SCHOFIELD: *Four Months at the Cape of Good Hope,* ens. (1861).
- METHUEN, HENRY H.: *Life in the Wilderness; or Wanderings in South Africa.* 1846.
- MEURANT, L. H.: *Sixty Years Ago; or, Reminiscences of the Struggle for the Freedom of the Press in South Africa, and the establishment of the first newspaper in the Eastern Province.* 1885.
- MEYER, W. VON: *Reisen in Süd-Afrika während der Jahre 1840 und 1841. Beschreibung des jetzigen Zustandes der Colonie des Vorgebirges der Guten-Hoffnung.* 1843.
- MOODIE, LIEUT. J. W. D.: *Ten Years in South Africa.* 2 dele. 1835.
- NAPIER, LT.-COLONEL E. ELERS: *Excursions in Southern Africa.* 2 dele. 1849.
- NICHOLSON, GEORGE: *The Cape and its Colonists: with Hints to Settlers.* 1849.
- Notes on the Cape of Good Hope and St. Helena. Sien Sketches of India.*
- Notes on the Cape of Good Hope, made during an Excursion in that Colony in the year 1820.* 1821.
- PHILIP, JOHN: *Researches in South Africa.* 2 dele. 1828.
- POLSON, LIEUT. NICOLAS: *A Subaltern's Sick Leave, or rough notes of a visit in search of health to China and the Cape of Good Hope.* 1837.
- PRINGLE, THOMAS: *Narrative of a Residence in South Africa.* 1835.
- ROBERTSON, G. A.: *Notes on Africa . . . To which is added, An Appendix, containing a compendious account of the Cape of Good Hope.* ens. 1819.
- ROSE, COWPER: *Four Years in Southern Africa.* 1829.

- SCHERZER, DR. KARL: *Reise der Oesterreichischen Fregatte Novara um die Erde, 1857, 1858, 1859.* Dl. I. 1861.
- SHAW, REV. BARNABAS: *Memorials of Southern Africa.* 1840.
- Sketches of India . . . ; together with Notes on the Cape of Good Hope and St. Helena.* 1816.
- SMITH, REV. THORNLEY: *South Africa Delineated.* 1850.
- State of the Cape of Good Hope in 1822.* Sien BIRD, W. W.
- STEEDMAN, ANDREW: *Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa.* 2 dele. 1835.
- STOUT, CAPTAIN BENJAMIN: *Cape of Good Hope and its Dependencies.* 1820.
- STUCKI, MARIA: *Reis naar en verblijf aan de Kaap en te Natal, gedurende het jaar 1846 en 1847.* 1849.
- TEENSTRÀ, M. D.: *De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden.* 1830.
- THOMPSON, GEORGE: *Travels and Adventures in Southern Africa.* 1827.
- „TRAVELLER": *To India and back by the Cape.* By a Traveller. 1859.
- (VILLIERS, M. DE, geb. Van der Lingen:) *Herinnering aan het Leven en den Arbeid van den Wel Eerw. Zeer Gel. Heer G. W. A. van der Lingen.* S.j.
- WILKES, CHARLES: *Narrative of the United States' Exploring Expedition during the years 1838, 1839, 1840, 1841, 1842.* Dl. II. 1852.

#### PERIODIEKE PUBLIKASIES

- Almanakke: *African Court Calendar, 1807-'14; African Court Calendar and Directory, 1815-'26; South African Almanack and Directory, 1827-'32; South African Directory and Almanac, 1834; Cape Calendar and Directory, 1836; Cape of Good Hope Annual Register, Directory, and Almanac, 1838; Cape Calendar and Annual Register, 1840.*
- Cape Argus, The.* 1857, 1858.
- Cape Monitor, The.* 1857.
- Cape Monthly Magazine, The.* 1861, 1872.
- Cape of Good Hope Government Gazette, The.* 1828, 1835
- Cape of Good Hope Literary Gazette.* 1830—1833.
- Cape of Good Hope Observer, The.* 1849—1850.
- Cape Town Gazette, and African Advertiser, The.* 1813.
- Cradock and Tarkastad Register, The.* 1863—1864.
- Cradock News and Mercantile Advertiser, The.* 1858—1861.
- Cradocksche Nieuwsblad, Het.* 1861.

- Elpis. Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika.* 1857—1860.  
*Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, The.* 1861—  
 1871.  
*Graaff Reinet Courant, The.* 1851—1853.  
*Huisgenoot, Die.* 1916 vlgg.  
*Kaapsche Grensblad, Het.* 1844—1850.  
*Kerkbode, De.* 1849—1875.  
*Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift, Het.* 1824—1843  
*Overberg Courant.* 1859—1864.  
*South African Commercial Advertiser, The.* 1824—1834; 1836.  
*South African Commercial Advertiser and Cape Town Mail, The.*  
 1856, 1857, 1858.  
*Volksblad, Het.* 1849, 1856—1875.  
*Volksvriend, De.* 1862—1871.  
*Worcestersche Courant.* 1865—1869.  
*Zuid-Afrikaan, De.* 1830—1875.

#### ARGIVALE BRONNE

##### UITGEGEE

##### ALGEMEEN

- Acta Synodi* (Handelinge van die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika), 1824—1873.  
 DREYER, A.: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Dl. III (1804—1836). 1936.  
 ———: *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* 1929.  
 EYBERS, G. W.: *Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795—1910.*  
 PRELLER, G. S.: *VOORTREKKERMENSE.* 6 dele. 1918—1938.  
 THEAL, G. McC.: *Belangrike Historische Dokumenten.* Dl. III. 1911.  
 ———: *Records of the Cape Colony, 1793—1831* (36 dele).  
*Wetten en Bepalingen voor het Bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk, in Zuid Afrika.* 1874.

##### REGERINGSPUBLIKASIES

- Memorandum . . . on the Subject of Elementary Education at the Cape of Good Hope, June 22, 1844.*  
 Jaarrapportes van die Superintendent-Generaal van Onderwys oor die Jare 1854—1877.  
*Report on Public Education.* 1854.  
*Report of a Select Committee on Public Education, appointed on the 28th March, 1855.*

- Minutes of Evidence taken before the Committee of the House of Assembly, on Education.* 1855.
- Report of Commissioners, appointed . . . to consider and report upon the institution of a Board of Examiners, to select, by competition, Candidates for appointment to the Public Service, and to grant Certificates of merit and attainments in the civil branches of Literature and Science.* 1858.
- Rapporte van Inspeksie van Skole in die Westelike Distrikte deur die Superintendent-Generaal van Onderwys, 1858, 1860, 1868, 1872.
- Report of an Inspection by the Superintendent-General of Education of the Schools connected with the Department of Public Education.* 1862.
- Report of an Inspection of Schools in the Middle and Eastern Districts by the Superintendent-General of Education . . .* 1869.
- Rapporte van die „Board of Public Examiners in Literature and Science,” 1860—1866.
- Report of a Commission appointed . . . to inquire into and report upon the Government Educational System of the Colony.* 1863.
- Report of a Commission appointed . . . to enquire into and report upon the Working of the Education Acts in Force in this Colony.* 1879. 1880.
- Votes and Proceedings of the House of Assembly,* 1854—1875.
- Annexures to Votes and Proceedings of the House of Assembly,* 1854—1875.
- Appendix to Votes and Proceedings of the House of Assembly,* 1854—1875.
- Correspondence relative to the Establishment of a Representative Assembly at the Cape of Good Hope.* 1850. (Imperiale Blouboek.)
- Further Correspondence Relative to the Establishment of a Representative Assembly at the Cape of Good Hope.* 19 May, 1851. (Imperiale Blouboek.)

#### ONUITGEGEE

#### ARGIEFGEBOU, KAAPSTAD

*Colonial Office (Afkorting C.O.)*

Superintendent-General and Education in General 1839—1864, no's 866, 888, 912, 937, 961, 972, 1010, 1027, 1064, 1080, 1137, 1223, 1269, 2084, 2135, 2193, 2243, 2302, 2353, 2427, 2458, 2510, 2560, 2595.



## PERSONEREGISTER

### A

Abercrombie, dr., 117, 118.  
 Adamson, James, 75.  
 Alfred, prins, 106.

### B

Bain, A. G., 208.  
 Bamberger, ds. C., 197.  
 Barkly, sir Henry, 166, 169.  
 Barnard, lady Anne, 3, 4.  
 Barrow, John, 4, 5, 27, 50.  
 Bathurst, graaf, 10, 11, 13, 14,  
     16, 18, 24, 27, 32, 33, 35, 36,  
     68, 82.  
 Beelaerts van Blokland, G., 21,  
     22, 109.  
 Bell, luit.-kol. George, 74, 77, 78,  
     96.  
 Bergh, E., 21, 22.  
 Berrangé, ds. J. C., 13.  
 Berrangé, W. D. F., 88.  
 Bird, W. W., 26, 27.  
 Boniface, C. E., 49, 82, 208, 209.  
 Borchers, ds. Meent, 39.  
 Bosman, dr. F. C. L., 26, 208.  
 Botha, C. Graham, 101.  
 Bourke, maj.-gen. R., 47.  
 Braid, weleerw. W., 179.  
 Brand, Christoffel, 53, 58, 61, 65,  
     143, 145, 162.  
 Brand, pres. J. H., 162, 164.  
 Brand, P. A., 145.  
 Breda, Michael van, 61.  
 Brill, dr. J., 217, 244, 245, 246.  
 Brink, Melt, 164.  
 Bunbury, C. J. F., 52, 83.  
 Burgers, pres. T. F., 175, 217.  
 Burton, regter, 58.

### C

Caledon, graaf, 5, 6, 11, 12, 20.  
 Castlereagh, burggraaf, 12.  
 Changuiou, A. N. E., 62, 65, 78,  
     79, 83, 86, 87, 106, 111, 125,  
     127, 131, 139, 140, 146, 147,  
     149, 156, 178, 208, 221.

Chiappini, E., 53.  
 Clementson, 80.  
 Cloete, adv. H., 53.  
 Cole, A. W., 54.  
 Cole, sir Lowry, 96.  
 Conradi, dr. Elizabeth, 218.  
 Cooper, H. W. A., 221.  
 Cox, Charles Leo, 105.  
 Cradock, sir John, 6-12, 21-23,  
     69.  
 Craig, maj.-gen. J. H., 3.

### D

Dale, Langham, 132, 134, 182,  
     186, 187, 189, 202.  
 Davidson, J. C., 135.  
 Deneyssen, adv., 58.  
 Douglas, hoogeerw. Henry, 178.  
 Dreyer, dr. A., 10, 53, 89, 95.  
 Dundas, Henry, 3.  
 D'Urban, sir Benjamin, 64, 94.

### E

Edgar, ds. James, 89.  
 Ellis, Henry, 14-16, 19, 30, 34.  
 Elof, A. Z., 219, 220.  
 Ely, F. H., 188.  
 Evans, ds. John, 10.  
 Eybers, dr. G. W., 58, 65.

### F

Fairbairn, John, 27, 49-51, 65,  
     112, 117, 124, 134.  
 Faure, ds. A., 28, 53, 61, 75,  
     141-143, 145, 146, 178.  
 Faure, ds. D. P., 24.  
 Faure, H. E., 35, 36.  
 Fawcett, J., 52, 54.  
 Fichardt, C. E., 219.  
 Fischer, Lucas, 58.  
 Fischer, Richard, 27.  
 Franken, dr. J. L. M., 208, 209.  
 Fraser, ds. Colin, 135.

## G

- Gass, F. P. van, 25.  
 Gill, prof., 178.  
 Glenelg, lord, 93, 95.  
 Godlonton, R., 224.  
 Golding, J. C., 69.  
 Goulburn, Henry, 11, 13, 14.  
 Graham, luit.-kol. John, 11.  
 Grenville, lord, 5, 6.  
 Grey, graaf, 55.  
 Grey, luit.-goew., 11, 20.  
 Grey, sir George, 105, 106, 108,  
     109, 123, 161.  
 Grisbrook, 124.

## H

- Halloran, „dr.”, 20.  
 Hamelberg, adv., 219, 220.  
 Haussmann, A., 123.  
 Hay, C. C., 166.  
 Heijns, dr. S. P., 141, 142, 145,  
     146, 150.  
 Herold, ds. T. J., 39.  
 Herschel, sir John, 78, 96, 130.  
 Heugh, ds. W. F., 151.  
 Hiddings, P. H., 53.  
 Hofman, T. S. A., 171.  
 Hofmeyr, adv., 25.  
 Hofmeyr, Jan Hendrik („Onse  
     Jan”), 85, 168-170, 173, 178,  
     184, 186, 191, 224.  
 Hofmeyr, J. H., 86, 154, 168,  
     173, 178.  
 Hofmeyr, ds. J. H., 151.  
 Hoogenhout, C. P., 171, 227 vlgg.  
 Hough, eerw., 13.  
 Howison, John, 82.  
 Human, 173.

## J

- Janssens, gen., 4.  
 Joubert, adv., 25.  
 Juritz, 194.

## K

- Keate, R. W., 167.  
 Kekewich, regter, 58.  
 Kemp, dr. Van der, 19.  
 Kotzé, dr. J. J., 197, 198.  
 Krige, ds. W. A., 197.  
 Kruger, 116, 117, 119.  
 Kuijs, ds. A. G. M., 150, 180-182,  
     196.

## L

- Laidler, P. W., 208.  
 Leibbrandt, ds. H. C. V., 197.  
 Lingen, ds. G. W. A. van der  
     154-156, 170, 171, 179, 180,  
     225, 239, 246.  
 Liverpool, graaf, 6, 20, 21.  
 Lloyd, A. C. G., 224.  
 Louw, ds. A. A., 197.  
 Loxton, Jasper, 135.  
 Lückhoff, ds. A. D., 183, 195.

## M

- Macartney, graaf, 3.  
 Malherbe, dr. E. G., 74, 75, 100,  
     132.  
 Malherbe, Gideon, 245, 248.  
 Malherbe, Willem, 245.  
 Mansvelt, dr. N., 67, 116.  
 Menzies, regter, 58, 64.  
 Meurant, L. H., 209-224. (Sien  
     ook Waarzegger, Klaas.)  
 Meyer, W. von, 84, 157.  
 Mist, J. A. de, 4, 9, 11.  
 Montagu, John, 55, 56, 62, 63.  
 Moodie, Benjamin, 57.  
 Moodie, luit. J. W. D., 26.  
 Moorrees, prof. A., 95, 96, 155.  
 Morgan, ds. George, 248.  
 Mosjes, 163, 164, 168.  
 Muir, dr. John, 224.  
 Muller, dr. H. P. N., 220.  
 Munnik, J. H., 134.  
 Murray jr., ds. Andrew, 151-153,  
     189-191, 202, 238, 239.  
 Murray sr., ds. Andrew, 154, 155.  
 Murray, ds. Charles, 195.  
 Murray, prof. John, 134, 151, 235.  
 Murray, ds. W., 135, 150.  
 Myburgh, 173.

## N

- Napier, sir George, 53.  
 Neethling, ds. J. H., 135, 140,  
     155.  
 Niekerk, dr. L. van, 249.  
 Nienaber, dr. G. S., 220.  
 Nieuwoudt, 116.  
 Noble, prof. R., 112.

## O

Oordt, dr. J. W. G. van, 202.  
Oranje, Willem Frederik Hendrik,  
prins van, 66.

## P

Pannevis, Arnoldus, 171, 225-227,  
232, 236, 239, 241, 242, 244-  
248.  
Paterson, 124.  
Philip, dr. John, 19, 47, 49-51,  
54.  
Plessis, prof. J. du, 239.  
Polson, Nicolas, 91.  
Porter, William, 56, 64, 134.  
Preller, dr. G. S., 25.  
Pringle, Thomas, 52.

## R

Read, 19.  
Reid, 202.  
Reitz, F. W., 65.  
Reitz, pres. F. W., 222.  
Rex, George, 208.  
Rijneveld, W. S. van, 6.  
Ritchie, W., 73, 86.  
Robertson, dr. William, 67, 70,  
92, 93, 155-158, 183, 192, 193,  
195, 237, 239.  
Rose Innes, James, 36, 67, 69, 70,  
77-81, 96, 120, 129, 131-134,  
136.  
Rouibaix, P. E. de, 134, 135.  
Rowan, A. N., 188.  
Ruijtenbeek, eerw. D. F. H.,  
141.

## S

Scherzer, Karl, 123.  
Shand, ds. R., 196.  
Smidt, W. de, 144-146, 151, 195.  
Smith, sir H., 53, 55, 56.  
Smith, prof. J. J., 221, 223, 224,  
226.  
Smuts, 142.  
Smuts, J. J. L., 65.  
Solomon, Saul, 124, 134, 172.  
Somerset, lord Charles, 9-43, 47,  
57, 67, 77, 78, 88, 124, 156.  
Southey, Richard, 166, 167.

Spijker, ds. J., 141, 145, 146,  
151.

Stapleton, R. J., 49.  
Stegmann jr., ds. G. W., 183,  
191-195, 202.  
Steytler, ds. A. I., 182, 196.  
Stockenström, A., 53, 65.  
Stout, Benjamin, 3.  
Stucki, Maria, 67, 208.

## T

Tancred, „dr.”, 107, 108, 116,  
117, 118.  
Taylor, ds. John, 10, 11.  
Teengs, H. W., 164.  
Teeenstra, M. D., 21, 42, 209.  
Tennant, sir D., 202.  
Theal, G. McCall, 4, 23, 25, 105,  
106.  
Thom, ds. George, 10, 11, 13, 14,  
26, 33, 37, 67.  
Toit, D. F. du, 245.  
Toit, dr. J. D. du, 226, 239, 245,  
246.  
Toit, ds. S. J. du, 171, 218, 239  
vlgg.  
Trichardt, Karel, 25.  
Truter, sir J. A., 6, 22, 28, 33,  
35, 38-40, 88.  
Truter, P. J., 32, 33, 67, 84.  
Turpin, 79.  
Turr, F. E., 7, 8.

## V

Villiers, dr. Anna J. D. de, 29,  
249.  
Villiers, B. J. van de Sandt de,  
115.  
Villiers, J. de, 174.  
Villiers, Jacob de, 166.  
Villiers, lord J. H. de, 172, 202.  
Villiers, M. de, geb. Van der  
Lingen, 180.  
Villiers, ds. W. P. de, 196, 197.  
Vos, ds. M. C., 10.  
Vos, ds. P. G. J. de, 235.  
Vos, de, 172.

## W

„Waarzegger, Klaas” (Meurant,  
L. H.), 210-224, 231, 232.

- |   |  |
|---|--|
| „Waarzegger jr., Klaas” (Hogenhout, C.P.), 232, 234, 240.<br>Walker, Eric A., 86, 166.<br>„Ware Afrikaander, Een” (Toit, ds. S. J. du), 239 vlgg.<br>Watermeyer, regter E. B., 131, 134, 136.<br>Watermeyer, F. S., 53, 112.<br>Watson, 124.<br>Wet, adv. J. de, 25, 61, 65.<br>Wicht, J. H., 61, 65.<br>Wielligh, G. R. von, 228, 232. | Wilkes, Charles, 84.<br>Windham, William, 20.<br>Wodehouse, sir Philip, 161-164.<br>Wylde, sir John, 58, 72.<br><br><b>Y</b><br>Yonge, sir George, 3.<br><br><b>Z</b><br>„Zwaartman, Samuel” (Cooper, H. W. A.), 221, 222. |
|---|--|





## STELLINGEN

### I

De dialectgeographische methode zal voor de bestudering van het Afrikaans niet de waarde hebben die ze voor de taalstudie in Europa heeft.

### II

De geschiedenis van het Afrikaans is niet volledig te begrijpen zonder 'n voortdurende inwerking van het beschaafde Nederlands op de taal van de Kaapse kolonisten aan te nemen.

### III

Als Engelse woorden en uitdrukkingen minder kritiekloos in het Nederlands werden gebruikt, zouden zowel het Nederlands als het Afrikaans ermee gebaat zijn.

### IV

De Nederlandse geschriften die vóór 1875 in Zuid-Afrika ontstaan zijn, hebben noch voor hun tijd noch voor het nageslacht de waarde gehad die vandaag wel eraan gehecht wordt.

### V

In het verleden is een onjuiste voorstelling gegeven van de reactie die op de taalproclamatie van lord Charles Somerset volgde, omdat niet voldoende rekening gehouden is met het feit dat het nationale bewustzijn van de Hollandse kolonisten toenertijd nog weinig ontwikkeld was.

## VI

De mislukking van de verengelsingspolitiek van de Britse regering moet voor een belangrijk gedeelte daaraan toeschreven worden dat de regering de kolonisten op het platteland niet kon bereiken.

## VII

Dr. H. J. Rousseau heeft in zijn boek *Die Invloed van Engels op Afrikaans* 'n overdreven voorstelling van de Engelse invloed gegeven.

## VIII

De Taalkommissie van de Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns is te ver gegaan met de verafrikaansing van de spelling van vreemde woorden.

## IX

Doordat dr. S. P. E. Boshoff niet over voldoende gegevens beschikte, heeft de indeling van de Afrikaanse woordenschat volgens herkomst zoals hij die gaf in *Volk en Taal van Suid-Afrika*, veel van zijn waarde verloren.

## X

Bij de beoordeling van het gebruik in Afrikaans van *die* als lidwoord en *hierdie* als aanwijzend voornaamwoord is totnogtoe niet voldoende rekening gehouden met de neiging tot nadrukkelijk spreken en overmatige aanduiding die ook in de Hollandse volkstaal waar te nemen is.

## XI

Ten onrechte wordt vrijwel algemeen aangenomen dat de constructie *fluit-fluit*, *sing-sing*, enz., in het Afrikaans onmogelijk zonder vreemde invloed kan verklaard worden.

## XII

Het Afrikaanse woord *ghoen(ie)* moet eerder van het Maleise *goendoe*, "knikker," dan van het Zaanse *koen* afgeleid worden.

## XIII

Er bestaat niet voldoende reden om met prof. D. B. Bosman, *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, blz. 76 vlg., de Afrikaanse uitroep *aitsa* te beschouwen als aan het Hottentots ontleend.

## XIV

Coster, *Tijsken van der Schilden*, r. 1274:

“ ‘t En komt bij ‘t wenschen van de honden niet, dat de kalveren sterven.”

De verandering van *Wenschen* in *wrenschen* die Van Rijnbach, *De Kluchten van Gerbrand Adriaensz. Bredero*, blz. 95, vragenderwijs voorstelt, is onnodig.

## XV

In zijn “Aantekeningen bij Breero’s Kluchten”, *Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde*, dl. XLVIII, blz. 16, heeft prof. A. A. Verdenius de regels uit de “Klucht vande Koe”,

“Ick sel mijn hoedt in huijs werpen, en is die lief of waert:  
So wil ick inkomen, wat schatet of mijn wif wat baert”

terecht in verband gebracht met een oude gewoonte, hoewel de gewoonte die hij noemt, niet de juiste is.









